

OORSPRONG EN MANIFESTASIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE HARTBEES- OF DAKHUIS: ‘N KULTUURHISTORIESE STUDIE

deur

JOHANNES JACOBUS RAATH

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (KULTUURGESKIEDENIS)

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria
Pretoria
Junie 2001**

Leier : Prof. O.J.O. Ferreira
Medeleier : Prof. S.W. le Roux



VOORWOORD

Graag maak ek van die geleentheid gebruik om my opregte dank teenoor die volgende persone en instansies uit te spreek:

- my studieleier, prof. O.J.O. Ferreira vir sy toegewyde leiding, steun, aanmoediging en geduld
- my medestudieleier prof. S.W. le Roux vir sy belangstelling, raad en leiding
- dr. J.C. Pretorius vir haar belangstelling, hulp en aanmoediging. Sy het my aandag op uiters belangrike bronne wat nie aan my bekend was nie, gevestig
- dr. J. Walton wat bereid was om sy kennis en ervaring met my te deel
- mnr. F. Dreyer, fotograaf van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum vir fotokopiëring van pikturale bronne
- mev. S. Naudé vir haar hulp met die taalversorging
- die informante vir hulle bereidwillige en uiters belangrike bydrae
- die personeel van museums, argiefbewaarplesse en biblioteke wat hulp verleen het
- die Universiteit van Pretoria vir die toekenning van die Nederlandse Studiefonds
- en my vrou Linda sonder wie se ondersteuning, hulp en aanmoediging ek die studie nie sou kon voltooi het nie

J.J. Raath

Pretoria

Junie 2001



INHOUD

VOORWOORD	i
LYS VAN ILLUSTRASIES	vi
GLOSSARIUM	xii
LYS VAN AFKORTINGS	xxii
I INLEIDING	1
A. Motivering vir die keuse van die onderwerp	1
B. Probleemstelling en werkshipotese	1
C. Omvang van die studie	2
D. Literatuuroorsig van die hartbees- of dakhuis	2
E. Navorsingsmetodiek	3
F. Die aard van volksargitektuur	3
G. Historiese agtergrond	6
1. Die blanke koloniste se koms na die Kaap	6
2. Die vryburgers	7
3. Die vee- en Trekboere	7
4. Die Groot Trek	7
5. Akkulturasie	8
H. Die hartbees- of dakhuis in die volksargitektuur	9
Note	10
II DIE BEGRIP HARTBEESHUIS	13
A. Ontleding van die begrip hartbeeshuis in die kultuurgeskiedskrywing	13
B. Verwysings na die aard van die hartbeeshuis in tydgenootlike getuienis	19
1. Bootvormige dakhuise as hartbeeshuise	19
2. Wigvormige dakhuise as hartbeeshuise	22
3. Ontwikkelde wigvormige dakhuise as hartbeeshuise	22
4. Tydelike muurhuise as hartbeeshuise	24
C. Besluit	25
Note	28

III OORSPRONG VAN DIE TERM HARTBEESHUIS	32
A. 'n Kritiese ontleding van die bestaande teorieë	32
1. Hartbeesjagtershut	32
2. Hardbieshuis (harde-biesie-huis)	32
3. Die hartbeesboksoort	36
4. 'Haru'(b)-bies-hut	37
5. <i>Hirtenhaus</i> (herdershuis)	38
6. Vorm van die hartbeesboksoort	39
B. Besluit	40
Note	43
IV OORSPRONG VAN DIE SUID-AFRIKAANSE HARTBEESHUIS	46
A. 'n Kritiese ontleding van die bestaande teorieë	46
1. Prototipes van die bootvormige hartbeeshuis	46
(a) Khoikhoi-matjieshutte	46
(b) San- en Khoikhoi-skerms	54
(c) Wes-Europese <i>sparrendak</i> en <i>krukgebint</i>	57
(d) Noordwes-Europese (Nederlandse) tradisie	59
2. Prototipes van die wigvormige kapstylhuis	60
(a) 17de-eeuse Nederland	60
(b) Vroegste Noord-Europese bouvorm	60
(c) Prehistoriese Nederland en Nederduitsland	62
(d) Noordwes-Europese <i>hallehuis</i>	63
B. Die Noordwes-Europese dakhuistradisie	64
1. Verspreiding en ouderdom van die gaffel- en daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie	65
(a) Bootvormige dakhuise	65
(b) Wigvormige dakhuise	67
2. Verspreiding en ouderdom van die vurk- ondersteunde-nokpaalkonstruksie	80
(a) Bootvormige dakhuise	81



(b)	Wigvormige dakhuise	87
3.	Verspreiding en ouderdom van die kapstylraamwerk	105
(a)	Wigvormige dakhuise	105
C.	Besluit	134
	Note	135
V	VORM, MATERIAAL EN KONSTRUKSIE VAN DIE SUID- AFRIKAANSE BOOTVORMIGE HARTBEESHUIS	148
A.	Keuse van 'n terrein	148
B.	Grondplan en grootte van die woning	148
C.	Oprigting	149
1.	Raamwerk	149
2.	Dakbedekking	159
3.	Pleisterwerk	162
(a)	Vorbereiding van die pleistermateriaal	163
(b)	Die pleisterproses	163
4.	Deure	164
5.	Vensters	167
6.	Die klei- of grondvloer	168
(a)	Vorbereiding van die grond	168
(b)	Insit van die vloer	169
(c)	Afwerking en instandhouding	169
7.	Muurafwerking	171
8.	Meubilering	172
D.	Die kookhuis	174
E.	Besluit	176
	Note	177
VI	VORM, MATERIAAL EN KONSTRUKSIE VAN DIE SUID- AFRIKAANSE WIGVORMIGE HARTBEESHUIS	196
A.	Die kapstylhuis	196
1.	Saaldak	196
2.	Skilddak	208



3.	Skilddak met geronde ente	208
4.	Die ontwikkelde kapstylhuis	214
	(a) Saaldak	214
	(b) Skilddak	229
B.	Die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie	233
	1. Saaldak	233
	2. Skilddak met geronde ente	236
	3. Die ontwikkelde dakhuis	239
	(a) Saaldak	239
	(b) Skilddak	245
C.	Die gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie	245
	1. Saaldak	245
	2. Die ontwikkelde dakhuis	247
D.	Besluit	250
	Note	252
	SLOTBESKOUING	263
	MOONTLIKHEDE VIR VERDERE NAVORSING	267
	BRONNELYS	269
	SAMEVATTING	288
	SUMMARY	289



ILLUSTRASIES

1.	Raamwerktipes van Suid-Afrikaanse wigvormige dakhuise	15
2.	'n Driebeukige <i>hallehuis</i>	17
3.	'n Bootvormige hartbeeshuis	20
4.	'n "Halwe" dakhuis met 'n gaffelsuilondersteunde-nok-paalkonstruksie, Kaap	23
5.	Raamwerktipes van Suid-Afrikaanse hartbees- of dakhuise	26
6.	Die hartbeesboksoort	34
7.	Raamwerk van 'n Khoikhoi matjieshut	50
8.	'n San matjieshut	51
9.	Raamwerk van 'n bootvormige hartbeeshuis, Schoemansdal Museum, Noord-Transvaal	53
10.	San skerms	56
11.	Raamwerktipes van Europese dakhuise	66
12.	'n Prehistoriese bootvormige dakhuis, Terra Amata, Frankryk	68
13.	'n Bootvormige dakhuis met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie, Vlaandere	69
14.	'n Assiriese bootvormige dakhuis	70
15.	'n Magdaleense <i>Tectiform</i> , Font-de-Gaume, Frankryk	70
16.	Rekonstruksie van 'n Magdaleense dakhuis	71
17.	Voorstelling van 'n Magdaleense dakhuis	72
18.	Dakraamwerk van 'n <i>grubenwohnung</i> Frauenberg, Marburg, Duitsland	74
19.	Grondplanne van Saksiese hutte, Mucking, Engeland	74
20.	Rekonstruksie van 'n <i>hutkom</i> , Kootwijk, Nederland	75
21.	'n Italiaanse skaapherderskamp met dakhuise	75
22.	Kapstylhuise en "halwe" dakhuise, Boedapest, Hongarye	76
23.	'n Ontwikkelde dakhuis met 'n versinkte vloer, Athelney, Somerset, Engeland	77-78
24.	Grondplan van 'n donkiestal, Seville, Spanje	79
25.	'n Bootvormige dakhuis, Dullenried, Federsee, Württemberg, Duitsland	82



26.	'n Keltiese bootvormige boerehuis, Mayen, Eifel, Duitsland	83-84
27.	Bidkapel van Gallerus, naby Dingle, Kerry, Ierland	85
28.	Bootvormige dakhuis, Gotland, Swede	86
29.	'n Bootvormige Anglo-Deense dakhuis, Plumland, Engeland	88
30.	'n Bootvormige dakhuis met 'n vorkondersteunde-nokpaalkonstruksie, Vlaandere	89
31.	'n Bootvormige klipmesselwerkershut, Nederland	90
32.	'n Bootvormige struktuur met 'n vorkondersteunde-nokpaalkonstruksie, naby Audenarde, België	90
33.	'n Bootvormige <i>wagenberg</i> , Maillen-Courrière, Namen, Walonië	91
34.	Huis met 'n vorkondersteunde-nokpaalkonstruksie, Oekraïne	92
35.	<i>Skali</i> , Jämtland, Skandinawië	93
36.	'n Langer dakhuis waar gaffel- of daksuile om die beurt deur vurke afgewissel word, Swede	93
37.	Wigvormige dakhutte met vorkondersteunde-nokpale, Münster, Noordwes-Duitsland	94
38.	'n Wigvormige dakhuis, Engeland	95
39.	'n Wigvormige dakhuis, Scrivelsby, Engeland	97-98
40.	'n Wigvormige dakhut buite 'n Italiaanse stad, vermoedelik Siëna	99
41.	Wigvormige dakhuis met seilbedekte dakvlakke, Nederland	100
42.	Skipbreukelinge besig om 'n tent op te slaan	101
43.	'n Dakhut met 'n versinkte vloer, Koh-Coët, Guénin, Morbihan, Bretagne	102
44.	'n Dakhut met 'n versinkte vloer, Botcol, Guénin, Morbihan, Bretagne	102
45.	'n Dakhut, Bouleguy, Plumelin, Morbihan, Bretagne	103-104
46.	Magdaleense afbeelding van 'n moontlike kapstylhuis	106
47.	'n <i>Sparrenhaus</i> (kapstylhuis) in Sundewitt (Angeln), Duitsland	108
48.	<i>Schapkoven</i> (kapstylhuis), Noord-Duitsland	109
49.	'n Herdershut (kapstylhuis), Nederland	110
50.	'n Kapstylhuis op 'n Nederlandse strand	111



51.	'n Viisserswoning (kapstylhuis), Nederland	112
52.	'n Viisserswoning (kapstylhuis), Nederland	113
53.	'n <i>Plaggenhut</i> in Dalerveen, Drenthe, Nederland	114
54.	'n <i>Plaggenhut</i> in die Nederlands Openluchtmuseum, Arnhem	115
55.	Die <i>plaggenhut</i> van Willem Mulder, Groningen, Nederland	116
56.	'n <i>Plaggenhut</i> in die opelugmuseum De Zeven Marken Schoonoord, Nederland	117
57.	Die binnekant van 'n Noord-Nederlandse <i>plaggenhut</i>	119
58.	'n Kapstylhuis by Bellingwolde, Groningen, Nederland	120
59.	'n <i>Schrankkeet</i> (bok- of kapstylraamwerk) in die Lage Zwaluwe, Nederland	121
60.	'n Ontwikkelde kapstylhuis, Vlaandere	122
61.	'n Ontwikkelde dakhuis met 'n wolwe-voorgewel, Vlaandere	123-124
62.	'n Ontwikkelde dakhuis in die vorm van 'n skilddak, Vlaandere	125
63.	'n <i>Sparrendak</i> op lae vertikale pale, Vlaandere	126
64.	'n Skaapherdershut (kapstylhuis) in die Auvergne, Frankryk	127
65.	Viissershuisse (kapstylhuisse), Denemarke	128
66.	<i>Barracas</i> (kapstylhuisse), Albufera, naby Valencia, Spanje	129
67.	<i>Barracas</i> (kapstylhuisse) met lae symure, naby Valencia, Spanje	129
68.	<i>Barracas</i> (kapstylhuisse) met 'n solder, noorde van Madeira, in die omgewing van Santana	130
69.	'n <i>Barraca</i> (kapstylhuis), noorde van Madeira, in die omgewing van Santana	131
70.	'n Skaapwagtershuis (kapstylhuis), Hongarye	133
71.	'n Bootvormige hartbeeshuis met 'n deur in een van die sluitgewels	150
72.	'n Bootvormige hartbeeshuis met 'n vertikale sluit gewel, Oos-Kaap	151
73.	'n Bootvormige hartbeeshuis met 'n klampdeur	152
74.	'n Bootvormige hartbeeshuis noord van Brits, Transvaal	153
75.	Binnekant van 'n bootvormige hartbeeshuis noord van	



	Brits, Transvaal	154
76.	Binnekant van 'n bootvormige hartbeeshuis noord van Brits, Transvaal	157
77.	'n Eksperimentele rekonstruksie van 'n bootvormige hartbeeshuis in die Schoemansdal Museum, Noord-Transvaal	158
78.	Bootvormige hartbeeshuise, Betanië, Transorangia	160
79.	'n Bootvormige hartbeeshuis teen die hange van die Piketberg, Wes-Kaap	165
80.	'n Kapstylhuis in die vorm van 'n skilddak, Oos-Kaap	166
81.	Binnekant van die tent van 'n Trekboer, Griekwaland	173
82.	'n Kapstylhuis, kookhut en kapstylwaenhuis in die Schoemansdal Museum, Noord-Transvaal	175
83.	Die ligging van die <i>Fort de Goede Hoop</i> met die loods en tente van die koloniste	197
84.	Die loods (<i>plancke tent</i>) van Jan van Riebeeck en sy gesin	199
85.	Dakhuise wat ongeag die materiaal, in Nederland as tente bekend gestaan het	200
86.	Kapstylhuise by Groenland, naby Kranskop, Natal	203
87.	'n Kapstylhuis met 'n uitgebreide vuurherd, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, Suid-Kaap	206
88.	'n Kapstylwaenhuis, Heidelberg, Suid-Kaap	207
89.	'n Kapstylhuis en 'n kapstylraamwerk, Puntjie, distrik Riversdal, Suid-Kaap	209
90.	Kapstylhuise, Puntjie, distrik Riversdal, Suid-Kaap	210
91.	Die dek van 'n kookhut by Puntjie, distrik Riversdal, Suid-Kaap	213
92.	'n Kapstylhuis en 'n keëlvormige kookhut, Bosberg, Oos-Kaap	215
93.	'n Kapstylhuis met geronde ente, op die plaas De Hoop tussen Ladybrand en Maseru, Oranje-Vrystaat	216
94.	'n Kapstylskuur met geronde ente teen die suidelike hang van die Magaliesberg, Suid-Transvaal	217
95.	'n Kapstylskuur, Blauwbank, Suid-Transvaal	218
96.	'n Dakkap op lae mure, McGregor, Wes-Kaap	220
97.	'n Kapstylskuur en 'n ontwikkelde kapstylhuis, Heidelberg, Suid-Kaap	221



98.	Nedersetting van die eerste Port Natal-setlaars	222
99.	Twee kapstylhuise in die "Middle Creek", Pelgrimsrus, Oos-Transvaal	223
100.	Ruïne van 'n kapstylhuis met lae symure, Goedverwacht, Piketberg, Wes-Kaap	224
101.	Ruïne van 'n kapstylhuis met lae symure, Wittewater, Piketberg, Wes-Kaap	225
102.	'n Ontwikkelde kapstylhuis, Puntjie, distrik Riversdal, Suid-Kaap	226
103.	'n Ontwikkelde kapstylhuis, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, Suid-Kaap	226
104.	'n Ontwikkelde kapstylhuis, Duinerug, distrik Heidelberg, Suid-Kaap	228
105.	'n Ontwikkelde kapstylhuis, Botterkloof, naby Stilbaai, Suid-Kaap	230
106.	Ontwikkelde kapstylhuise op die plaas Kafferskloof, Piketberg, Wes-Kaap	231
107.	'n Ontwikkelde dakhuis met 'n skilddak, distrik Ceres, Wes-Kaap	232
108.	'n Ontwikkelde kapstylhuis met 'n skilddak, waarskynlik Noordwes-Kaap	234
109.	'n Skilddakvormige kapstylskuur op vertikale pale, Waterberg, Noord-Transvaal	235
110.	'n Wigvormige dakhuis met 'n vorkondersteunde-nokpaal, Dassen-eiland, Kaap	237
111.	Wigvormige dakhuis met vorkondersteunde-nokpaal, Kamdeboo, Oos-Kaap	238
112.	'n Wigvormige dakhuis by Avontuur, Langkloof, distrik Uniondale, Suid-Kaap	240
113.	'n Plaasstoor met 'n vorkondersteunde-nokpaalkonstruksie, Nolls Halt, Langkloof, distrik Uniondale, Suid-Kaap	241
114.	'n Ontwikkelde dakhuis met 'n vorkondersteunde-nokpaal, Swartland, Wes-Kaap	242
115.	'n Ontwikkelde dakhuis met 'n vorkondersteunde-nokpaal, Krakeelrivier, Langkloof, distrik Uniondale, Suid-Kaap	243
116.	'n Ontwikkelde dakhuis met 'n vorkondersteunde-nokpaal, Tweerivieren, Langkloof, distrik Uniondale, Suid-Kaap	244



117.	'n Wigvormige dakhuis met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie, Colesberg, Oos-Kaap	246
118.	'n Tent met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaal, moontlik Oos-Kaap	248
119.	'n Tent met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaal, Griekwaland	249
120.	'n Buitegebou, met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaal, Koelfontein, aan die voet van Gydo Pas, bokant Prince Alfred's Hamlet, Wes-Kaap	251



GLOSSARIUM

abba-vuurherd: kyk komyntjie.

afdak (ook platdak): hellende dak teen 'n gebou of 'n muur (Eng. *lean-to*).

balk: gesaagde langwerpige hout met 'n reghoekige deursnit; in teenstelling met 'n natuurlike geronde paal. Gebruik in konstruksie, horisontaal of teen 'n helling.

barracas (Port./Sp.): hut, kaia of stalletjie.

bintbalk (ook bindbalk): onderste horisontale balk van 'n dakkap wat die kapbene paarsgewys saambind om die uitwaartse druk teen te werk.

binstelsel (Ndl.): twee rye teenoormekaarstaande *scheerstijlen* (d.i. vertikale style) wat bo paarsgewys deur 'n *scheerbalk* (d.i. 'n horisontale balk) verbind word. Dit vorm die dakstoel waarop die kap-sparre of -style rus.

bobintbalk (ook bobindbalk): identies soos die hanebalk, maar die term hanebalk is slegs van toepassing op 'n kap waarvan die kapbene nie deur 'n bintbalk verbind word nie. Indien die kap op mure rus en dit moontlik is om die kapvoete met 'n bintbalk te verbind staan die boonste horisontale balkie nie as 'n hanebalk nie, maar as 'n bobintbalk bekend.

bo-en-onderdeur: deur wat horisontaal in twee dele verdeel is, en waarvan die onderdeur toegehou kan word terwyl die bodeur oopgehou word om lig en lug in te laat.

bo-hoofstyl: vertikale styl wat die hane- of bobintbalk met die nok verbind.

bootvormige dakhuis: huis met 'n spitsboogvormige of omgekeerde bootvormige dwarsdeursnit.

bootvormige hartbeeshuis: Suid-Afrikaanse tydelike woning met 'n spitsboogvormige of omgekeerde bootvormige dwarsdeursnit.

buite bakoond: vrystaande koepel- of tonnelgewelfvormige struktuur, onder meer vir die bak van brood.

capanna (It.): hut of skuur.

cruck (Eng.): natuurlik gekromde boomstamme wat paarsgewys op die grond ontspring en wat by die nok kruis om 'n V te vorm waarin die nokpaal rus. Oorspronklik 'n bootvormige dakhuis met 'n vurkondersteunde- nokpaalkonstruksie.

dakbedekking: buitenste afdekking van 'n dak soos byvoorbeeld gras, dakpanne of -leie.

dakbeskot: laag planke tussen die dakgeraamte en die eintlike dakbedekking, wat uit dakpanne, -leie of 'n derglike bedekking kan bestaan. Kyk ook liggende en staande dakbeskot.

dakhuis: woning bestaande uit 'n dak direk op die grond.

dakkap: raamwerk van hout wat dien om die dakbedekking van 'n gebou te dra.

dakmuur: dakvlak by 'n bootvormige hartbeeshuis, wat van die dakvoet (grond) met 'n konvekse kurwe na die nok loop en tegelyk die dak en muur vorm.

dakschild (Ndl.): kyk dakskild.

dakskild: enige van die skuinsdakvlakke wat onder meer by 'n saalskild- of wolfdak voorkom.

daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie: gaffel- en/of binnenshuise suile op die lengte-aslyn van die gebou wat dien as onderskraging van die nokpaal waarop die kapsparre rus.

dakzuil (Ndl.): kyk daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie.

dekkeersbalk: horisontale balk wat met rieme of tou aan die nokpaal vasgemaak is, of wat met behulp van twee lang penne aan die onderkant in die grasdak vasgedruk is. Dien as 'n sit- of staanplek gedurende die dakdekkingsproses.

deklat: latjie wat bo-op die dekmateriaal en parallel met die dwarslat onder die dekmateriaal geplaas word, sodat wanneer die dekmateriaal vasgewerk is, dit tussen die dwarslat en deklat vasgedruk word.

dekspaan: reghoekige harde houtplank met 'n handvatsel met kort spykertjies, 'n geriffelde oppervlak of vlak gaatjies, afhangende van die soort dekmateriaal wat gebruik word. Die dekmateriaal word met die dekspaan gelyk opgedryf voordat dit finaal vasgetrek word.

deurkosyn: raamwerk, in 'n muur of dakvlak ingebou vir die hang van 'n deur.

drakap: twee of meer pare kapbene wat by die nok kruis om 'n V te vorm waarin die nokpaal rus. Kyk vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie.

dwarslat (ook daklat): enigen van die horisontale latte van 'n dakgeraamte waarop die dakbedekking vasgemaak word.

entgewel: sluitgewels aan die kort ente van 'n langhuis.

fondament: ondergrondse horisontale gedeelte van 'n bouwerk, waarop die res van die gebou rus.

fonds de cabanes (Fr.): woning wat gedeeltelik in die grond ingegrawe is.

forked upright ridge-tree support (Eng.): kyk gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie.

gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie: twee vertikale gevurkte gewelstyle waarin die nokpaal rus.

gaffelzuil (Ndl.): kyk gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie.



gebint (Ndl.): kyk *bintstelsel*.

gevel (Ndl.): kyk gewel.

gevelteken (Ndl.): simboliese teken op die bopunt van 'n gewel.

gewel: muur ingesluit in die driehoekige ruimte tussen die twee skuins dakvlakke (wat mekaar sny) van 'n gebou met 'n saal- of wolf-dak.

gewelvoet: waar die gewelmuur op die grond of muurgedeelte van die huis rus.

Grubenhäus (D.): woning wat gedeeltelik in die grond ingegrawe is.

Grubenwohnung (D.): kyk *Grubenhäus*.

halfhoutse inkepingen (*halfhouts*) (Ndl.): kyk halfhoutsvoeg.

halfhoutsvoeg: by die halfhoutsvoeg word twee balke of pale wat gelas word, tot die helfte van die breedte of diameter uitgesaag, sodat die gelaste gedeelte dieselfde deursnit as een van die balke of pale het.

half-ondergrondse woning: woning waarvan die vloer in die grond versink is.

hallehuis (Ndl.): plaashuis wat deur middel van twee rye vrystaande vertikale style (*scheerstijlen*) in drie beuke verdeel word en wat deur mens en dier gesamentlik bewoon is. Kyk ook *bintstelsel*.

hanebalk: kort horisontale balkie wat die teenoorstaande kapbene, kapsparre, of kapstyle paarsgewys verbind. By die dakhuis is die hanebalk gewoonlik net onder die nok geleë. Kyk ook *bobintbalk*.

hartbeeshuis: langhuis vir tydelike bewoning wat omgekeerde bootvormige en wigvormige dakhuisse, ontwikkelde dakhuisse, asook muurhuise in sy eenvoudigste vorm, waarvan die mure nie hoër as ongeveer deursoogte is nie, insluit.

havod (Wallies): 'n hut wat opgeslaan kan word om elders weer heropgerig te word.

Hirtenhaus (D.): herdershuis.

Hirtenhütte (D.): herdershut.

hoekkortstyl: styl wat van die dakvoet na 'n hoekstyl in plaas van die nok loop. Kyk ook *hoekstyl*.

hoekstyl (ook *hoekspar*): styl of spar op enige van die vier hoeke van 'n skilddak wat van die grond of muurkop tot by die naaste nokentstrek.

hoofstyl: vertikale styl wat die bintbalk met die nok verbind.

houten nagels (Ndl.): kyk *pen-en-gatverbinding*.

hut: primitiewe woning, dikwels 'n hemisferiese, byekorff- of



keëlvormige dak direk op die grond.

hutkom (Ndl.): prehistoriese woning met 'n ronde of ovaal grondplan wat gedeeltelik in die grond ingegrawe is.

jufferbanden (Ndl.): kyk windlat.

kap: kyk dakkap.

kapbeen: drakappe wat uit kapbene wat paarsgewys by die nok kruis om 'n V te vorm waarin die nokpaal rus, bestaan. Kyk vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie.

kaplatte (ook gording): balke of pale wat die drakappe horisontaal verbind en waarop die kapsparre rus.

kapspar (ook spanrib): kap- of daksparre rus teen die nokpaal - en kaplatte indien aanwesig - van 'n gaffelsuil- of vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie. Dwarslatte word horisontaal op die kap- of dakspare aangebring waarop die dekmateriaal vasgemaak word.

kapsparkop: bo-punt van 'n kapspar.

kapsparvoet: onderste punt van 'n kapspar.

kapstijl (Ndl.): kyk kapstyl.

kapstyl: style of sparre waaruit die dakkappe van 'n kapstylhuis saamgestel is, en wat paarsgewys deur 'n hanebalk verbind word.

kapstylhuis (ook kapsteilhuis): wigvormige dakhuis direk op die grond, waarvan die dakkappe uit kapstyle bestaan wat in pare deur hanebalke verbind word. Drakappe en 'n nokpaal ontbreek. Dit is dus 'n "enkel" konstruksie waarvan die dwarslatte direk op die kapstyle rus.

kapstylkop: bo-punt van 'n kapstyl.

kapstylvoet: onderste punt van 'n kapstyl.

keet (Ndl.): ligte houtgeboutjie vir tydelike verblyf.

king post (Eng.): kyk hoofstyl.

komwoning (Ndl.): kyk hutkom.

komyntjie: (waarskynlik D. *Kamin*) vuurherd en skoorsteen wat na buite, uit 'n gewelent uitgebou is.

kortstyl: styl wat van die grond of muurkop tot by 'n hoekstyl of -spar strek. Kyk ook hoekstyl.

krukgebint (ook *cruck*) (Ndl.): natuurlik gekromde boomstamme wat paarsgewys op die grond ontspring en wat by die nok kruis om 'n V te vorm waarin die nokpaal rus. Dus 'n bootvormige dakhuis met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie. C.V. Trefois sluit by dié begrip ook meerbeukige bootvormige dakhuise in waarvan die dakraamwerk uit pale wat oorgebuig word, bestaan.

langhuis: een- of meersellige huis waarvan die vertrekke in 'n ry

geplaas is, met konstante diepte, standaard dwarsdeursnit en beperkte dakspan.

leem (Ndl.): benaming vir verskillende grondsoorte wat mengsels is van kieselsuuraluminium en sand en soms nog ander stowwe. Dit is 'n mengsel van klei en fyn sand.

lengte-aslyn: denkbeeldige lyn wat parallel met die noklyn in die lengte deur die middel van die woning loop.

liggende dakbeskot: waar die beskot (plankbedekking) horisontaal loop.

loods (Ndl.): ligte geboutjie veral uit hout opgerig wat as 'n skuur, bergplek of *keet* (tydelike woning) dien.

matjiesgoed: soort biesie (*Cyperis textilis*) wat gebruik word om matjies mee te vervaardig.

matjieshuis: hut met 'n ronde of ovaal grondplan wat uit 'n ligte latraamwerk wat met matjiesgoedmatjies bedek word, bestaan.

matjieshut: kyk matjieshuis.

muurhuis: huis waarvan die mure deurhoogte of hoër is.

muurkop: bokant van 'n muur.

muurplaat: swaar horisontale plank of balk, wat plat in 'n buitemuur ingebou of daarop aangebring word, wat die ente van die kapbene, kapsparre, of -style en bintbalke stut, en wat help om die gewig van die dakkonstruksie van 'n gebou eweredig te versprei.

nok: hoogste horisontale gedeelte van 'n staandak.

noknaald (Ndl.): kyk nokpaal.

nokpaal: boonste horisontale paal in die dakraamwerk. Kyk gaffelsuilondersteunde- en vurkondersteunde-nokpaalkonstruksies.

nokruiter (ook *nokgording* of *noknaald*) (Ndl.): kyk nokpaal.

ongelaagde ruklipmuur: muur wat uit ruwe, gedeeltelik- of onbewerkte klip van verskillende groottes gebou is.

onopgedrewe dekmetode: trapsgewyse dekmetode waar die lae dek-materiaal nie met 'n dekspaan opgedryf word om 'n gelyk oppervlak te vorm nie.

ontwikkelde dakhuis: wigvormige dakhuis op mure laer as deurhoogte.

ontwikkelde kapstylhuis: kapstylhuis op mure laer as deurhoogte.

oordekte gewel: gewel waar daar nie 'n gewelborswering voorkom nie en die dakbedekking oor die gewel van 'n saal- of wolfdak strek.

opgedrewe dekmetode: waar 'n dekspaan gebruik word om die lae dek-materiaal gelyk op te dryf voordat die bindmateriaal vasgetrek word.



paal: langwerpige, stewige natuurlike ronde en onbewerkte stuk hout.

paal-en-kleihuis: huis waarvan die mure uit vertikale pale bestaan en waarvan die ruimtes tussen die pale met sparretjies gevul word, waarna dit met 'n klei- of grondmengsel gepleister word.

paired-couple framework (Eng.): kyk kapstylhuis.

pen-en-gatverbinding: houtverbinding waar 'n gat met 'n awegaarboor geboor word, en waardeur 'n harde houtpen met 'n deursnit wat effens groter as die gat is, ingeslaan word.

pit dwelling (Eng.): kyk half-ondergrondse woning.

plaggenhut (Ndl.): kapstylhuis of ontwikkelde kapstylhuis waarvan die dak met dun soorie van heidegrond bedek word. In die geval van 'n ontwikkelde dakhuis is die muurtjie gewoonlik ook van *plaggen*-soorie gebou.

plankbeskot: plankbedekking teen 'n muur of op 'n dakgeraamte.

plankdeur: deur wat uit drie of meer vertikale planke saamgestel is, en wat aan die agterkant deur twee of drie horisontale planke of klampe (bo- slot- en onderreling) vasgehou word. 'n Geklampte plankdeur kan ook uit 'n bo-en-onderdeur bestaan.

pondok: hemisferiese hut van Maleise oorsprong.

populêre argitektuur: in teenstelling met voor-industriële volksargitektuur, die argitektuur van 'n volk (kultuureenheid), hoort industriële populêre argitektuur tot 'n nasie (kultuurgroep). Populêre argitektuur is by die middele en behoeftes van die grootste gedeelte van 'n bevolking binne 'n duidelik definieerbare periode aangepas. Dit is nie 'n elite of progressiewe argitektuur nie en maak eerder deel van die gewone en alledaagse uit. Populêr is deur H. Glassie as "mass and normative" omskryf.¹ Populêre argitektuur het sedert ca. 1850 geleidelik die plek van volksargitektuur in Suid-Afrika ingeneem.

potdekseling (Ndl.): beskot wat dakpangewys of trapgewys aanbring is en wat in Noord-Holland as *getrapte weeg* bekend staan.

primary tong-support (Eng.): kyk vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie.

radiale sparre: sparre wat aan die kort ente van 'n skilddak by die grond of muurkop ontspring en wat by die naaste nokent bymekaar kom.

radiale style: style wat aan die kort ente van 'n skilddak by die grond of muurkop ontspring en wat by die naaste nokent bymekaar kom.

saaldak: staandak wat uit twee skuins dakvlakke bestaan.

Schäferhütte (D.): skaapherdershut.

Schapkoven (D.): skaapstal.

scheerbalk (Ndl.): kyk *binstelsel*.

scheerstijlen (Ndl.): kyk *binststelsel*.

schrانككee (Ndl.): dakhuis met 'n bok- of kapstylraamwerk (Ndl. *sparrendak*). Kyk ook kapstylhuis en *Sparrenhaus*.

skaapboudgewel: oordekke gewel wat uit 'n segment van 'n sirkel (deursnit van 'n skaapboud) bestaan.

skerm: primitiewe struktuur vir slaap- of kookdoeleindes, onder meer in die vorm van 'n halwe hemisfeer.

skilddak: staandak van 'n gebou met 'n reghoekige grondplan wat uit vier skuins dakvlakke bestaan, waarvan die nok korter as die lengte van die gebou is. Met die konstruksie van die dakraamwerk word die entgewelkappe weggelaat. Op die vier hoeke word hoekstyle geplaas wat met die nok van die naaste kap verbind is. Die entdakvlakke word verder van radiale- of hoekkortstyle voorsien. Kyk ook vorsdak.

sluitgewel: kyk gewel.

sooimuur: muur wat uit sooie wat grond en graswortels bevat gebou is.

spar: kyk kapspar.

sparkop: bo-punt van 'n spar.

sparrendak (Ndl.): kyk kapstylhuis.

Sparrenhaus (D.): wigvormige dakhuis waarvan die raamwerk soos die Suid-Afrikaanse kapstylhuis en Nederlandse *sparrendak*, hoofsaaklik uit kapsparre of -style en hanebalke saamgestel is.

sparrenkop (Ndl.): kyk sparkop.

spreilaag: dun laag riete of matjiesgoed wat op die dwarslatte gelê word voordat die dak met gras gedek word. Die spreilaag verhoed dat die grashalms nie na die binnekant hang nie.

staande dakbeskot: waar die beskot (plankbedekking) van die dakvoet na die nok loop.

stompneusgewel: kyk wolwe-ent.

styl: vertikale of diagonale konstruksie wat ondersteun of verbind. Kyk ook kapstyl.

tectiform (Eng.): staandakvormige simbole of ontwerpe wat in die Paleolitiese rotskuns aangetref word.

tent (Ndl.): tydelike herbenutbare struktuur wat uit ligte materiaal vervaardig is. Sonder nadere omskrywing is dit gewoonlik van linne of seildoek.

tentbalk (Ndl.): nokpaal by 'n tent waarvan die raamwerk uit 'n gaffelsuil- of 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie bestaan.

tentpalen (Ndl.): gaffelsuil by 'n tent waarvan die raamwerk uit 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie bestaan.



uitgeboude vuurherd: kyk komyntjie (ook abba-vuurherd).

upper kingpost (Eng.): kyk bo-hoofstyl.

vlegwerkwand (Ndl.): muur wat uit 'n paal- of balkraamwerk bestaan en waarvan die oop ruimtes meestal uit vertikale style en horisontale latvlegwerk bestaan. Vlegwerk is dikwels met 'n klei- of grondmengsel gepleister.

voetspaan: reghoekige plank met 'n handvatsel aan die onderkant wat tydens die dekproses gebruik word om die dakvoet gelyk te klop.

vorm (van 'n gebou): grondplan en die uitwendige vorm van 'n gebou.

vorsdak: dak waar 'n horisontale nok aanwesig is soos by saal-wolf- en skilddakke.

vorssuil: kyk daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie.

vrystaande gewel: gewel met 'n borswering - 'n verlenging van die gewelmuur bo die dakbedekking.

vrkondersteunde-nokpaalkonstruksie: kapbene wat paarsgewys by die nok kruis om 'n V te vorm waarin die nokpaal rus. Streng gesproke het die benaming slegs betrekking op die drakappe wat in die sluitgewels voorkom.

vuurherd: oop vuurmaakplek op die grond in 'n woning, buitekombuis of kookskerm. Ook van toepassing op 'n abba-vuurherd en komyntjie.

wagenberg (Ndl.): waenhuis.

wandplaat (Ndl.): kyk muurplaat.

wattle and daub (Eng.): woning waarvan die dak deur vertikale pale ondersteun word en waarvan die ruimtes tussen die pale met gepleisterde vlegwerk gevul word.

werwel: draaibare houtjie aan 'n kosyn om 'n deur of luik te sluit.

wigvormige dakhuis: dakhuis met 'n wigvormige deursnit wat uit 'n saal-, wolf-, of skilddak bestaan.

wigvormige hartbeeshuis: Suid-Afrikaanse dakhuis met 'n wigvormige deursnit wat uit 'n saal-, wolf-, of skilddak bestaan.

windlat: lat in 'n saaldakvormige kapstylhuis wat aan die binnekant diagonaal van die eerste kapstylvoet by die voorgewel oor die kapstyle tot by die laaste kapstylkop by die agtergewel strek. Aan die ander sy van die huis strek die tweede windlat van die kapstylvoet by die agterste gewel diagonaal tot by die kapstylkop van die voorste gewel. Windlatte verstewig die huis teen sterk wind wat teen die vertikale sluitgewels waai.

wolfdak (ook wolwedak): saaldak met 'n wolwe-ent. Kyk ook vorsdak.

wolwe-ent (ook wolweneus of stompneusgewel): klein driehoekige dakskild bo 'n driehoekige oordekte gewel, waarvan die boonste gedeelte van die gewel ontbreek.



wolwegewel: kyk wolwe-ent.

wolweneus: kyk wolwe-ent.

zadeldak (Ndl.): kyk saaldak.



Note

- 1 H. Glassie, *Pattern in the material folk culture of the eastern United States*, p. 5.



AFKORTINGS

BPM	:	Boland-plaasmuseum, Worcester
KAB	:	Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad
MA	:	Museum Africa, Johannesburg
NKHM	:	Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria
s.a.	:	<i>sine anno</i> (sonder jaartal)
SAB	:	Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad
s.l.	:	<i>sine loco</i> (sonder plek)
s.p.	:	<i>sine pagina</i> (sonder bladsynommer)
TAB	:	Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria
TPA	:	TPA Biblioteek en Museumdiens, Pretoria
UCT	:	University of Cape Town
UN	:	University of Natal
UP	:	Universiteit van Pretoria
UW	:	University of the Witwatersrand



SAMEVATTING

Titel: Oorsprong en manifestasie van die Suid-Afrikaanse hartbees- of dakhuis: 'n kultuurhistoriese studie.

Outeur: Johannes Jacobus Raath.

Studieleiers: Prof. O.J.O. Ferreira en prof. S.W. le Roux.

Departement: Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria.

Graad: M.A. (Kultuurgeskiedenis).

Hierdie verhandeling is 'n studie van hartbees- of dakhuis, wat van 1652 tot in die 20ste eeu in Suid-Afrika voorgekom het. Jan van Riebeeck en sy gesin het aanvanklik (1652) in 'n tydelike dakhuis in Tafelbaai gewoon. Dakhuis is deur die vee- en Trekboere, asook die Voortrekkers na die uithoeke van die land versprei.

Die gevolgtrekking waartoe deur die studie gekom word is, dat die begrip hartbeeshuis dakhuis, ontwikkelde dakhuis en (lang)muurhuis vir tydelike bewoning insluit. Die dakraamwerk van die bootvormige dakhuis het uit 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie bestaan. Drie dakraamtipes het by die wigvormige dakhuis voorgekom, naamlik die gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie, vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie en die kapstylraamwerk.

Geen bewyse ter ondersteuning van die bestaande teorieë oor die oorsprong van die term hartbeeshuis kon gevind word nie. Tydgenootlike getuie is het tot die gevolgtrekking gelei dat die oorsprong van die term hartbeeshuis met die vorm van die inheemse boksoort, die hartbees verband hou.

Die Suid-Afrikaanse dakhuis toon direkte ooreenkomste met die millennia-oue Wes-Europese dakhuistradisie, waarvan die vorm en konstruksie ten spyte van geografiese verskille min of geensins verander het nie. Die lande van oorsprong en die prototipes word aangewys, waarna die Suid-Afrikaanse eweknie ten opsigte van die vorm, materiaal en konstruksie - met in begrip van streekverskille - beskryf word. In die slotbeskouing word die betekenis van die dakhuis as Westerse woning, asook die bewaring daarvan kortliks in oënskou geneem.

Vryetaal sleutel terme

Dak - dakhuis - dakkap - dakkonstruksie - etimologie - hartbeeshuis - hut - kapstylhuis - kultuurgeskiedenis - matjieshuis - pioniershuis - prehistorie - stoflike kultuur - Suid-Afrika - tradisie - volksboukuns - volksargitektuur - volkskultuur - Wes-Europa.

SUMMARY

Title: Origin and manifestation of the South African *hartbeeshuis* or roof dwelling: a cultural historical study.

Author: Johannes Jacobus Raath.

Supervisors: Prof. O.J.O. Ferreira and Prof. S.W. le Roux.

Department: History and Cultural History, University of Pretoria.

Degree: M.A. (Cultural History).

The study focuses on the history of the South African *hartbeeshuis* or roof dwelling dating from 1652 well into the 20th century. For the first few months in Table Bay, Jan van Riebeeck and his family had to reside in a temporary roof dwelling. Roof dwellings were distributed through South Africa by the migrating stock-and cattle-farmers and eventually by the Voortrekkers.

The conclusion of the study is that the concept *hartbeeshuis* refers to roof dwellings, developed roof dwellings and the temporary long walled house. The roof structure of the boat-shaped roof house consisted of a primary tong-support. The framework of the wedge-shaped roof dwelling takes one of three forms: it may consist of two forked uprights carrying a ridge tree against which the sides lean; it may consist of two pairs of sloping poles which cross at the apex to carry the ridge tree; or it may consist of a series of paired couples.

No evidence could be found to support any of the existing theories regarding the origin of the term *hartbeeshuis*. Contemporary evidence confirms that the term is associated with the shape of the indigenous antelope, the hartbees.

The South African roof dwelling correlate with the oldest building traditions in Western Europe. In South Africa, the basic shape and construction of the roof have only experienced little changes on a regional level. The various prototypes and the countries of origin are highlighted. The South African counterparts are described according to their shape, construction materials and technique. The study concludes with the significance of the roof dwelling as a Western dwelling type and the conservation thereof.

Natural language keywords

Cultural history - etymology - folk architecture - folk culture - *hartbeeshuis* - hut - *kapstylhuis* - material culture - *matjieshuis* - pioneer dwelling - prehistory - roof - roof construction - roof hut - roof truss - South Africa - tradition - vernacular architecture - Western Europe.

I INLEIDING

A. Motivering vir die keuse van die onderwerp

Die skrywer koester 'n lewenslange belangstelling in die Suid-Afrikaanse volksargitektuur, wat tydens die eksperimentele rekonstruksie van pionierstrukture in die Voortrekkeraanvangsnedersetting van die Schoemansdal Museum in 1989 opnuut geprikkel is. Gedurende navorsing by dié museum het dit duidelik geword dat daar groot verwarring bestaan oor onder meer die begrippe hartbees- en kapstylhuis, die oorsprong van die terme, die oorsprong van die strukture, asook die konstruksie daarvan. James Walton (1911-1999) se baanbrekerswerk oor die onderwerp, is dikwels deur ander navorsers en skrywers verkeerd geïnterpreteer, wat verdere verwarring teweeggebring het. Daar is gevolglik besluit om die onderwerp wetenskaplik na te vors.

B. Probleemstelling en werkshipotese

Die doel van die navorsing is:

- om die aard van die hartbeeshuis vas te stel
- om die oorsprong van die term hartbeeshuis na te vors
- om die oorsprong van die vorm en konstruksie van die hartbeeshuis te bepaal
- om die vorm, materiaal en konstruksie van die hartbeeshuis met, in begrip van streekverskille, te beskryf

Werkshipotese:

- Die begrip hartbeeshuis hou met die langhuis verband; aanvanklik slegs met die dakhuis en ontwikkelde dakhuis. Die begrip het later verbreed om ook 'n (lang)muurhuis in te sluit. 'n Langhuis is 'n enkel vertrek of 'n ry vertreke met konstante diepte, standaard dwarsdeursnit en beperkte dakspan. Die gemene faktor is die grondplan en uiterlike vorm, en nie die materiaal of konstruksie nie.
- Aangesien die verskillende tipes hartbeeshuise vorm in gemeen het - dit is die grondplan en uiterlike vorm - impliseer dit dat die oorsprong van die term hartbeeshuis moontlik ook met die vorm kan verband hou.
- Omdat volksargitektuur uiters kultuur- of tradisiegebonde is, sou die Noordwes-Europeërs hulle bougebruike na Suid-Afrika oorgedra het. Die uitsonderlike oorname van die inheemse matjieshuis deur die koloniste bewys nie die teendeel nie. Dit moet eerder daaraan toegeskryf word dat hulle oor geen Europese prototipe beskik het wat vir 'n nomadiese bestaan in 'n half-woestyngebied geskik was nie.

Boot- en wigvormige hartbeeshuise het nie voor 1652 onder die inheemse volke voorgekom nie, en hulle het ook nie oor 'n woning tipe beskik wat tot die ontstaan van die hartbeeshuis aanleiding kon gee nie.

- Die volksbouer sou noodgedwonge van die plaaslike beskikbare mate-



riaal gebruik moes maak, wat moontlik strukturele aanpassings sou verg.

C. Omvang van die studie

Die onderwerp van die verhandeling is dakhuise en ontwikkelde dakhuise. Hartbees- en dakhuise is volgens die aanvanklike werkshipotese van die skrywer as sinoniem beskou, aangesien die begrip hartbeeshuise eers later sou verbreed het om ook (lang)muurhuise in te sluit. Dit het gedurende die navorsing aan die lig gekom dat tydelike (lang)muurhuise reeds deur die Voortrekkers as hartbeeshuise beskryf is. Op grond van die aanvanklike besluit oor die onderwerp, en omdat muurhuise in die volksargitektuur eerder as 'n geheel bestudeer behoort te word, is (lang)muurhartbeeshuise by die huidige studie uitgesluit. Tente en permanente ontwikkelde dakhuise het nooit in Suid-Afrika as hartbees- of dakhuise bekend gestaan nie, maar as gevolg van die ooreenkoms in die vorm en dakraamkonstruksie word voorbeelde wel ingesluit.

Die studie strek oor die tydperk 1652 tot ongeveer die middel van die 20ste eeu. Die blanke koloniste het, nadat hulle in 1652 in Tafelbaai aan land gegaan het, in tente gewoon, terwyl Jan Anthoniszoon van Riebeeck (1619-1677) en sy gesin tydelik in 'n kapstylhuis gewoon het.¹ Dakhuise het tot na die Groot Trek (1834-1854) algemeen in Suid-Afrika voorgekom, waarna dit geleidelik verdwyn het. In 1965 het J. Walton en J.A.J. Roodt-Coetzee (1913-) (onafhanklik van mekaar volgens hulle eie getuienis), waarskynlik die laaste oorblywende bootvormige hartbeeshuise onderskeidelik teen die hange van Piketberg en naby Vredendal in die Kaap gedokumenteer. Dit is te betwyfel of enige wigvormige dakhuise na die bogenoemde datum nog in Suid-Afrika opgerig is.

D. Literatuuroorsig van die hartbees- of dakhuis

In die hoofstukke wat handel oor die begrip hartbeeshuis (II), oorsprong van die term hartbeeshuis (III) en die oorsprong van die hartbeeshuis (IV) word die bestaande hoofdenkrigtings of teorieë telkens in oënskoue geneem, waarna die skrywer se eie navorsing en gevolgtrekking oor die onderwerp volg, na aanleiding waarvan die bestaande denkrigtings of teorieë aangepas of, indien nodig, totaal verander word. In die bogenoemde hoofstukke word die bestaande literatuur in die teks behandel.

Die mees gesaghebbende en volledigste bekende werk oor die vorm, materiaal en konstruksie van die bootvormige hartbeeshuis (die onderwerp van Hoofstuk V), is B.T. Spoelstra (1871-1947) se beskrywing in *Ons volkslewe. Kultuur-historiese leesboek* (1922). Gedurende eksperimentele rekonstruksie van 'n bootvormige hartbeeshuis in die Voortrekker-aanvangsnedersetting van die Schoemansdal Museum in 1989, is gevind dat selfs Spoelstra se beskrywing talle leemtes bevat. Hy het ook nie streekverskille aangedui nie.

Die vroegste bekende en volledigste beskrywing van 'n kapstylhuis (die onderwerp van Hoofstuk VI), is dié van die onderwyser G.H. van Rooyen, in *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II* (1940), waarin spesifiek die kapstylhuise by Groenland, naby Kranskop in Natal, beskryf word. Soos met Spoelstra se beskrywing van die bootvormige hart-

beeshuis, is daar in Van Rooyen se beskrywing 'n gebrek aan detail.

Die belangrikste bydrae ten opsigte van die hartbeeshuis is ongetwyfeld dié van Walton, wat in 'n aantal publikasies en tydskrifartikels neerslag gevind het. Die belangrikste is *Homesteads and villages of South Africa* (1952); "Homes of the Trekboers. The vernacular architecture of South Africa", *Lantern* 11(1), September 1961; "The South African kapstylhuis and some European counterparts", *Restorica* no. 10, December 1981, en "Hartbeeshuis and hartbeeshut", *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 43(1), March 1987. Walton het vir die eerste keer wigvormige dakhuisse met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaal- ("tong ridge-tree support") en 'n vurkondersteunde- nokpaalkonstruksie ("forked upright ridge-tree support") beskryf. Al die publikasies en artikels is oorsigtelik en met die oog op die algemene leser geskryf.

E. Navorsingsmetodiek

Wat die navorsing betref, was daar sekere beperkings. Bronne oor die Europese oorsprong is uiters fragmentaries, en is daar hoofsaaklik van argeologiese vondste, tydgenootlike piktorale bronne en literatuur gebruik gemaak. In die Nederlandse en Vlaamse literatuur oor die volksargitektuur word eenvoudige strukture soos veral die dakhuis, grootliks ontken, of word dit bloot as 'n randverskynsel afgemaak en is die literatuur hoofsaaklik tot die burgerlike plaas- en dorpshuisse beperk.

Geen bootvormige hartbeeshuis kon in Suid-Afrika opgespoor word nie. Nie een van die informante wat inligting oor pionierstrukture kon verstrek, het gewet wat 'n bootvormige hartbeeshuis is nie.

Met uitsondering van die kapstylhuise by Puntjie in die distrik Riversdal, Suid-Kaap, kon geen wigvormige dakhuisse gevind word nie. Enkele ontwikkelde kapstylhuise bestaan nog by Puntjie, Vermaaklikheid en Stilbaai, asook in die distrik Heidelberg, Suid-Kaap. Enkele ontwikkelde kapstyl-buitegeboue bestaan ook nog op die plaas Kafferskloof by Piketberg, Wes-Kaap. Kapstylskure op lae vertikale pale kom tans nog in die Waterberg in Noord-Transvaal voor. Die museumkundiges H. Fransen en M. Cook het voor 1965 ontwikkelde dakhuisse met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie by Krakeelrivier en Tweerivieren in die Langkloof, Suid-Kaap, gedokumenteer. Dié klipstrukture bestaan moontlik nog.

Tot op hede het argeoloë ook geen opgrawings met betrekking tot die onderwerp onderneem nie. Ten opsigte van primêre bronne was skrywer hoofsaaklik aangewese op enkele getranskribeerde onderhoude met bouers van kapstylhuise in die Puntjie en Vermaaklikheid omgewing, egodokumente soos dagboeke en reisbeskrywings, asook Africana-prente en foto's. Om dié leemtes te oorbrug is ander tydgenootlike tydelike woonstrukture bestudeer. 'n Voorbeeld hiervan is die vensterbedekking van die bootvormige hartbeeshuis waaroor geen inligting gevind kon word nie.

F. Die aard van volksargitektuur

Wat die Westerse voor-industriële tydperk betref, kan daar duidelik tussen primitiewe, volks- en tradisioneel verhewe argitektuur onderskei word.² Volksargitektuur het uit primitiewe argitektuur ontstaan,

terwyl verhewe argitektuur weer uit volksargitektuur ontwikkel het.

Die term "volk" dui enersyds op 'n groep mense wat deur eenheid van kultuur en historiese ontwikkeling 'n duidelike besef van samehorigheid besit. Andersyds het "volk" (*populus* Lat., *people* Eng. of *peuple* Fr.) betrekking op stand. Dit is die laerstand teenoor die burgerstand. Volksargitektuur word algemeen beskou as die voor-industriële, hoofsaaklik landelike, huishoudelike en verwante argitektuur van die laerstand, die eenvoudige volksmens. Burgerlike voor-industriële nie-argitekontwerpte, tradisioneel volks- en streekeie landelike en stedelike argitektuur, kan hierby ingesluit word. Die term volksargitektuur hou enersyds verband met permanente huise, maar ook met strukture wat tydelik of seisoenaal bewoon of andersins benut is.

Teoretici is dit oor die algemeen eens dat volksargitektuur nie deur argitekte ontwerp word nie.³ Volksargitektuur is ook nie die produk van 'n amateurargitek of -ontwerper nie. 'n Amateurargitek of -ontwerper sal uiteraard amateurkuns en nie volksargitektuur produseer nie. Die doelwit van die volksbouer verskil van dié van die argitek in die sin dat volksargitektuur nie as kuns bedoel is nie, maar eerder as die stoflike manifestasie van 'n volk se kulturele waardes – as 'n artefak. Indien die volksbouer sy woning versier, het dit volkskuns – nie amateurkuns – tot gevolg. Die volksbouer, in teenstelling met primitiewe mense, was wel bewus van en het insig gehad in tradisioneel verhewe argitektuur wat in tegnologieë meer ontwikkelde en meer vermoënde nedersettings of in stede uitgevoer kon word. Dit kon soos in die geval van die Kaaps-Hollandse huise, byvoorbeeld in die dekoratiewe gewels neerslag gevind het. In teenstelling met tradisioneel verhewe argitektuur, word die funksie van die gebou vooropgestel en is die ornament of versiering ondergeskik hieraan. Versiering kan dus aan- of afwesig wees sonder om afbreuk aan die vorm en funksie van die gebou te doen. Gevolglik is volksargitektuur as 'n reël onprentensieus.

Volksargitektuur word deur die voornemende bewoner self of plaaslike, gewoonlik anonieme vaklui opgerig. Die volksbouer is ook nie sonder opleiding ten opsigte van volksontwerp nie, maar is deur onderrig bewustelik of onbewustelik in 'n kultuurpatroon geënkultureer. Kennis van hoe 'n gebou tradisioneel binne volksverband opgerig behoort te word, word van geslag tot geslag oorgedra.⁴ Eweneens dra ervare vaklui hulle gespesialiseerde kennis van vakman na vakleerling oor. Volksargitektuur is gevolglik die gewoonlik nie-selfbewuste⁵ skepping van 'n individu binne volksverband. Die gegewe model word aanvaar en nie bevraagteken nie en is binne 'n bepaalde streek grootliks homogeen.⁶ Volksargitektuur verander slegs uit noodsaak en nie bloot terwille van verandering en/of modes nie. Die blywende is een van die mees kenmerkende eienskappe van volksargitektuur. Volksargitektuur is dus direk kultuurgebonde of tradisioneel. Daarom getuig volksargitektuur van die besondere volkskarakter en volkseienaardighede van die groep waarbinne dit voorkom.⁷ Vir die volksbouer het dit betekenis deurdat hy hom as lid van die gemeenskap – die volk – daarmee identifiseer en juis as gevolg hiervan daarin geborge voel.⁸

Nieteenstaande die feit dat die vorm en konstruksie grootliks deur tradisie en kultuur bepaal word, is volksargitektuur nie staties nie, maar is die model in 'n genoegsame mate plooibaar en aanpasbaar en tot diversiteit en differensiasie in staat.⁹ Binne die algemeen aanvaarde kan enkele individuele afwykings voorkom; binne eenheid verskeidenheid,¹⁰ waarvan die wesenlike kern relatief onveranderd bly.

Volksargitektuur is eerstens tradisie- en kulturgebonde en tweedens streekgebonde ten opsigte van geografie en klimaat. Geografie en klimaat bepaal uiteraard ook die bedryfsmoontlikhede, en gevolglik die soort geboue wat opgerig sal word. Plaaslike materiaal uit die direkte omgewing word gebruik, terwyl materiaal van buite die direkte omgewing slegs by uitsondering gebruik word. Volksargitektuur is gevolglik streekgebonde, soos 'n dialek en is gewoonlik die argitektuur van 'n klein gemeenskap.¹¹ Die natuurlike omgewing bied die bouer sekere beperkings, maar ook geleenthede.¹² Die vrugbare interaksie tussen die gegewe natuurlike omgewing en tradisie het volksargitektuur tot gevolg. Hierdie geboue spreek terselfdertyd van die "siel" van die landskap en die "gees" van die bouer.¹³

As gevolg van die tradisie-, kultuur- en streekgebondenheid van volksargitektuur, is dit uiters konserwatief en evolusionêr. Die evolusionêre aard van volksargitektuur is deur talle argeologiese vondste bewys. Die argitek en kultuurhistorikus C.V. Trefois konstateer:

Gunnen de oudheidkundige vondsten ons slechts af en toe een kijk op de vroegste bouwwijzen, toch hebben we kunnen vaststellen, dat reeds eeuwen vóór onze jaartelling de basis gelegd was voor de merkwaardige landelijke architectuur der middeleeuwen. Menig traditioneel bouwprincipe gaat terug op de vroegste tijden.¹⁴

Wat vorm en konstruksie betref, is vorm die mees blywende en is die ontwikkelingsgang 'n baie geleidelike, proefondervindelike proses.¹⁵ Selfs al word 'n totaal nuwe boumateriaal, uit noodsaak aangewend, word die ou vorm nie noodwendig onmiddellik met 'n nuwe en meer passlike vorm vervang nie. Dit is sedert die vroegste tye 'n fundamentele argitektoniese ontwerpbeginsel, dat wanneer veranderinge ten opsigte van struktuur, materiaal en tegniek plaasvind, die ou vorm terwille van sosio-emosionele aanpassing behou word, waarna verandering van voorkoms dan geleidelik plaasvind. 'n Bekende voorbeeld is die Griekse Doriese orde wat 'n evolusieproses oor 'n tydperk van twee eeue van hout tot klip deurloop het.¹⁶

In volksargitektuur gaan 'n uitgediende woningvorm gewoonlik nie onmiddellik tot niet nie, maar word die tradisie geleidelik óf deur 'n laer stand of groep voortgesit, óf is die struktuur binne dieselfde groep in 'n mindere hoedanigheid funksioneel aangewend. A. Coetzee het op die verskynsel in die Suid-Afrikaanse volkskultuur gewys - byvoorbeeld ". . . wat woonhuis was, word waenhuis, tabakskuur of woning van bywoner teenoor plaasbaas, of plaasvolk teen-oor blankes" ¹⁷

Sedert prehistoriese tye het primitiewe en gesofistikeerde argitektuur gelyktydig bestaan. Sigurd Erixon het in 1937, terwyl hy die *capanna* op die Romeinse Campagna gedokumenteer het, opgemerk dat dit so na aan Rome geleë is dat die stadsgeraas byna gehoor kan word. Nieteenstaande getuig die *capanna* en die lewenswyse van die herders wat dit bewoon van 'n kultuur wat moontlik ouer as die stad Rome self is.¹⁸

Indien 'n volk trek of migreer word die tradisionele bouvorm selfs ten spyte van klimaat en geografiese verskille, aanvanklik ongeskonde na die nuwe bodem oorgedra. J.H. Gallé skryf:

. . . toen ik omstreeks 1875 door toevallige omstandigheden van een boer uit Roerlo, die naar Grand

Rapids in Amerika verhuisd was, vernam, dat de boer hoe ver ook van zijn oorspronklike woonplaats verwijderd, zijn huis en schuur in den vreemde volkomen op dezelfde wijze bouwt, als hij het had in zijne geboorteplaats, onafhankelik of er verschil in den bodem is of niet.¹⁹

Indien nodig word die oorspronklike bouvorm met verloop van tyd by die nuwe bodemgesteldheid en plaaslike omstandighede aangepas.

Die belangrikste kenmerke van volksargitektuur is dus eerstens die kultuur- of tradisiegebondenheid daarvan en tweedens streekgebondenheid ten opsigte van geografie en klimaat, as gevolg waarvan volksargitektuur evolusionêr ontwikkel het.

G. Historiese agtergrond

Die voorkoms van hartbees- of dakhuise tot na 1900 moet grootliks aan die voortgesette pioniersomstandighede in Suid-Afrika toegeskryf word wat in sommige streke tot na 1900 geduur het, en wat bevorderlik vir die voortbestaan van die eenvoudige volksargitektuur was. Die geskiedenis van die pioniersomstandighede word vervolgens kortliks bespreek.

Onder die manlike Europeërs wat in die tydperk 1657 tot 1707 na die Kaap gekom het, was die meerderheid Nederlanders en Duitsers. Dan was daar ook 'n aantal Franse Hugenote wat na die herroeping van die Edik van Nantes in 1685, via Nederland in 1688 na die Kaap gekom het. Daar was ook 'n aantal Belge en 'n paar Duitse Switsers, Dene, Swede, Noorweërs en Britte.²⁰ Hulle het die onderlaag van die Europese bevolking uitgemaak, naamlik kleinboere, soldate, matrose en vakmanne en was met die volkskultuur van Wes-Europa vertrou.

1. Die blanke koloniste se koms na die Kaap

Die Here XVII het Leendert Janszen en Matthijs Proot - wat tydens die stranding van die skip *Nieuw-Haerlem* (1647) ongeveer 'n jaar in Tafelbaai deurgebring het - versoek om 'n verslag oor Tafelbaai se geskiktheid vir 'n Kompanjiespos op te stel, ten einde die skeepvaart om die Kaap te beveilig en van verversings te voorsien.²¹

Janszen en Proot het in hulle "Remonstrantie" van 26 Julie 1649 op die voordele van so 'n verversingspos in Tafelbaai gewys, op grond waarvan die Here XVII in 1650 in beginsel besluit het om aan die Kaap "een rendezvous en sterckte" op te rig en om instruksies vir die toekomstige kommandeur te laat opstel.²²

Proot is aanvanklik vir dié pos genader, maar het dit van die hand gewys, waarna Van Riebeeck, 'n gewese koopman in diens van die Kompanjie, as "opperhoofd" aangestel is.²³

'n Vloot van vyf skeepes het onder Van Riebeeck se bevel gestaan, naamlik die *Drommedaris*, *Reyger*, *Goede Hoope*, *Walvis* en die *Oliphant*. Die *Drommedaris*, *Reyger* en *Goede Hoope* het Texel op 24 Desember 1651 verlaat. Die *Walvis* en *Oliphant* was te swaar gelaai en kon eers later vertrek. Die *Drommedaris* en *Goede Hoope* het die Kaap op 6 April 1652 bereik, die *Reyger* die volgende dag en die

Walvis en Oliphant eers op 7 Mei.²⁴

2. Die vryburgers

Aangesien die Kaapse wind die koringoes verniel het en die verbouing van rys onsuksesvol was, moes rys ingevoer word. Om die Kaap self-versorgend ten opsigte van koring te maak, het Van Riebeeck aanbeveel dat 'n aantal vryliede aan die Kaap gevestig moes word om in dié behoefte te voorsien.²⁵

Die eerste vryburgers is in 1657 in twee groepe langs die Liesbeek gevestig. Steven Jansz van Wageningen en sy groep het hulle plasies *De Hollantsche Tuijn* genoem. Dit was ook as *Stevenscolonie* bekend en was nader aan die fort geleë as *Harmans Colonie*, waar Harman Remajenna met vier ander hulle plaas *'t Groene Velt* genoem het.²⁶ Die vryburgers het soveel grond ontvang as wat hulle binne drie jaar kon bewerk.²⁷ Hulle moes hulle produkte teen vasgestelde pryse aan die Kompanjie verkoop en kon hulle inkomstes aanvul deur middel van jag, visvang, die aanhou van varke en pluimvee en ook biermakery.²⁸ Oorskotte kon aan vreemde skepe drie dae na aankoms in Tafelbaai verkoop word.²⁹

Die vryburgers se getalle het geleidelik toegeneem en met Van Riebeeck se vertrek uit die Kaap in 1662, was daar ongeveer sestig vryburgers.³⁰

3. Die vee- en Trekboere

Voordat Simon van der Stel (1639-1712) in 1679 kommandeur geword het, was daar alreeds vryburgers wat uitsluitlik met skape en beeste geboer het en die eerste weilisensies aan boere sonder eiendomsgrond, reeds uitgereik. Van der Stel het die veeboerdery as selfstandige bedryf deur wetgewing ontmoedig. Hy het bepaal dat alle veeboere ook 'n vaste erf of plasie moes besit en het hulle verbied om verder as agt dae se reis van hulle plase af, weg te trek.³¹

Van der Stel se wetgewing om boere te verbied om in droë tye met hulle vee na verafgeleë weivelde te trek, het nie die gewenste uitwerking gehad nie. Sy seun W.A. van der Stel (1664-1733) het dit besef en die veeboer eerder aangemoedig as ingeperk.³²

Gedurende die eerste jare van die 18de eeu het die veeboere noordwaarts getrek en tussen die weskus en die bergreeks gehou. Die meeste weilisensies is tot 1708 in die rigting van Groenkloof, Soutrivier, Dassenberg, Bergrivier en Vier-en-twintig-riviere uitgereik. Na die herroeping van Van der Stel op 17 April 1707, het die koloniste sy veeposte in besit geneem en het die trek na die ooste begin.³³

In 1830 was daar al Trekboere in Transorangia wat nie meer van plan was om na die Kolonie terug te keer nie. Met die aanvang van die Groot Trek, het daar al 'n aansienlike aantal families in die teenswoordige suidelike Vrystaat gewoon.³⁴

4. Die Groot Trek

In teenstelling met die trekkende veeboere was die Groot Trek georga-

niseerd,³⁵ en tussen 1836 en 1840 het 'n groep van ongeveer 10 000 grensboere uit die oostelike distrikte van die Kaapkolonie, later bekend as Voortrekkers, die Kolonie verlaat en tot in Natal en Transvaal getrek.³⁶

Louis Tregardt het vanaf die Transkei getrek, Hendrik Potgieter vanaf die Tarka-distrik, Gerrit Maritz vanaf Graaff-Reinet, Piet Retief vanaf Grahamstad en die Piet Uys-trek vanaf Uitenhage. Die meeste Voortrekkers het uit die distrikte Graaff-Reinet, Uitenhage, Somerset en Cradock gekom en enkeles uit Swellendam, Beaufort en Grahamstad. 'n Aantal gesinne uit streke meer na die weste, soos Colesberg en Beaufort-Wes-omgewing het ook by die Trek aangesluit. Potgieter wou 'n staat in die verre Noorde stig met die Portugese ooskushawens as toegang tot die buitewêreld. Retief, Maritz en Uys het voorkeur aan Natal met Port Natal as hawe gegee.³⁷

Die hartbees- of dakhuis is deur die noordwaartse beweging van die vee- en Trekboere, asook die Voortrekkers na die uithoeke van Suid-Afrika uitgedra. Na die Groot Trek het sommige mense selfs permanent in hartbeeshuise gevestig en dit aan die nuwe geslag oorgelaat om permanente wonings op te rig.³⁸ Op gevestigde plase het hartbeeshuise dikwels as buite-geboue gedien.

As gevolg van die talle plaashuise wat gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) afgebrand is, sou hartbeeshuise na die oorlog waarskynlik in baie gevalle as tydelike wonings gedien het. Gedurende die depressie van 1930-32 het hartbeeshuise as noodwoningen op die platteland gedien.

5. Akkulturasie

Die Britse Setlaar Thomas Pringle (1789-1834) het in November 1820 sy huis in die *Courier* beskryf as ". . . van die soort wat hulle in hierdie land hartbeeshuises noem, dit wil sê met 'n raamwerk van wilgepale van omtrent 15 voet hoog, vasgebund in die fatsoen van 'n gewone dak . . ." ³⁹ Josias P. Hoffman (1807-1879) het die nedersetting van die eerste 1825 Port Natal-Setlaars, gelei deur Fynn en Farewell, uitgebeeld. Hulle het onder meer wigvormige en ontwikkelde wigvormige dakhuisse gebou.⁴⁰

Jan Johannes Botes het in 1830 (bootvormige) hartbeeshuise by Beersheba in die Transorangia opgerig. Die Griekwas en Kleurlinge wat later daar gevestig het, het die beginsel waarskynlik van hom en sy geselskap oorgeneem.⁴¹ Die Skotse landmeter en kunstenaar Charles Davidson Bell (1813-1882) het in 1836 opgemerk dat (bootvormige) hartbeeshuise deur die Kleurlinge gebruik word en dat selfs die Betsjoenas dit oorneem.⁴² Met betrekking tot die sendingstasie by Beersheba het eerwaarde James Backhouse (1794-1864) in 1839 berig dat die huise van die Kleurlinge besig was om progressief te verbeter, aangesien hulle hul inheemse hutte met (bootvormige) hartbeeshuise vervang het. By die Wesleyaanse sendingstasie by Plaatberg het die Kleurlinge wat van die Ou Plaatberg nader aan Kuruman afkomstig was, hoofsaaklik in hartbeeshuise gewoon.⁴³ Die kunstenaar en reisiger Thomas Baines (1820-1875) het in 'n skildery getiteld *Dit is 'n uitsig op 'n gedeelte van die Fingo en Hottentot nedersetting in 'n suidelike rigting vanaf Stockenstroomstraat, Cradock (s.a.)* 'n (bootvormige) hartbeeshuis sodanig uitgebeeld.⁴⁴ Volgens Baines was "halwe" wigvormige hartbeeshuise meestal deur koloniale Khoikhoi gebruik.⁴⁵



Backhouse het in 1839 geskryf dat die Berlynse sendelinge te Betanië in die Transorangia aanvanklik in (bootvormige) hartbeeshuise gewoon het.⁴⁶ 'n Duitse sendeling J.J.A. Prozesky (1840-1920?) het in 1868 die Berlynse sendingstasie te Bothshabelo, Transvaal afgebeeld, waar 'n bootvormige hartbeeshuis as 'n waenhuis gedien het.⁴⁷

Wigvormige hartbeeshuise is ook dikwels op die delwerye soos by Kimberley, Barkley-Wes, Klipdrif en Pelgrimsrus deur uitlanders en andere as tydelike wonings gebruik.⁴⁸

H. Die hartbees- of dakhuis in die volksargitektuur

In die Suid-Afrikaanse volksargitektuur het daar strukture bestaan wat nog meer tydelik as hartbeeshuise was en wat vir korter periodes as hartbeeshuise bewoon is, naamlik tente, hutte, en skerms.⁴⁹ Tente het die vorm van 'n saaldak op die grond, of 'n saaldak met lae symure aangeneem. Hutte was byekorf-⁵⁰ en keëlvormig. Oor die vorm van skerms vir woondoeleindes is nie veel bekend nie. Van Rooyen het opgemerk dat die skerms wat deur Tregardt en sy geselskap vir woondoeleindes gebruik is, waarskynlik in die vorm van 'n halwe sirkel gebou was, met 'n dak bo-oor wat saans voor met velle toegemaak is.⁵¹ Walton het 'n skets van laasgenoemde in die vorm van 'n halwe hemisfeer geteken.⁵²

In die volksargitektuur is hartbeeshuise, rondawels, paal(muur)huise, matjieshuise en 'n enkele keer ". . . een zoo als een wagetind"⁵³ wat permanentheid betref tussen tente, hutte en skerms - wat minder permanent as bogenoemde was - en permanente muurhuise geleë.

Permanente huise was aanvanklik langhuise wat uit een of meer vertrekke bestaan het. Die grondplan kon ontwikkel om 'n T- of L-vorm aan te neem, terwyl die dak uit 'n skild-, saal- of wolfsdak kon bestaan het.

Die Suid-Afrikaanse volksargitektuur is van ca. 1850 tot 1920 geleidelik deur populêre argitektuur verdring. In afgeleë gebiede is rondawels, matjieshuise en ander tradisionele strukture nog tot in die tweede helfte van die 20ste eeu operig.



Note

- 1 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 31.
- 2 A. Rapoport, Vernacular architecture and the cultural determinants of form, in A. King, (Ed.), *Buildings and society: essays on the social development of the built environment*, p. 285.
- 3 B. Allsopp, *A modern theory of architecture*, pp. 5-6; K.W. Heath, Defining the nature of vernacular, *Material Culture* 20(2), 1988, p. 2; O. Spengler, *The decline of the west: perspectives of world-history II*, p. 120.
- 4 B. Allsopp, *A modern theory of architecture*, p. 5.
- 5 K.W. Heath, Defining the nature of vernacular, *Material Culture* 20(2), 1988, p. 2.
- 6 A. Rapoport, Vernacular architecture and the cultural determinants of form, in A. King (Ed.), *Buildings and society . . .*, p. 286.
- 7 E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900, met spesiale verwysing na woningbou*, D.Phil.-proefskrif, US, pp. 5-6.
- 8 B. Allsopp, *A modern theory of architecture*. p. 6.
- 9 B. Allsopp, *A modern theory of architecture*, p. 5.
- 10 E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 . . .*, p. 6.
- 11 B. Allsopp, *A modern theory of architecture*, p. 6.
- 12 E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 . . .*, p. 7.
- 13 E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 . . .*, p. 7.
- 14 C.V. Trefois, *Ontwikkelingsgeschiedenis van onze landelike architectuur*, p. 15.
- 15 L. Feduchi, *Spanish folk architecture, 1-the northern plateau*, p. 8.
- 16 B. Allsopp, *A modern theory of architecture*, pp. 26-27.
- 17 A. Coetzee, *Matjieshuise*, *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 20(3), 1964, p. 27.
- 18 S. Erixon, Some primitive constructions and types of layout, with their relation to European rural building practice, *Folkliv* nos. 2 & 3, 1937, p. 124.
- 19 J.H. Gallé, *Het boerenhuis in Nederland en zijn bewoners*, p. 13,



soos aangehaal in A. Coetsee, *Die Afrikaanse volkskultuur: inleiding tot die studie van volkskunde*, p. 115.

- 20 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting, 1657-1707*, p. 112.
- 21 E.C. Godée Molsbergen, *De stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck 1618-1677*, p. 67; C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 17.
- 22 E.C. Godée Molsbergen, *De stichter van Hollands Zuid-Afrika . . .*, pp. 68-69.
- 23 C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 17.
- 24 C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 21.
- 25 C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 28.
- 26 C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 29.
- 27 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . II, 1656-1658* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), pp. 100 & 102.
- 28 C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 28.
- 29 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 101.
- 30 J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 2.
- 31 C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 60.
- 32 C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 60.
- 33 P.J. van der Merwe, *Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, p. 1.
- 34 P.J. van der Merwe, *Die noordwaartse beweging . . .*, p. 362.
- 35 P.J. van der Merwe, *Die noordwaartse beweging . . .*, p. 366.
- 36 J.C. Pretorius (red.), *Op trek. Die daaglikse lewe tydens die Groot Trek*, p. 12; P.J. van der Merwe, *Die noordwaartse beweging . . .*, p. 376.
- 37 J.C. Pretorius (red.), *Op trek . . .*, pp. 12-13 & 16.
- 38 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald*, p. 422.
- 39 L. Bryer en K.S. Hunt, *Die 1820-Setlaars*, p. 33.



- 40 C. Venter, *Groot Trek*, p. 55.
- 41 J. Walton, Hartbeeshuis and hartbeeshut, *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 43(1), March 1987, p. 19; J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 15; J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, pp. 95 & 97.
- 42 Kaapse Argiefbewaarpark, Kaapstad: A 1415, skets: *Harte beest Huts* (nota op die agterkant van die skets), C. Bell, s.a.
- 43 J. Backhouse, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa*, pp. 357, 358 & 383-384.
- 44 M. Diemont & J. Diemont, *The Brenthurst Baines: a selection of the works of Thomas Baines in the Oppenheimer collection Johannesburg*, pp. 72-73.
- 45 W.B. Lord & T. Baines, *Shifts and expedients of camp life, travel and exploration*, pp. 222 & 248.
- 46 J. Backhouse, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa*, p. 421.
- 47 Anonym, Donation of Botshabelo paintings, *Restorica* no. 8, 1980, p. 8.
- 48 Pelgrimsrus argiefbewaarpark, Pelgrimsrus: 519-18, foto: *Middle Creek*, Pelgrimsrus, anoniem, ca. 1873; Transvaalse Argiefbewaarpark, Pretoria: 9103, foto: *Griekwaland Wes diamantvelde*, Klipdrift, anoniem, s.a.; Kaapse Argiefbewaarpark, Kaapstad: AG 4186, foto: *Barkly-wes alluviale delwerye*, anoniem, s.a.
- 49 L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. le Roux), pp. 1, 5-6 & 143-145.
- 50 C.F.J. Muller, *Die Groot Trek in Beeld*, p. 88.
- 51 L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. le Roux), pp. 5-6; G.H. Van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, p. 169.
- 52 J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 96.
- 53 L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. le Roux), p. 59.



II DIE BEGRIP HARTBEESHUIS

A. Ontleding van die begrip hartbeeshuis in die kultuurgeskiedskrywing

Die kultuurhistoriese werke van F.L. Cachet (1877),¹ B.T. Spoelstra (1922)² en G.H. van Rooyen (1940)³ het as grondslag vir alle latere navorsing oor die Suid-Afrikaanse hartbeeshuis gedien. Bogenoemde skrywers het die begrippe hartbees- en kapstylhuis onbewustelik in die kultuurgeskiedskrywing gevestig. F.T. Schonken (1879-1909) se *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveningen* (1910) het nie 'n merkbare invloed op die kultuurgeskiedskrywing uitgeoefen nie. Dit moet waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die tesis oorspronklik privaat in Duits onder die titel *Die wurzeln der Kapholländischen volksüberlieferungen* in 'n bylaag tot *Internationales Archiv für Ethnographie* 19, 1910, gepubliseer is.

Cachet het in *De worstelstrijd der Transvalers, aan het volk van Nederland verhaald* (1882), die hartbeeshuis beskryf as ". . . een keet [d.i. 'n tydelike woninkie vir tydelike verblyf], van riet met klei gepleisterd, en byna enkel uit 'dak', bestaande" ⁴

Schonken het in *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveningen* (1910) 'n hartbeeshuis beskryf as ". . . een hut met een zeer schuin rieten dak; de wanden bestaan uit een staketsel, dat met bies of riet is opgevuld en van buiten zoowel als van binnen met leem is bestreken" ⁵

C. Pettman (1851-1935), het in *Africanderisms: a glossary of South African colloquial words and phrases and of place and other names* (1913), die hartbeeshuis beskryf as: "A frail structure of 'wattle and daub', so called, apparently, because a similar primitive structure was often erected by the earlier hunters." ⁶ Die *wattle and daub*-struktuur is 'n muurhuis waarvan die wande uit pale en gepleisterde vlegwerk bestaan het, en wat volgens hom as 'n hartbeesjagtershut gedien het.

Spoelstra het in *Ons volkslewe. Kultuur-historiese leesboek* (1922) oor wat hy 'n hartbeeshuis noem geskryf: ". . . dan het hulle die pale van albei lang kante bo twee-twee na mekaar toe gebuie en aan mekaar vasgewoel met rieme." ⁷

Van Rooyen het in *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II* (1940) die begrip hartbeeshuis van Cachet en Spoelstra oorgeneem. Soos bogenoemde het Van Rooyen met hartbeeshuis 'n omgekeerde boot- of spitstonnelgewelfvormige dakhuis verstaan. Van Rooyen gebruik vir die eerste keer die term "kapsteilhuis" om 'n dakhuis direk op die grond, met 'n kapstylraamwerk te beskryf. ⁸ Van Rooyen vestig dus hartbees- en kapstylhuis as afsonderlike begrippe.

J. Walton het in sy artikel "Homes of the early South African stock farmers" (1951) die begrip hartbeeshuis van Cachet, Spoelstra en Van Rooyen oorgeneem. Die begrip kapstylhuis het hy ook by Van Rooyen oorgeneem. Soos laasgenoemde, tref hy 'n onderskeid tussen die begrippe hartbees- en kapstylhuis. Walton tref op grond van die dakraamkonstruksie ook 'n onderskeid tussen die breër begrip dakhuis in teenstelling met die begrip kapstylhuis:



All "roof-houses" do not, however, belong to the same group as the *kapsteilhuis*. Such simple dwellings may have one of three very different frameworks In the first type two forked uprights are placed in the ground and carry a ridge-tree. Against this supporting framework, . . . the sloping roof-walls lean. In the second type the ridge-tree is supported by two or more pairs of sloping struts crossing at the apex The third type consists of a series of couples without any ridge-tree and it is to this group that the *kapsteilhuis* belongs [Fig. 1].⁹

Die kapstylhuis, soos deur Van Rooyen beskryf, is volgens Walton sinoniem met wat hy 'n "paired-couple roof hut" noem.¹⁰ Walton baseer sy gevolgtrekking op die feit dat die kapstylhuis hoofsaaklik uit kapstyle en hanebalke saamgestel is. Kapstylhuis dui dus op die konstruksie en nie op die vorm van die huis nie. Walton sluit gevolglik wigvormige dakhuise wat uit ander dakraamtipes bestaan, naamlik die gaffelsuilondersteunde-nokpaal en die vurkondersteunde-nokpaal by die begrip kapstylhuis uit, en verwys in die geval van sulke wonings bloot na "roof-houses" of "roof-huts" waar die struktuur vir ander doeleindes as bewoning gebruik is.¹¹ Sy gebruik van huis en hut dui dus op 'n funksionele verskil en nie op twee verskillende bouvorme of struktuurtypes nie.

Volgens G.S. Nienaber (1903-1994) in "Twee Afrikaanse woorde" (1952) is 'n hartbeeshuis of -hut


. . . 'n ruwe, tydelike voorposwoninkie Daar is 'n hele paar benaminge vir sulke hutte of huisies in omloop. Naas *matjieshut* is bv. *matjeshutten* (so by Kolbe), *stroo huissen*, *stroohuisjes* en *stroohutten*, *stroo huisjen van hottentotten* In die grond van die saak is dit egter dieselfde soort woning.

En verder:

. . . voorposwoninkies [is] met verloop van tyd nie meer met *matjies van biesies* alleen gemaak . . . nie. Sparrman [1772-1776] noem meer as een soort, daar onder woninkies van latte, leem en klei, en Barrow [1797-1798] praat van 'four low mud-walls, with a thatch of rushes'.¹²

Nienaber tref dus 'n onderskeid tussen hartbeeshuis en -hut en vestig gevolglik die begrip hartbeeshut naas -huis. Volgens Nienaber is hartbeeshuis en -hut sinoniem met harde-biesie-huis en hou die begrip hartbeeshuis verband met die materiaal waarmee die woning bedek is, en nie met die vorm en konstruksie daarvan nie. Dit impliseer dat enige tydelike voorposwoning wat met biesies of biesiematte bedek is, as 'n hartbeeshuis of -hut geklassifiseer moet word. Nienaber was - soos later sal blyk - waarskynlik nie met Cachet, Schonken, Spoelstra, Van Rooyen en Walton se standpunte vertrou nie.

P.C. Schoonees tref in die *Woordeboek van die Afrikaanse taal IV* (1961) 'n onderskeid tussen 'n hartbeeshuis, dit is 'n bootvormige dakhuis met 'n reghoekige grondplan, in navolging van Walton, en 'n hartbeeshut, dit is 'n "oond- of komvormige hut bestaande uit 'n raam-



Figuur 1. Raamwerktypes van Suid-Afrikaanse wigvormige dakhuisse. a. Gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie (*forked upright ridge-tree support*); b. Vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie (*tong ridge-tree support*); c. Kapstylraamwerk (*paired couple framework*). (Tekening deur J. Walton).

Uit: *Man* vol. 55, February 1955, p. 32.

werk van takke of latte en gedek met velle, biesies, gras of strooi"¹³, in navolging van Nienaber.

C.J. Swanepoel, in *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (1965), verstaan onder die begrip hartbeeshuis 'n "primitiewe woning bestaande in sy eenvoudigste vorm uit 'n vierkantige [sic] raamwerk van pale oordek met gras, strooi, riet of harde biesies."¹⁴ Dit is nie bekend waarop Swanepoel sy interpretasie van die begrip hartbeeshuis grond nie. Hy gee aan die begrip hartbeeshuis 'n nuwe en verwarrende betekenis wat van die *Woordeboek van die Afrikaanse taal IV* en ook van Cachet, Schonken, Spoelstra, Van Rooyen, Walton en andere verskil.

S.J. du Toit, in *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (1965), verstaan onder die begrip kapstylhuis 'n "Outydse, eenvoudige boerewoning wat bestaan het uit 'n gras- of rietbedekking oor 'n houtraamwerk, en die vorm gehad het van 'n saaldak wat op die grond staan."¹⁵ In teenstelling met Walton dus, hou kapstylhuis met die vorm en nie met die konstruksie van die kapstylhuis verband nie.

C.V. Trefois (1894-?) neem in *Oudnederlandse argitektuur in Zuid-Afrika* (1969) die begrip hartbeeshuis by Walton oor. Hy sluit by die begrip kapstylhuis ook 'n dakhuis in waarvan die raamwerk as volg daar uitsien:


. . . de 'kapsteil'-konstruksie met 'noknaald' of 'nokruiter'. Hier wordt het schranken van de door hanebalken gekoppelde sparren belet door diagonaal aangebrachte 'windbalken' of 'jufferbanden' De 'noknaald' rust op twee gaffelvormige draagstijlen en de overkruiste 'sparrenkoppen'.¹⁶

Trefois het die begrip kapstylhuis verbreed deurdat hy twee verskillende tipes dakraamkonstruksies daarby insluit en berus dit moontlik op 'n wanbegrip van Walton se interpretasie van Van Rooyen. Soos Du Toit hierbo, grond hy die begrip op die vorm en nie die konstruksie nie.

J.A.J. Roodt-Coetzee, in *Kultuurgeskiedenis: kernaantekeninge* (1978), sluit by die begrip kapstylhuis die Noordwes-Europese *hallehuis* (Fig. 2), asook die Suid-Afrikaanse kapstylhuis in. Die *hallehuis* bestaan uit drie beuke, terwyl die kapstylhuis uit 'n een- of meersellige langhuis bestaan. Die konstruksie van die *halle-* en *kapstyl-*huis verskil ook. Die *halle-* en *kapstylhuis* bestaan beide oorheersend uit 'n dak en grond Roodt-Coetzee die begrip op die vorm van die woning.¹⁷

F. Frescura (1946-) besluit in sy proefskrif *Major developments in the rural indigenous architecture of Southern Africa of the post-Difacane period* (1985), in stryd met sy voorgangers, dat hoewel die hartbees- en kapstylhuis uiterlik verskil, daar te min inligting oor die konstruksie van die hartbeeshuis bestaan om dit van die kapstylhuis te onderskei. Hy kom tot die gevolgtrekking dat hartbees- en kapstylhuis streekname vir wonings met 'n veronderstelde identiese konstruksie is. Hy sluit gevolglik beide wonings onder die begrip hartbeeshuis in.¹⁸

C. Wessels onderskei in sy artikel "Die kultuur-historiese belang van die 'hardebieshuise' van Hopefield" (1985), in navolging van die



Figuur 2. Die driebeukige hallehuis het uit 'n gebint of bindstelsel wat uit twee rye teenoormekaarstaande scheerstijlen (swaar vertikale style) wat bo paarsgewys deur 'n scheerbalk ('n horisontale balk) verbind word, bestaan. Dit is die dakstoel waarop die kap-sparre of -style gerus het.

Uit: J. Weyns, *Bokrijk, tuin van de Vlaamse volkskultuur* (Bokrijk, 1961), p. 46.

Woordeboek van die Afrikaanse taal IV en by implikasie Nienaber, tussen hartbeeshutte en -huise. Soos Nienaber, beskou hy 'n hartbeeshut of -huis as 'n tydelike woning wat noodwendig met biesies bedek is. Volgens Wessels is die kriteria om tussen hartbeeshut en -huis aan die vroeë Kaap te onderskei, die aantal vertrekke, asook die konstruksiewyse daarvan. Met die begrip hartbeeshut bedoel hy 'n eenvertrek struktuur met 'n sirkelvormige of vierkantige grondplan wat uit latte en biesies bestaan. Met die begrip hartbeeshuis bedoel hy 'n muurhuis met twee of meer vertrekke waarvan die mure uit 'n raamwerk wat met biesies bedek is, bestaan. Die raamwerk van die staandak is 'n "dubbele spar-dakraamwerk" (Wessels se benaming).¹⁹

Volgens Wessels is: "Die vroegste strukture van oorheersend harde biesies wat in die geskiedenis vermeld word, . . . kapsteil-tipe skuilings, matjiesgoed-hutte en 'n aangepaste kapstyl-tipe huis." Hy klassifiseer bogenoemde eensellige strukture as hartbeeshutte. ". . . Twee- of meerkamerstrukture, wat oorheersend van harde biesies gebou is" verteenwoordig die vroegste voorbeelde van hartbeeshuise.²⁰ Al bogenoemde woningtipes word, soos by Nienaber, op grond van die harde-biesie-bedekking as hartbeeshutte of -huise geklassifiseer en is die vorm en konstruksie nie ter sprake nie.

Walton het vervolgens in "Hartbeeshuis and hartbeeshut" (1987) Wessels se gebruik van die terme hartbeeshut en -huis gekritiseer en om verwarring te voorkom voorgestel dat die "hardebieshuise" van Hopefield eerder rietmuurhuise genoem moet word. Walton het die begrip hartbeeshuis en -hut as sinonieme herbevestig:

It is quite evident from the writings of Spoelstra, Backhouse and Baines that the *hartbeeshuis* (hartebeest house) and *hartbeeshut* (hartebeest hut) were buildings which looked like an upturned boat.²¹

E.C. Labuschagne (1955-) beskou in *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900, met spesiale verwysing na woningbou* (1988) die hartbeeshuis as 'n bootvormige dakhuis, maar onderskei soos die *Woordeboek van die Afrikaanse taal IV* en gevolglik Nienaber, tussen hartbeeshuis en -hut:

Die verskil tussen die hartbeeshuis en -hut lê . . . hoofsaaklik in die vorm: die hartbeeshuis lyk soos 'n omgekeerde boot, terwyl die hartbeeshut rond of komvormig en 'n eenvoudiger tipe as die hartbeeshuis is.²²

In teenstelling met Walton, verstaan Labuschagne onder die begrip kapstylhuis, soos Du Toit en andere, enige wigvormige dakhuis. Die begrip is dus weereens op die vorm gegrond.²³

Labuschagne het in "From trekboer to builder. Pioneer builders: materials, techniques, traditions, types" (1989) van standpunt verander. Sy kom tot die gevolgtrekking dat die term hartbeeshuis verwarrend is en dat dit op enige eenvoudige woning toegepas is. Vervolgens beskryf Labuschagne die oprigting van die kapstylhuis na aanleiding van Spoelstra se beskrywing van die bootvormige hartbeeshuis, wat ten opsigte van vorm en dakraamkonstruksie van die kapstylhuis verskil.²⁴

Sedert "Twee Afrikaanse woorde" (1952) het Nienaber van Walton se navorsing bewus geword en in "Sonde met hartbees in hartbeeshuis"

(1989) as volg verklaar: "Ek het nagelaat om te sê wat 'n hartbeeshuis eintlik is." Hy beskryf vervolgens die bootvormige dakhuis na aanleiding van Walton en Spoelstra.²⁵

Nienaber beweer ook in hierdie artikel dat: "Party beskrywings van wat 'n pondok is, pas ewe goed op wat 'n hartbeeshut is".²⁶ Hy maak dus weereens 'n onderskeid tussen hartbeeshut en -huis.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar groot verwarring rondom die begrippe hartbeeshuis en kapstylhuis bestaan. Daar is eerstens diegene wat met hartbeeshuis 'n bootvormige dakhuis bedoel. Pettman beskou dit as 'n muurhuis waarvan die wande uit gepleisterde vlegwerk bestaan. Dan is daar diegene wat onder hartbeeshuis enige biesiebedekte woning verstaan. Dit word gekompliseer deurdat sommige 'n verdere onderskeid tussen hartbeeshut en -huis tref, met die vorm as die bepalende faktor. Wessels onderskei tussen hut en huis op grond van die aantal vertrekke en konstruksiewyse. Wat die kapstylhuis betref, grond sommige die begrip op die konstruksie, terwyl ander die vorm as kriteria gebruik. Frescura kom tot die gevolgtrekking dat hartbees- en kapstylhuis streekname vir wonings met 'n veronderstelde identiese konstruksie is. Hy sluit gevolglik beide wonings onder die begrip hartbeeshuis in.

Die oorspronklike betekenis van die begrippe hartbeeshuis, -hut en kapstylhuis moet in tydgenootlike getuienis, soos veral dagjoernale, reisbeskrywings en piktorale bronne gesoek word.

B. Verwysings na die aard van die hartbeeshuis in tydgenootlike getuienis


Hoewel daar dikwels na die hartbeeshuis verwys word, is dit selde beskryf. Met die uitsondering van Spoelstra se uitvoerige beskrywing, is die beskrywings wat wel bestaan oor die algemeen lukraak en dubbelsinnig. Gewoonlik word daar slegs kortliks na die vorm en materiaal en geensins na die strukturele verwys nie. By sommige beskrywings is daar egter genoegsame aanduidings van wat 'n hartbeeshuis werklik is.

1. Bootvormige dakhuisse as hartbeeshuisse

Daar bestaan enkele Africana-prente van bootvormige dakhuisse, waarna daar in die titel of elders as hartbeeshuisse verwys word. Charles D. Bell, wat Andrew Smith (1797-1872) se ekspedisie na Sentraal-Afrika (1834-1836) as kunstenaar meegemaak het, het in 1836 'n bootvormige dakhuis met die titel *Hartebeesthut* geskets (Fig. 3).²⁷

James Backhouse, wat in 1839 deur die Kaap en Transorangia gereis het, het 'n dagboek gehou wat later as 'n reisbeskrywing met die titel *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa* (1844), gepubliseer is. Backhouse se reisbeskrywing bevat afbeeldings van bootvormige dakhuisse in die Transorangia, waarvan een *Hartebeesthut* getiteld is, en wat hy as volg beskryf het:

The Hartebeest houses . . . are usually built of reeds, and are sometimes plastered with mud; they are in the form of roofs, but the lower part of their sides often approaches toward perpendicular . . .²⁸



Figuur 3. 'n Bootvormige hartbeeshuis met 'n opening in die dak om rook uit te laat. Daar is nooit binne 'n bootvormige hartbeeshuis vuur gemaak om voedsel op voor te berei nie, aangesien die raamwerk en dakbedekking maklik aan die brand kon raak. Backhouse het egter in die Transorangia in 'n hartbeeshuis 'n ysterpot met 'n gat in sy sy met 'n hout vuurtjie binne-in gesien. Dit was waarskynlik vir verhitting en om water vir koffie te kook. (Charles D. Bell, *Hartebeesthut (Harte beest huts)*, skets, 1836).

Kaapse Argiefbewaarplek, A 1415.

Thomas Baines het in sy *Journal of residence in Africa 1842-1853* op 29 Maart 1848 oor bootvormige dakhuisse by Shiloh in die distrik Queenstown, geskryf: "A number of hartebeeste houses, nearly resembling a thatched roof destitute of walls" ²⁹

Benewens bogenoemde bestaan daar 'n aantal beskrywings van hartbeeshuise waaruit dit duidelik is dat daar na bootvormige dakhuisse verwys word.

Die Voortrekkerleier Louis Tregardt, het op 13 Maart 1837 in sy dagboek geskryf: "heb Carolus gegaan om houijd te kappen voor de hartbeeshuizen die wij gewoonlijk maak bij die gelegentheid." In die daaropvolgende dae vermeld Tregardt onder meer die grawe van gate, die inplant van pale, die lat, dek en pleister van die huise. ³⁰ Uit hierdie beskrywing en met die inagneming van ander beskrywings van bootvormige hartbeeshuise, verwys Tregardt waarskynlik na laasgenoemde.

Van die herinneringe van George Horatio Warden (1846), seun van maj. H.D. Warden, Britse Resident in die Transorangia van 1846 tot 1852, bestaan daar twee weergawes. Beide word hier aangehaal:

. . . de wooningen [in die Transorangia in 1846] was Hartebeeshuizen, die word gemaakt met latten in de grond geplant . . . de punten van de latten . . . boven bij elkaar gebonden, met gras gedekt en binnen gepleisterd het lijken na een spitsdak ³¹

Een hartebeeshuis is paalen of sparren in geplant met rieten gedekt en gepleisterd binnen en buiten en lyken na een dak van een huis, op die de grond geplaats . . . ³²

In die herinneringe van Charles Frederick Warden, ook 'n seun van majoor H.D. Warden, getiteld *Reminiscences of the early days of the Free State* (s.a.) gee hy 'n beskrywing van die voorkoms van wonings in die Transorangia gedurende die tydperk net na sy aankoms in 1846. Volgens hom was die paalhuise meestal hartbeeshuise:

The houses, with few exceptions, were styled hartebeest houses They were . . . built of reeds and plastered with mud and shaped like the pitched roof of a house placed on the ground, and without any partitions. ³³

In die herinneringe van Catharina C.E. Aucamp (1868-1953) het sy 'n hartbeeshuis (bootvormige dakhuis) soos volg beskryf: "Wanneer die bestemde tyd daar is, wort . . . [die pale] ingeplant in die voor wat gemaak is. Nou wort . . . [die pale] almal boe bymekaar getrek en styf vasgemaak lit dit 'n vatsoen vorm" ³⁴

Cachet, Schonken en Spoelstra het die hartbeeshuis in hulle kultuurhistoriese werke op soortgelyke wyse beskryf. Aangesien dié skrywers hulle inligting direk van die bouers of bewoners van die huise bekom het, moet dit eweneens as tydgenootlike getuienis aanvaar word.

Waar daar in die beskrywings hierbo na dakvormige hartbeeshuise verwys word en genoem word dat die huise binne gepleister is, is dit 'n aanduiding dat dit bootvormige hartbeeshuise is. Dit kon gestaaf word met Spoelstra se beskrywing van bootvormige dakhuisse, wat hy hartbeeshuise

noem:

. . . om te maak dat die huis so min moontlik sou trek, en die wind nie deur die gras of riet sou pla nie, het hulle die huis aan die binnekant onderlangs nog ongeveer drie voet uitgepleister. Omdat die mure skeef gestaan het, moes die pleistering maar dun wees³⁵

Omdat die bootvormige dakhuis onder byna vertikaal is, is dit wel moontlik om die dakmure binne te pleister, wat as gevolg van die baie skuins dakvlakke by die wigvormige dakhuis onmoontlik is.

2. *Wigvormige dakhuis as hartbeeshuis*

Volgens die sjirurgyn Johann Friedrich Häzner (1764-1820) se *Huislyk geneeskundig handboek voor de ingesetenen van Nederlands Africa* (1793), is hutte wat in die grond ingegrawe is "hartebeesthuizen" genoem.³⁶ Häzner verwys ongetwyfeld na 'n wigvormige dakhuis, aangesien daar in teenstelling met die bootvormige dakhuis, 'n aansienlike hoeveelheid ruimte by die dakvoet van die wigvormige dakhuis verlore gaan. Om dié probleem in 'n mate te bowe te kom, is die vloer laer as die omliggende grondvlak ingegrawe, óf is die dakvoet op 'n lae muur of grondwal, óf op kort vertikale pale geplaas.

J.D. Kestell skryf in *Christiaan de Wet: 'n lewensbeskrywing* (1920):

Op Kalkfontein [in die distrik Bloemfontein] het Jacobus de Wet [in ca. 1860] 'n hartbeeshuis gebou. . . . wat uit niks anders bestaan het nie as 'n spits dak, wat op die grond gerus het. Daar was geen mure nie. Seer tenger was die huisie saamgestel met latte en gedek met tamboekiegras.


Kestell het ook genoem dat daar 'n rietdeurtjie in die gewel was.³⁷ Omdat daar nie na pleisterwerk verwys word nie, en aangesien die deur in die gewel was, het Kestell moontlik na 'n kapstylhuis verwys.

Baines skryf in *Shifts and expedients of camp life, travel and exploration* (1871): "The hartebeeste hut shown in the full-page camp scene in Kafirland [sic], mostly used by colonial Hottentots, is simple and easy enough to make. It has one straight side, and one lean-to" ³⁸ (Fig. 4). Uit Baines se skets en beskrywing is dit duidelik dat hy na 'n "halwe" wigvormige dakhuis verwys. Die struktuur het uit 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie waarvan die kapsparre aan die een lang sy weggelaat is, bestaan.

Aangesien daar in tydgenootlike getuienis nooit na 'n kapstylhuis as sulks verwys word nie, is dit duideik dat dit onder 'n ander benaming bekend moes gestaan het, soos hierbo bewys word. Die kapstylhuise by die monding van die Duivenhoksrivier by Puntjie in die omgewing van Vermaaklikheid, distrik Riversdal, Suid-Kaap, het in 1972 nog as hartbeeshuis bekend gestaan.³⁹

3. *Ontwikkelde wigvormige dakhuis as hartbeeshuis*

Die Morawiese sendeling, eerwaarde C.I. Latrobe (1758-1836), het op 30 April 1816 in sy *Journal of a visit to South Africa in 1815 and 1816*



Figuur 4. 'n "Halwe" dakhuis, waarvan die nokpaal deur 'n gaffelsuil ondersteun is. Volgens Baines is die tipe struktuur meestal deur die koloniale Khoikhoi gebruik. (Thomas Baines, *Hartebeesthut (Hartebeeste hut)*, houtsnee, s.a., middel 19de eeu).

Uit: W.B. Lord & T. Baines, *Shifts and expedients of camp life, travel and exploration* (London, 1876. Facsimile reprint by Africana Book Society, Johannesburg, 1975), p. 222.

(1818) geskryf: ". . . a hartebeest-house, being a roof, put upon a wall about two feet in height."⁴⁰ Latrobe tref 'n definitiewe onderskeid tussen dak en muur en verwys sonder twyfel na 'n wigvormige dakhuis op lae mure.

Lourens Christian de Klerk, wat die Groot Trek as kind meegemaak het, beweer:

. . . die eerste hartbeeshuisies werd al opgerig in de laers na die groot moord.

In die begin was die huisies nie meer als 'n langwerpige vierkant van sooi-mure, met 'n riet-of grasdak daarop. . . . nadat Pretorius Dingaen onderwerp had, het verskeie mense, vooral op Pietermaritzburg, en in die omgewing, beter huisies beginne oprig. Dit was ook nog maar hartbeeshuise, . . . dikwels met 'n 'wolwe-end' dak.⁴¹

'n Hartbeeshuis met 'n "wolwe-end" dak word in 'n voetnoot beskryf as:

'n Dak waarvan die lengte van die vors korter is als die lengte van die huis, sodat dit met 'n skuine afdak of géwel gedek word. Die mure is meestal nie hoër als 'n voet of ses nie, sodat die deur bōkant die mure uitstaat, en ook onder 'n soort van afdak gebreng word. Binne dien die mure onder die dak dan als bergplek vir allerlei voorwerpe.⁴²

Met 'n "skuine afdak" word 'n skilddak, en met "géwel" 'n wolf-ent-gewel bedoel, waarvan in beide gevalle die nok korter as die lengte van die huis is. Aangesien daar na mure verwys word en die deur hoër as die mure is, is 'n bewys dat 'n ontwikkelde kapstylhuis beskryf word. 'n Informant het in 'n persoonlike mededeling eweneens na 'n wigvormige dakhuis op lae mure as 'n hartbeeshuis verwys.⁴³

4. *Tydlike muurhuise as hartbeeshuise*

Maria Minnaar, een van die vroegste intrekke in die gebied aan die "Aaprivier" (1844),⁴⁴ tans Pretoria, het in haar herinneringe vertel:

As ons dan 'n geskikte bouplek uitgesoek het . . . het die manne 'n eerste hartbeeshuisie gebou, wat die gedaante aangeneem het van 'n langwerpige vierkant in twee of drie vertrekke verdeel, waarvan soms al die mure ook van pale en klei, dikwels slegs van klei, onder gras dak, maar ook weleens van klip, as mens nie kans gesien het om gougenoeg 'n goeie huis te bou nie⁴⁵

J.H. Stander, van Allisonia, distrik Standerton (Mei 1912), het vertel:

Van steen - of kliphuise was in die dae g'n sprake nie. Die mense het meesal hartbeeshuisies gebou, dikwels van riet en klei So was ook die huis wat Stander en sij gesin bewoon het in Marico [Wes-Transvaal], en selfs ook die deure daarvan van riet en klei gemaak.⁴⁶

'n Dakhuis het gewoonlik net een buitedeur gehad. Die binneure was oop deurgange wat deur gordyne afgeskort is. Rietdeure is met klei gepleister om wind uit te hou en is gevolglik slegs by buitedeure aangetref. Stander verwys na buitedeure en moet dit dus 'n muurhuis wees met 'n voor- en agter deur of ook 'n seunskamer met 'n buitedeur.

Tant Kotie Steenkamp (1868-1945) skryf in haar joernaal (ca. 1871):

. . . 'n hartbeeshuisie - so is dit genoem. Eers pale in die grond geplant en kappe opgesit, en dan latte (dit is, dwarslatte vir die dekgoed) met nat, rou wildebeesvelrieme vasgemaak Dan word die huisie van die grond af met gras gedek. . . . Dan word die mure omtrent ses voet hoog met klei gepleister⁴⁷

Aangesien die mure in teenstelling met die ongeveer 0,9 meter (3 voet) van die bootvormige hartbeeshuis, 1,8 meter (6 voet) hoog gepleister is, word hier moontlik na 'n muurhuis verwys, dit is nie 'n uitgemaakte saak nie.


Die rietmuurhuise van Hopefield in die Wes-Kaap het in 1984 nog onder die Kleurlingwonders, asook sommige blankes in die omgewing as hartbeeshuise bekend gestaan.⁴⁸ Gedurende mondelinge onderhoude en in skriftelike mededelings aan skrywer het 'n aantal informante na paalen-klei(muur)huise as hartbeeshuise verwys.⁴⁹

C. Besluit

Uit bogenoemde tydgenootlike, asook latere mondelinge en skriftelike getuienis, word die volgende by die begrip hartbeeshuis ingesluit: bootvormige en wigvormige dakhuisse, wigvormige dakhuisse waarvan die vloer in die grond ingegrawe is, wigvormige dakhuisse op lae mure, asook muurhuise in sy eenvoudigste vorm, waarvan die mure nie hoër as ongeveer deurhoogte is nie (Fig. 5). Dit was langhuise wat uit 'n enkel vertrek of 'n ry vertreke met konstante diepte, standaard dwarsdeursnit en beperkte dakspan, wat hoofsaaklik vir tydelike bewoning bedoel was, bestaan het. Die huise is verteenwoordigend van die ewolusie van 'n dakhuis direk op die grond tot 'n muurhuis. Die huise het dus vorm in gemeen; dit is die grondplan en uiterlike vorm en nie materiaal of konstruksie nie, aangesien die dakke met enige bruikbare materiaal soos biesies, riete of gras bedek kon gewees het, terwyl die mure met die plaaslike beskikbare materiaal gebou is.

Lang(muur)huise vir permanente bewoning is nie hartbeeshuise genoem nie. Maria Minnaar het verduidelik dat 'n hartbeeshuis uit twee of drie vertreke in 'n ry bestaan het, terwyl 'n permanente huis ". . . ook [soos die hartbeeshuis] meestal 'n langwerpige vierkant [sic] was, met mure van klip of baksteen."⁵⁰ Die verskil is dat die permanente huis of opstal 'n meer substansiële woning was, wat in byna alle opsigte groter en meer blywend van aard was, en meer luukshede bevat het.

Hoewel die vroegste bekende verwysing na 'n "hartebeest hutje" uit 1770 dateer,⁵¹ en reisigers soos Bell, Backhouse en Baines ook na hartbeeshuise as hartbeeshutte verwys het, is dit duidelik dat dit een en dieselfde soort woning was. Die Voortrekkers het self nooit na hartbeeshuise as hartbeeshutte verwys nie. Sommige taalkundiges en kultuurhistorici het egter gepoog om op grond van die bedekkings-



Figuur 5. Bootvormige dakhuse is direk op die grond geplaas, terwyl wigvormige dakhuse direk op die grond of op lae mure gebou is.

Tekening: J.J. Raath.



materiaal, te bewys dat daar naas hartbeeshuise ook hartbeeshutte bestaan het. 'n Hut is 'n meer tydelike struktuur as 'n hartbeeshuis⁵² en was hemisferies, keël- of byekorfvormig, en is eweneens met enige bruikbare materiaal bedek. Die Voortrekkers het 'n duidelike onderskeid tussen tente, skerms, hutte, rondawels, matjieshuise, hartbeeshuise en 'n huis/opstal getref en het sodanig daarna verwys.⁵³

Alle wigvormige (hartbees- of) dakhuisse is, soos deur Walton verduidelik, nie kapstylhuise nie. Die term kapstyl het betrekking op die raamwerk van die huis wat hoofsaaklik uit kapstyle en hanabalke saamgestel is⁵⁴ (Fig. 5). Kapstylhuis dui dus op die raamkonstruksie en nie op die vorm van die huis soos dikwels deur kultuurhistorici beweer is nie.

Vir die doel van hierdie studie word die versamelnaam dakhuis⁵⁵ gebruik om 'n onderskeid te tref tussen dak- en muurhartbeeshuise, terwyl dakhuisse op grond van die vorm van 'n deursnit van die huis in bootvormige⁵⁶ en wigvormige⁵⁷ dakhuisse verdeel word. Indien 'n wigvormige dakhuis uit 'n kapstylraamwerk bestaan het, word daar ter onderskeiding van wigvormige dakhuisse met ander dakraamwerktipes, na die struktuur as 'n kapstylhuis verwys. By 'n gebrek aan 'n paslike benaming en om verwarring te voorkom, word in die teks na alle Europese dakhuisse waarvan die dakraamwerk met die Suid-Afrikaanse kapstylhuis ooreenstem, ook as kapstylhuise verwys.



Note

- 1 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald*. Amsterdam, 1877.
- 2 B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe. Kultuur-historiese leesboek*. Pretoria, 1922.
- 3 G.H. Van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*. Bloemfontein, 1940.
- 4 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers . . .*, p. 422.
- 5 F.T. Schonken, *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksverleveningen* (vert. S. de Jong), p. 84.
- 6 C. Pettman, *Africanderisms: a glossary of South African colloquial words and phrases and of place and other names*, p. 209.
- 7 B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 67.
- 8 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, pp. 171-173 & 178-181.
- 9 J. Walton, Homes of the early South African stock farmers, *Africana Notes and News* (8)2, March 1951, pp. 52-53.
- 10 J. Walton, Homes of the early South African stock farmers, *Africana Notes and News* (8)2, March 1951, p. 52; J. Walton, Correspondence: Tectiforms, *Man* vol. 55, February 1955, p. 32.
- 11 J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* (11)1, July-September 1961, pp. 13 & 18-19.
- 12 G.S. Nienaber, Twee Afrikaanse woorde, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 12(2), Oktober 1952, pp. 24-25.
- 13 P.C. Schoonees (hoofred.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal IV*, p. 106.
- 14 F.F. Odendal (hoofred.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 361.
- 15 F.F. Odendal (hoofred.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 525.
- 16 C.V. Trefois, *Oudnederlandse argitektuur in Zuid-Afrika*, pp. 34-35.
- 17 J.A.J. Roodt-Coetzee, *Kultuurgeskiedenis: kernaantekeninge*, p. 23.
- 18 F. Frescura, *Major developments in the rural indigenous architecture of Southern Africa of the post-Difacane period*, D.Phil. thesis, UW, 1985, p. 203.
- 19 C. Wessels, Die kultuur-historiese belang van die "hardebieshuise" van Hopefield, *Kronos* nr. 10, 1985, p. 10.

- 20 C. Wessels, Die kultuur-historiese belang van die "hardebieshuise" van Hopefield, *Kronos* nr. 10, 1985, pp. 9-10.
- 21 J. Walton, Hartbeeshuis and hartbeeshut, *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* (43)1, March 1987, p. 20.
- 22 E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900, met spesiale verwysing na woningbou*, D.Phil.-proefskrif, US, 1988, p. 91.
- 23 E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 . . .*, pp. 83-84.
- 24 E. Labuschagne, From trekboer to builder. Pioneer builders: materials, techniques, traditions, types, in R. Fisher et al. (Eds.), *Architecture of the Transvaal*, pp. 39 & 41-42.
- 25 G.S. Nienaber, Sonde met hartbees in hartbeeshuis, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (29)3, September 1989, pp. 181, 184 & 190.
- 26 G.S. Nienaber, Sonde met hartbees in hartbeeshuis, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (29)3, September 1989, p. 191. Die pondok is 'n primitiewe woning van Maleise oorsprong, waarvan die benaming volgens Nienaber ook van Maleise oorsprong is. H. van der Merwe skryf oor 'n pondok in "Pionierslewe in die Boesmanland", *Die Kultuurhistorikus*, Oktober 1986, p. 49 as volg: "Die bruinmense het in pondokke . . . [gewoon]. Die pondok was eintlik 'n matjieshuis, maar sonder die matjies. Dit is met goingsak, strooi, riete of bossies bedek en kon dan afgeklei word"
- 27 Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad: A 1415 (73), skets: *Hartebeesthut*, C. Bell, s.a.
- 28 J. Backhouse, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa*, pp. 357-358.
- 29 T. Baines, *Journal of a residence in Africa 1842-1853 I, 1842-1849* (Ed. R.F. Kennedy), p. 65.
- 30 L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. le Roux), pp. 19-23.
- 31 K. Schoeman, Uit die versameling van die S.A. Biblioteek: die 'henerringen' van G.H. Warden, *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek* 45(2), Desember 1990, p. 68.
- 32 D.A. van der Bank (red.), Die herinneringe van George Warden, *Navorsing van die Nasionale Museum Bloemfontein* 5(6), Oktober 1985, p. 83.
- 33 C. Warden, Reminiscences of the early days of the Free State, in K. Schoeman (Ed.), *The early days of the Orange Free State: Charles Warden; W.D. Savage; Martha Jane Kirk*, pp. 16 & 26.
- 34 C.C.E. Aucamp, Vanslewe: fragmente uit die dagboek van . . . (1868-1953), in H. Aucamp, (red.), *Op die Stormberge. 'n Vertolking van 'n streek*, p. 102.
- 35 B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 69.



- 36 Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad: MSB240, p. 142: J.F. Häzner, *Huislijk geneeskundig handboek voor de ingezetenen van Nederlands Africa beschruven* (sic) (vert. L.C. van Oordt), 1961.
- 37 J.D. Kestell, *Christiaan de Wet: 'n lewensbeskrywing*, p. 4. Jacobus Ignatius de Wet was die vader van die latere Boeregeneraal, Christiaan Rudolph de Wet.
- 38 W.B. Lord & T. Baines, *Shifts and expedients of camp life, travel and exploration*, p. 248.
- 39 J.J. Oberholster, *Die historiese monumente van Suid-Afrika*, p. 117.
- 40 C.I. Latrobe, *Journal of a visit to South Africa in 1815 and 1816 with some account of the missionary settlements of the united brethren, near the Cape of Good Hope*, p. 256.
- 41 G.S. Preller, *Voortrekkermense I*, pp. 209-210 & 236-237.
- 42 G.S. Preller, *Voortrekkermense I*, p. 237.
- 43 Skriftelike mededeling: M.C. Smit, Bosmanhuis 216, Jasmynlaan, Silverton, Pretoria, 1987-11-23.
- 44 G.S. Preller, *Ou Pretoria*, pp. 10, 11 & 13-14.
- 45 G.S. Preller, *Ou Pretoria*, p. 13.
- 46 G.S. Preller, *Voortrekkermense III*, p. 75.
- 47 P.W. Grobbelaar (red.), *Die Vrystaat en sy mense*, pp. 28-29.
- 48 C. Wessels, Die kultuur-historiese belang van die "hardebieshuise" van Hopefield, *Kronos* nr. 10, 1985, p. 3.
- 49 Mondelinge mededeling: J.J. Viljoen, Diepkloof Plaasmuseum, Heidelberg Transvaal, 1990-08-16; Skriftelike mededeling: M.C. Botha, Posbus 65, Pienaarsrivier, 1991-08-16; Skriftelike mededeling: M.C. Smit, Bosmanhuis 216, Jasmynlaan, Silverton, Pretoria, 1987-11-23.
- 50 G.S. Preller, *Ou Pretoria*, p. 13.
- 51 L.C. van Oordt, *Die Kaapse taalargief III*, p. 32.
- 52 L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. Le Roux), pp. 143-145; Mondelinge mededeling: J.J. Viljoen, Diepkloof Plaasmuseum, Posbus H616, Heidelberg, Transvaal, 1990-08-16.
- 53 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers . . .*, p. 422; G.S. Preller, *Voortrekkermense IV*, p. 112; F.T. Schonken, *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveningen* (vert. S. de Jong), p. 84; L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. Le Roux), pp. 2, 5-6, 59 & 143-145.
- 54 J. Walton, Homes of the early South African stock farmers, *Africana Notes and News* (8)2, March 1951, p. 52.



- 55 Trefois verwys na "wandlose dakhuizen". C.V. Trefois, *Oudnederlandse argitektuur in Zuid-Afrika*, p. 34. Zacharias Wagenaar het op Saterdag, 2 Februarie 1664 in sy dagregister geskryf: "Op 't . . . eijlant [Robbeneiland] heeft zijn E. een goet regedicht dackhuijs en schapestall laten setten" A.J. Böeseken (red.), *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaar 1662-1666*, p. 127. In Duits word die terme "Dachhaus" of "Dach-hutten" gebruik. W. Radig, *Der Wohnbau im jungsteinzeitlichen Deutschland*, p. 36; J. Walton, The development of the cruck framework, *Antiquity* 22(88), December 1948, p. 180. Walton maak van die Engelse ekwivalent "roof-houses" gebruik. J. Walton, The South African kapstyl-huis and some European counterparts, *Restorica* no. 10, December 1981, p. 5.
- 56 Addy beskryf huise met die uiterlike voorkoms van "inverted boats or ships" S.O. Addy, *The evolution of the English house*, p. 47. Walton verwys na bootvormige hartbeeshuis as ". . . a building which looked like a bakoond or an upturned boat" J. Walton, Hartbeeshuis and hartbeeshut, *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 43(1), March 1987, p. 16.
- 57 Addy haal Olaus Magnus aan: "there are many forms of house in the northern parts, viz. pyramidal, wedge-shaped (cuneatae), curved in arches (arcuales), round, and quadrangular." S.O. Addy, *The evolution of the English house*, p. 50.



III OORSPRONG VAN DIE TERM HARTBEESHUIS

Soos met die begrip hartbeeshuis, bestaan daar ook heelwat verwarring rondom die oorsprong van die term hartbeeshuis. Dit kan gedeeltelik daaraan toegeskryf word dat taalkundiges die probleem slegs vanuit hulle eie dissipline benader het sonder om eers na te vors wat 'n hartbeeshuis werklik is. Omdat dit nie duidelik is waarom die hartbeeshuis so genoem is nie, is gevolglik na 'n verborge etimologie van die beskrywende element van die benaming gesoek.¹ Kultuurhistorici en volkskundiges het op hulle beurt op die taalkundiges staatgemaak, sonder om die oorsprong van die term self na te vors. Die bestaande teorieë word vervolgens krities teen die agtergrond van die vorige hoofstuk beskou.

A. 'n Kritiese ontleding van die bestaande teorieë

1. *Hartbeesjagtershut*

Volgens N. Mansvelt in *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon* (1884), is die:

Hartbeeshut, een hut, welker wanden slechts 1 à 2 voet loodrecht worden opgetrokken, en die overigens slechts uit een steiloplopend dak bestaat. Wellicht dus genoemd, omdat een dergelijke hut oorspronkelijk door hartebeestjagers tijdelijk werd opgeslagen.²

Mansvelt het hierdie beskrywing van 'n hartbeeshuis waarskynlik uit C.I. Latrobe, se *Journal of a visit to South Africa in 1815 and 1816* (1818) oorgeneem,³ sonder om te besef dat hy slegs een tipe hartbeeshuis, naamlik 'n wigvormige dakhuis op lae mure, beskryf het. Dit is nie duidelik waarop Mansvelt sy stelling aangaande die oorspronklike oprig van hartbeeshuise deur hartbeesjagters fundeer en of dit slegs sy persoonlike mening is nie. Hartbeeshuise is nie oorspronklik deur hartbeesjagters in Suid-Afrika opgerig nie, aangesien die eerste kapstylhuis later bekend as 'n hartbeeshuis reeds sedert 24 April 1652 as tydelike woning deur Jan van Riebeeck en sy gesin aan die Kaap bewoon is.⁴ Geen bewyse kon in tydenootlike getuienis gevind word om Mansvelt se bewering te staaf dat hartbeeshuise as hartbeesjagtershuise gebruik was nie.

2. *Hardbieshuis (harde-biesie-huis)*

Die taalkundiges H. Elffers (1855-1931), C.J. van Rijn (1863-1941) en C. Pettman (1851-1935) het aanvanklik die opvatting gepopulariseer dat hartbees(huis) eintlik 'n vervorming van hardbies(huis) is, omdat die hartbeeshuis hoofsaaklik met *harde biesen* bedek sou gewees het.⁵

Elffers beweer in *Practical Dutch grammar and analysis* (1884), onder hartbeeshuis, ". . . eigenlijk hard-bies-huis."⁶ Elffers is dus die eerste om hartbeeshuis met die harde biesies, waarmee die woning bedek kon gewees het, in verband te bring.

Van Rijn is in *Het zeer nauwe verband tussen het Afrikaans en het Nederlands* (1914) van mening dat Mansvelt deur verkeerde analogie die "hut" hartbeeshuis noem. Hy beweer: ". . . ik heb alleen gehoord hartbieshut ofte wel matjeshut, een hut van harde biesen en klei opge-

trokken, zoals men onder de nomadebevolking van Numaqualand er vele vind."⁷

Skrywer ondersteun wel Van Rijn se mening dat hartbieshut na 'n hardebiesie-bedekte-woning, of te wel 'n matjieshuis verwys word, maar aangesien 'n matjieshuis nie 'n hartbeeshuis is nie, is Van Rijn se argument foutief.

Pettman het in *Africanderisms: a glossary of South African colloquial words and phrases and of place and other names* (1913) J. Backhouse se verklaring dat die hartbeeshuis 'n denkbeeldige ooreenkoms met die hartbees, dit is *Alcelaphus buselaphus* (die rooihartbees) of *Alcelaphus lichtensteini* (die mof- of vaalhartbees) toon (Fig. 6), verwerp. Pettman ondersteun Elffers en Van Rijn se teorie wat daarop neerkom dat die eerste gedeelte van die woord volksetimologies van hard (biezen) tot hart(bies) omvorm is.⁸ Kultuurhistorici en volkskundiges het Elffers, Van Rijn en Pettman se mening sonder enige kritiek aanvaar.


G.H. van Rooyen gebruik in *Kultuurskatte uit die Voortrekker tydperk II* (1940) die term "hardbieshuis". In 'n voetnoot verklaar hy soos volg: "Die voorkeur word aan hierdie naam gegee omdat harde biesies (riete), wat veral in die vleie groei, gebruik is om die huis te dek. Die naam is deur klanknabootsing verander tot hartbeeshuis, wat 'n makliker uitspraak is as hardbieshuis."⁹

Volgens Van Rooyen is:

'n Ander moontlike verklaring in verband met die oorsprong van die naam . . . die volgende: Op een of ander plek bekend as Hartbeesfontein het 'n kolonis vir hom 'n eenvoudige huisie opgerig en dit na die plek vernoem tot 'hartbeeshuis'. Dieselfde verskynsel vind ons in die geval van die naam Kroonstad. 'Dit dorp heet zoo naar de Kroondrift, waar het by ligt en deze naar een zekere paard Kroon genaamd, dat daar eenmaal een ongeluk gehad heeft'.¹⁰

Dit is teoreties moontlik maar nie sinvol dat 'n individu 'n woning-tipe na 'n plek sou vernoem het nie. Indien 'n bewoner sy bootvormige dakhuis na 'n plek vernoem het verklaar dit nog nie waarom alle tydelike langhuise so bekend gestaan het nie. Dit is hoogs onwaarskynlik dat só 'n benaming regoor Suid-Afrika algemeen inslag sou gevind het.

J. Walton het in *Homesteads and villages of South Africa* (1952) verklaar dat die hartbeeshuis nie 'n denkbeeldige ooreenkoms met die hartbees soos wat Backhouse beweer het toon nie. Hy is ook van mening dat Backhouse se verduideliking van die term nie deur ander vroeë reisigers of die Voortrekkers self ondersteun word nie en beweer dat beide reisigers en Voortrekkers na die hartbeeshuis as 'n *hardbieshuis* of *hardbeeshuis* (sic) sou verwys na aanleiding van die harde biesies waarmee die hartbeeshuis volgens Walton bedek was.¹¹ In *Vroeë plase en nedersettings in die Oranje-Vrystaat* (1955) haal hy ter ondersteuning van sy argument uit Louis Tregardt se dagboek op die 13de Maart 1937 aan: "Heb Carolus gegaan om houyd te kappen voor de *hardbees huizen* [sic] die wy gewoonlyk maak by die gelegenheid." Walton noem vervolgens dat: "Uit hierdie en ander soortgelyke bronne blyk dit duidelik dat die naam afgelei is van die harde biesies (riete) wat in hulle konstruksie gebruik was en nie uit enige verband



Figuur 6. Afbeeldings van die rooihartbees (*Alcelaphus buselaphus*).

Uit: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 29(3), September 1989, p. 183.

met die hartbees nie."¹² Die oorspronklike inskrywing in Tregardt se dagboek op die 13de Maart 1937 lees: "Heb Carolus gegaan om houijs te kappen voor de *hartbees huizen* die wij gewoonlijk maak bij die gelegentheid."¹³ Walton het dus hart(bees) verkeerdelik as hard(bees) aangehaal wat dan nie sy teorie ondersteun nie.

In "Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa" (1961) het Walton sy teorie aangepas:

Interesting as Backhouse's explanation of the origin of the name *hartebeest house* may be, it is nothing more than a fanciful speculation. The Voortrekkers themselves described them as *hardbees huizen*, or *hartbeeshuise*, a name derived from the *harde biesies*, or hard reeds, from which the buildings were constructed, and this is undoubtedly the origin of the name.¹⁴

Naas hard(bees) erken Walton dus nou ook hart(bees), maar hou steeds vol dat die term ongetwyfeld met 'n harde-biesie-bedekking verband hou.

In *Cape cottages* (1995) is Walton minder oortuig van sy eie standpunt en skryf hy:

. . . *hartbeeshuis* (or *hardebiesiehuis*), a name possibly derived from the hard reeds (*hardebiesies*) of which it was constructed, although Schoonees suggests that the *harde* part of *hardebiesies* may well have been derived from the Khoikhoi word *harub*, the name for the *matjiesgoed* reeds from which the mats of the *matjieshuis* were made.¹⁵

Walton verwerp Backhouse se verklaring van die term op onwetenskaplike wyse, en haal ter ondersteuning van sy teorie verkeerdelik uit Tregardt se dagboek aan. Walton bly ook in gebreke om te verklaar waarom hy vervolgens van standpunt verander het, en bereik nie 'n finale besluit oor die oorsprong van die term hartbeeshuis nie.

C.V. Trefois beweer in "Nuwe standaardwerk oor bouvakterme" *Bulletin Stigting Simon van der Stel* (1962), dat hart(e)beeshuis saamgestel is uit hard (sterk) en bees (bies). Bies, waarvan die meervoud biese is, hou verband met die bekende oewergewas, dit is die sagte bies (*Juncus conglomeratus*) en die harde of ruie bies (*Scirpus tabernaemontam*). Volgens Trefois moet bogenoemde nie met "hard reeds" (*Phragmites communis*) of die groot bies (*Scirpus lacuster*) verwar word nie. Die oudste bekende woord vir bies is "bente" (bentgras; Engels: bentgrass). Die bies is die grondstof vir dekwerk, 'n "biezendak" is gevolglik 'n dak bedek met biese. 'n Hartbeeshuis is dus 'n huis wat met harde biese bedek is.¹⁶ In teenstelling met sy voorgangers, bring Trefois die benaming spesifiek met die harde of ruie bies (*Scirpus tabernaemontam*) in verband.

Hoewel bogenoemde skrywers nie die benaming hartbeeshuis met die aard van die woningtipe in verband gebring het nie, het die teorie dat hartbeeshuis van die harde biesies waarmee die woning bedek sou wees, afgelei is, groot aanhang geniet.



3. Die hartbeesboksoort

S.P.E. Boshoff het in *Volk en Taal van Suid-Afrika* (1921) Van Rijnse teorie verwerp, aangesien *hertebeesthuisjes* volgens hom in verskillende 18de-eeuse reisbeskrywings voorkom.¹⁷ Wat Boshoff waarskynlik hiermee bedoel, is dat die term hartbeeshuis op een of ander wyse met die Europese hert (takbok) (*Cervus elaphus*, familie *Cervidae*) of die hartbees in Suid-Afrika; wat 'n boksoort is, verband hou.

In *Ons volkslewe. Kultuur-historiese leesboek* (1922), skryf B.T. Spoelstra:

Die wild was só volop dat die honde op die werwe baie keer moes veg met hartbeeste of wildebeeste [*Connochaetes taurinus* of *Connochaetes gnou*]. Dan het dit gebeur dat die wilde diere so verbouereerd geword het dat hulle skuiling gesoek het teen die kante van die huise. Hulle was dan gewoon om die agterlyf teen die huis te gooi, ten einde die honde met die horings te kan afkeer . . . Dit het selfs gebeur dat 'n hartbees in die huis spring en die mense wat binne was, skuiling moes soek.¹⁸

Volgens Spoelstra het dit ook dikwels gebeur dat wildebeeste by 'n "kookhuis" (kookrondawel) ingestorm het:

So het dit eenkeer gebeur dat 'n wildebees hom vasgegooi het teen die onderdeur van die kookhuis. Die vrou soek rond na 'n wapen, om die dier weg te ja. . . Die vernaamste wapen wat sy kon sien, was 'n klein handbyltjie; en sy vat dit om die dier daarmee die kruis in te kap. Sy kap ongelukkig die kruis mis, en die byl kom diep in die boudvleis van die wildebees te lande . . . Van skrik hol die dier dadelik weg, en die vrou moes die bylsteel met al haar mag vashou, om die byl nie te verloor nie.¹⁹

Spoelstra se vermoede is gevolglik dat die hartbeeshuis ". . . die naam seker gekry [het] omdat die hartbees of wildebees hier so baie keer ingestorm het asof dit sy huis was . . .".²⁰

Bogenoemde tendens word deur 'n soortgelyke voorval in J.D. Kestell se *Christiaan de Wet, 'n lewensbeskrywing* (1920) bevestig. Dit was die hartbeeshuis van Jacobus de Wet op die plaas Kalkfontein (distrik Bloemfontein).²¹

Nou was die hartbeeshuisie wat Jacobus de Wet gebou het, een dag in die grootste gevaar, met die moeder en kindertjies daar binne. Hy het gaan jag op die troppe wildebeeste, wat in ontelbare menigtes toe nog op die breë vlaktes gewei het. Een van hulle het hy gewond, en die dier, blind van skrik en pyn, peil toe op die ou hartbeeshuisie af, waarin die moeder en kindertjies vir hulle bevind het. Alles sou verpletter gewees het, en almal daarbinne gedood of gewond, as dit nie was nie dat die honde die dier gegryp en hom neergeruk het net toe hy op die punt was om by die rietdeurtjie in die gewel na binne in te breek.²²

Volgens bogenoemde tydgenootlike getuienis het beide hart- en wildebeeste, wanneer hulle in gevaar verkeer het by hartbeeshuise sowel as rondawels skuiling gesoek. Na aanleiding van Spoelstra se teorie ontstaan die vraag waarom 'n hartbeeshuis nie ook 'n wildebeeshuis genoem is nie. Omdat hierdie diere ook by rondawels ingestorm het kon die rondawel ook as 'n hart- of wildebeeshuis bekend gestaan het. Spoelstra verduidelik nie waarom hartbeeshuis en nie ook wildebeeshuis as 'n benaming vir dakhuisse en rondawels gebruik is nie.

4. 'Haru'(b)-bies-hut

G.S. Nienaber het in Maart 1950 'n praatjie oor die oorsprong van die term hartbeeshuise oor die radio gelewer. Op 27 Junie 1952 het hy hierdie tema breedvoeriger in 'n referaat voor die jaarvergadering van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gelewer. Die referaat het in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (1952) onder die titel "Twee Afrikaanse woorde" verskyn.²³

Nienaber het in Planert se *Handbuch der Nama-sprache* (1905) gevind dat biesiemat as *harub* aangegee word. Dit is van die Nama woord *haru-omi* of *haru-oms* wat letterlik matjieshut beteken afgelei. Volgens Nienaber is hartbeeshut 'n *haru(b)-bies-hut*, waar biesies as 'n groepnaam verbind word met die spesiale soortnaam, soos byvoorbeeld in teenstelling met *gu(b)-bies(ies)*. Hier word dieselfde gedoen as in die geval van ander ontlenings uit Khoi waar by inburgering aan die leenwoord die algemene Nederlandse groepnaam gevoeg word, soos in *anaboom*, *dwa-gras*, *ganna-bos*, *ghwarrie-bos*, *glie-wortel*. Dit is 'n hibriediese samestelling van *harub*, en *bies*, wat die koloniste as 'n wisselvorm van hulle eie bees sou beskou het. *Haru(b)-bieshut* sou dan verder ontwikkel het tot *harre-bies-hut* en *harre-bees-hut* wat volksetimologies tot *hartebeeshut* en later tot *hartbeeshut* of *-huis(ie)* veredel is.²⁴

J. du P. Scholtz het in *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu* (1972) Nienaber se teorie hewig gekritiseer,²⁵ waarna Nienaber sy standpunt in "Sonde met hartbees in hartbeeshuis" (1989) verdedig en verder uitgebou het sonder om sy teorie wesenlik te verander.²⁶

Nienaber se teorie is gegrond op 'n reeks veronderstellings, elk volgende op die voorafgaande sonder enige wetenskaplike bewyse daarvoor. Daar kon geen bewyse in tydgenootlike getuienis gevind word wat daarop dui dat die hibriediese woord *haroe-biesies* ooit aan die Kaap bestaan het nie. Volgens Scholtz is *haru-b* in elk geval die Khoi naam vir die biesiematjies waarmee die Khoikhoi hulle matjieshutraamwerke bedek het. *Haru-omi* beteken dan letterlik "matjies-huis".²⁷ Soos Van Rijn, verwar Nienaber die hartbeeshuis met die matjieshuis, hoewel biesies soms as bedekking by die hartbeeshuis gebruik is, is biesiematte sover bekend nooit vir die doel aangewend nie.

Scholtz beweer tereg dat die inheemse Khoikhoi-hutte van die begin af matjieshuise of strooihuise genoem is, terwyl die term hartbeeshuis slegs op die huise van die koloniste betrekking het. Die Khoikhoi en Kleurlinge het wel mettertyd die hartbeeshuis van die koloniste oorgeeneem, en waarskynlik daarmee ook die benaming. Scholtz is ook van mening dat dit ". . . gewaag [is] om somaar aan te neem dat bies opgevat is as 'n Khoi uitspraak met vokaalverhoging en daarop tot bees "veredel" is."²⁸

Die meeste aanhangers van die mening dat die term hartbeeshuis van harde-biesie-huis afgelei is, het nie teenstaande Scholtz se kritiek, steeds Nienaber se teorie as gesaghebbend, of ten minste as 'n moontlikheid aanvaar.

5. 'Hirtenhaus' (herdershuis)

J.L.M. Franken (1882-1959) het in *Tentatiewe etimologieë* (1953) beweer dat die opvatting dat die hartbeeshuis 'n soort jaghuisie was, nie totaal ongegrond is nie. Hy vind 'n bewys hiervoor in Jan van Riebeeck se *Daghregister* (22 Julie 1656): "Derhalven sich sedert hadt verscholen in de huysjens van de wiltschutten (gemaect op sommige plaetsen, daer 't gevogelte veel hout, om altemets achter te schuyjlen ende 'tselve waer te nemen"29

Franken beweer ook dat Elffers en Van Rijn se verklaring van die woord ook nie heeltemal onbevredigend is nie, en word dit volgens hom in 'n sekere mate deur Nienaber se gevolgtrekking in sy referaat voor die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (1952) bewys.³⁰

Franken verwys na 'n gedeelte in 'n uitgaande brief uit die Kaap (5 Maart 1659) wat tot 'n ander moontlike oplossing van die oorsprong van die term hartbeeshuis kan lei. Die Kaapse owerheid meld aan die Here XVII onder meer dat hulle hul aandag gewy het aan "het opmaken van bequame steene huijsingen op fraije kelders" vir die berging van materiale en provisies, "vermits," skryf hulle, "ons de verbroeijde herten huijsen ontvielen". En in dieselfde brief:

sijnde genoegsaam blijkkelijk ende kennelijk vermits den Commandeur Riebeeck in den jare 1652 dato 6 ende 7 April alhier met de schepen Drommedaris, Reijger ende Jachien de Goede Hoop op een soo dorre schrale weijde sonder woonplaats aangelanght met parthije *lighte materialen als sijnde de swaarste maar verbroeijde Juffers plancken en sparren* omme alhier conform UEd. instruksie op te maken sodanige fortresse³¹

Van Riebeeck het op 2 April 1655 in sy *Daghregister* geskryf:

Heden hebben oock den brant gesteecken in nog een steenoven . . . ende gaet met metselwerck al mede lustigh sijn gangh, sulcx dat wij hopen tegens toecomende jaer alle woon- ende packhuijsen . . . , binnen 't fort fraij van steen volmaect te hebben, die nu, van *lighte vaderlantse houtwercken* gemaect sijnde, al seer beginnen te varvallen³²

en weer op 11 September 1655:

Hebben al 't volcq gesonden na 't bos om desen dagh weder partije balcken en de plancken buyten 't bos te halen op 't wagenpadt, om vandaer door de wagen dagelijcx t'huys gebracht te worden tot de jegenwoordigh onderhanden hebbende ende van steen opmetselende huysen, vermits *de vaderlantse lighte houten huysen* heeltemalen vervallen, als wesende ditto houtwercken meest verbroeit geweest eer se hier aen de Caap gecomen sijn daeromme nootsaeckelijk altemalen moeten vernieuwt worden³³

Die gebruik van die benaming *herten huijzen*, sonder verdere verklaring, is volgens Franken 'n aanduiding dat dit in Van Riebeeck se tyd 'n algemeen bekende benaming was.³⁴

Franken het vasgestel dat planke of balke wat gedeeltelik uit die hart van 'n boomstam bestaan, *hart delen* genoem word. Hartbeeshuis is dan moontlik afgelei uit *hertenhuijzen*, dit is *hert(hout)enuijsen*, opgerig van minderwaardige hout wat geheel of gedeeltelik uit die hert of hart van die boomstam gesaag is. Volgens Franken is dié moontlike verklaring onwaarskynlik. Hy beweer dat hertenhuis eerder 'n vernederlandsing in klank van die Duitse *Hirtenhaus*, of *Hirtenhütte* is. Dit is 'n herdershuis of -hut, wat gewoonlik van *Bretter* gemaak word, en wat moontlik aan die Kaap bekend geraak het as "hertehuis", en "herte" is by ons 'n "hertebeest(t)" of "hartebees(t)". So kon die oorspronklike hertenhuis en -hut, hartbeeshuis en hartbeeshut geword het. Franken redeneer verder dat hertenhuis in die vorm van hertebeeshuis veral onder die "buitemense" (op die voorposte) maklik tot die meer algemene vorm van pondok kon oorgegaan het.³⁵ Volgens Nienaber het Franken teen ca. 1955 persoonlik aan hom genoem dat hy van bogenoemde teorie afgesien het.³⁶

Van Riebeeck se verwysing na jaghuise bied nie ondersteuning aan die teorie dat die hartbeeshuis oorspronklik 'n jaghuisie was nie. Uit sy verwysing is dit duidelik dat daar wel huisies was wat vir jagdoelendes gebruik was. In die betrokke sitaat word die vorm en konstruksie van die woning nie vermeld nie, en kan daar nie sonder meer aangeneem word dat Van Riebeeck na 'n boot- of wigvormige dakhuis verwys het nie. Indien 'n dakhuis of ontwikkelde dakhuis wel oorspronklik as jaghuisie benut was, impliseer dit nog nie dat dit noodwendig die oorsprong van die benaming hartbeeshuis is nie.

Elffers en Van Rijn se teorie verskil van dié van Nienaber en bied nie ondersteuning aan sy teorie nie. Eersgenoemde redeneer dat die benaming met die harde-biesie-bedekking verband hou, terwyl Nienaber beweer dat die benaming hartbeeshuis van die Khoi woord *harub* afgelei is, wat biesiematjie beteken.

Van Riebeeck se woning in die *Fort de Goede Hoop*, waarna Franken onder meer na verwys, was 'n muurhuis met kelder en solder, en is met ligte balke en planke opgerig. Daar kon nog nie vasgestel word waarom Van Riebeeck na laasgenoemde as *herten huijzen* verwys nie, en dui dit moontlik op huise wat uit harthout vervaardig is. Geen bewyse kon egter gevind word dat harthout in die konstruksie van hartbeeshuise gebruik was nie.

Franken se bewering dat *herten huijzen* eerder van die Duitse *Hirtenhaus*, of *Hirtenhütte* (herdershuis of -hut) afgelei is, is hoogs onwaarskynlik. Wat sou die verband tussen 'n muurhuis met 'n kelder en solder met 'n herders- of dakhuis wees? Dat hertenhuis in die vorm van hertebeeshuis veral onder die "buitemense" tot pondok kon oorgegaan het, is 'n ewe aanvegbare stelling, aangesien die vorm en konstruksie van die hemisferiese pondok, wat van Maleise oorsprong is, van die vorm en konstruksie van die Wes-Europese vorsdak(huise) met 'n reghoekige grondplan verskil het.

6. Vorm van die hartbeesboksoort

J. du P. Scholtz het in *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu*



(1972), Elffers, Van Rijn, Pettman, Nienaber en Franken se teorieë verwerp.

Volgens Scholtz het hy die term hartbeeshuis in sestien dokumente uit die tydperk 1727 tot 1776 gevind. Hy noem ook dat die vroegste voorbeeld veertig jaar ouer is as die oudste wat Nienaber en Franken gevind het. Volgens Scholtz is:

hardbies . . . 'n apokriewe vorm; die enigste wat van oudsher in Afr.(Holl.) sou kon bestaan, is hardebies; maar dié naam is na my wete nêrens in ons bronne oorgelewer nie In al die sitate met die woord vir 'n jagters- of voorposhoudershutjie uit 1727 tot 1776 (sestien in getal) en ook in alle latere bronne is hart(e)-bees(t) - as eerste komponent sonder afwyking die enigste bekende vorm.³⁷

Scholtz verwerp Franken se teorie as ewe aanvegbaar, en verklaar dat:

. . . in al die talryke bronne van Van Riebeeck se *Daghregister* af waarin daar sprake is van die hartbees (ook in plekname), is die vorm wat ons aantref, hartebeest (met a) - nooit hertebeest nie [sic]. Die 'spraakmakende gemeente' kon dus moeilik 'as vanself' hert in hertenhuis (wat terloops, net een keer gevind is) opgevat het as gelykstaande met hartbees. Sou 'n Afr. boer of jagter ooit die hert van sy Statebybel met die hart(e)bees geassosieer het? Dit lyk my nouliks denkbaar.³⁸

Hy kom tot die gevolgtrekking dat dit:

. . . 'n mens versigtig [moet] maak om iets anders agter dié vorm te gaan soek. Ons kan nie meer met sekerheid te wete kom waarom die jagters- of veeposhoudershutjie hartbeeshuisie genoem is nie. Dit gee ons nog nie die reg tot allerlei verbeeldingryke etimologiese vlugte nie. Dan aanvaar ek eerder die verklaring wat die reisiger James Backhouse van die naam gegee het.³⁹

Scholtz kritiseer Franken se teorie op grond daarvan dat, waar hartbees in Van Riebeeck se *Daghregister* ter sprake kom, die vorm volgens hom harte(beest) en nooit herte(beest) [sic] is nie. Op grond daarvan aanvaar hy eerder Backhouse se verklaring sonder 'n ondersteunende argument. Scholtz noem wel dat hert of hertenhuis een keer voorkom, maar lewer geen verdere kommentaar daarop nie.

B. Besluit

In die vorige hoofstuk is tot die slotsom gekom dat dakhuise, ontwikkelde dakhuise, asook muurhuise in sy eenvoudigste vorm, waarvan die mure nie hoër as deurhoogte is nie, by die begrip hartbeeshuise ingesluit is. Dit is langhuise bestaande uit 'n enkel vertrek of 'n ry vertrekke met konstante diepte, standaard dwarsdeursnit en beperkte dakspan, wat hoofsaaklik vir tydelike bewoning bedoel is. Die huise se vorm het ooreengestem, maar nie die materiaal of konstruksie nie. Die oorsprong van die term hartbeeshuis moet dus waarskynlik met die vorm wat die gemene deler is, verband hou en nie met die harde biesies

waarmee sommige van die huise bedek was nie.

Hard(beeshuis) kom nie in tydgenootlike getuienis voor nie. Die enigste opgetekende vorm van hartbeeshuis is hert(e)bees(t) en hart(e)bees(t). Eersgenoemde kom in verskeie 18de-eeuse reisbeskrywings voor, terwyl laasgenoemde ook sedert die 18de eeu algemeen in dokumente en reisbeskrywings aangetref word.⁴⁰ Hertebeest en hartebeest is Nederlandse benamings vir die Europese hert of hart (takbok), wat deur Van Riebeeck op die Suid-Afrikaanse hartbees uit Nederlands oorgedra is.⁴¹ Herte- en hartebeest kom beide in Van Riebeeck se *Dagregister* voor. Op 20 November 1660 skryf hy ". . . ende alsoo Pieter Roman een hartebeest geschooten hadde" en op 26 November 1660 ". . . ende soo Meester Pieter een hertebeest geschooten hadde" ⁴² Soos in die geval van die benaming van die boksoort is hartbeeshuis ook beide hartebeest(huis) en hertebeest(huis) gespel. Die verband met die boksoort word ook deur die *beest-gedeelte* van die benaming wat Nederlands vir dier is, bevestig.

Dat die term hartbeeshuis met die vorm van die boksoort verband hou, word deur Backhouse bevestig wat van 1838 tot 1840 in die Kaapkolonie en Transorangia gereis het, en opgemerk het dat: "The Hartebeest houses, are so called from an imaginary similarity in their figure, to the outline of the species of buffalo, called in South Africa, the Hartebeest."⁴³

Walton het met sy bewering dat Backhouse se verklaring van die term hartbeeshuis nie deur ander vroeë reisigers of die Voortrekkers self ondersteun is nie⁴⁴ - soos al die ander navorsers - Baines en Cachet oor die hoof gesien of ontken. Baines het in *Shifts and expedients of camp life, travel and exploration* (1871) opgemerk: "It . . . derives its name from its resemblance to the sloping back of the animal."⁴⁵ Indien Baines se waarnemingsvermoë, asook sy uitgebreide reise in Suid-Afrika en die gepaardgaande intieme kennis van die land en sy mense in ag geneem word, is dit onwaarskynlik dat sy verklaring op blote spekulاسie sou berus het. Cachet het in *De worstelstrijd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald* (1877) na 'n hartbeeshuis beide as "hartbeesthuis" en "hartbeestbul" verwys. Hy het die woorde in aanhalingstekens geplaas as aanduiding dat dit deur die Transvalers self só genoem is.⁴⁶

Al die tydgenootlike getuienis dui op 'n verband tussen die hartbeeshuis en die hartbeesboksoort, maar oor die ooreenkoms in vorm kan daar slegs gespekuleer word. Laasgenoemde het moontlik betrekking op 'n dwarsdeursnit van die romp van dié betrokke boksoort wat veral met 'n dwarsdeursnit van die bootvormige dakhuis ooreenstem. Selfs wat die ontwikkelde dakhuis betref, sou dikwels slegs die dakgedeelte op 'n afstand sigbaar wees. Ook die tenger liggaamsbou van die hartbees toon 'n ooreenkoms met die "tenger" hartbeeshuis. Dat die volksmens ooreenkoms tussen natuurlike vorms en die stoflike kultuur waargeneem het, is duidelik uit beskrywende terme soos bobbejaanboud (vorm van die kolf van 'n Voortrekker-pangeweer),⁴⁷ kakebeenwa (na aanleiding van die geboë bo-leerbome), werwel (die vorm van 'n sekere tipe sluitmeganisme van 'n deur of luik) na aanleiding van 'n rugwerwel, abba-vuurherd, skaapboudgewel en ook wolweneus en wolwe-entgewel.

Pettman, Walton, Nienaber en ander het Backhouse se verklaring dat die hartbeeshuis 'n denkbeeldige ooreenkoms met die hartbees toon, verwerp, aangesien hulle nie die verband tussen die hartbees en die hartbeeshuis kon raaksien nie. Dit is egter nie rede genoeg om Backhouse



en Baines se verklarings te verwerp nie, aangesien dit eweneens moeilik is om die ooreenkoms tussen wolweneus⁴⁸ - dit is 'n wolwe-ent-⁴⁹ of stompneusgewel⁵⁰ - en 'n wolf (ook *wulf*)⁵¹ (die genus *Canis*, veral *C. lupus*) raak te sien. Die volgende gesegde illustreer die betekenis van *wulf*, naamlik: "Tes beter wulf dan schaep te wesen".⁵² By kakebeenwa en kakebeen, asook skaapboudgewel en skaapboud berus die ooreenkoms slegs by 'n enkel kurwe, wat ook die geval by hartbeeshuis en hartbees kan wees.

Omdat die benaming hartbeeshuis met die vorm van die Suid-Afrikaanse hartbees verband hou, en die betrokke boksoort nie in Europa voorgekom het nie, is dit van selfsprekend dat die term hartbeeshuis ook van Suid-Afrikaanse oorsprong is.

Die vroegste bekende verwysing na 'n hartbeeshuis as sodanig is, "in 't hart beest huisje . . ." (1727),⁵³ en is die term waarskynlik vir die eerste keer deur die pioniers op die voorposte as beskrywing vir hulle tydelike wonings gebruik. L.C. van Oordt het uit 'n Kaapse veldwagtersbrief deur J. van Renen (1769) aangehaal: "in een Harte Beest Huijsje so onder *de Buyte luij* genaemt".⁵⁴

Note

- 1 J. du P. Scholtz, *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu*, p. 124.
- 2 N. Mansvelt, *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch idioticon met toelichtingen en opmerkingen betreffende land, volk en taal*, p. 58.
- 3 C.I. Latrobe, *Journal of a visit to South Africa in 1815 and 1816 with some account of the missionary settlements of the united brethren, near the Cape of Good Hope*, p. 256.
- 4 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 31. Bewyse vir die stelling dat Van Riebeeck se eerste tydelike woning aan die Kaap 'n kapstylhuis was, word in hoofstuk VI aangevoer.
- 5 J. du P. Scholtz, *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu*, p. 124.
- 6 H. Elffers, *Practical Dutch grammar and analysis*, p. 306.
- 7 C.J. van Rijn, *Het zeer nauwe verband tussen het Afrikaans en het Nederlands*, p. 118.
- 8 C. Pettman, *Africanderisms: a glossary of South African colloquial words and phrases and of place and other names*, p. 209.
- 9 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker tydperk II*, p. 170.
- 10 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker tydperk II*, p. 170.
- 11 J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 97.
- 12 J. Walton, *Vroeë plase en nedersettings in die Oranje Vrystaat*, p. 12. Skrywer se kursivering.
- 13 L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. Le Roux), p. 19. Skrywer se kursivering.
- 14 J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 15.
- 15 J. Walton, *Cape cottages*, p. 23.
- 16 Anoniem, Nuwe standaardwerk oor bouvakterme, *Bulletin Stigting Simon van der Stel* nr. 5, 1962, p. 33.
- 17 S.P.E. Boshoff, *Volk en Taal van Suid-Afrika*, p. 316.
- 18 B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe. Kultuur-historiese leesboek*, pp. 71-72.
- 19 B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 72.
- 20 B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 73.



- 21 J.D. Kestell, *Christiaan de Wet, 'n lewensbeskrywing*, p. 4.
- 22 J.D. Kestell, *Christiaan de Wet, 'n lewensbeskrywing*, p. 4.
- 23 G.S. Nienaber, Twee Afrikaanse woorde, *Tydskrif vir Wetenskap en kuns* 12(2), Oktober 1952, pp. 23-25.
- 24 G.S. Nienaber, Twee Afrikaanse woorde, *Tydskrif vir Wetenskap en kuns* 12(2), p. 25; G.S. Nienaber, Sonde met hartbees in hartbeeshuis, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 29(3), September 1989, pp. 181, 185 & 187-190.
- 25 J. du P. Scholtz, *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu*, pp. 125-126.
- 26 G.S. Nienaber, Sonde met hartbees in hartbeeshuis, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 29(3), September 1989, pp. 180-192.
- 27 J. du P. Scholtz, *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu*, p. 125.
- 28 J. du P. Scholtz, *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu*, p. 125.
- 29 J.L.M. Franken, Tentatiewe etimologieë (hoofred. C.A. du Toit), *Annale van die universiteit van die universiteit van Stellenbosch* 27 reeks B(1), p. 6; J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . II, 1656-1658* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 59.
- 30 J.L.M. Franken, Tentatiewe etimologieë (hoofred. C.A. du Toit), *Annale van die universiteit van die Universiteit van Stellenbosch* 27 reeks B(1), p. 6.
- 31 J.L.M. Franken, Tentatiewe etimologieë (hoofred. C.A. du Toit), *Annale van die universiteit van die Universiteit van Stellenbosch* 27 reeks B(1), p. 7. Skrywer se kursivering.
- 32 J.L.M. Franken, Tentatiewe etimologieë (hoofred. C.A. du Toit), *Annale van die universiteit van die Universiteit van Stellenbosch* 27 reeks B(1), p. 7; J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 299. Skrywer se kursivering.
- 33 J.L.M. Franken, Tentatiewe etimologieë (hoofred. C.A. du Toit), *Annale van die universiteit van die Universiteit van Stellenbosch* 27 reeks B(1), p. 7; J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 342. Skrywer se kursivering.
- 34 J.L.M. Franken, Tentatiewe etimologieë (hoofred. C.A. du Toit), *Annale van die universiteit van die Universiteit van Stellenbosch* 27 reeks B(1), p. 7.
- 35 J.L.M. Franken, Tentatiewe etimologieë (hoofred. C.A. du Toit), *Annale van die universiteit van die Universiteit van Stellenbosch* 27 reeks B(1), pp. 7-8.
- 36 G.S. Nienaber, Sonde met hartbees in hartbeeshuis, *Tydskrif vir*



Geesteswetenskappe 29(3), September 1989, p. 191.

- 37 J. du P. Scholtz, *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu*, pp. 124-126.
- 38 J. du P. Scholtz, *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu*, pp. 124-125.
- 39 J. du P. Scholtz, *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu*, p. 126.
- 40 S.P.E. Boshoff, *Volk en Taal van Suid-Afrika*, p. 316; J. du P. Scholtz, *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu*, p. 124; L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. Le Roux), p. 19.
- 41 S.P.E. Boshoff & G.S. Nienaber, *Afrikaanse etimologieë*, p. 278.
- 42 J.A. van Riebeeck, *Dagregister gehouden by den Oppercoopman . . . III, 1659-1662* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), pp. 468-469.
- 43 J. Backhouse, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa*, p. 357.
- 44 J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 97.
- 45 W.B. Lord & T. Baines, *Shifts and expedients of camp life, travel and exploration*, p. 248.
- 46 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers, aan het volk van Nederland verhaald*, p. 422.
- 47 G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense I*, p. 253.
- 48 J. Walton, *Cape cottages*, p. 127.
- 49 J.L.A. Heestermans et al. (reds.), *Woordenboek der Nederlandsche taal XXVI*, kol. 1734.
- 50 P.C. Schoonees (hoofred.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal III*, p. 223; J. Walton, *Cape cottages*, p. 127.
- 51 J.L.A. Heestermans et al. (reds.), *Woordenboek der Nederlandsche taal XXVI*, kol. 1734.
- 52 J.L.A. Heestermans et al. (reds.), *Woordenboek der Nederlandsche taal XXVI*, kol. 1750.
- 53 J. du P. Scholtz, *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu*, p. 124.
- 54 L.C. van Oordt, *Die Kaapse taalargief III*, p. 32. Skrywer se kursivering.

IV OORSPRONG VAN DIE SUID-AFRIKAANSE HARTBEESHUIS

A. 'n Kritiese ontleding van die bestaande teorieë

1. *Prototipes van die bootvormige hartbeeshuis*

Daar bestaan twee hoof denkrigtings oor die oorsprong van die bootvormige hartbeeshuis. Eerstens is daar diegene wat meen dat die bootvormige hartbeeshuis op een of ander wyse met die Khoikhoi en veral met die Khoikhoi-matjieshut verband hou. Tweedens is daar dié wat 'n Europese oorsprong veronderstel, en veral poog om die bootvormige hartbeeshuis met die vorm van die Engelse *cruck* in verband te bring.

(a) *Khoikhoi-matjieshutte*

James Walton het in sy artikel "Homes of the early South African stock farmers" (1951) daarop gewys dat al die beskrywings van die bootvormige hartbeeshuis, selfs die uit afgeleë gebiede, so sterk ooreenkom dat 'n gemeenskaplike ou oervorm veronderstel moet word.¹ Walton het nie genoem wat dit ten opsigte van die oorsprong van die bootvormige hartbeeshuis sou beteken nie. In *Vroeë plase en nedersettings in die Oranje Vrystaat* (1955) het Walton die mening uitgespreek dat die kapstylhuis waarskynlik ouer as die bootvormige hartbeeshuis is, en dat die bootvormige hartbeeshuis skynbaar 'n wisselvorm van die kapstylhuis is.²

In "Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa" (1961) het Walton sy mening gewysig, en beweer dat die raamwerk van die bootvormige hartbeeshuis 'n ooreenkoms met die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie vertoon, met dié verskil dat die sye gerond en nie reguit is nie.³ Hoewel hy tot in hierdie stadium nie 'n definitiewe uitspraak oor die oorsprong van die bootvormige hartbeeshuis gemaak het nie, het sy standpunte op 'n Europese oorsprong neergekom.

Walton het in "Hartbeeshuis and hartbeeshut" (1987) radikaal van standpunt verander en die mening uitgespreek dat die bootvormige hartbeeshuis waarskynlik die resultaat van Khoikhoi invloed is. Sy teorie lui as volg:

It has no direct counterpart in western [sic] Europe. The nearest comparable structure is the cruck framework but the crucks were quite massive timbers and it is unlikely that the hartbeeshuis framework was a cruck derivative. It seems more probable that it represents a modification of the framework of the circular Khoikhoi mat hut to suit a rectangular plan. Khoikhoi influence on the hartbeeshuis may be further indicated by the name itself, for Schoonees suggests that the 'harde' part of 'hardebieshuis' may have been derived from the Khoikhoi word 'harub', the name for the matjiesgoed reeds from which the mats to cover the hut framework are made.⁴

Nieteenstaande Walton se onsekerheid, is sy standpunt nie bevraagteken nie, maar het dit in teendeel groot aanhang van navorsers soos E.C. Labuschagne en G.S. Nienaber geniet.

Labuschagne huldig 'n teorie soortgelyk aan dié van Walton:



Of die hartbeeshuis in Suid-Afrika 'n Europese oorsprong gehad het en of dit hier onder invloed van die inheemse boukuns ontstaan het, is moeilik te bepaal. Lg [sic] moontlikheid kom meer logies voor.

Walton se teorie dat die matjieshuis van die Khoi as voorganger vir die hartbeeshuis gedien het, verdien verdere ondersoek. . . . Die bouwyse van die matjieshuis kom ooreen met dié van die hartbeeshuis, nl [sic] die inplant, buig en vasmaak van pale aanmekaar. Dit is baie moontlik dat die hartbeeshuis bloot 'n reghoekige, grasbedekte weergawe van die bekende matjieshuis-struktuur was. Spoelstra (1924: 68) meld dat die hartbeeshuis soms met matjies gedek is, [sic] wat die vermoede versterk dat die hartbees- en matjieshuis familie van mekaar is.⁵

Nienaber het aanvanklik (1989) die mening gehuldig dat die ontstaan van die hartbeeshuis regstreeks met die instelling van vryburgerskap aan die Kaap in Februarie 1657, verband hou. Hy het die ekonomie en beskikbare boumateriaal as die belangrikste bepalende faktore beskou. Nienaber het ook 'n vaag omskryfde verband met die Khoikhoi-matjieshut veronderstel:

Daar is nou 'n ánder soort woning, dié van minstens party vryburgers.

Hulle het gebruik gemaak van biesies en stelladies, net soos die Khoekhoen, maar met 'n ander styl wat 'n totaal ander bouvorm gebring het. By al die ooreenkomste, bv. in die boumateriaal, is daar wesenlike verskille. Die opvallendste is wel dat die vryburgers plaaseienaars geword het. Hulle is gebonde aan 'n bepaalde stuk grond en 'n gelokaliseerde bedryf. Hulle nomadiseer nie so vryelik soos die rondtrekkende Khoekhoen nie. Hulle het 'n ander soort huis nodig wat permanenter moet wees. En as mense met 'n Europese agtergrond het hulle 'n bouwyse nagestreef wat nie rond of ovaal sal wees nie, maar reghoekig. As praktiese mense sal hulle ander geriewe wil inbou as die Khoekhoen, bv. deure wat nie so klein en laag sal wees dat jy hande-viervoet moet inkruip nie. En in plaas om die tyd- en arbeidvergende biesmatte te steek, kan die biesstingels direk oopgesprei aangebring word.⁶

In *Die Nienabers van Erfdraai* (1987) het hy sy teorie gewysig:

Van 1703 af word aan die koloniste weilisensies geregistreer en later word ook leningplase toegestaan. Die kolonis maak dan gebruik van 'n tydelike voorposwoning, en wat is voorlopig goedkoper en praktieser as die matjiesgoedhut? Hy neem dit van die Hottentotte oor, en so word die *hut* nou 'n *huis*, so kom daar 'n *matjiesgoedhuis* of 'n *haru-bies-huis*. Die kolonis bring veranderinge in die boustyl aan, hy bou veral 'n lae muurtjie om roerende en giftige goed buite te hou. Die evolusie volg ek nie verder nie. Van belang is dat die verband met matjiesgoed al lossier word, d.w.s. met die biesies. As die naam

hartbeesthuisjes in 1769 vir die eerste keer opgeteken is as 'n woning van die buiteliede, dan is die proses reeds afgeloop.⁷

Walton het in *Cape cottages* (1995) sy teorie drasties verander maar terselfdertyd weereens sy twyfel uitgespreek:

The origin of the *hartbeeshuis* is difficult to establish but it seems to represent an effort to combine the framework of the *matjieshuis* with the rectangular plan of the white settlers' houses.⁸

In bogenoemde teorieë is daar 'n belangrike klemverskil. Walton sien aanvanklik die hartbeeshuis as die resultaat van 'n poging deur die blanke koloniste om die raamwerk van die Khoikhoi-matjieshut by 'n reghoekige grondplan aan te pas. Labuschagne skenk op haar beurt oorgewing aan die moontlikheid dat die hartbeeshuis bloot 'n reghoekige grasbedekte matjieshut is. Volgens Walton en Nienaber is daar 'n verdere verband tussen die "harde" gedeelte van hardebieshuis en die Khoi woord *harub*, terwyl volgens Labuschagne die hartbeeshuis soms (soos die matjieshut) met matjies bedek is.

Selfs al sou "harde" in hardebieshuis van die Khoi woord *harub* afkomstig wees, kan daar nie sonder meer aangeneem word dat die hartbeeshuis 'n "aangepaste" matjieshuis is nie. Dié twee tipes strukture kon beide met biesies bedek gewees het, sonder dat daar enige verdere verwantskap bestaan het. Labuschagne interpreteer B.T. Spoelstra verkeerd as sy skryf dat "Spoelstra meld dat die hartbeeshuis soms met matjies gedek is" Die betrokke gedeelte in Spoelstra se *Ons volkslewe. Kultuur-historiese leesboek* (1922) lees soos volg:

Vir dek het hulle gras of riet gebruik. Riet het aan die binnekant die mooiste en gladste gelyk, maar gras het die dak en mure digter gemaak. Daarom het die mense, wat 'n bietjie presies gewees het, eers 'n dun spreidak van riete op die latte gelê en oor die riete heen gedek met gras – 'n enkele keer ook met matjiesgoed.¹⁰

Matjiesgoed (*Cyperis textilis*) is 'n soort biesie wat gebruik word om matjiesgoedmatjies mee te vervaardig. Spoelstra wys hierbo op die direkte gebruik van matjiesgoed as dakbedekking, soos wat deur die koloniste onder meer in die Roggeveld, wat van die Kombergreeks in die distrik Sutherland tot in die omgewing van Middelpoos in die distrik Calvinia strek, as dekmateriaal gebruik is.¹¹

Nienaber het aanvanklik erken dat die ooreenkomste tussen die bootvormige hartbeeshuis en die matjieshut hoofsaaklik tot die gemeenskaplike gebruik van "stellasies" en "biesies" as dakbedekking beperk was. Nienaber beweer gevolglik dat die bouvorm van die bootvormige hartbeeshuis wesenlik van die matjieshut verskil het. Volgens sy gewysigde teorie het die blanke koloniste die matjieshut direk van die Khoikhoi oorgeneem en aanvanklik slegs enkele praktiese aanpassings gemaak. Die matjieshut het vervolgens 'n evolusieproses deurloop, met die bootvormige hartbeeshuis as eindproduk. In sy gewysigde teorie beskou Walton die hartbeeshuis steeds as die resultaat van 'n poging om die raamwerk van die matjieshut by 'n reghoekige grondplan aan te pas; met dié verskil dat die hartbeeshuis nou 'n Khoikhoi- en Griekwa-woning is wat die blanke koloniste van hulle oorgeneem het. Dié teorie het egter kritiek ontlok, en het R.C. Fisher in 'n resensie oor Walton se boek

Cape Cottages (1995) opgemerk dat sy apologie vir 'n "gekleurde" tradisie 'n debateerbare standpunt is.¹²

Ter wille van 'n kritiese evaluering van die bogenoemde teorieë moet die spesifieke aard van veral die raamwerke van die matjieshut en die bootvormige hartbeeshuis vervolgens ontleed word.

Die Khoikhoi-matjieshut het struktureel met twee fundamenteel verskillende tipes raamwerke voorgekom (Figg. 7 & 8). Dit is verteenwoordigend van die twee basiese koepelhutstruktuurtypes soos by primitiewe ligte lat- of paalwonings in Suid-Afrika aangetref word.¹³

Die grondplan van die Khoikhoi-matjieshut is rond of ovaalrond, met 'n deursnee van nie meer as 3,7 meter (12 voet) nie.¹⁴ In die geval van 'n ovaalronde grondplan, 4,3 meter (14 voet) lank en 3,0 meter tot 3,7 meter (10 tot 12 voet) wyd.¹⁵ Die matjieshut is ongeveer 1,5 meter (5 voet) hoog.¹⁶ Die ingang is 0,9 meter (3 voet) hoog en 0,6 meter (2 voet) breed¹⁷


Groen buigbare latte word afgesny of afgekap, waarna die sytakies en bas gestroop word.¹⁸ 'n Ander metode is om die latte vir 'n paar dae onder modder te begrawe, of onder water te hou om dit soepel te maak ten einde die bas maklik te kan verwyder.¹⁹

Om die permanente kromming van die latte vir die raamwerk van die matjieshut te verkry, word die groen latte "in die buig gelê". Dit word gedoen deur die groen latte in 'n geboë posisie tussen 'n aantal houtpenne wat in die grond ingeslaan is, vas te maak. Daar word hulle vir sewe tot dertig dae gelaat, na gelang van die tydperk wat dit neem om uit te droog, waarna hulle permanent gebuig is.²⁰

Die vroegste uitvoerige beskrywing van die raamwerk van die matjieshut is dié van Peter Kolben (1657-1725) wat die Kaap gedurende die tydperk 1705 tot 1713 besoek het²¹ (Vgl. Fig. 7).

Latte so lank en dik soos die handvatsel van 'n hooivurk, (ca. 5 sentimeter in deursnee²²) of langer word gebruik. 'n Lat word oor die kortste deursnit gebuig waarvan beide punte in die grond ingeplant word om 'n boog te vorm. Indien 'n lat van geskikte lengte nie gevind kan word nie, word twee korter latte gebruik. Die latte word een aan beide kante van die kort deursnit ingeplant en na bo oorgebuig, waar die punte langs mekaar vasgemaak word. Die bokant van die boog wat selde so hoog is dat 'n man regop daaronder kan staan, bepaal die hoogte van die hut. Oor die kort deursnit word op gelyke afstande nie meer as vyf boë aangebring nie, wat vanaf die middel geleidelik in hoogte afneem om 'n koepelvorm aan te neem. Die kleinste boog aan die kant vorm die ingang.²³ 'n Verdere twee tot drie boë kruis die eerste reeks reghoekig, waarvan dié aan die sykante van die ingang na buite kantel.²⁴ Waar die latte kruis word dit telkens deur middel van biesie-, bastou of rieme vasgebind.²⁵

William J. Burchell (1781-1869) het gedurende sy reise in Suid-Afrika in die tydperk 1811 tot 1815 in 'n houtsneewerk getiteld *Binnekant van 'n Boesman se hut* die tweede tipe raamwerk van die matjieshut afgebeeld (Fig. 8). Dit bestaan uit 'n aantal lang pale wat in 'n sirkel in die grond ingeplant is en wat na die middel bo oorgebuig en vasgemaak word om 'n koepel te vorm.²⁶ In S. Daniell (1775-1811) se skildery getiteld *Korah Hottentotte maak gereed om te trek* (1805) word die raamwerk van die matjieshut net soos in Burchell se houtsnee-



Figuur 7. 'n Khoikhoi matjieshut. Die raamwerk bestaan uit twee reekse boë wat mekaar reghoekig kruis. Die boë neem vanaf die middel geleidelik in hoogte af om 'n koepelvorm aan te neem.

Uit: L. Schultze, *Aus Namaland und Kalahari* (Jena, 1907), p. 228.



Figuur 8. 'n San matjieshut waarvan die latte na die middel bo oorgebuig en vasgemaak is. Sommige Khoikhoi het ook van hierdie soort dakraamwerk gebruik gemaak. (W.J. Burchell, *Binnekant van 'n Boesman se hut*, houtsnee, 1811-1815).

Uit: W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa II* (London, 1824), p. 103.



werk, uitgebeeld.²⁷

Die matjieshutte van die San en Khoikhoi is goed aangepas vir 'n nomadiese bestaan, lig in gewig en die materiaal en konstruksie eenvoudig. 'n Matjieshut kon binne 'n kort tydperk afgebreek en maklik op pakosse vervoer word om elders weer opgerig te word.²⁸ Die matjieshut is aangepas vir droë streke waar dit selde reën en waar die reën, soos in Namakwaland, deur swaar mis voorafgegaan word. Die misreën het die matjies klam gemaak wat die biesies laat swel het en gevolglik waterdig gemaak het.²⁹ Gedurende droë toestande het die biesies uitgedroog en gekrimp om lig en lug deur te laat. In Namakwaland is donderweer onbekend. Sou matjies as bedekking gebruik word in streke waar donderbuie voorkom, sal dit nie waterdig wees nie. In die Onder-Bokkeveld het dit volgens James Backhouse aanvanklik ingereën en het die matjies eers waterdig geword, wanneer dit lankgenoeg gereën het.³⁰ Die matjieshut is gevolglik uiters streekgebonde.

In teenstelling met die matjieshut, bestaan die bootvormige hartbeeshuis uit 'n reeks dakkappe wat uit twee rye sparre saamgestel is, wat in die grond ingeplant is. Laasgenoemde word paarsgewys veerkragtig oorgebuig om bo by die nok te kruis waar 'n V vorm, waarin die nokpaal rus (Fig. 9). Die kapsparre word bykomend deur hanebalke verbind wat redelik na aan die nok geleë is. Dwarsslatte word dan teen die sparre vasgemaak waarop die dakbedekking vasgewerk word. In teenstelling met die min of meer koepelvormige matjieshut, is die bootvormige hartbeeshuis 'n spitsboogvormige of omgekeerde bootvormige saaldak, wat uit twee dakmure en twee sluitgewels bestaan.


Die bootvormige hartbeeshuis verleen hom tot die gebruik van 'n groter verskeidenheid boumateriaal en was daarom minder streekgebonde as die matjieshut. Bootvormige hartbeeshuise het gevolglik oor 'n baie wyer geografiese gebied voorgekom.

Uit die ontleding van die vorm en raamwerk van die twee woningtipes is dit duidelik dat dit fundamenteel verskil, en dat die bootvormige hartbeeshuis nie 'n reghoekige of 'n aangepaste weergawe van die raamwerk van die matjieshut is nie. Die raamwerk van die matjieshut is ontwerp om 'n sirkel- of ovaalvormige grondplan te oorspan, terwyl die dakkappe van die bootvormige hartbeeshuis hom tot 'n reghoekige grondplan leen.

Walton verklaar nie wat die verband tussen die matjieshut en die bootvormige hartbeeshuis is nie. Labuschagne bly eweneens in gebreke om te verduidelik hoe dit moontlik is dat die bootvormige hartbeeshuis bloot 'n reghoekige, grasbedekte weergawe van die matjieshut kan wees. Nienaber beskryf ook nie die veronderstelde evolusieproses wat van die matjieshut 'n bootvormige hartbeeshuis sou gemaak het nie.

In Walton, Labuschagne en Nienaber se teorieë is die voor-die-handliggende verskille van die twee woningtipes buite rekening gelaat. Dit is ook nie duidelik waarom dit vir die blanke koloniste nodig sou gewees het om die raamwerk van die matjieshut by 'n reghoekige grondplan aan te pas nie. Die blanke koloniste het oor kennis van Europese dakkappe beskik en sou dit geen probleem gewees het om 'n dak oor 'n reghoekige grondplan aan te bring nie.

Walton se nuutste teorie verteenwoordig 'n totale ommekeer. Waar hy aanvanklik van mening was dat die Khoikhoi-matjieshut 'n invloed op die hartbeeshuis van die blanke gehad het, was hy later van mening



Figuur 9. Die dakraamwerk van 'n bootvormige hartbeeshuis. Die hanebalk by die agterste kap is te laag en moet baie nader aan die nok geplaas word. (Eksperimentele rekonstruksie in die Voortrekkeraanvangsnedersetting van die Schoemansdal Museum, Louis Trichardt, Noord-Transvaal, 1989).

Foto: D. de Wit, 1989.

dat die hartbeeshuis die resultaat van blanke invloed (reghoekige grond-plan) op die raamwerk van die matjieshut van die Khoikhoi en die Griekwa was. Die hartbeeshuis is nou 'n Khoikhoi en Griekwa woning wat ook deur die Trekboere en Voortrekkers gebruik is. Dit impliseer dat die dakraamwerk van die hartbeeshuis 'n nuutskepping van die Khoikhoi en Griekwa is. Walton verklaar nie waarom hy so drasties van standpunt verander het nie en kon nie hierdie teorie wetenskaplik verklaar nie.

In *Homesteads and villages of South Africa* (1952) en in "Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa" (1961), asook in "Hartbeeshuis and hartbeeshut" (1987) het Walton self te kenne gegee dat die eerste hartbeeshuis by Beersheba (Transorangia) in 1830 deur Jan Johannes Botes opgerig is, en dat die Griekwas en Kleurlinge wat later daar gevestig het, die beginsel van die hartbeeshuis waarskynlik van Botes oorgeneem het.³¹

Charles Bell het in 1836 bevestig dat die Kleurlinge en inheemse volke die (bootvormige) hartbeeshuis van die blankes oorgeneem het. Hy skryf: "Bastards within and without Cape colony use them and Bechuanas are even adopting them" ³²

Backhouse het oor die (bootvormige) hartbeeshuise by die sendingstasie by Beersheba in 1839 soos volg geskryf:

The houses of the coloured people were progressively improving; the round or oven-shaped huts, those composed of mats, and those which were circular and had upright, plastered sides, and thatched roofs, were giving way to what were called, in this country, Hartebeest houses . . . They are larger, and more commodious than the native huts.³³

Bell en Backhouse se opmerkings oor die bootvormige hartbeeshuise bevestig dat dié huise nie eie aan die inheemse volke of Kleurling-gemeenskap was nie, maar dat hulle dit van die blanke koloniste oorgeneem het.

(b) *San- en Khoikhoi-skerms*

Volgens Franco Frescura (1946-) hou die oorsprong van die (bootvormige) hartbees- en kapstylhuis moontlik verband met die inheemse San- en Khoikhoi-skerms. Hy formuleer sy teorie soos volg:

Although architectural historians generally tend to recognise these two [hartbees- and kapstylhuis] as being individual and identifiable dwelling forms in their own right, such a distinction is usually made on purely aesthetic grounds. Too little, for example, is known about the construction of the hartbeeshuis to support such a separation. On the other hand, their outward resemblance and their obvious Cape origins makes it possible to speculate that the former is but the latter under a different regional name³⁴

Frescura bespreek gevolglik hierdie strukture onder dieselfde opskrif.³⁵

In stryd met sy stelling dat die hartbees- en kapstylhuis 'n voor-die-

hand-liggende Kaapse oorsprong vertoon, redeneer hy soos volg:

Little is known to us today of the exact origins of the Kapsteilhuis, but its presence in the vicinity of Cape Town in c 1680 would seem to confirm its immigrant and Dutch roots. In its earlier years it appears to have been a popular structure among white farmers, probably serving as a temporary dwelling or produce shed.³⁶


Frescura haal vervolgens Lord en Baines (1871) se beskrywing van 'n hartbeeshuis aan wat lui dat: "The hartebeest hut . . . mostly used by colonial (Khoikhoi), is simple and easy enough to make. It has one straight side, and one lean-to" (Fig. 4). Frescura beweer dat hierdie beskrywing teenstrydig met Walton se voorstelling van die (bootvormige) hartbees- en kapstylhuis as "A-raam" strukture is. Hy skryf ook dat alle tydgenootlike afbeeldings van hierdie strukture met Walton se beskrywing ooreenstem. Frescura kom tot die gevolgtrekking dat:

. . . either Lord and Baines were wrong in their description, a fact hardly creditable in the light of the latter's reputation as an observer, or we must accept that the term of 'hartebeesthuis' was popularly given to all temporary lean-to reed shelters at that time.

This opens the way for further speculation. Lean-to shelters of this nature were not unknown to the Khoi at the Cape before 1652 and the San form of matting shelter [Fig. 10] was not too dissimilar to the Lord/Baines model. This means that the basic concept of a Kapsteilhuis could have been derived by the immigrant Dutch from indigenous sources and adapted to meet their own local needs. Ironically, this dwelling form returned to the Khoi at a later stage once they began to abandon their hemispherical mat huts.

This interrelationship between the indigenous Khoi and immigrant Dutch farmers is further illustrated by the fact that the hardbieshuis was to become identified with the 'trekboer' movement into the OFS and Natal from the 1840s onwards whilst at the same time becoming integrated into the Cape stereotype of Griqua and Koranna architecture. They continued to be built by the former well into the 1870s and possibly even later in some isolated instances.³⁷

Volgens Frescura is daar te min oor die konstruksie en definitiewe oorsprong van die hartbees- en kapstylhuis bekend. Die teendeel is egter waar. Dit blyk dat Frescura wel met Walton se beskrywings van die bootvormige hartbeeshuis en kapstylhuis vertrou is, en gevolglik ook met sy bevindings en teorieë aangaande die oorsprong van die betrokke strukture. Frescura het besluit om Walton se bydrae tot die kennis van die onderwerp te ontken. Hy het waarskynlik sy argument gemanipuleer in 'n poging om vooropgestelde idees te regverdig, naamlik dat die basiese idee van die bootvormige hartbees- en kapstylhuis van die afdakskerms (*lean-to shelters*) van die San en Khoikhoi afgelei kon word en aangepas is om in die blanke koloniste se plaaslike behoeftes te voorsien. Hartbees- of dakhuisse bestaan uit 'n staandak -



Figuur 10. San skerms, waarvan sommige deur skuins geplaaste stokke ondersteun is. Die een voor (net links van die middel) is tonnelgewelfvormig met 'n geronde agterkant. (J. Backhouse, *Boesmans se kraal, houtsnee*, 1839.

Uit: J. Backhouse, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa* (London, 1844), p. 423.

saal- of skilddak - en nie 'n afdak of *lean-to* nie. Lord en Baines se skets van 'n hartbeeshuis bestaan wat vorm en konstruksie betref uit 'n "halwe" wigvormige dakhuis met 'n gaffelsuilondersteunde-nok-paalkonstruksie. Die vraag ontstaan weereens waarom die blanke koloniste dit nodig sou ag om San en Khoikhoi-strukture as prototipe vir hulle eie wonings te gebruik, terwyl hulle self oor 'n baie ou en gevorderde woningboutradisie beskik het. Frescura se teorie berus bloot op spekulasie en subjektiewe aannames wat nie wetenskaplik gefundeer is nie.

(c) *Wes-Europese 'sparrendak' en 'krukgebint'*

Clemens V. Trefois huldig in *Oudnederlandse argitektuur in Zuid-Afrika* (1969) die mening dat die bootvormige hartbeeshuis beide van Engelse en Nederlands/Vlaamse oorsprong is. Sy teorie word vervolgens in oënskou geneem:

Van biezonder belang zijn de gebintkonstrukties van het 'hardbeeshuis' en van het 'kapsteilhuis', eenruimige en rechthoekige bouwsels van het langhuistype. Beide gebint- of binstelsels zijn aan het Westeuropese 'sparrendak' ontleend. Wel zijn er variaties geweest.³⁸

Trefois beskryf 'n *sparrendak* soos volg:

In den eenvoudigsten vorm, namelijk zonder gebintenwerk, bestaande uit slechts twee elementen, *daksparren* en *hanebalk*, wordt het dak *sparrendak* geheten

. . . Het vormt een staande kap uit lichte balken, die op korten afstand van elkaar op de wandplaat rusten en op die wijze een zadeldak vormen. Aan de nok komen de sparren van de tegenover elkaar liggende dakschilden bijeen; ze rusten met schuin afgezaagde koppen tegen elkaar, ofwel zijn de uiteinden met halfhoutse inkepingen door houten nagels aaneengevoegd. De nokbalk is zodoende overbodig geworden. Dwarsbalkjes (*hanebalken*), die de sparren paarsgewijs op korten afstand van die nok verbinden, verstevigen het geheel.³⁹

Trefois se teorie behels verder dat:

Bij het 'hardbeeshuis', dat eveneens op een traditioneel schema is geïnspireerd, zien we de daksparren tot veerkrachtige spitsbogens gespannen worden door de binnenhuis aangebrachte 'hanebalken' [sic].

De oorsprong van deze primitief-vernuftige dakoplossing in onze Westeuropese gewesten leren wij min of meer dateerbaar kennen uit archeologische gegevens. Hoe meer wij de middeleeuwen naderen, hoe meer het eigenzinnig karakter van deze spitsbogig gevormde gebintenkonstruktie aanleiding gaf tot ambachtelijke volmaaktheid.

Wanneer wij de konstruktiewe samestelling van deze Zuidafrikaanse bouwsels ontleden, dan staan ons

praktisch alle elementen ter beschikking om hun ontstaan uit de Nederlandse 'dakhuizen', de Engelse 'cruch' en de Nederduitse 'wohnhutte' te verklaren. Gelijktijdig deden zich nog andere invloeden op deze konstruktie gelden . . . Al blijven bepaalde onzekerheden bestaan omtrent de herkomst van de in doorsnede over de woonruimte spitsbogig gevormde dakwandkonstruktie van het 'hardbeeshuis'-type, haar wordingsgeschiedenis is geenszins voor raadselachtig te beschouwen.⁴⁰

Trefois redeneer dat:

Onze kennis van de totstandkoming van het spitsbogig dakgebint danken wij hoofdzakelijk aan de overlevering en tradities die teruggaan op oeroude tijden. Ook in de Kaapse kontreien verkreeg deze konstruktie in de 17e eeuw vrij spoedig een eigen traditie. Wij veronderstellen dat deze stevige, goed beschuttende en volkomen in evenwicht gehouden bouwsels tot het oudste stadium van de [Westeuropese] argitekatuurontwikkeling op Afrikaanse bodem behoort.⁴¹

Vervolgens moet:

Men . . . echter de herkomst van de 'hartbees-konstruksie' meer zien in samehang met het Westeuropese krukgebint dat we uit archeologiese bodemvondsten kennen. Het is immers gekend dat de spanribben, die van de grond naar de top van het dak gingen, inderdaad schuin binnewaarts waren gericht.

. . . Inderdaad, het staat vast dat de eerste kolonistatoren sich van noodwoningen hebben voorzien. Hier werkte de traditie van de voortijd nog door. Er is wel geen land aan te wijzen waar de 'cruch' tot zulk een ambachtelijke volmaaktheid gebracht werd als in Engeland.⁴²

Trefois beweert dat die dakkapstelsels van die bootvormige hartbeeshuis en die kapstylhuis beide aan die Wes-Europese *sparrendak* ontleen is, waarvan die twee woningtypes variasies is. Dit is 'n hoogs aanvegbare stelling, aangesien die *sparrendak* en kapstylraamwerk identiese strukture is, terwyl die bootvormige hartbeeshuis se dakraamwerk uit 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie bestaan wat fundamenteel van eersgenoemde verskil.

Trefois beweert voorts dat die ontstaan van die bootvormige hartbeeshuis en kapstylhuis uit die Nederlandse *dakhuizen*, die Nederduitse *wohnhutte* en die Engelse *cruch* verklaar moet word. Die Nederlandse *dakhuizen* en die Nederduitse *wohnhutte* is wigvormige langhuise met spardakke (kapstylraamwerke) terwyl die Engelse *cruch* of bootvormige *Mediaeval hall* uit 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie bestaan wat uit swaar natuurlik gekromde boomstamme saamgestel is. Laasgenoemde sou uiteraard 'n Suid-Afrikaanse verbintenis met Engeland gedurende die tweede helfte van die 17de eeu beteken het. Trefois beweert dat daar ook ander invloede op hierdie wonings ingewerk het, sonder om die aard daarvan te verduidelik.

Volgens Trefois moet die oorsprong van die bootvormige hartbeeshuis



meer in samehang met die ontwikkelingsgeskiedenis van die oeroue Wes-Europese *krukgebint* gesien word, aangesien beide bootvormig is. Trefois is daarvan oortuig dat die spitsboogvormige *sparrendak* (*krukgebint*) 'n hoogtepunt in die La Tène-tydperk bereik het en wel in die driebeukige plaashuis te Ezinge in Nederland (500-400 v.C.), waar die kapsparre veerkrachtig oorgebuig is om 'n bootvorm aan die *hallehuis* te verleen.⁴³ Dat Ezinge wel 'n bootvormige struktuur was, is nie 'n uitgemaakte saak nie en huldig navorsers soos A.E. Van Giffen en J.J. Voskuil ander menings daaromtrent.⁴⁴ Wat die grondplanne van die bootvormige hartbeeshuis en die *hallehuis* betref, is dit verteenwoordigend van twee fundamenteel verskillende grondplantipes, naamlik die eensellige lang- en driebeukige *hallehuis* (Fig. 2). Laasgenoemde word deur mens en dier bewoon. Trefois verwys tereg na die Suid-Afrikaanse bootvormige hartbeeshuis as ". . . eenruimige en rechthoekige bouwsels van het langhuistype."⁴⁵

In teenstelling met die oeroue *krukgebint* wat uit prehistoriese tye dateer, beweer Trefois dat die *sparrendak* nie 'n oeroue struktuur is nie. "Het sparrendak is in zijn vernuftigen eenvoud een nog al zeer jong te erkennen techniek"⁴⁶ wat uit die 9de tot 10de eeu dateer, en wat sy tegniese volmaaktheid gedurende die 11de tot 12de eeu sou bereik het.⁴⁷ In stryd hiermee is Trefois elders van mening dat die *sparrendak* 'n hoogtepunt in die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie van Ezinge (500-400 v.C.) bereik het.

Trefois beweer dat daar nie 'n identiese Wes-Europese eweknie van die bootvormige hartbeeshuis bestaan nie, maar dat verskeie invloede op die woning ingewerk het. Hy bly egter in gebreke om te verklaar hoe bogenoemde invloede in die bootvormige hartbeeshuis verenig is. As gevolg van Trefois se vae en onsekere argument slaag hy nie daarin om 'n duidelik geformuleerde wetenskaplike sintese oor die oorsprong van die bootvormige hartbeeshuis te bereik nie, en is dit eerder verwarrend as verklarend.

(d) *Noordwes-Europese (Nederlandse) tradisie*

Barrie E. Biermann (1924-) huldig die mening in sy proefskrif getiteld *A contribution to the study of the origins of colonial architecture at the Cape* (1952) dat die oorsprong van die hartbeeshuis in die Westerse tradisie geleë is:

Seemingly . . . the most obvious influence on colonial culture would appear to be the new physical environment, its climate and materials. However, it was characteristic of the early colonists, coming as rulers and not as subjects, that they were not too easily impressed by their new surroundings. They may have been too conscious of their own enterprise and initiative and too strongly attached to their native countries, lightly to make concessions to anything foreign. The first generation as a rule transplanted the traditions of the homeland and maintained them, intact.

For these reasons the influence of indigenous cultures, where they were encountered by the colonists, operated neither immediately nor decisively on them. Only at the end of the eighteenth century when the tide of European culture had fallen to a lower ebb, did the current flow

backwards in the colonies and to the mother-country.⁴⁸

En vervolgens:

The nineteenth century so completely changed the pattern of Western civilization that it is not easy to visualise that long co-existence, since prehistoric times, of primitive and sophisticated forms in architecture . . . and it is in this continuity of an old tradition that we find the origin of the hartbeeshuisie, . . . itself the forerunner of the great Cape homesteads. . . the Cape developed a style unique, but still completely European. No new element was created in the colony itself.⁴⁹

Omdat Biermann die mening huldig dat die hartbeeshuis die voorganger van die Kaaps-Hollandse wonings is, is dit nie duidelik of hy met hartbeeshuis wel 'n bootvormige hartbeeshuis bedoel nie en kan hy moontlik na 'n lang(muur)huis verwys. Biermann is van mening dat geen nuwe element hier plaaslik geskep is nie, wat dus ook vir die bootvormige hartbeeshuis moet geld.

2. *Prototipes van die wigvormige kapstylhuis*

Navorsers is met uitsondering van Frescura oor die algemeen dit eens dat die Suid-Afrikaanse kapstylhuis van Noordwes-Europese oorsprong is.

(a) *17de-eeuse Nederland*

Volgens Walton (1955) het die Nederlanders gedurende die 17de eeu die Europese kapstylhuis na Suid-Afrika gebring.⁵⁰ Hy is ook van mening dat die dakhuis in Europa en Suid-Afrika op dieselfde wyse ontwikkel het.⁵¹ Laasgenoemde het betrekking op die veronderstelde ontwikkeling van 'n dak direk op die grond tot 'n volwaardige muurhuis met 'n staandak. Teen 1652 was die Europese muurhuis egter in alle opsigte lank reeds ten volle ontwikkel en sou die blanke koloniste by hulle aankoms aan die Kaap oor kennis van die volledige ontwikkelingsgang beskik het. Al die ontwikkelingsfases van 'n dak- tot 'n muurhuis kon dus sedert 1652 gelyktydig hier voorgekom het.

(b) *Vroegste Noord-Europese bouvorm*

Biermann het in *Boukuns in Suid-Afrika* (1955), aanvanklik die mening gehuldig dat die oorsprong van die Suid-Afrikaanse kapstylhuis in die Noord-Europese driebeukige *hallehuis* geleë is (Fig. 2). Hy het die vryburgerwoningen aan die Kaap soos volg beskryf:

Hul geboue word opgetrek soos dit al die eeue nog in die bos en op die heide van die Noord-Europese vlakte gebruiklik was. Lae buitemure van soeie of gesmeerde latwerk onder, en bo 'n spits grassdak; binne, in die middel onder die nok, 'n groot oop ruimte - die "huis" - en teen die mure waar die dak laag sak slaapplek, bergplek, en hokke vir die kleinvee.⁵²

En verder:

Om brand in die rietdak te voorkom, mag die dak nie te na aan die grond sak nie; om brandverspreiding deur die rietdakke te verhoed, mag die geboue nie teenmekaar staan nie. Onder dié toestande raak die tradisionele boerehuise uit die Tafelvallei uit weg⁵³

Biermann het in "Die boukuns van die Afrikaner" (1968) totaal van standpunt verander. Volgens hom is die kapstylhuise van Puntjie verteenwoordigend van

. . . die vroegste vorm van die Noord-Europese woonhuis, die oertuiste van volke uit wie ons afstam. Nog merkwaardiger is die feit dat hierdie museumstukke met oorgelewerde vakkennis gebou is deur eenvoudige mense wat onbewus 'n boutradisie voortsit, só oud dat sy oorsprong in die voorhistoriese duister verdwyn. Hier, in die land van een van die jongste Europese volksverhuisings, lewe daar nog 'n kultuurskepping van die ou Kelte en Germane. As ons Afrikaners daarop wou roem dat ons die Wes-Europese gedagte handhaaf, is daar stellig geen treffender bewys as dat ons aan 'n tradisie voortbou wat die argeoloë in Europa onder die puin van eeue opgrawe.

Soortgelyke kapstylhuise was die eerste tuistes van die eerste Afrikaners, die Vryburgers onder Van Riebeeck se bewind.⁵⁴

Die *hallehuis* en die kapstylhuis is twee basiese en fundamenteel verskillende Noordwes-Europese woningtipes. Die kapstylhuis is 'n een- of meersellige lang(dak)huis wat direk op die grond, of op 'n lae muur van nie hoër as ongeveer 0.9 meter (3 voet) hoog opgerig word nie.

In teenstelling hiermee het die *hallehuis* 'n *gebint* of *bindstelsel* gehad wat uit twee rye teenoormekaarstaande *scheerstijlen* (swaar vertikale style) wat bo paarsgewys deur 'n *scheerbalk* ('n horisontale balk) verbind word, bestaan het (Fig. 2). Dit vorm die dakstoel waarop die kapsparre of -style rus.⁵⁵ By die oprig van 'n gebou met 'n gebintstelsel word 'n reeks gebinte op eweredige afstande geplaas, totdat die gewenste lengte van die gebou bereik is, wat 'n reghoekige driebeukige grondplan tot gevolg het.

Biermann se aanvanklike mening dat die vryburgers aan die Kaap driebeukige *hallehuise* wat mens en dier gehuisves het opgerig het, is 'n blote aanname, want op 2 Oktober 1658 het Van Riebeeck in sy *Dagh-register* geskryf:

. . . Soo ist, dewijle de jegenwoordige eerste vrije luyden al met fraye gelegtheden van huysingen, schuyren ende stallen etc., sijn versien⁵⁶

Daar is dus afsonderlike huise, skure en stalle opgerig. Geen bewyse kon gevind word dat die koloniste *hallehuisen* aan die Kaap opgerig het nie. Biermann verklaar ook nie waarom die kapstylhuis verteenwoordigend van die vroegste vorm van die Noord-Europese woonhuis is nie.

(c) *Prehistoriese Nederland en Nederduitsland*

Trefois (1969) identifiseer twee tipes kapstylhuise in Suid-Afrika. Die eerste tipe is die *sparrendak* (kapstylraamwerk) wat tot diep in die 19de eeu nog in Drente (Noord-Nederland) voorgekom het.⁵⁷

Beide gebint- of binststelsels [van het spitsbogig gevormde *hartbeeshuis* en *kapsteillhuis*] zijn aan het Westeuropese 'sparrendak' ontleend. In de top van het 'kapsteil'-gebint rusten de paarsgewijs aangebrachte sparrenribben tegen elkaar. Een nok- of vorstnaald is er overbodig. Alleen dwarsbalkjes zogenaamd 'hanebalken' verstijven de gebintsparren."⁵⁸

'n Tweede tipe "kapstylhuis" bestaan uit 'n samestelling van die gaffelsuilondersteunde-nokpaal- en die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie:

Op dit oeroude dakgebint [*sparrendak*] volgt dan de 'kapsteil'-konstruksie met 'noknaald' of 'nokruiter'. Hier word het schranken van de door hanebalken gekoppelde sparren belet door diagonaal aangebrachte 'windbalken' of 'jufferbanden'. De 'noknaald' rust op twee gaffelvormige draagstijlen en de overkruiste 'sparrenkoppen'.⁵⁹

In *Oudnederlandse argitektuur in Zuid-Afrika* (1969), is Trefois van mening dat die oorsprong van die kapstylhuis uit die Nederlandse *dakhuizen* en die Nederduitse *wohnhütte* verklaar kan word.⁶⁰ In sy vroeëre *Ontwikkelingsgeschiedenis van onze landelike argitektuur* (1950) huldig Trefois 'n teenstrydige mening:

We zijn echter tot de slotsom gekomen, dat onze kelderwoningen en plaggenhutten integendeel van zeer recenten datum zijn. Het is voor ons een uitgemaakt feit, dat ze niet vóór de 18^{de}-19^{de} eeuw op de heide verschenen, evenmin als de *Schäferhütte* en de *Wohnhütte* in de Lüneburgerheide en als de Noord-Nederlandse hutten.⁶¹

En:

Dit alles doet ons besluiten, dat wij aan de hut, deze eencellige armoedige stro- of plaggenwoonst, geen andere betekenis mogen toekennen dan die van een noodwoning van jongere datum⁶²

Dakhuise met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaal- en 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie is, soos reeds vroeër deur Walton beskryf, nie kapstylhuise nie en is verteenwoordigend van twee fundamenteel verskillende dakkaptipes wat individueel in Suid-Afrika voorgekom het (Fig. 1).

Trefois verduidelik nie waarom hy van mening is dat die kapstylhuis onder meer uit die Nederlandse *plaggenhutten*, *dakhuizen* en die Nederduitse *wohnhütte* verklaar moet word nie. Volgens hom is die Nederlandse *dakhuizen*, asook die Nederduitse *wohnhütte* in elk geval nie ouer as die 18de of 19de eeu nie en kon dit gevolglik nie as die prototipe van die 17de-eeuse Suid-Afrikaanse kapstylhuis gedien



het nie.

(d) *Noordwes-Europese 'hallehuis'*

J.A.J. Roodt-Coetzee (1978) is van mening dat die oorsprong van die Suid-Afrikaanse kapstylhuis in die Noord-Europese driebeukige *hallehuis* geleë is (Fig. 2). Sy baseer haar teorie op Biermann (1955) se aanvanklike beskrywing van veronderstelde vryburgerwonings aan die Kaap. Roodt-Coetzee se teorie behels die volgende:

Die boere bou hulle wonings soos hulle dit eeue lank 'in die bos en op die heide van die Noord-Europese vlakte gewoon was om te doen. Hierdie wonings het onder 'n hoë spitsdak lae buitemure gehad van soeie of latwerk wat aan weerskante met klei gesmeer is. Reeds vroeg word die bou van hierdie spitsdak aan bande gelê en die bou-ordonansies van Van Riebeeck verbied dat dit te laag, of te naby, aan die grond afsak weens die gevaar van brand. Hierdie rietdakhuise mog ook nie té na aan mekaar gebou word nie. Dit kon niks anders gewees het as die Noordwes Europese [sic] kapstylhuis nie Hierdie hoë spitsdak-boerehuis het altyd 'n solder gekry, met brandstene op die balke, wat gedien het as pakplek

Die mure van die kapstyl het hoër en hoër geword en die dakhoogte korter. Na 1800 het dit gewoonte geword om 'n skuinsdak . . . agter aan die staandak te bou sodat dit die algemeen gebruikte styl in Oos-Kaap, in die Vrystaat en Transvaal geword het.⁶³

Volgens Roodt-Coetzee het ". . . die bou-ordonansies van Van Riebeeck verbied dat . . . [die dak van die kapstylhuis] te laag, of te naby, aan die grond afsak weens die gevaar van brand."⁶⁴ Van Riebeeck het gedurende sy bewind aan die Kaap geen sodanige resolusies uitgevaardig nie. Die eerste resolusie in dié verband is eers in Julie 1686 uitgevaardig:

Verders is verstaan en besloten dat d' ingesetenen hier in de Tafelvallei woonagtig, in 't toekomstige tot securiteit harer huisjen, en om deselve te praeserveren voor brandstigting en andere ongemacken, deselve tot op twintig voeten hoog van de grond af in hegte muuren, sonder afdacken, sullen in 't toekomstige optrecken, . .

. . .⁶⁵

Bogenoemde resolusie het nie die bou van "spitsdakke" aan bande gelê nie, maar afdakke of sogenaamde platdakke (*lean-tos*) aan muurhuise met saal-, skild- en wolfdakke.

Roodt-Coetzee verwar nie net die kapstylhuis met die Nederlandse *hal-lehuis* nie, maar ook met Kaapse muurhuise met afdakke. In teenstelling met die *hallehuis* het die Suid-Afrikaanse kapstylhuis nie 'n hoë nok gehad nie en gevolglik was daar nie ruimte vir 'n solder nie. Soos reeds by Biermann hierbo opgemerk, is dit duidelik dat die *hal-lehuis* nie die voorganger van die Suid-Afrikaanse kapstylhuis kon gewees het nie.

Navorsers twyfel nie oor die Wes-Europese oorsprong van die sogenaamde

Kaaps-Hollandse gewelhuise nie. Maar nieteenstaande die ooreenkomste wat die Suid-Afrikaanse dakhuisse met die Kaaps-Hollandse gewelhuise vertoon, word veral die bootvormige hartbeeshuis as losstaande van die Wes-Europese woningboutradisie in Suid-Afrika beskou, en is daar dikwels gepoog om 'n Kaapse oorsprong te bewys. Verskeie outeurs was voorstanders van 'n Wes-Europese oorsprong. Hulle was egter in die meeste gevalle onsuksesvol in hulle pogings om die prototipes van die Suid-Afrikaanse dakhuisse te identifiseer.

Die blanke koloniste het meestal uit soldate, matrose en vakmanne bestaan. Hulle was verteenwoordigend van die Wes-Europese volksmens en was met die eenvoudige volksargitektuur van hulle stamlande vertrouwd. Gesien in die lig van die kultuur- en tradisiegebondenheid van volkskultuur, is dit hoogs waarskynlik dat die blanke koloniste hulle woningboutradisie wat oor 'n tydperk van millennia ontwikkel het, hier plaaslik sou voortsit. Daar moet ook in ag geneem word dat reghoekige grondplanne en vorsdakke nie voor 1652 onder die inheemse volke van Suid-Afrika voorgekom het nie. Reghoekige grondplanne en vorsdakke was reeds teen die 17de eeu die norm in Europa.

B. Die Noordwes-Europese dakhuisradisie

Die Amerikaanse volkskundige Henry Glassie het beweer dat alle stoflike voorwerpe oor drie komponente beskik, naamlik vorm, konstruksie en gebruik, waarvan vorm die belangrikste is. Vorm is die mees blywende attribuut van die stoflike volkskultuur en is die minste aan verandering onderhewig.⁶⁶ In 'n soektog na oerprototipes vir die boot- en wigvormige langhuise moet die klem dus op die vorm geplaas word.

Die Sweedse geestelike Olaus Magnus (1490-1557) het 'n verskeidenheid bouvorms in die noordelike streke van Wes-Europa aangetref, naamlik piramidevormig, wigvormig (saaldak), geboë (spitsboogvormig of omgekeerde bootvormig), rond en vierkantig.⁶⁷

'n Huis in die vorm van 'n dak staan onder meer in Nederlands en Duits as *dakhuisen*, *tenten* en *Dach-hutten* bekend.⁶⁸ In Duits word dakhuisse na aanleiding van hulle funksie ook *Schapkoven* (skaapstal), *Schäferhütte* (skaapwagtershut) en *Wohnhütte* (woonhut) genoem.⁶⁹ G. Neckel verwys in *Kultur der alte Germanen* (1934) na 'n *Sparrenhaus* in Sundewitt (Angeln) Duitsland.⁷⁰ *Sparrenhaus* het dieselfde betekenis as kapstylhuis, naamlik 'n wigvormige dakhuis waarvan die raamwerk uit kapsparre of -style en hanebalke saamgestel is. Laasgenoemde staan in Nederland as 'n *schrانkkeeet* (wigvormige dakhuis met 'n bok- of kapstylraamwerk) bekend.⁷¹ Dit is die Nederlandse *sparrendak*. In Nederlands word daar ook na dakhuisse as *kelderwoningen* en *plaggenhutten* verwys. Eersgenoemde verwys na 'n dakhuis wat in die grond ingegrawe is, terwyl *plaggen* op die soeie van heidegrond betrekking het wat in die bou van die lae mure gebruik is, en wat ook as dakbedekking gedien het.⁷²

Navorsers is dit eens dat die Wes-Europese dakhuisse uit drie basiese dakraamtipes bestaan het, naamlik die gaffel- en/of daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie, die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie en die kapstylkonstruksie.⁷³

Die Europese bootvormige dakhuisse kan in twee groepe verdeel word: die kleiner strukture wat uit twee rye pale saamgestel is, wat paarsgewys na die nok oorgebuig is, en die groter *cruck* wat uit natuurlik geboë

boomstamme bestaan het. Twee dakraamtipes het in beide gevalle voorgekom, naamlik die gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie en die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie (Fig. 11). Al drie die dakraamtipes, naamlik die gaffel- en/of daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie, die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie en die kapstylkonstruksie, het by wigvormige dakhuisse voorgekom (Fig. 11).

1. *Verspreiding en ouderdom van die gaffel- en daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie*

Die term *gaffelsuil* vir die vertikale-gevurkte-gewelstyl waarin die nokpaal rus, is uit die Oud-Hoogduitse *gabala* en die Nederlandse *gaffel* afgelei wat beide vurk beteken. Die Nederlandse woord *gevel*, die Duitse *Giebel* en die Normandiese en Engelse *gable* is uit *Gabala* en *gaffel* afgelei.⁷⁴ *Gevel* het nie net betrekking op die sluitgewel van die saaldak nie, maar ook op die hele voorkant van die gebou.⁷⁵ Dit kan verklaar word uit die deur van die saaldakvormige dakhuis wat in die sluitgewel geleë was. Die sluitgewelmuur was die voorkant, vandaar dat *gevel* ook die voorkant van die huis beteken.

Indien die afstand tussen die sluitgewels te groot was, is een of meer daksuile vir bykomende ondersteuning van die nok op die lengte-as van die gebou aangebring. Hierdie binnenshuise suile was ook bekend as *first-zuil* (vorssuil), *de mesula*, *magansul*, of kortweg *sild-sül*, *saüle*.⁷⁶


Die dak- en gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie het by bogrondse-, asook half-ondergrondse-wonings voorgekom. Deur die woning in die grond in te grawe, is groter beskerming teen koue en wind bewerkstellig en het die dakhuis ook 'n groter benutbare vloeroppervlak gehad. Laasgenoemde staan as *komwonings*, *Grubenhäuser*, *fonds de cabanes* en *pit-dwellings* bekend.⁷⁷

Argeologiese opgrawings het bewys dat half-ondergrondse wonings sedert die Paleolitiese tydperk oor 'n groot gebied in Europa voorgekom het, terwyl die oudste bewyse in Brittanje uit die Neolitiese tydperk dateer. Gedurende die 19de en begin 20ste eeu is verskeie bewoonde voorbeelde op die Europese vasteland, asook in Brittanje en Ierland gedokumenteer.⁷⁸

Die gaffel- en daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie word algemeen as die oudste dakkapkonstruksie in Europa gereken.⁷⁹ Ronde hutte is kenmerkend van die meeste Europese volke se vroeë ontwikkelingsfase.⁸⁰ Argeologiese bewyse het aanleiding gegee tot die gevolgtrekking dat die gaffel- en daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie uit die ronde hut met 'n sentrale vertikale ondersteuning ontwikkel het.⁸¹ Die paal in die middel van die hut is met verloop van tyd deur twee daksuile vervang waarop 'n nokpaal gerus het, sodat die hut 'n ovaalvorm aangeneem het.⁸² Die reghoekige grondplan met gaffel- en daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie het op sy beurt uit die ovaalhut ontwikkel. Bogenoemde voorgestelde ontwikkeling is slegs 'n moontlikheid en kon die ontstaan van die gaffel- en daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie anders verloop het.

(a) *Bootvormige dakhuisse*

Die vroegste bekende hutargitektuur buite Afrika is 'n groep boot-



Figuur 11. Bootvormige dakhuiise is direk op die grond geplaas, terwyl wigvormige dakhuiise direk op die grond of op lae mure gebou is.

Tekening: J.J. Raath.

vormige strukture by die argeologiese terrein by Terra Amata aan die Mediterreense kus in die huidige Suid-Franse stad Nice.⁸³ Die terrein, wat uit die Paleolitiese tydperk dateer (ongeveer 300 000 jaar voor die hede), is in 1969 deur Henry de Lumley opgegrawe.⁸⁴ Die hutte by Terra Amata is verteenwoordigend van die veronderstelde oorgangsfase van die ronde na die reghoekige grondplan, met 'n daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie (Fig. 12). Die grondplan is ovaal en wissel in grootte van 8 meter tot 15 meter in lengte, en van 4 meter tot byna 6 meter in breedte. Op die lengte-aslyn binne die struktuur is vertikale daksuile van ongeveer 30 sentimeter in diameter ingeplant,⁸⁵ wat waarskynlik 'n nokpaal ondersteun het. Die konstruksie bestaan uit 'n palissade van latte van ongeveer 7,5 sentimeter in diameter wat in die sand ingeplant en teen die buitewand met klippe verstewig is. Die latte is na binne oorgebuig waar dit op die nokpaal gerus het. Elke hut het 'n sentrale vuurherd op die grond wat uit 'n spoelklip geplaveide oppervlak, of uit 'n vlak holte bestaan.⁸⁶

Volgens Trefois is die daksuil sedert die Neolitiese tydperk (ca. 7 000 tot 3 000 v.C.) in Nederland en Vlaandere gebruik, waarvan bootvormige voorbeelde by onder meer Wijchen en Daseberg aangetref is.⁸⁷

Daar is aanduidings dat Skandinawiese wonings tydens die vroeë Skandinawiese Ystertydperk (750-500 v.C.) bootvormige strukture was, waarvan die nok na gelang van die grootte van die gebou, deur een of twee rye daksuile ondersteun is.⁸⁸

Trefois is van mening dat die spitsboogvormige (bootvormige) woning - waarvan die pale paarsgewys na die nok oorgebuig is - 'n hoogtepunt in die La Tène-tydperk (500-400 v.C.) by Ezinge, Nederland bereik het. Laasgenoemde is 'n driebeukige woning wat deur twee rye daksuile ondersteun is.⁸⁹


Die Vlaamse kunstenaar Pieter Huys (1520-1584) het in 'n skildery getiteld *St. Christoffel met die kind* (s.a.), 'n bootvormige dakhuis met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie afgebeeld, waarvan die kapparre in pare oorgebuig is, om op die nokpaal te rus⁹⁰ (Fig. 13).

Die gaffel- en daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie het ook buite Europa voorgekom - onder meer in Assirië (Fig. 14) en tot in die 20ste eeu nog in die Noord-Malekula-eiland, Nuwe Hebride, Melanesië.⁹¹ Laasgenoemde het uit natuurlik geboë boomstamme bestaan, en is nie soos die Assiriese strukture onder spanning oorgebuig nie.

(b) *Wigvormige dakhuise*

Die oudste bekende Europese half-ondergrondse wonings dateer uit die Paleolitiese tydperk, naamlik 37 000 tot 30 000 jaar voor die hede en is by Barca in Tsjeggo-Slowakye gevind. Die ovaal, trapesium en peer-vormige voorbeelde wissel in grootte van 2,5 meter tot 3,5 meter in wydte en 5 meter tot 18 meter in lengte. Die vroeëre teenwoordigheid van dakstrukture word deur sentrale paalgate, wat waarskynlik as daksuile vir wigvormige wonings gedien het, bevestig.⁹²

'n Aantal rotstekeninge in die grot by Font de Gaume, Dordogne, Frankryk, beeld moontlik Magdaleense (20 000 tot 12 800 voor die hede) hutte uit. Daar is telkens 'n sentrale paal met skuins-geplaaste kapparre aan beide kante wat nie tot onder strek nie (Figg. 15, 16 &




Figuur 12. Rekonstruksie van 'n bootvormige dakhuis met 'n dakstil-
ondersteunde-nokpaalkonstruksie in die Paleolitiese terrein van Terra
Amata in die hedendaagse Suid-Franse stad Nice, ca. 300 000 jaar voor
die hede.

Tekening: J.J. Raath uit F.W. Eddy, *Archaeology: a cultural-evo-
lutionary approach* (New Jersey, s.a.), p. 143.




Figuur 13. Links op die skildery is 'n Vlaamse bootvormige dakhuis met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie. (Pieter Huys, *St. Christoffel met die Kind*, skildery, 16de eeu).

Uit: M. van Boven et al., *Noordbrabants Museum* (Haarlem, 1978), p. 51.




Figuur 14. 'n Assiriese bootvormige dakhuis met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie.

Uit: F.C. Fensham & J.P. Oberholzer, *Bybelse aardrykskunde, oudheidkunde en opgrawings* (Pretoria, Potchefstroom & Kaapstad, 1976), p. 151.



Figuur 15. Die tekening stel waarskynlik 'n dakhuis voor waarvan die nokpaal deur 'n daksuil ondersteun is. 'n Magdaleense *Tectiform*, Font-de-Gaume, Frankryk.

Uit: *Man* vol. 54, July 1954, p. 108.



Figuur 16. Rekonstruksie van 'n Magdaleense dakhuis met 'n dakstil-
ondersteunde-nokpaalkonstruksie, afgelei uit tydgenootlike rotsteke-
ninge soos Fig. 15.

Tekening: J.J. Raath uit N. Davey, *A history of building materials*
(London, 1961), p. 34.



Figuur 17. 'n Tweede voorstelling van 'n Magdaleense dakhut met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie, na aanleiding van tydgenootlike rotstekeninge soos Fig. 15. (Tekening deur M. & C.H.B Quennell).

Uit: M. & C.H.B Quennell, *Everyday life in the Old Stone Age* (London, 1926), p. 96.

17). 'n Verklaring hiervoor is dat die vloer in die grond ingegrawe is, óf dat die sparre op 'n lae grondwal gerus het. Dit is egter nie duidelik of die grondplan rond of reghoekig is nie. Indien 'n reghoekige grondplan voorgestel word, verteenwoordig die sentrale vertikale lyn waarskynlik 'n gaffel- of daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie.⁹³

'n *Grubenhause* uit die Neolitiese tydperk (ca. 7 000 tot 3 000 v.C.) met nagenoeg 'n reghoekige grondplan met geronde ente, is by Frauenberg te Marburg in Duitsland opgegrawe, waarvan die nokpaal deur 'n sentrale ry van ses daksuile ondersteun is⁹⁴ (Fig. 18).

By Wijster naby Beilen in sentraal Drenthe, Nederland (4de eeu n.C.) is reghoekige half-ondergrondse hutte in samehang met reghoekige bo-grondse wonings aangetref. Die half-ondergrondse hutte het moontlik as weefruimtes gedien. Só 'n half-ondergrondse hut met 'n gaffelondersteunde-nokpaalkonstruksie is by Orvelte in Nederland gerekonstrueer.⁹⁵ Meer as tweehonderd Saksiese half-ondergrondse wonings uit die tydperk 400 tot 700 n.C. is by Mucking, Essex, in Engeland opgegrawe⁹⁶ (Fig. 19). Die hutte vertoon basiese ooreenkomste met dié by Wijster in Nederland. By Kootwijk in Nederland (775 n.C.) is reghoekige half-ondergrondse hutte aangetref van byna 3 meter in lengte, met vlegwerk wande en strooidakke (Fig. 20). Die dakonstruksie is soortgelyk aan die by Wijster en Mucking.⁹⁷

Die *Woordenboek der Nederlandsche taal XVI* maak melding van seiltente met 'n horisontale *tentbalk* waarvan die eindpunte op twee loodregte *tentpalen* rus.⁹⁸ Dit is identies aan 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie.


Wigvormige dakhuse met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie het in die 15de eeu in Italië as skaapherdershutte gedien⁹⁹ (Fig. 21).

Tydens die beleg van Boedapest, Hongarye deur die Turke (1541), is onder meer van "halwe" dakhuse - waarskynlik met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie - as skuilings of bergplekke gebruik gemaak¹⁰⁰ (Fig. 22).

Teen die middel van die 19de eeu het die werkers van 'n pypfabriek naby Boroughbridge in Engeland, half-ondergrondse huise met lae mure bewoon (Figg. 23a-d). Entgewelmure het die nokpaal ondersteun, terwyl twee boomstamme in die vloer ingeplant is om as daksuile te dien, sodat die nok nie kon deurbuig nie¹⁰¹ (Figg. 23b & 23d).


In Algarrabo en Seville, Spanje, het dakhuse met 'n daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie voor die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) nog voorgekom. In Seville het so 'n struktuur met geronde ente as 'n donkiestal gedien (Fig. 24), terwyl 'n ontwikkelde skilddakvormige dakhuis in Algarrabo naby Seville, deur 'n lae muurtjie in 'n slaap- en woonkamer verdeel is. Die woonkamer het 'n vuurherd op die vloer gehad.¹⁰²

In 1946 was daar twee huise in Plumelin, een te Kerspec, en die ander by Tatforest in Bretagne, waarvan die nokpale deur daksuile ondersteun is. Tot so laat as die 1970's is daar nog in die oostelike Ille-et-Vilaine, Bretagne, 'n plaasgebou gedokumenteer waarvan die nok deur 'n ry daksuile ondersteun is.¹⁰³




Figuur 18. Rekonstruksie van die dakraamwerk van 'n *grubenwohnung*, waarvan die nokpaal deur ses daksuile ondersteun is. Frauenberg te Marburg, Duitsland, Neolitiese tydperk, ca. 7 000 tot 3 000 v.C.

Uit: W. Radig, *Der wohnbau im jungsteinzeitlichen Deutschland* (Leipzig, 1930), p. 110.




Figuur 19. Reliëf grondplanne van Saksiese hutte met versinkte vloere en gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksies. Die sirkels dui op die voormalige ligging van vertikale pale, Mucking, Engeland, 400-700 n.C.

Uit: *The Archaeological Journal* no. 136, 1979, p. 56.



Figuur 20. 'n Argeologiese rekonstruksie van 'n *hutkom* met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie, Kootwijk, Nederland, ca. 775 n.C.

Uit: J.H.F. Bloemers et al., *Verleden land: archeologiese opgravingen in Nederland* (Amsterdam, 1981), p. 131.




Figuur 21. 'n Italiaanse skaapherderskamp met dakhuise waarvan die nokpale deur gaffelsuile ondersteun is. (Tekening in Antonio Averlino Filarete, *Trattato di architectura*, 1464).

Uit: Anonym (Shelter Publications), *Shelter II* (California, c1978), p. 1.




Figuur 22. Kapstylhuise en "halwe" dakhuise. (Erhard Schoen, *Beleg van Boedapest* (detail), houtsnede, 1541).

Uit: M. Geisberg, *The German single-leaf woodcut: 1500-1550 IV* (Ed. W.L. Strauss) (New York, 1974), p. 1220.




Figuur 23a-b. 'n Ontwikkelde dakhuis met 'n versinkte vloer en dak-suilondersteunde-nokpaalkonstruksie, Athelney, Somerset, Engeland, 19de ee. a. Grondplan. b. Deursnit C-D.

Uit: *Proceedings of the Somerset Archaeological Society* no. 55, 1909, pp. 177-178.



Figuur 23c-d. Dieselfde ontwikkelde dakhuis met 'n versinkte vloer as Fig. 23a-b hierbo. c. Syaansig. d. Deursnit A-B.

Uit: *Proceedings of the Somerset Archaeological Society* no. 55, 1909, p. 174.



Figuur 24. 'n Grondplan van 'n donkiestal in Seville, Spanje, waarvan die nokpaal deur twee daksuile ondersteun is.

Uit: *Folkliv* nos. 2 & 3, 1937, p. 139.

Die gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie het ook buite Europa in onder meer Mato Grosso, Brasilië, en die Stewart-eiland, Solomon-eilande, Melanesië (tot in die 20ste eeu), voorgekom.¹⁰⁴

Uit die beskikbare bronne is dit duidelik dat die dak- en gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie oor groot dele van Wes-Europa voorgekom het. Bootvormige dakhuisse met hierdie dakkonstruksie is volgens argeologiese vondste waarskynlik 300 000 jaar of ouer, terwyl wigvormige dakhuisse met dieselfde konstruksie uit die tydperk 37 000 tot 30 000 jaar voor die hede gevind is. Die dak- en gewelsuil het in die loodregte *priemstijl* voortbestaan, wat ook *koningstijl*, *hoofdstijl*, *hartstijl*, *opperstijl* in Nederland en België; in Wes-Duitsland *König-stijl* en in Engeland *kingpost* genoem word.¹⁰⁵

2. *Verspreiding en ouderdom van die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie*

S.O. Addy beweer dat die kapbene of geboë boomstamme wat by die nok kruis om 'n V te vorm waarin die nokpaal rus, as *forks* of in Latyn as *furcae* bekend gestaan het. Dit was ook bekend as *gavels* of *gavelforks*, en vandaar die benaming "the gable end". 'n Dakhuis kon deur twee of meer vurke ondersteun word, maar streng gesproke het die benaming net op die vurke in die sluitgewels betrekking, waarvan een die voorkant van die huis uitgemaak het.¹⁰⁶ Addy se bewering stem grootliks met Trefois se verklaring van die woord gaffelsuil ooreen. Dit behoort daaraan toegeskryf te word dat die gaffelsuil en vurk beide in die sluitgewels geleë is, waar dit dieselfde funksie verrig het, naamlik om die nokpaal te ondersteun.

Die kapbene van 'n dakhuis met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie is gewoonlik in pare deur 'n kort, horisontale balkie onder die nok verbind. Dié balkie staan in Nederlands, Vlaams, Duits, Deens en Fries as 'n hanebalk of kattedebalk bekend en word in Afrikaans 'n hanebalk genoem.¹⁰⁷ Een van die vroegste verwysings na die woord hanebalk kom reeds in die 12de tot 13de-eeuse literatuur voor, en wel in die bekende Middelnederlandse (1150-1250) epos van Reinaert die vos:

Dat twalef hinnen ende eenen hane
In een groot huus an eere straten
Up eenen haenbalke saten¹⁰⁸

Die bekendste verwysing na 'n hanebalk word in die sprokie van Grimm oor die musikante van Bremen aangetref, waar, nadat die donkie, die hond, die kat en die hoenderhaan die rowers verjaag het, elkeen vir hom 'n slaapplek uitgesoek het, en die haan op een van die hanebalke in die dak gaan sit het.¹⁰⁹

Die term hanebalk is slegs van toepassing op 'n kap waarvan die kapbene nie deur 'n bintbalk verbind word nie. Indien die kap normaalweg op mure geplaas word sodat dit moontlik is om die kapvoete met 'n bintbalk te verbind, staan die boonste horisontale balkie nie as 'n hanebalk nie, maar as 'n bobintbalk bekend. Die benamings hanebalk of bobintbalk hou dus verband met die soort kap waarin dit voorkom.¹¹⁰ Walton beweer dat die hanebalk nie 'n essensiële onderdeel van 'n dakkap uitmaak nie en dat dit dikwels ontbreek het.¹¹¹

(a) *Bootvormige dakhuisse*

Volgens Trefois is dit nie seker wanneer die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie vir die eerste keer in die Nederlandse landelike argitektuur verskyn het nie ". . . maar wanneer we de evolutie nagaan, zullen we de oudste sporen van deze techniek in het neolithicum [ca. 7 000 tot 3 000 v.C.], en wel in de primitieve kruksparrenconstructie terugvinden."¹¹²

By Dullenried, Federsee, Württemberg, Duitsland is die argeologiese oorblyfsels van 'n bootvormige dakhuis wat uit ca. 6 000 tot 1 500 v.C. dateer, en waarvan die kapsparre in pare na mekaar oorgebuig is, opgegrawe¹¹³ (Fig. 25). Omdat die deur in die middel van die gewel was, was daar nie 'n gaffelsuil nie en het die dakraamwerk waarskynlik uit 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie bestaan.


J.H. Acland huldig die mening dat die Engelse bootvormige *cruck*, waarvan die kappe uit swaar natuurlike geboë boomstamme saamgestel is, uit die Walliese *hafod* of somershuis, wat deur skaapherders gebruik is, ontwikkel het. Latte is in die grond ingeplant, na binne oorgebuig en by die nok vasgemaak. Die *havod* kon afgebreek en weer elders opgerig word.¹¹⁴ Meirion-Jones is egter van mening dat die *cruck* Brittanje in prehistoriese of vroeë historiese tye oor die Engelse kanaal vanaf die Wes-Europese vasteland bereik het.¹¹⁵ Die vroegste argeologiese bewyse van 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie in Brittanje is op die suidelike oewer van die Chessrivier naby Chessham gevind, waar die oorblyfsels van 'n *cruck* opgegrawe is, wat uit die laat 4de of 5de eeu n.C. dateer.¹¹⁶ Op grond van die huidige stand van kennis kan daar nog nie 'n finale uitspraak oor die oorsprong van die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie in Brittanje gemaak word nie.

Die goed bewaarde oorblyfsels van 'n Keltiese saaltipe bootvormige boerehuis - wat uit die La Tène-tydperk, ca. 475-500 n.C. dateer - is onder die fondament van 'n Gallies-Romeinse villa by Mayen, Eifel in Duitsland ontdek (Figg. 26a-c). Die eenkamerwoning het uit 'n reghoekige grondplan van 6 meter by 7 meter bestaan. In die middel van die vertrek is daar 'n vuurherd (1 meter by 1,50 meter groot). Kapsparre met 'n deursnit van ongeveer 8 sentimeter is na die nok oorgebuig om 'n saaldak te vorm.¹¹⁷

Die bootvormige bidkapel van Gallerus, naby Dingle, in die Graafskap Kerry in die weste van Ierland, dateer uit die 6de tot 7de eeu¹¹⁸ (Figg. 27a & b). Soortgelyke strukture het vanaf Ysland tot aan die westelike eilande van Ierland, asook in die weste van Skotland voorgekom.¹¹⁹ Daar word algemeen deur kenners aanvaar dat die bidkapelle 'n nabootsing van 'n houtprototipe met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie is.¹²⁰


In 'n *bildsten* (ca. 700 n.C.), letterlik 'n prentsteen wat as 'n grafsteen gebruik is, uit Hunninge, Klinte parogie, Gotland, Swede, is 'n aantal dakhuisse afgebeeld (Fig. 28).¹²¹ Die tradisionele dekoratiewe gewelnokke is 'n bewys dat laasgenoemde nie ronde hutte nie, maar wel bootvormige dakhuisse met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie voorstel.

Grafstene, bekend as *hogbacks*, het in die noorde van Engeland voorgekom. Vanaf ca. 930 n.C. het die uitbeeldings op dié grafstene verander en is die gewels van onder meer bootvormige dakhuisse met vurkondersteunde-nokpale afgebeeld wat na aanleiding van sy Deense eweknie




Figuur 25. 'n Bootvormige dakhuis met 'n vorkondersteunde-nokpaalkonstruksie. Die argeologiese oorblyfsels is by Dullenried, Federsee, Württemberg, Duitsland, opgegrawe, 6 000 tot 1 500 v.C.

Tekening: J.J. Raath uit J.G.D. Clark, *Prehistoric Europe: the economic basis* (London, 1952), p. 151.





Figuur 26a. 'n Keltiese bootvormige boerehuis uit die La Tène-tydperk, ca. 475-500 n.C., is onder die fundamente van 'n Gallies-Romeinse villa te Mayen, Eifel, Duitsland ontdek. a. Grondplan.

Tekening: J.J. Raath uit *Forschungen und fortschritte* 3(11), 1927-04-10, p. 81.



Figuur 26b-c. Dieselfde Keltiese bootvormige boerehuis as Fig. 26a hierbo. b. Deursnitte A-B en C-D.


Tekening: J.J. Raath uit *Forschungen und fortschritte* 3(11), 1927-04-10, p. 81.



Figuur 27. a. Die bootvormige bidkapel van Gallerus. Naby Dingle in die Graafskap Kerry, in die weste van Ierland, ca. 600 tot 700 n.C. b. Grondplan.

Uit: B. Fletcher, *A history of architecture on the comparative method* (revised by R.A. Cordingley) (London, Toronto & New York, 1967), p. 526.

Tekening: J.J. Raath.



Figuur 28. Die nokversierings op die sluitgewels is 'n aanduiding dat die geboë strukture nie ronde hutte nie, maar bootvormige dakhuise met 'n virkondersteunde-nokpaalkonstruksie voorstel. Detail van 'n *bildsten*, letterlik 'n prentsteen wat as 'n grafsteen gebruik is, Hunninge, Klinte parogie, Gotland, Swede ca. 700 n.C.

Tekening: J.J. Raath uit I. Anderson, A contribution to the problem of transitional forms between the primitive hut and the house proper, in M. Stenberger & O. Klindt-Jensen (Eds.), *Vallhagar. A migration period settlement on Gotland Sweden II* (Copenhagen & Denmark, 1955), p. 1009.

as "Jellinge" bekend gestaan het (Fig. 29). Dit is die Deense hoofstreek waar die tipe grafstene aanvanklik voorgekom het.¹²²

Die Vlaamse kunstenaar Joachim Patenier (voor 1500-1524) het in 'n skildery met die titel *St. Christoffel* 'n bootvormige dakhuis met 'n virkondersteunde-nokpaalkonstruksie afgebeeld¹²³ (Fig. 30). 'n Soortgelyke bootvormige klipmesselwerkershut is op 'n *gevelsteen* van 'n huis in Middelburg, Zeeland in Nederland afgebeeld (Fig. 31). Die huis dateer uit 1590.¹²⁴ C.F. Innocent het voor 1916 'n voorbeeld van dié tipe dakhuis op 'n plaas te Huttegen, naby Audenarde in België gedokumenteer waar dit as 'n stoor gedien het¹²⁵ (Fig. 32). Trefois beweer dat "Een dergelyk 'primitief' schuur- of wagenberg-type op rechthoekig plan wordt thans [1941] hier en daar nog bezuiden de Nederlandsche taalgrens, in Wallonië, aangetroffen" (Fig. 33).¹²⁶

In die Oekraïne het 'n tradisionele kleinboerwoning voorgekom, waarvan die dakonstruksie uit 'n virkondersteunde-nokpaalkonstruksie bestaan het. Die dakraamwerk is aangepas om vertikale mure met 'n afsonderlike dakgedeelte te vorm¹²⁷ (Fig. 34).

(b) *Wigvormige dakhuisse*


By die Steentydperk-terrein van Katrineholm-Mogetorp in Södermanland, Swede, is skuins paalgate binne 'n reghoekige tweevertrekshuis met lae klipmure aangetref. Die paalgate is hoogs waarskynlik 'n aanduiding dat die wigvormige dakraamwerk uit 'n virkondersteunde-nokpaalkonstruksie bestaan het. Na 'n ontleding van los voorwerpe en stuifmeel wat daar aangetref is, is vasgestel dat die huis uit die vroeë Neolitiese periode van ca. 7 000 tot 6 000 v.C. dateer.¹²⁸

Voor die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het wigvormige dakhuisse met virkondersteunde-nokpale in groot dele van Skandinawië voorgekom, waar dit as *skali*¹²⁹ bekend gestaan het (Fig. 35). Voorbeelde hiervan was kookhutte in die Jämtlandse somer-melkerye, buitegeboue en skure in Östergötland, Västergötland, Bohuslän en Gotland, terwyl dit ook in verskeie dele van Skandinawië bo-oor kelders en grotte waarin voedsel gestoor is, opgerig is.¹³⁰ Dakhuisse in die vorm van saaldakke wat direk op die grond rus, was in 1955 nog in Gotland, Swede, in gebruik.¹³¹ In langer wigvormige dakhuisse in Swede is gaffel- of daksuile soms om die beurt deur vurke afgewissel om groter stabiliteit van die struktuur te verseker¹³² (Fig. 36).

Daar is bewyse dat wigvormige dakhuisse met 'n virkondersteunde-nokpale so vroeg as die Steentydperk in Wes-Duitsland voorgekom het.¹³³ Tydens die beleg van Münster, Noordwes-Duitsland (1535), is wigvormige dakhutte met 'n virkondersteunde-nokpaalkonstruksie as stoorplekke gebruik¹³⁴ (Fig. 37).

Dakhuisse met virkondersteunde-nokpale het veral in Noordwes-Duitsland voorgekom, waar dit as 'n oorblyfsel van die soort hut waaruit die Nedersaksiese huis ontwikkel het, beskou word.¹³⁵ Volgens Walton was hierdie dakhutte nog in 1948 in die Duitse heideveld, van die Elbe tot in die vleiland op die Nederlandse grens versprei, waar dit as skaap-skuilings gedien het.¹³⁶

Die oudste afbeelding van 'n Engelse wigvormige dakhuis met 'n virkondersteunde-nokpaalkonstruksie dateer uit die 14de eeu¹³⁷ (Fig. 38). Die 19de-eeuse Teapot Hall te Scrivelsby in Lincolnshire, wat tot 1944




Figuur 29. 'n Uitbeelding van 'n bootvormige Anglo-Deense dakhuis (*cruck*) met 'n virkondersteunde-nokpaalkonstruksie op 'n *hogback* grafsteen, Plumland, Noord-Engeland, ca. 940 n.C. Uitbeeldings op dié grafstene het vanaf ca. 930 n.C. verander, en is die gewels van onder meer bootvormige dakhuisse met virkondersteunde-nokpale daarop afgebeeld.

Tekening: J.J. Raath na J. Walton, uit *Antiquity* 28(110), June 1954, p. 73.




Figuur 30. 'n Vlaamse bootvormige dakhuis met 'n vorkondersteunde-nokpaalkonstruksie. (Joachim Patenier, *St. Christoffel* (detail), skildery, voor 1500-24).

Uit: M.J. Friedländer, *Early Netherlandish Painting IX (ii)* (Leyden, 1973), s.p. (Plate 235).



Figuur 31. 'n Bootvormige klipmesselwerkershut. Omdat 'n gaffelsuil in die tekening ontbreek, is dit 'n aanduiding dat die dakraamwerk uit 'n verkondersteunde-nokpaalkonstruksie bestaan het. Uitgebeeld op 'n *gevelsteen* van 'n huis in Middelburg, Nederland, wat uit 1590 dateer. (Tekening deur J. Walton).

Uit: *Antiquity* 22(88), December 1948, p. 183.




Figuur 32. 'n Bootvormige skuur met 'n verkondersteunde-nokpaalkonstruksie. C.F. Innocent het dié struktuur op 'n plaas te Huttegen, naby Audenarde in België (voor 1916), gedokumenteer. (Tekening deur J. Walton).

Uit: *Antiquity* 22(88), December 1948, p. 183.




Figuur 33. 'n Bootvormige wagenberg (waenhuis) met 'n hooisolder, Mailen-Courrière, Namen, Wallonië, voor 1950.

Uit: C.V. Trefois, *Ontwikkelingsgeschiedenis van onze landelijke architectuur* (Antwerpen, 1950), p. 79.




Figuur 34. 'n Oekraïense bootvormige dakhuis met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie. Die dakraamwerk is aangepas om vertikale mure met 'n afsonderlike dak te vorm.

Tekening: J.J. Raath uit J.H. Acland, *Medieval structure: the Gothic vault* (Toronto & Buffalo, 1972), p. 58.




Figuur 35. *Skali*, 'n wigvormige dakhuis met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie, Jämtland, Skandinawië. (Tekening deur I.C. Peate na N.M. Mandelgren, *Atlas till Sveriges odlingshistoria*. Stockholm, 1877).

Uit: *Folk-Liv* nos. 21 & 22, 1957-58, p. 110.




Figuur 36. 'n Voorbeeld van 'n langer dakhuis waar gaffel- of dak-suile om die beurt deur vurke afgewissel word om groter stabiliteit te bewerkstellig, Swede. (Tekening deur J. Walton).

Uit: Skriftelike mededeling: J. Walton, 4 Mountain Road, Claremont, Cape Town, 1995-06-02.



Figuur 37. Wigvormige dakhutte met verkondersteunde-nokpale. (Erhard Schoen, *Die beleg van Münster* (Noordwes-Duitsland), houtsnie, 1535).

Uit: M. Geisberg, *The German single-leaf woodcut: 1500-1550 IV* (Ed. W.L. Strauss) (New York, 1974), p. 1212.



Figuur 38. 'n Wigvormige dakhuis met 'n vorkondersteunde-nokpaal, Engeland, 14de eeu. Die kapstylraamwerk (*paired-couple framework*) het Oos-Engeland eers later in die vorm van 'n dak op symure bereik.

Tekening: J.J. Raath na J. Walton, uit *Antiquity* 22(88), December 1948, p. 181.

bestaan het, was 'n groter huis met dieselfde vorm en dakraamwerk as die 14de-eeuse voorbeeld hierbo¹³⁸ (Figg. 39a & b). Beide strukture se ingange was in die voorste sluitgewel.¹³⁹ Die deur het ook minder dikwels in een van die skuins sy-dakvlakke voorgekom.¹⁴⁰

Die Italiaanse kunstenaar Ambrogio Lorenzetti (aktief 1319-1348) het in 'n skildery met die titel *Die gevolge van 'n goeie regering* (1337-1340),¹⁴¹ 'n wigvormige dakhut met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie by landerye buite die stad Siëna afgebeeld (Fig. 40). Die dakhuis was moontlik 'n stoorruimte, of 'n tydelike woning vir die werkers op die landerye.

Voor die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het wigvormige dakhutte met vurkondersteunde-nokpale buite Rome in samehang met *capanna*, wat deur herders en houtskoolmakers bewoon is, voorgekom. Die strukture is as buitegeboue en stalle vir klein lewende hawe gebruik.¹⁴²

Wigvormige dakhuise - met in begrip van seiltente - met vurkondersteunde-nokpale is in talle 17de-eeuse Nederlandse skilderye as tydelike geboutjies afgebeeld.¹⁴³

Gedurende die Nederlandse ysskaatsseisoen wat van 'n paar dae tot 'n paar weke kon duur na gelang van die tydperk wat die mere en kanale gevries was, het herbergiers tente op die oewers van die ys opgerig waar hulle vure gemaak het. Die skaatsers kon dan hier rus om 'n drankie te drink en om hulle hande warm te maak voor hulle verder geskaats het.¹⁴⁴

Met *Saint Kermis* in Nederland het handelaars met die hulp van die kermisgangers tente langs die strate opgerig waar dit as stalletjies gedien het vir die verkoop van wafels, spesiale kermisgebak, keramiekware, tekstiel, glas, silwer, aandenkings en skilderye.¹⁴⁵ Adriaen Pietersz van de Venne (1589-1662) het in 'n skildery getiteld *Prins Maurits en Frederik Hendrik by die perdeskou te Valkenburg* (1618) 'n groot aantal tente langs die pad afgebeeld waar dit tydens die skou as stalletjie gedien het¹⁴⁶ (Fig. 41).

In die Nederlandse kunstenaar Johannes Hermanus Koekkoek (1778-1851) se skildery getiteld *Skipbreuk* (1841), is 'n tent met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie afgebeeld. Die raamwerk is duidelik sigbaar, aangesien die skipbreukelinge besig is om 'n seil oor die raamwerk te span¹⁴⁷ (Fig. 42).


Die wigvormige dakhuis met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie is oor die noorde en weste van Frankryk tot so ver as die voetheuwels van die Pireneë, versprei.¹⁴⁸ 'n Aantal wigvormige dakhutte met vurkondersteunde-nokpale het nog in die sewentigerjare van die 20ste eeu in Bretagne voorgekom. Voorbeelde van laasgenoemde, is strukture met uitgegraafde grondvloere by Koh-Coët en Botcol, Guénin, Morbihan (Figg. 43 & 44), waar dit as stoorplekke gedien het - dié by Koh-Coët vir 'n verskeidenheid plaas- en tuingereedskap, en die hut by Botcol, as 'n siderkelder en gereedskapstoor. 'n Hut met 'n uitgegraafde vloer en 'n gedekte dak bly selfs in die warmste weer koel en is gevolglik die ideale bergplek vir sider, die streek se stapeldrank.¹⁴⁹

'n Dakhut uit dieselfde tydperk - met geronde ente - op 'n plaaswerf by Bouleguy, Plumelin, Morbihan, Bretagne, is opgerig om as 'n varkhok te dien (Figg. 45a-c). Ongeveer 'n honderd soortgelyke dakhuise op 'n lae *talus* of grondwal met 'n oop vuurherd in die middel van die



Figuur 39a. Teapot Hall, 'n wigvormige dakhuis met 'n vorkondersteunde-nokpaalkonstruksie, Scrivelsby, naby Horncastle, Engeland, laat 19de eeu.

Uit: N. Lloyd, *A history of the English house from primitive times to the Victorian period* (London, 1983), p. 12.



Figuur 39b. 'n Deursnit van Teapot Hall. Die skoorsteen is 'n later toevoeging.

Uit: S.O. Addy, *The evolution of the English house* (London, 1933), p. 44.



Figuur 40. 'n Wigvormige dakhut met 'n vorkondersteunde-nokpaalkonstruksie op landerye buite 'n Italiaanse stad, vermoedelik Siëna. (Ambrogio Lorenzetti, *Die gevolge van 'n goeie regering* (detail), skildery, 1337-1340).

Uit: J. Dupont & C. Gnudi, *The great centuries of painting. Gothic painting* (Geneva, 1954), p. 103.




Figuur 41. Regs op die skildery is wigvormige dakhuisse met vurk-ondersteunde-nokpale, waarvan die dakvlakke met hout-en-seil bedek is. Die strukture het as stalletjies tydens 'n perdeskou te Valkenburg, Nederland gedien. (Adriaen van de Venne, *Prins Maurits en Frederik Hendrik by die perdeskou te Valkenburg* (detail), skildery, 1618).

Uit: G.S. Keyes, *Esaias van den Velde 1587-1630* (Doornspijk, 1984), s.p. (Fig. 60).




Figuur 42. Skipbreukelinge, besig om 'n tent met 'n verkondersteunde-nokpaal op te slaan. (Johannes Hermanus Koekkoek, *Skipbreuk* (detail), skildery, 1841).

Uit: A. Nollert, *Barend Cornelis Koekkoek (1803-1862), prins der landschaftsmaler* (Zwolle, s.a.), p. 10.




Figuur 43. 'n Dakhut met 'n versinkte vloer en 'n vurkondersteunde-nokpaal, Koh-Coët, Guénin, Morbihan, Bretagne. Die dakgeraamte bestaan uit 'n dubbel konstruksie, naamlik drie drakappe en 'n dakgording, wat as ondersteuning vir die daksparre, waarop die dekmateriaal vasgemaak is, dien. (Tekening deur G.I. Meirion-Jones, 1978).

Uit: G.I. Meirion-Jones, *The sunkenfloored hut in Brittany, Medieval village research group, twenty-sixth annual report 1978, p. 32.*




Figuur 44. 'n Dakhut met 'n versinkte vloer, Botcol, Guénin, Morbihan, Bretagne. Die dakgeraamte bestaan uit drie drakappe wat die nokpaal ondersteun en waartussen na aan mekaar geplaaste sparre teen die nokpaal rus. Die dwarslatte is teen beide die drakappe en sparre vasgemaak. (Tekening deur G.I. Meirion-Jones, 1978).

Uit: G.I. Meirion-Jones, *The sunkenfloored hut in Brittany, Medieval village research group, twenty-sixth annual report 1978, p. 33.*



Figuur 45a-b. 'n Dakhut met 'n vorkondersteunde-nokpaal, Bouleguy, Plumelin, Morbihan, Bretagne, 1972. Die dakgeraamte bestaan uit 'n dubbel konstruksie, naamlik drakappe en 'n dakgording, wat as ondersteuning vir die sparre waarop die dekmateriaal vasgemaak is, dien. a. Grondplan; b. Deursnitte.

Tekening: J.J. Raath na G.I. Meirion-Jones, uit *Folk Life* no. 14, 1976, p. 48.



Figuur 45c. 'n Driedimensionele voorstelling van dieselfde dakhut as Fig. 45a-b.

Tekening: J.J. Raath na G.I. Meirion-Jones, uit *Folk Life* no. 14, 1976, p. 48.

grondvloer, is voor die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) in dié omgewing bewoon.¹⁵⁰

Enkele wigvormige dakhutte met vurkondersteunde-nokpale is gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu in Spanje as buitegeboue gebruik.¹⁵¹

Soortgelyke dakhuisse is deur kleinboere in Joego-Slawiese Macedonië tydens die oestyd in die laagliggende *poljes* of droeë meerbeddings bewoon. Die strukture is gewoonlik tot 1,5 meter (5 voet) hoog by die nok, en 3,6 meter (12 voet) lank by 2,4 meter (8 voet) breed.¹⁵²

Uit bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat die dakhuis met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie 'n groot geografiese verspreiding in Europa gehad het. Volgens argeologiese bevindings kon die boot- en wigvormige dakhuisse reeds voor 7 000 v.C. voorgekom het.

3. *Verspreiding en ouderdom van die kapstylraamwerk*

(a) *Wigvormige dakhuisse*


Die Nederlandse *sparrendak* en Engelse *rafter roof* of *paired-couple roof* bestaan uit slegs twee elemente, naamlik kapsparre of -style wat in pare onder die nok deur 'n hanebalk verbind word.¹⁵³ Dit is die dakhuis, wat na aanleiding van sy dakraamwerk, in Suid-Afrika as 'n kapstylhuis bekend staan.¹⁵⁴ Die kappe is uit ligte balke of pale saamgestel, wat op kort afstande uitmekaar geplaas is.¹⁵⁵ Die konstruksie word deur die afwesigheid van 'n nokpaal, dra-kappe en kapplatte gekenmerk, en kan gevolglik as 'n "enkel" dakkonstruksie beskryf word, aangesien die dakbedekking direk op die kapstyle rus.¹⁵⁶

Uiteenlopende teorieë word oor die ouderdom van die kapstylhuis gehuldig. A.D. Lacaille is van mening dat die "Paneel van die Hut" in die La Mouthe grot naby Les Eyzies, Dordogne, Frankryk, wat uit die Laat Magdaleense tydperk (ca. 10 000 jaar voor die hede) dateer, 'n kapstylhuis uitbeeld¹⁵⁷ (Fig. 46). Walton het aanvanklik opgemerk dat Lacaille se mening nie totaal ongegrond is nie en die teorie as 'n moontlikheid aanvaar.¹⁵⁸

Walton ondersteun ook Theodor Heck se bewering dat die kapstylhuis deur die Beiers gedurende die besetting van Beiere in 500 n.C. gebruik is.¹⁵⁹ Walton redeneer dat op grond van die wye verspreiding van die kapstylhuis in Wes-Europa, asook die feit dat dit gedurende die historiese tyd deurgaans gebruik is, dit waarskynlik baie vroeg reeds voorgekom het.¹⁶⁰

Volgens B. Huppertz het die wonings te Ezinge in Nederland uit ongeveer 500-400 v.C. spardakke gehad.¹⁶¹ Volgens B. Schier het die dakhuis tot die skep van die spardak aanleiding gegee. Hy beweer ook dat die spardak eers gedurende die 6de eeu n.C. vinnig deur Germaanse volke versprei is en dat dit eers gedurende die 12de tot 13de eeu oor Nederland tot diep in Frankryk binnegedring het.¹⁶²

Volgens Trefois behoort ". . . den ouderdom van het sparrendak te verschuiven tot de 9de-10de eeuw. In de 11de-12de eeuw zou deze dakvorm dan zijn technische volmaaktheid bereiken." Die ". . . eenvoudige



Figuur 46. Hierdie Magdaleense skildery word deur sommige as 'n afbeelding van 'n kapstylhuis beskou. *Paneel van die hut* teen die wand van die La Mouthe grot naby Les Eyzies, Dordogne, Frankryk, ca. 10 000 jaar voor die hede.

Uit: H. Breuil, *Four hundred centuries of cave art* (Montignac, 1952), p. 302.

toepassing van slechts twee elemente: sparren en hanebalk, wijst op een ingenieuze stoute creatie, die het werk is van middeleeuws timmerlieden met een rijpe tegniese ervaring.¹⁶³ M. & A. Haberlandt beweer dat die spardak voor die 15de eeu nog nie in Vlaandere bekend was nie en in die 17de eeu ook nog nie in Nederland nie.¹⁶⁴

G.I. Meirion-Jones het na 'n wetenskaplike studie van die volksargitektuur van Bretagne gevind dat die spardak Wes-Bretagne eers in die 19de eeu bereik het en dat die idee moontlik sy oorsprong aan patroonboeke te danke het. Die 19de-eeuse voorbeelde is telkens muurhuise met spardakke en 'n plankbeskot.¹⁶⁵ Walton skryf dat: "Raised on side walls, it eventually spread to eastern England."¹⁶⁶ Hy het egter nie genoem wanneer dit sou plaasgevind het nie.

Soos reeds genoem, het die Beiere gedurende die besetting van Beiere in 500 n.C. waarskynlik kapstylhuise bewoon.¹⁶⁷ Erhard Schoen het in 'n houtsniewerk met die titel *Die beleg van Boedapest (1541)*, onder meer kapstylhuise afgebeeld waarvan die dakraamwerk duidelik sigbaar is¹⁶⁸ (Fig. 22).

Kapstylhuise het in Duitsland in dieselfde streke as die wigvormige dakhuis met 'n vorkondersteunde-nokpaalkonstruksie voorgekom. Dit is in die Duitse heideveld, van die Elbe tot in die vleiland op die Nederlandse grens.¹⁶⁹ Walton het in 1981 opgemerk dat kapstylhuise steeds in die noorde van Duitsland voorkom, waar dit 'n gewilde onderwerp vir kunstenaars en fotografe is¹⁷⁰ (Figg. 47 & 48).

Die *getijdenboeke* van Katharina van Kleef bestaan uit 'n drietal manuskripte uit die eerste helfte van die 15de eeu (ca. 1430-1450), wat aan die Meester van Katharina van Kleef toegeskryf word. Die manuskripte bevat 'n reeks miniatuurtekeninge en skilderye van Nederlandse volkskundige belang, waarvan een 'n herdershut in die vorm van 'n wigvormige dakhuis direk op die grond uitbeeld.¹⁷¹ (Fig. 49). Aangesien die kenmerkende V's van die vorkondersteunde-nokpaalkonstruksie op die nok ontbreek, bestaan die dakraamwerk hoogs waarskynlik uit 'n kapstylraamwerk. Die groot V op die nok by die ingang is dan moontlik 'n dekoratiewe *gevelteken*.

Talle 17de-eeuse Nederlandse skilderye getuig van die algemene verskynsel van kapstylhuise gedurende dié tydperk in Nederland. Kapstylhuise is veral op strande en langs riviere uitgebeeld waar dit as visserswonings gedien het (Figg. 50-52).¹⁷²


Plaggenhutten het nog in die 19de en begin van die 20ste eeu veral in die veengebiede van Friesland, Groningen en Drenthe in die noordooste van Nederland en op die grens van Noord-Brabant en Limburg as wonings vir veenarbeiders gedien.¹⁷³ Dit het ook op die *zandgronden* voorgekom waar *plaggen* die goedkoopste boumateriaal vir die armste onder die bevolking was.¹⁷⁴

'n *Plaggenhut* is 'n kapstylhuis met 'n dun *plaggensooibedekte* saaldak wat op 'n lae *plaggensooimuur* geplaas is (Figg. 53-56). Die vloer is soms in die grond ingegrawe wat 'n belangrike besparing aan materiaal teweeg gebring het, en 'n warmer woning tot gevolg gehad het.¹⁷⁵ 'n Ingeboude *bedsteekast* het die binnekant in twee afsonderlike ruimtes verdeel¹⁷⁶. 'n *Bedsteekast* is 'n bed binne in 'n kas waarvan drie sye toegebou is en waarvan die vierde oop sy van 'n houtdeur of gordyn voorsien is.¹⁷⁷ Een ruimte het as 'n stal gedien, terwyl die tweede uit 'n woonruimte met 'n vuurherd met 'n plankskoor-




Figuur 47. 'n *Sparrenhaus*, Sundewitt (Angeln), Duitsland. Die benaming *Sparrenhaus* het dieselfde betekenis as kapstylhuis, naamlik 'n wigvormige dakhuis waarvan die dakraamwerk uit kapsparre of -style en hanebalke saamgestel is (Ndl. *sparrendak*).

Uit: G. Neckel, *Kultur der alte Germanen* (Potsdam, 1934), p. 96.



Figuur 48. *Schapkooven* (skaapstal) met 'n kapstylraamwerk, Noord-Duitsland. (Tekening deur J. Walton).

Uit: *Restorica* no. 10, Desember 1981, p. 7.



Figuur 49. 'n Nederlandse miniatuurtekening van 'n herdershut. Die groot V op die nok van die voorgewel is waarskynlik dekoratief, in welke geval dit 'n kapstylhuis is. Die vensteropening word deur 'n swaailuik afgesluit. (Die *getijdenboek* van Katharina van Kleef. Toegeskryf aan die Meester van Katharina van Kleef, ca. 1430-1450).

Uit: *B & M* 30(2), 1967, p. 30.



Figuur 50. 'n Kapstylhuis met 'n gevelteken op 'n Nederlandse strand. (Willem van de Velde, *Ruiters op die strand* (detail), skildery, s.a., 17de eeu).

Uit: W. Stechow, *Dutch landscape painting of the seventeenth century* (London, 1968), s.p. (Plate 216).



Figuur 51. Regs op die skildery is 'n Nederlandse visserswoning (kapstylhuis). Die gewel is met 'n *gepotdekselde* beskot, waarna in Noord-Holland as *getrapte weeg* verwys word, bedek. (Barent Avercamp, *Riviertoneel met vissers*, skildery, 1654).

Uit: C.J. Welcker, *Hendrick Avercamp 1585-1634 bijgenaamd "de stomme van Campen"* en Barent Avercamp 1612-1679 *"schilders tot Campen"* (Doornspijk, 1979), s.p. (Plaat XXXIV Afb. LVIII).




Figuur 52. 'n Nederlandse visserswoning (kapstylhuis). Die geklampte plank deur word deur 'n bo- en onderreling vasgehou. (Barent Avercamp, *Rivierlandskap met vissers* (detail), skildery, 1650).

Uit: C.J. Welcker, *Hendrick Avercamp 1585-1634 bijgenaamd "de stomme van Campen"* en Barent Avercamp 1612-1679 *"schilders tot Campen"* (Doornspijk, 1979), s.p. (Plaat XXXIV A).



Figuur 53. 'n *Plaggenhut* (kapstylhuis). Die dak is met dun sooie van heidegrond bedek. Dalerveen, Drenthe, Nederland. (Skildery deur Egbert van Drielst, 1806).

Uit: J.J. Voskuil, *Van vlechtwerk tot baksteen: geschiedenis van de wanden van het boerenhuis in Nederland* (Arnhem, 1979), p. 108.



Figuur 54. 'n *Plaggenhut* (kapstylhuis) in die Nederlands Openluchtmuseum, Arnhem. Die dakhuis is op 'n lae muurtjie van sooie van heidegrond gebou.

Uit: *B & M* 48(1) 1985, p. 13.



Figuur 55. Die dakpanbedekte *plaggenhut* (kapstylhuis) van Willem Mulder, Wijk K nr. 149 in Tange, gemeente Onstwedde, Groningen, Nederland, voor 1915.

Uit: J.J. Voskuil, *Van vlechtwerk tot baksteen: geschiedenis van de wanden van het boerenhuis in Nederland* (Arnhem, 1979), p. 108.



Figuur 56. 'n *Plaggenhut* (kapstylhuis), waarvan die sluitgewel met 'n plankbeskot bedek is, in die opelugmuseum De Zeven Marken, te Schoonoord, Nederland.

Uit: C. van der Veen, *Museumboek voor Drenthe* (Baarn, 1979), p. 56.

steen teen die agtergewel bestaan het.¹⁷⁸ 'n Planksoldertjie is dikwels op die hanebalke of op 'n tweede horisontale verbinding (ook hanebalke) onder die boonste hanebalke aangebring¹⁷⁹ (Fig. 57).

Kapstylhuise het tot in die 20ste eeu in Nederland in onder meer Beltingwolde, Groningen, voorgekom.¹⁸⁰ (Fig. 58). Seisoenarbeiders in die *griend- en rietbedrijf* in die *lage Zwaluwe* het tot in 1953, toe die bedryf tot 'n einde gekom het, in *schrankketen* (dakhuise met 'n bok- of kapstylraamwerk) gewoon¹⁸¹ (Fig. 59).

'n Groot dakhuis met baie lae symure verskyn in die skildery *Madonna en kind met St. Katharina*, deur die Vlaamse Meester van 1518.¹⁸² Die 16de-eeuse Vlaamse kunstenaar Pieter Bruegel (ca. 1525-1569) het verskeie ontwikkelde kapstylhuise in sy kunswerke afgebeeld¹⁸³ (Figg. 60-62). Hy het ook 'n *sparrendak* op twee rye lae vertikale pale geskilder, wat as 'n waenhuis gedien het¹⁸⁴ (Fig. 63).

Kapstylhuise is in 1961 nog deur veeboere in die omgewing van die riviermonding van die Rhône in Frankryk, waar die beroemde swart bulle en wit perde van die Camargue geteel word, bewoon.¹⁸⁵ Kapstylhuise het ook nog in die 20ste eeu as skuilings vir skaapherders in die Auvergne gedien¹⁸⁶ (Fig. 64).


Kapstylhuise is tot die einde van die 19de eeu aan die Noordseekus van Jutland, Denemarke, as seisoenale wonings deur boere gebruik wat gedurende die lentevisvangseisoen daar kom visvang het. Een van die laaste voorbeelde uit Nymindgab, Wes Jutland, is in 1910 in die Frilands Museet heropgerig¹⁸⁷ (Fig. 65). Die huis het 'n uitgebreide vuurherd langs die voordeur wat uit sooie bestaan.¹⁸⁸ Teen die agtergewel is twee eenvoudige lae beddens, een vir die visserman en een vir sy vrou wat met die grawe van wurms vir aas en die voorbereiding van voedsel behulpsaam was.¹⁸⁹

'n Groot dakhuis is in 'n 15de-eeuse skildery deur die Spaanse kunstenaar Rodrigo de Osona (aktief 1476-1484) afgebeeld. Soortgelyke strukture (*barracas*) het in 1981 in die moeraslande van Albufera (ook Albuera), suid van Valencia voorgekom¹⁹⁰ (Figg. 66 & 67). Die beste kapstylhuise wat nog as permanente wonings dien, is die in die noorde van die Portugese eiland Madeira in die omgewing van Santana. In die eenvoudigste voorbeelde bestaan die kapstylhuis uit 'n saaldak direk op die grond met die ingang in die voorste sluitgewel wat effens na binne geplaas is, om 'n ruimte te skep waar die inwoners in die koelte kan sit. In die meeste gevalle is daar 'n venstertjie aan beide kante van die ingang. Die binnekant is in twee ruimtes verdeel met 'n woonkamer voor en 'n slaapkamer daaragter. Bokant is 'n soldertjie wat met 'n leer vanaf die voorgewel bereik word¹⁹¹ (Figg. 68a & b).

Die dak is in die meeste gevalle op lae klipmure geplaas. Hier en daar is 'n alternatiewe tipe waarvan die vloer en die voorhof tot ongeveer 1 meter in die grond ingegrawe is. Die kappe ontspring dan buite aan die sye van die uitgraving, sodat die grond die uitwaartse druk van die kappe teenwerk, terwyl die ingegraafde gedeelte dieselfde voordele as 'n lae muurtjie bied¹⁹² (Fig. 69).


In Italië was kapstylhuise tot die noorde van die land beperk,¹⁹³ maar geen gedokumenteerde voorbeelde kon opgespoor word nie.

In die Hortobagy-Csarda grasvlaktes van Hongarye het die veewagters in 1950 nog in groot kapstylhuise gewoon, waarvan die sluitgewels uit




Figuur 57. Die binnekant van 'n Noord-Nederlandse *plaggenhut*. Die woning is deur middel van 'n ingeboude *bedsteekast* in twee afsonderlike ruimtes vir bewoning deur mens en dier verdeel. Regs is die plankskoorsteen van die vuurherd sigbaar.

Uit: B.E. Biermann, *A contribution to the study of the origins of colonial architecture at the Cape*, D.Phil. thesis. UCT, 1952, s.p. (Plate I D).



Figuur 58. 'n Kapstylhuis te Bellingwolde, Groningen, Nederland.
(Foto deur P.B. Middendorp, ca. 1913).

Uit: P.A.M. van Wijk (samengesteld en geredogeerd), *Boerderijen bekijken: Historisch Boerderij-onderzoek in Nederland* (Amersfoort, 1985), p. 118.



Figuur 59. 'n Nederlandse *Schrankkeet* (dakhuis met 'n bok- of kapstylraamwerk) in die Lage Zwaluwe. (Foto deur W.D.J. Tuinzing, 1948).

Uit: *B & M*, 41(2), 1978, p. 50.




Figuur 60. Regs is 'n ontwikkelde Vlaamse kapstylhuis met 'n oordekte voorgewel. (Pieter Bruegel, *Groot visse eet klein vissies*, gravure, 1556).

Uit: B. Claessens & J. Rousseau, *Bruegel* (New York, s.a.), teenoor p. 105.



Figuur 61a. Pieter Bruegel, *Die graflegging*, gravure, s.a.

Uit: J. Lavalleye, *Lucas van Leyden - Pieter Bruegel D.Ä.: das gesamte graphische Werk* (Wien-München, s.a.), s.p. (Ill. 142).



Figuur 61b. 'n Vlaamse ontwikkelde dakhuis met 'n wolwe-voorgewel. Die mure bestaan uit vakwerk wat met gepleisterde vlegwerkpanele ingevul is, 16de eeu.

Tekening: J.J. Raath aangepas na Pieter Bruegel *Die graflegging*, s.a. uit J. Lavalleye, *Lucas van Leyden - Pieter Bruegel D.Ä.: das gesamte graphische Werk* (Wien-München, s.a.), s.p. (Ill. 142).



Figuur 62. 'n Vlaamse ontwikkelde kapstylhuis met 'n skilddak en 'n deur in die lang sy. (Pieter Bruegel, *Die donker dag* (detail), skildery, 1565).

Uit: R. Hughes and P. Bianconi, *The complete paintings of Bruegel* (London, 1969), s.p. (Plate 32).




Figuur 63. 'n Vlaamse waenhuis waarvan die *sparrendak* op lae vertikale pale rus. (Pieter Bruegel, *Kleinboerdans voor 'n herberg* (detail), skildery, s.a., 16de eeu).

Uit: B. Claessens, & J. Rousseau, *Bruegel* (New York, s.a.), teenoor p. 91.



Figuur 64. 'n Skaapherdershut (kapstylhuis) met oop gewels in die Auvergne, Frankryk, waarvan die dakvlakke met spane bedek is.

Uit: P. Oliver, *Dwellings. The house across the world* (Oxford, 1987), p. 60.



Figuur 65 Deense vissershuisse (kapstylhuise). Die huis in die voorgrond is afkomstig van Nymindégab, Wes-Jutland by die toenmalige ingang van die Ringkøbing Fjord net noord van Lønne, en is in 1910 in die Frilands Museet heropgerig. Teen die voorgewel langs die deur is 'n vuurherd en skoorsteen wat met soorie gebou is.

Uit: P. Michelson, *Frilands Museet* (s.l., 1973), pp. 200-201.




Figuur 66. *Barracas* (kapstylraamwerk) met oordekte gewels, Albufera, naby Valencia, Spanje.

Uit: *Restorica* no. 10, December 1981, p. 6.




Figuur 67. *Barracas* (kapstylraamwerk) met lae symure en oordekte gewels, naby Valencia, Spanje.

Uit: *Restorica* no. 10, December 1981, p. 6.



Figuur 68a-b. *Barracas* (kapstylraamwerk) met solders, in die omgewing van Santana, in die noorde van die Portugese eiland Madeira. (Tekening deur J. Walton).

Uit: *Restorica* no. 10, December 1981, p. 8.



Figuur 69. 'n *Barraca* (kapstylraamwerk), waarvan die vloer en voorhof in die grond ingegrawe is, in die omgewing van Santana, in die noorde van Madeira.

Tekening: J.J. Raath na J. Walton uit *Restorica* no. 10, Desember 1981, p. 8.

gepleisterde vlegwerk bestaan het. Die ingang was in die middel van die voorgewel geleë, met 'n venster direk langsaan en 'n vuurherd met 'n hoë skoorseen aan die anderkant van die deur, om te verhoed dat die dakbedekking aan die brand sou raak¹⁹⁴ (Fig. 70).

Nomadiese Kara-Kachani en Kara-Walachi, wat die winter in die warmer valleie van suidelike Bulgarye deurbring, trek in die lente met hulle skaaptroppe na die Balkanberge. Hulle woon daar in byekorfvormige hutte, maar bou groot kapstylhuise waarin hulle die kaskavalkaas wat hulle van skaapmelk maak, stoor.¹⁹⁵

Volgens die teorieë van skrywers oor die onderwerp kan die ouderdom van die kapstyl- of spardak van 10 000 jaar voor die hede tot die 9de of 10de eeu n.C. wissel. By 'n beredenering van die ouderdom van die kapstylhuis moet in ag geneem word dat die primitiewe volksargitektuur nie aan die akademiese argitektuur ontleen is nie, maar dat die teen-deel eerder waar is. Die spardak het algemeen in die Middeleeuse akademiese argitektuur voorgekom, maar om die afleiding te maak dat dit as prototipe vir die kapstylhuis gedien het, sal verkeerd wees. Skrywer is gevolglik van mening dat die kapstylhuis as prototipe vir die dakkonstruksie van die Middeleeuse akademiese argitektuur gedien het. Die kapstylhuis moet dit dan veel ouer as die Middeleeue wees. Walton het tereg opgemerk dat op grond van die wye verspreiding van die kapstylhuis in Wes-Europa, asook die feit dat dit gedurende die historiese tyd deurgaans gebruik is, die kapstylhuis waarskynlik reeds baie vroeg voorgekom het.

Haberlandt se teorie dat die spardak Vlaandere nog nie in die 15de eeu en Nederland nog nie teen die 17de eeu bereik het nie, is ongetwyfeld foutief. Spardakke het, soos reeds genoem, algemeen in die Middeleeuse akademiese argitektuur van Vlaandere en Nederland voorgekom. Kapstylhuise is ook dikwels in talle 16de-eeuse Vlaamse en 17de-eeuse Nederlandse skilderye afgebeeld.¹⁹⁶ Daar bestaan egter onvoldoende bewyse om 'n finale uitspraak oor die ouderdom van die kapstylhuis te maak.

Hoewel die ouderdomme van die drie basiese dakkaptipes wat in die Europese dakhuse voorgekom het nie met sekerheid bepaal kan word nie, is navorsers grootliks eensgesind oor die relatiewe ouderdom daarvan. Die dak- en gaffelsuilkonstruksie is die oudste, gevolg deur die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie en laastens die kapstyl- of spardak.¹⁹⁷

Die redes hiervoor is dat die dak- en gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie geografies oor die grootste gebied tot selfs buite Europa voorgekom het, gevolg deur die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie en dan die kapstyl- of spardak. Die volgorde word ook deur argeologiese en kultuurhistoriese navorsing bevestig.

'n Duidelike evolusieproses kan ook waargeneem word. Die horisontale hanebalk en bintbalk, asook beter voegmetodes het dit moontlik gemaak om die hinderlike vertikale dak- en gaffelsuil uit te skakel. Die evolusieproses word verder bevestig deurdat die dak- of gaffelsuil in die sogenaamde hoofstyl of *kingpost*, asook in die bo-hoofstyl *upper kingpost* voortbestaan het. Die vertikale hoofstyl het van die bintbalk tot by die nok gestrek, terwyl die bo-hoofstyl *upper kingpost* van die hanebalk tot by die nok gestrek het. Dit het met die verloop van tyd by die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie in onbruik geraak. Waar die dak- en gaffelsuil, asook die vurk die nokpaal ondersteun het en uit dubbelkonstruksies bestaan het, is die kapstyl- of spardak



Figuur 70. 'n Hongaarse skaapwagtershuis (kapstylhuis). Die voor-
gewel bestaan uit vlegwerk wat met 'n klei- of grondbmengsel gepleister
is. Die hoë skoorsteen is 'n aanduiding dat daar binne langs die deur
'n stoof is. (Foto deur Werner Bischof).

Uit: *Restorica* no. 10, December 1981, p. 6.



struktureel verder vereenvoudig deurdat dit uit 'n ligte enkelkonstruksie sonder drakappe en 'n nokpaal bestaan.

C. Besluit

Die Suid-Afrikaanse dakhuise toon direkte ooreenkomste met die millennia-oue Wes-Europese dakhuistradisie, wat hoegenaamd nie met Afrika verband hou, soos wat dikwels beweer is nie; en waarvan die vorm en konstruksie ten spyte van geografiese verskille min of geensins verander het nie. Uit bogenoemde oorsig van die verspreiding van Wes-Europese dakhuise is dit duidelik dat die bootvormige dakhuis met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie ten minste in die 17de-eeuse Nederland en Vlaandere voorgekom het. Wigvormige dakhuise met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie, vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie en die kapstylraamwerk het in die 17de eeu onder meer in Nederland, Vlaandere en Duitsland voorgekom. Dakhuise vorm dus 'n integrale deel van die sogenaamde Kaaps-Hollandse woningbou waarvan die oorsprong gewoonlik aan Nederland en/of Duitsland, óf die groter Noordwes-Europa toegeskryf word.

Note

- 1 A. Coetzee, *Die Afrikaanse volkskultuur*, p. 115; J. Walton, Homes of the early South African stock farmers, *Africana Notes and News* 8(2), March 1951, p. 53.
- 2 J. Walton, *Vroeë plase en nedersettings in die Oranje-Vrystaat*, p. 7.
- 3 J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 14.
- 4 J. Walton, Hartbeeshuis and hartbeeshut, *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 43(1), March 1987, p. 21.
- 5 E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900, met spesiale verwysing na woningbou*, D.Phil.-proefskrif, US, 1988, pp. 100-101.
- 6 G.S. Nienaber, Sonde met hartbees in hartbeeshuis, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 29(3), September 1989, pp. 188-189.
- 7 G.S. Nienaber & E-M. Nienaber (samestellers), *Die Nienabers van Erfdraai* (red. R.T.J. Lombard), p. 37.
- 8 J. Walton, *Cape cottages*, p. 24.
- 9 E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 . . .*, p. 101.
- 10 B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe. Kultuur-historiese leesboek*, p. 68.
- 11 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I* (Ed. I. Schapera), pp. 186-187; O.J.O. Ferreira, Die matjieshuis, in G. Van der Waal-Braaksma & O.J.O. Ferreira, *Die Noordweste: die stoflike kultuuruitinge van die streek se bewoners*, p. 71; C.P. Thunberg, . . . travels at the Cape of Good Hope 1772-1775 (Ed. V.S. Forbes), p. 206.
- 12 R.C. Fisher, Book Review: James Walton, *Cape cottages*, *South African Journal of Cultural History* 10(1), May 1996, p. 118.
- 13 F. Oelmann, *Haus und hof im altertum I*, p. 24; J. Walton, *African village*, p. 129.
- 14 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I* (Ed. I. Schapera), p. 228; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa II* (Ed. I. Schapera), p. 74; I. Schapera (Ed.), *The early Cape Hottentots: described in the writings of Olfert Dapper (1668), Willem ten Rhyne (1686) and Johannes Gulielmus de Grevenbroek (1695)*, p. 251; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschrywing van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 73; P. Kolben, *The present state of the Cape of Good-Hope I* (trans. Medley), p. 219.
- 15 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschrywing van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 73.
- 16 I. Schapera (Ed.), *The early Cape Hottentots . . .*, p. 251; R.

- Raven-Hart, *Cape Good Hope 1652-1702: the first fifty years of Dutch colonisation as seen by callers II*, p. 395.
- 17 P. Kolben, *The present state of the Cape of Good-Hope I* (trans. Medley), p. 220; I. Schapera (Ed.), *The early Cape Hottentots . . .*, p. 251.
 - 18 O.J.O. Ferreira, *Die matjieshuis*, in G. van der Waal-Braaksma & O.J.O. Ferreira, *Die Noordweste . . .*, p. 73.
 - 19 P.J. van der Merwe, *Trek: studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap*, p. 178.
 - 20 O.J.O. Ferreira, *Die matjieshuis*, in G. van der Waal-Braaksma & O.J.O. Ferreira, *Die Noordweste . . .*, p. 73; J. Walton, *Cape cottages*, p. 13.
 - 21 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschrywing van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 73; P. Kolben, *The present state of the Cape of Good-Hope I* (trans. Medley), p. 219.
 - 22 L. Schultze, *Aus Namaland und Kalahari*, p. 228.
'n Streekverskil ten opsigte van die dakbedekking het in dele van die Kaap en Transorangia voorgekom. C.P. Thunberg (1743-1828) het in 1772 gedurende 'n Kaapse reis in die omgewing van Quaimans Drift in die huis van Frederick Seele oornag wat hy beskryf het as ". . . an oblong cottage, constructed of timber, and daubed all over with clay."⁹⁴ Laasgenoemde kon 'n bootvormige hartbeeshuis gewees het. C.D. Bell het gedurende sy reis deur die Kaap op weg na Sentraal-Afrika (1834-36) bootvormige hartbeeshuise wat met riet bedek was en wat soms met modder gepleister was, gesien.⁹⁵ Backhouse het in die omgewing van die Sand- en Modderrivier in die Transorangia (1839), in 'n bootvormige hartbeeshuis van Salomon en sy vrou Adriana Catharina Nortjé⁹⁶ oornag. Hy het die materiaal en afwerking as volg beskryf: "It was built of sticks and reeds, and plastered with clay and cow-dung."⁹⁷ Hy het op sy reis dikwels hartbeeshuise teekom wat met riete of biesies bedek was en wat waarskynlik in geheel met klei of modder afgepleister was.⁹⁸ S.J.M. Nel het beweer dat sy by mense in die omgewing van Slangrivier in Namakwaland in 'n matjieshuis wat met klei afgepleister was, tee gedrink het.⁹⁹ Die blankes het waarskynlik die beginsel van die pondokke van Maleise oorsprong en/of die hutte van die inheemse volke oorgeneem wat die strukture met riete, bossies, strooi of goi-



ingsak bedek het, voordat hulle dit afgepleister het.¹⁰⁰

3. Pleisterwerk

Om die huis van trekke deur die gras of riet te vrywaar, is die mure aan die binnekant tot op 'n hoogte van ongeveer 0,9 meter (3 voet) gepleister.¹⁰¹ Die pleisterlaag moes dun wees om te verhoed dat dit nie as gevolg van die skuins dakmure, afval nie. Die middelmure wat die huis in vertrekke verdeel het, is ook aan beide kante netjies afgepleister.¹⁰²

In teenstelling met die bootvormige hartbeeshuis wat slegs binne teen die dekmateriaal gepleister was, is die huis soms binne en buite gepleister (Figg. 74, 76 & 77). Volgens F.T. Schonken het die wande van die bootvormige hartbeeshuis dan uit ". . . een staketsel, dat met bies of riet is opgevuld en van buiten zoowel als van binnen met leem is bestreken . . ." ¹⁰³, bestaan. M. Nathan het 'n soortgelyke beskrywing van die gewelente van die hartbeeshuis gegee, naamlik: ". . . the openings between the poles being filled up with laths, which were plastered over with clay or worked in with reeds, readily obtained from the great 'riet vlei' nearby." Dit is naby Schoemansdal in die Noord-Transvaal.¹⁰⁴

Die konstruksie van die gewelmure en die ongeveer vertikale gedeeltes van die dakmure is dan soortgelyk aan die wande van 'n paal-en-klei of gepleisterde rietmuurhuis. Dit gee aan die bootvormige hartbeeshuis, soos by 'n muurhuis, 'n duidelike visuele onderskeid tussen die muur en dakgedeeltes. Mayer het in sy tekening van 'n bootvormige hartbeeshuis noord van Brits (1927) só 'n variasie afgebeeld.¹⁰⁵

Drie of vier horisontale houtlatte is binne teen die kapsparre tot so hoog as wat die muur gedeelte moet wees, vasgemaak.¹⁰⁶ Riete, biesies of soortgelyke materiaal is buite regop in die voortjie teen die dwarslatte geplaas.¹⁰⁷ Horisontale riete of dun latjies is buite gebruik om die invulmateriaal vas te heg.¹⁰⁸ Die invulmateriaal word dus tussen die binneste dwarslatte en die buitenste horisontale riete of latjies vasgeklem. Die vasmaak of vaswerk geskied met dieselfde bindmateriaal as wat in die res van die konstruksie gebruik is.

Die samestelling van die pleister is deur dit wat in die direkte omgewing beskikbaar was, bepaal. Gevolglik het daar talle variasies voorgekom. Mengsels van klei en beesmis,¹⁰⁹ muurshoopgrond en beesmis, asook sand en beesmis is gebruik,¹¹⁰ terwyl daar ook in tydgenootlike bronne na die gebruik van modder verwys word.¹¹¹

Beesmis het die pleister hard gemaak en dit die regte struktuur gegee.¹¹² Inkrimping, en die gepaardgaande krake, is in 'n groot mate voorkom.¹¹³ Beesmis het ook die pleister vetterig gemaak, wat verhoed het dat dit maklik kon afval of afreën.¹¹⁴ Wat die verhouding van die klei en mis betref, was daar talle variasies en is die hoeveelhede deur die eienskappe van die soort klei en mis bepaal. Die pleister kon byvoorbeeld uit 'n mengsel van een deel klei en een deel nat beesmis bestaan het.¹¹⁵ Volgens C.M. Esterhuyzen het sommige persone in Transvaal 'n mengsel wat uit twee dele klei en een deel gesifte bok- of skaapmis bestaan het, gebruik.¹¹⁶

Waar miershope voorgekom het, is 'n mengsel van miershoopgrond en beesmis dikwels gebruik.¹¹⁷ In streke met 'n baie lae reënval was



beesmis oorbodig,¹¹⁸ aangesien die pleister nie maklik kon afreën nie.

'n Mengsel van sand en beesmis is redelik teen reën bestand.¹¹⁹ Thomas Pringle, het die binnekant van sy hut met 'n mengsel van sand en beesmis afgepleister.¹²⁰

Geen inligting kon oor die samestelling van die modder waarmee sommige van die bootvormige hartbeeshuise in die Kaap en Transorangia in geheel afgepleister was,¹²¹ gevind word nie. Dit was waarskynlik brak- of miershoopgrond wat met water tot modder vermeng is. Brak- en miershoopgrond reën nie maklik af nie,¹²² en het die verskynsel in elk geval in streke met 'n baie lae reënval voorgekom.

(a) *Voorbereiding van die pleistermateriaal*

Die samestelling en voorbereiding van die pleistermateriaal is deur die aard van die beskikbare materiaal bepaal en het ook van bouer tot bouer verskil.¹²³ Die mengsel moes baie goed getrap (gebrei) word om dit taai te maak, sodat dit nie sou bars as dit droog word nie.¹²⁴ Vir die trappery is gewoonlik ses tot agt osse of esels ingespan, wat heen en weer, of al in die rondte oor die klei geloop het.¹²⁵ Die mengsel is ook soms deur seuns met hulle kaalvoete getrap.¹²⁶ Volgens C. Carstens moes die kleimengsel eers twee tot drie dae lê nadat dit natgemaak is, voordat dit getrap kon word. In sommige gevalle is dadelik met die trapproses begin.¹²⁷

Die beskikbare bronne verskil oor die tydperk wat tussen die verskillende stadiums moes verloop. Volgens Carstens is die mengsel een maal getrap, waarna dit vir twee dae gelê het en weer getrap is. M.G. Schoeman beweer dat dit slegs een maal getrap is.¹²⁸ Volgens J.J. Swart moes die mengsel baie goed getrap word, waarna dit vir 'n dag of nag gelaat is om in te suur.¹²⁹ Nadat die klei getrap is, is dit finaal met grawe tot die regte digtheid gebrei, waarna dit nog sewe tot tien dae gelê het om in te suur.¹³⁰

Indien miershoopgrond gebruik was, moes dit eers fyn gestamp word voordat dit gebrei is.¹³¹ Volgens P.A.H. Pretorius moes die grond natgegooi word totdat dit sag was. 'n Holte is in die nat miershoopgrond gemaak waarin water gegooi is. Dit is vir ses tot agt dae gelaat om in te suur, waarna dit deeglik getrap is. Die miershoopgrond is vervolgens met beesmis gemeng en voor gebruik weer getrap.¹³²

(b) *Die pleisterproses*

Die pleister is in verskillende lae aangebring, naamlik 'n growwe onderlaag met een of meer bo-lae om 'n egalige muuroppervlak te verkry.¹³³ Volgens Spoelstra moes die pleister dun wees om te verhoed dat dit nie sou afval nie,¹³⁴ daarom sou die pleister by die bootvormige hartbeeshuis waarvan die dakmure vanaf die dakvoet gedek was en slegs binne met 'n dun lagie gepleister was, slegs uit 'n growwe onderlaag en 'n afwerkingslagie bestaan het.

Waar die vertikale gedeelte van die dakmuur met riet of soortgelyke materiaal ingevul en die muur aan beide kante gepleister is, kon die pleister baie dikker wees. Die dikte van die muur kan duidelik uit Mayer se skets van die interieur van 'n bootvormige hartbeeshuis noord

van Brits (1927) afgelei word. Die mure is so dik dat die muurkop aan die binnekant as stoorplek vir klein voorwerpe gedien het¹³⁵ (Fig. 76).

Om die dakmuur binne en buite te kon pleister, moes die pale vir die kappe lank genoeg wees, sodat wanneer dit paarsgewys oorgebuig is, die onderste 1,2 meter (4 voet) nagenoeg vertikaal sou wees. Tydens die rekonstruksie van 'n bootvormige hartbeeshuis in die Voortrekker-aanvangsnedersetting van die Schoemansdal Museum, is gevind dat indien die onderste gedeelte van die dakmuur effens in die rigting van die nok terughel, en omdat daar byna geen dakoorhang is nie, die pleister buite baie maklik kon afreën.

Die growwe onderlaag is binne en buite hard met die hand aangegooi, sodat dit tussen die invul materiaal kon indring.¹³⁶ Om te verhoed dat die klei afval, moes genoeg klei (nie te veel nie) op 'n keer, aangegooi word.¹³⁷ Nadat die onderlaag aangebring is, moes dit eers gelaat word om droog te word voordat 'n verdere laag met die hand aangesmeer kon word.¹³⁸ Nadat die gewel- en dakmure binne en buite met 'n paar agtereenvolgende lae gepleister is, het die mure 'n dikte van ongeveer 10 tot 15 sentimeter (4 tot 6 duim) bereik.¹³⁹


Indien die gewel- en dakmure egalig dik was, is dit binne en buite met 'n laag verdunde pleistermateriaal gesmeer. Baie barste het in die pleister ontstaan, maar is die volgende dag weer toegesmeer, totdat 'n egalige oppervlak sonder krake verkry is. Die laaste buitenste lagie het uit 'n mengsel van vars beesmis en nat klei met taamlik sand in, wat met 'n stuk skaapvel met langerige wol aangesmeer is, bestaan.¹⁴⁰

4. Deure

Twee soorte buitedeure het by die hartbeeshuis voorgekom, naamlik die raamtype wat met riete, gras of 'n huid bedek was, en geklampte plankdeure. Beide soorte kon uit 'n vollengte of 'n bo-en-onderdeur bestaan het. Volgens Spoelstra het dit in Transvaal altyd uit 'n bo-en-onderdeur bestaan¹⁴¹ (Fig. 75). Uit Africana-prente is dit duidelik dat vollengte buitedeure algemeen in Suid-Afrika voorgekom het¹⁴² (Figg. 73a-b, 79 & 80).


Die raamtype deur of "hek" soos deur Tregardt genoem, het uit 'n bedekte paalraamwerk bestaan.¹⁴³ Die amateurkunstenaar Robert H. Dingley het van 1813 tot 1817 aan die Kaapse oosgrens in die Cape Regiment diens gedoen waar hy ook die lewenswyse van die koloniste uitgebeeld het. S6 'n raamwerk is in Dingley se skets getiteld *'n Boer se huis in die binneland van Suid-Afrika met 'n looikuip en seepmakery* (1819) afgebeeld¹⁴⁴ (Fig. 80). Dit is 'n volle deur wat uit twee vertikale en vyf horisontale pale sonder diagonale verspanning bestaan. Omdat die raamwerk waarskynlik te dun was om die pen-en-gatverbinding te gebruik, is dit soos met die res van die huis, moontlik met rieme of plantaardige bindmateriaal vasgemaak.

Die raamwerk van die deur was dikwels met riete bedek.¹⁴⁵ Carl Behrens, 'n Duitser wat 'n dagboek aangehou het oor sy wedervaringe in Natal, het op 26 Junie 1840, onder meer die volgende inligting in verband met die deur van die hut waarin hy en twee van sy maats gewoon het, verstrek: "Die deure self was verder niks as houtrame nie, waaraan dik riete vasgebond was Dit laat genoeg daglig deur om te kan lees en skryf, en om te kan waarneem wat daar buite omgaan."¹⁴⁶



Figuur 79. 'n Bootvormige hartbeeshuis teen die hange van die Piketberg, Wes-Kaap. Waarskynlik die laaste van sy soort. (Foto deur James Walton, 1965).

Uit: *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 43(1), Maart 1987, pp. 20-21.



Figuur 80. 'n Kapstylhuis in die vorm van 'n skilddak, met 'n deur en vensters in die lang sy dakvlak. Die raamwerk van die gras- of rietbedekte "hek" (deur) is duidelik sigbaar. Regs van die huis is 'n keëlvormige skerm wat as 'n kookhuis dien. (R.H. Dingley, 'n Boer se huis in die binneland van Suid-Afrika met 'n looikuip en seepmakery, skets, Januarie 1819).

Museum Africa, 75/1126.

Volgens J.H. Stander van Allisionia, distrik Standerton, het die deure van die hartbeeshuis wat Stander en sy gesin in die distrik Marico in die Wes-Transvaal bewoon het, uit riet en klei bestaan.¹⁴⁷ Die rietdeur was dus gepleister om wind en koue uit te hou. Volgens Spoelstra het die deure wat soos die res van die huis met gras gedek was, ook in Transvaal voorgekom.

. . . want planke was skaars. Die eerste planke wat 'n mens kon kry, was van geelhout gesaag; en hiervoor was alleen 'n houtsaery in die 'Mongoolse Bos,' aan die kant van Natal. Mense wat ver na die weste van Transvaal gewoon het, het nie kon dink aan die haal van planke nie, en moes maar 'n grasdakdeur maak.¹⁴⁸

F.T. Schonken het opgemerk dat die raamwerk van die deure van die hartbeeshuise van die Trekboere met oshuide oorgetrek was,¹⁴⁹ terwyl Backhouse in die omgewing van die Sneeuberge, wat noord, oos en wes van Graaff-Reinet geleë is, 'n hut waarvan die deurraam met die huid van 'n kwagga bedek was, gesien het.¹⁵⁰

Vollengte plankdeure het uit drie of meer vertikale planke bestaan, wat aan die agterkant deur twee of drie horisontale planke of klampe vasgehou is, naamlik 'n bo-, slot- en onderreling. Die slotreling het by die enkeledeur met twee relings ontbreek, terwyl 'n bo-en-onderdeur elk twee relings gehad het.

Volgens die beskikbare bronne het die vollengte "hek"-tipe deur na buite oopgemaak, terwyl die geklampte bo-en-onderdeur na binne oopgemaak het.¹⁵¹ Buitedeure was gewoonlik laag, sodat 'n persoon moes buk om by die deur in te gaan.¹⁵² Die deur is nie met ysterhingsels of skarniere nie, maar met rieme voorgehang,¹⁵³ terwyl 'n riem met 'n gaatjie, aan die binnekant oor 'n spyker getrek is om die deur toe te hou.¹⁵⁴ Indien die bootvormige hartbeeshuis in vertrekke verdeel was, is die deuropeninge binne die huis oop gelaat, of is dit met 'n tekstiel gordyn of 'n matjie afgeskort.¹⁵⁵

5. Vensters

Volgens Cachet en Spoelstra het die bootvormige hartbeeshuis dikwels net een vensteropening gehad. Dit het uit 'n ongedekte "vierkant" tussen twee dwarslatte¹⁵⁶ waarvan die hoogte van minder as 25 sentimeter tot ongeveer 46 sentimeter na gelang van die afstand tussen die dwarslatte kon wissel, bestaan.¹⁵⁷ Die vensteropening was dus baie klein.¹⁵⁸ Die ongedekte opening is die venster genoem, hoewel daar nooit glasruite in was nie.¹⁵⁹ Twee van die drie bootvormige hartbeeshuise wat Backhouse by Betanië in die Transorangia afgebeeld het, het simmetriese fasades met 'n deur in die middel van die dakmuur met 'n vensteropening aan beide kante daarvan¹⁶⁰ (Fig. 78). In laasgenoemde geval was daar as gevolg van die warm droë klimaat en omdat die huise buite waarskynlik in geheel afgepleister was, 'n groter behoefte aan ventilasie. Soms het die tydelike volkswoning geen vensteropening gehad nie,¹⁶¹ aangesien die bo-deur en ook die vollengte rietdeur, asook 'n opening in die dak om rook uit te laat, voldoende lug en lig ingelaat het. Backhouse het gevind dat die deur van die bootvormige hartbeeshuis van die Boer Salomon en sy vrou Adriana Catharina Nor-tjé,¹⁶² nie die deuropening heeltemal afgesluit het nie, aangesien daar 'n 30,5 sentimeter (1 voet) hoë opening bo die deur was,¹⁶³ wat waarskynlik as vensteropening gedien het.

Volgens Pater J. de S.R. Montanha het sommige mense in Schoemansdal die "gate" van binne met sak toegemaak.¹⁶⁴ 'n Stuk *calico* (katoen) of linne het ook as bedekking voor die vensteropening gehang, óf was met spykers oor die opening vasgeslaan.¹⁶⁵ Katoen is dikwels oor 'n raampie wat met werwels in die vensteropening bevestig is, gespan.¹⁶⁶ Tekstiel is duursamer gemaak deur dit in warm vet te dompel, waarna dit ook meer lig deurgelaat het.¹⁶⁷ As alternatief vir tekstiel, is geoliede papier gebruik.¹⁶⁸ Perkament is ook oor vensteropeninge gespan, terwyl ongelooide vel snags as vensterbedekking gedien het.¹⁶⁹

Houtluike was by pioniershuise dikwels die enigste vensterbedekking, maar kon ook bykomend as bedekking tot byvoorbeeld tekstielvensters gebruik word.¹⁷⁰ Later is vensterluike van paraffienkisplankies gemaak wat aan velskarniere oopgeswaai het en met 'n riem gesluit is.¹⁷¹ Verwyderbare luike kon bedags verwyder word om snags weer binne of buite teen die opening geplaas te word. Laasgenoemde luike het binne op houtpenne gerus, terwyl dit bo met werwels bevestig is.¹⁷²

Mayer se afbeelding van 'n bootvormige hartbeeshuis noord van Brits (1927)¹⁷³ (Fig. 75) met 'n bolig met ruite bo die bo-en-onderdeur, moet as 'n uitsondering beskou word. Teen 1927 was glasruite reeds maklik bekombaar, maar sou onder werklike pioniersomstandighede nie in 'n tydelike woning aangetref word nie.

6. Die klei- of grondvloer

Ter voltooiing van die huis is 'n dun vloer van 25 tot 38 milimeter (1 tot 1½ duim) en in sommige gevalle tot so dik as 15 sentimeter (6 duim) van die hardste beskikbare grond soos potklei, miershoop- of brakgrond ingesit.¹⁷⁴ Indien die vloer goed ingesit is, was dit baie hard, gelyk en duursaam.¹⁷⁵ Kalkvloere het net in 'n paar uiters welgestelde wonings voorgekom, maar was baie koud in die winter.¹⁷⁶ In teenstelling hiermee het die grondvloer die huis in die winter heerlik warm gehou.¹⁷⁷ Geen bewyse kon gevind word dat pitvloere in tydelike wonings voorgekom het nie.¹⁷⁸ Wanneer so 'n woning vir 'n lang tydperk bewoon is, is die vloer soms met bloed of roulynolie of op derglyke wyse behandel, wat dit meer permanent gemaak en 'n blink en gladde voorkoms gegee het.¹⁷⁹

Die volksbouer het deur proefondervindelijke ervaring die grondsoorte en die eienskappe daarvan geken en gewet hoeveel ander bestanddele bygevoeg moes word om 'n mengsel met die regte eienskappe te verkry. Vir 'n grondvloer moes die digtheid en bindingsvermoë van die mengsel van 'n hoë gehalte wees.¹⁸⁰ Die voorbereiding van potklei, brakgrond en miershoopgrond, is in hooftrekke dieselfde. Die miershoopgrondvloer word vervolgens in meer besonderhede beskryf.

(a) Voorbereiding van die grond

Om te verhoed dat kolonies termiete nie in die grondvloer vestig nie, is miershope wat nie meer bewoon en deur erdvarke (*Orycteropus afer*) en ietermagôe (*Manis temminki*) opgebreek en geplunder is, gebruik.¹⁸¹ Voorkeur is aan miershope wat nie gras bevat nie, gegee maar indien daar wel graswortels aanwesig was, is die miershope eers aan die brand gestee sodat die wortels verwyder kon word.¹⁸²

Die miershope is fyn geslaan en die grond op 'n hoop gegooi.¹⁸³ Dan is

dit nat gegooi totdat dit sag was.¹⁸⁴ Potklei is gebrei deur dit te trap, terwyl miershoopgrond getrap of gestamp is,¹⁸⁵ waarna dit vir 'n paar dae gelaat is om in te suur. Die mengsel is daaglik gebrei om lugblasies te verwyder.¹⁸⁶ 'n Ander metode was om water in 'n holte in die hoop te gooi, dit dan vir ses tot agt dae te laat om in te suur, waarna dit deeglik getrap is. Die klei is vervolgens met beesmis en soms ook met bestanddele soos vet, gebreide klei en gewone grond gemeng en weer getrap voordat dit gebruik is.¹⁸⁷

As variasie hierop is jaaroud-turksvyblaaie (spesie/s van die genus *Opuntia*) gepluk, ontdoring en gekneus, waarna dit in groot seepotte met water gekook is. Die vesels van die blaaie is met 'n gaffel verwyder, waarna die kooksel gelaat is om af te koel. Die fyn gestampte miershoopgrond is hiermee gemeng en vir drie dae ingesuur, terwyl dit daaglik met skopgrawe deurgewerk is. S6 'n vloer het gou droog en baie hard geword.¹⁸⁸ Hierdie gebruik het in die Transvaal en moontlik ook op ander plekke voorgekom.

(b) *Insit van die vloer*

Voordat die vloer ingesit is, is die grondoppervlak eers gelyk gemaak en vasgestamp.¹⁸⁹ Daarna is die gebreide grond- of kleimengsel, wat redelik styf moes wees, op die grond uitgegooi en vasgestamp.¹⁹⁰ Vir dié doel is 'n stamper of 'n slaanhout gebruik.¹⁹¹ 'n Stamper het uit 'n vertikale houtsteel met 'n swaar stuk dwarshout aan die onderkant bestaan.¹⁹² 'n Slaanhout is 'n stuk hout met die kurwe van 'n velling van 'n wawiel, met die een punt so dun dat dit met die hand vasgehou kan word, en wat aan die dik slaangedeelte onder plat gemaak is, sodat dit ongeveer 15 tot 20 sentimeter breed is, met 'n totale lengte van ongeveer 60 sentimeter. Die kurwe het verhoed dat die slaner se hand nie gedurende die slaanproses aan die grond geraak het nie. Later van tyd is 'n leë graansak op die vloer waar geslaan is, gesit sodat die klei nie aan die hout kon saampak nie.¹⁹³ Die vloer is met 'n reihout gelyk afgewerk en daarna natgespat en met 'n skuurklip of troffel glad gevryf.¹⁹⁴ Die vloer kon ook eers met lynolie behandel word, voordat dit met 'n klip en melk geskuur is.¹⁹⁵

Barsies wat gedurende die droogwordproses in die vloer ontstaan het, is met 'n slaanhout aan weerskante van die barste toegeslaan. Die proses is herhaal totdat daar nie meer barsies voorgekom het nie en die vloer heeltemal droog was. 'n Ander metode was om die nuwe vloer met sakke toe te gooi sodat dit stadig kon uitdroog en nie bars nie.¹⁹⁶ By potkleivloere is dun klei gebruik om barste te herstel.¹⁹⁷

(c) *Afwerking en instandhouding*

Om die voltooide vloer skoon te hou, is dit gereeld natgespat en gevee.¹⁹⁸ Die vloer is ook daaglik tot een maal per week met 'n mengsel van vars bees- bok- of skaapmis en water gesmeer.¹⁹⁹ Dit het 'n harder en meer duursame vloer tot gevolg gehad en het die vloer koel en vry van stof en insekte soos vlooië gehou.²⁰⁰

Water is by 'n halwe emmer nat beesmis gegooi. Die mis en water is met die hande gemeng, aangesien die mengsel vry van klontjies moes wees. Klontjies is stukkend gedruk.²⁰¹ Bloed, grond, afgeroomde melk of gom van bome of 'n soortgelyke middel, is soms bygevoeg om die mengsel te bind en die vloer harder te maak.²⁰² Indien 'n klein hoeveelheid grond

by die mis gevoeg is, is die mengsel vooraf gemeng en vir 'n dag of twee ingesuur. Die insuring moes nie te lank aanhou nie, anders het die mengsel groen geword met 'n baie slegte reuk.²⁰³

Voordat met die aansmeer van die mis begin is, is die vloer eers skoon gevee.²⁰⁴ Die mengsel is met die handpalm óf met 'n lap, óf 'n besem wat van 'n besembos (blykbaar nie 'n spesifieke plantsoort nie) gemaak is, in sirkelbewegings aangesmeer.²⁰⁵ Hoe groener die weiding van die beste, hoe groener die mispolitoer.²⁰⁶ Soms is variasies van blom-, sig-sag- en golwende patrone met die vingers op die vloer aangebring.²⁰⁷ Om 'n grondvloer donker te kleur, is die as van gebrande gras of roet bo-oor gesmeer.²⁰⁸ As mis oor die roet gesmeer is, het die patrone duidelik vertoon. Roet kon ook met die mis gemeng word om donker patrone op die grondvloer te vorm.²⁰⁹ C. van Zyl skryf in haar herinneringe: "Hoe meer kinkels, draaie en swaaie jy in jou gesmeerde vloer kon sit, hoe deftiger lyk dit".²¹⁰

Emma Murray, die vrou van ds. Andrew Murray, het as bruid in 1856 oor die pastorie in Bloemfontein, waarvan die vloere met mis gesmeer was geskryf: "This gave the the floor a lovely polish and colour though the smell was overpowering at first, the next day it was not at all noticeable."²¹¹ Die Duitser E. Kretzschmar wat van ca. 1837 tot met sy vertrek in 1852 in Kaapland was, het oor die "onaangename" maar "noodsaaklike" gewoonte geskryf dat die reuk minder onaangenaam was solank die weiding groen en die weer warm was. Wanneer bloed by die mis gevoeg is, was die stank van die mengsel, selfs wanneer dit goed droog was, onuitstaanbaar.²¹²

'n Ander metode om die grond- of kleivloer te preserveer, was om dit een- of tweekeer per week met geklitste skaap- of beesbloed en water te smeer.²¹³ Bloed het die vloer duursaam en hard, maar ook baie glad gemaak.²¹⁴ Dit het 'n blink, donker vloer tot gevolg gehad.²¹⁵

Vloere is met olie gepreserveer deur dit met 'n mengsel van roulynolie en grond of skoon roulynolie te smeer.²¹⁶ Indien skoon roulynolie gebruik is, is die vloer eers hiermee behandel waarna dit met 'n maal-klip en melk geskuur is.²¹⁷ 'n Olievloer was blink en glad soos glas; so glad dat mense op die vloere kon gly.²¹⁸ Vet is ook vir dieselfde doel gebruik.²¹⁹ 'n Grondvloer wat met melk of semels en water gesmeer is, het baie hard en donker geword.²²⁰ Hierna is dit met by- of kerswas wat met 'n bietjie paraffien of terpentyn saamgesmelt is, blink gemaak.²²¹

'n Grondvloer kon ook met swart doringboomgom wat met water gekook is, gesmeer word. Die mengsel moes nie te veel gom bevat nie, anders sou dit bars. Die gomwater is met grasbesems aangesmeer waarna dié proses na twee of drie dae herhaal is. Die gom kon ook met bloed gemeng en gekook word, waarna dit met 'n mofskaapvelletjie op die vloer gesmeer is. Wanneer dit droog is, is roulynolie aangesmeer.²²² Volgens 'n informant is die gom van soetdorings (*Acacia karroo*) in water geplaas (sonder om dit te kook), totdat dit opgelos en die mengsel soos dik room gelyk het.²²³

Nadat 'n nuwe grondvloer ingesit, met 'n skuurklip glad gemaak en met melk en water gewas is, is gekneusde stinkolieblare (*Datura stramonium*) soms aan die vloer gevryf om dit blink te maak. Die gekneusde blare kon ook in afgeroomde melk geweek en dan op die vloere gevryf word.²²⁴ In die Lydenburg omgewing is turksvyblaaie se dorings afgevryf, die blaaie oopgesny en die vleiskant oor die grondvloer ge-

smeer. Wanneer die sap droog geword het, is die vloer blink gevryf.²²⁵

7. Muurafwerking

Tydlike wonings is nie altyd geverf nie, terwyl die binnekant meer dikwels as die buitekant geverf was.²²⁶ Indien die hout van deure en vensterluike, soos boekenhout (*Rapanea melanophleas* of *Faurea* soorte), teen son en reën bestand was, is dit dikwels ongeverf gelaat.²²⁷ Hartbeeshuise kon dus ongeverf, of binne en minder dikwels ook buite geverf gewees het.

Tregardt het na die oprigting van hartbeeshuise tydens hulle verblyf in die Soutpansberg, op 6 April 1837 in sy dagboek geskryf: "Ben wij gereden om kalk te haalen . . ." en op 13 April "ben Pieta gereden om mis te halen om de kalk uit te branden."²²⁸ Die kalk waarna Tregardt in sy dagboek verwys, was moontlik gebruik om die mure van hulle hartbeeshuise mee af te wit. Kalk was egter ook by die kook van seep gebruik.²²⁹

Skulpe en droë beesmis is in lae gepak en aan die brand gestee. Die volgende dag is die gebrande skulpe uit die as gehaal, in sakke gegooi en nat gemaak. Dan het die skulpe tot 'n fyn, wit kalk geblus.²³⁰

G.H. van Rooyen het die brand van kalkklippe onder meer as volg beskryf:

Vierkantige blokke mis word met 'n graaf uit 'n kraal gestee en eers gedroog. 'n Bos droë gras word aanmekaar gedraai met fyn hout buite om, ongeveer ses voet lank en twaalf duim in deursnee, dit word regop geplaas. 'n Muurtjie van drie voet hoog word met die blokke mis in 'n sirkel met 'n deursnit van ongeveer agt voet om die gras gepak. Vervolgens word 'n laag kalkklippe ses duim dik binne die ringmuurtjie gepak, gevolg deur 'n laag mis. Verdere lae kalkklippe en mis volg tot op die hoogte van die ringmuurtjie, waarna die lae keëlvormig tot by die bokant van die gras en fyn hout opgetrek word, sodat net die toppie van die gras uitsteek. Dit het dan die voorkoms van 'n rondaweltjie. Gewoonlik word die stapel op 'n windstil aand van bo af aan die brand gestee. Die gras en houtjies brand dan van bo na onder en die mis van binne na buite. Dit kan tot 'n week duur voordat die stapel uitgebrand en koud is. Tydens die brandproses, is 'n mooi ronde put met beesmis glad uitgesmeer. Die kalkklippe word in water gedruk en in die put gegooi. As dit klaar is, word die put goed met doringtakke toegemaak, omdat die kalk gedurende die blusproses vuurwarm word. Sodra dit geblus en afgekoel het, is die kalk in 'n natgemaakte beesvel of sakke van kwaggavel, met riempies toegewerk om vervoer te word.²³¹

'n Eenvoudige mengsel van growwe sout en ongebluste kalk is dikwels as verf gebruik.²³² 'n Meer duursame verf het uit growwe sout, ongebluste kalk en harde beesvet bestaan. Sout het die verf hard gemaak, terwyl vet die kalk geblus en dit waterdig gemaak het.²³³ Gebluste kalk en sout is ook gebruik.²³⁴ Gebluste kalk kon ook met afgeroomde melk in plaas van met water gemeng word. In laasgenoemde geval is geen sout bygevoeg nie. Om 'n gekleurde verf te bewerkstellig, is gekleurde klei

of blousel by die kalk gevoeg.²³⁵

'n Sout en ongebluste kalkmengsel is voorberei deur 'n hoeveelheid growwe sout, afhangende van die grootte van die muur wat afgewit moes word, in 'n houer te gooi en met kookwater op te los, waarna die ongebluste kalk ingegooi en geroer is totdat 'n dik pasta gevorm het. Om in te suur is vir 'n verdere dag of drie water bygevoeg en telkens deeglik geroer. Wanneer dit gebruik moes word, is 'n hoeveelheid van die pasta in 'n emmer geplaas en met water gemeng, totdat dit dun genoeg was om aangewend te word.²³⁶

'n Mengsel van ongebluste kalk, harde beesvet en sout is voorberei deur die ongebluste kalk en beesvet in 'n houer met soutwater te plaas sodat die kalk kon blus. Die mengsel het deur die nag spontaan gekook en was die volgende dag gereed vir gebruik.²³⁷

Gebluste kalk is vir drie dae lank met soutwater ingesuur, waarna dit gereed was.²³⁸ Of dieselfde prosedure by die aanmaak van 'n mengsel van gebluste kalk en afgeroomde melk gevolg is, is nie seker nie.

Wanneer kalk nie beskikbaar was nie, is alternatiewe middele gebruik, soos 'n mengsel van as en water wat met 'n bietjie grond gemeng is om te bind, waarmee die huis binne en soms buite geverf is.²³⁹ Mure is ook dikwels met klei of sagte klip geverf.²⁴⁰ Die kleur van die klei het van plek tot plek gewissel. Beskikbare kleure was wit, grys, geel, pienk en rooibruin.²⁴¹ As of rooi oksied is ook bygevoeg om die klei te kleur.²⁴²

Die klei is in water geweek en deeglik geroer.²⁴³ 'n Taamlike hoeveelheid sand is by die klei gevoeg.²⁴⁴ Klei vir verfwerk is soms eers uitgedroog en deur die swart vroue op 'n maalklip tot poeier gemaal, alvorens dit by die water gevoeg is.²⁴⁵ Die vroue het presies geweet hoe dik of dun die mengsel moes wees voordat dit, soos in die geval van 'n kalkmengsel, met 'n skaapvel, lap of 'n kwas van plantvesel aangewend kon word.²⁴⁶

Volgens Tregardt het die oprigting van 'n bootvormige hartbeeshuis tien dae geduur.²⁴⁷ Spoelstra het bevestig dat die voltooiing van die huis slegs enkele dae geneem het.²⁴⁸

8. Meubilering

Die meubels in 'n tydelike pioniershuis het slegs uit dit wat op die wa gelaai kon word as daar getrek moes word, bestaan. Bell het in 'n skildery getiteld *Interieur van die tent van 'n Trekboer in Griekwaland* (1835), die karige besittings van 'n pionier afgebeeld (Fig. 81).

Tregardt het op 22 Maart 1837 in sy dagboek geskryf: "Ik had die dag niets te doen als de [hartbees]huis te late pleisteren, en Pieta heb de katel . . . op gezit."²⁴⁹

Volgens Backhouse (1839) was die Boer Salomon en sy vrou Adriana Catharina Nortjé²⁵⁰ by wie hy in die Transorangia naby die Sand- en Modderrivier oornag het, die ouers van nege kinders waarvan vyf getroudes in die omgewing gewoon het. Daar was dus nog vier kinders in die bootvormige hartbeeshuis van dié egpaar.²⁵¹



Figuur 81. Die tentbalk (nokpaal) en een van die tentpale (gaffelsuile) is duidelik sigbaar. (C. Bell, *Interieur van die tent van 'n Trekboer in Griekwaland*, skildery, 1835).

Uit: J.C. Pretorius (red.), *Op trek: die daaglikse lewe tydens die Groot Trek* (Pretoria, 1988), p. 202.



Backhouse skryf: "Their house presented no attractions in regard to cleanliness; but it was the abode of hospitality, and in some measure, a shelter from the cold." Die meubels het uit 'n lae bed, twee wakiste wat as 'n tafel gedien het, twee klapstoele, 'n stoel, en 'n konfoor (vir die vrou wat sonder skoene was), 'n paar yster kookpote waarvan een met 'n gat in die sy in die middel van die vertrek gestaan het en wat 'n klein hout vuurtjie binne-in bevat het, bestaan. Daar was ook 'n ketel, 'n geweer, 'n paar kleiner items en 'n stapel velle waarop die kinders geslaap het. Buite was onder meer 'n rietskerm wat as 'n kookplek gedien het.²⁵²

C.F. Warden, 'n seun van majoor H.D. Warden was in ca. 1846 in die Transorangia in 'n hartbeeshuis met wildsvleis onthaal waarvan die oorblywende karkas aan die dakraamwerk gehang het.²⁵³

In kontras met Backhouse se beskrywing, het Aucamp oor die meubilering van 'n bootvormige hartbeeshuis in die Stormberge in die Noordoos-Kaapland geskryf:

Sos hy [die vloer] droog is, kom die vrouens aan die kant maak. Nou word dit gesmeer en die huis raad ingedraa en die kooie wort spierwit oorgetrek, en wit doekies oor die tafeltjies.

Niemand wat dit nie gesien het nie, kan hom voorstel hoe deftig so 'n huis kan lyk nie.²⁵⁴

Soos Aucamp, het Spoelstra die netheid van die interieurs van die hartbeeshuise bevestig: ". . . hulle het hulle meubeltjies mooi daarin gerangskik en alles skoon en sindelik gehou".²⁵⁵ Volgens Spoelstra het die meubels uit stoele, tafels, rusbanke, wakiste en katels, bestaan: ". . . alles alleen eiehandige boermaaksel".²⁵⁶ In 'n spesifieke geval het 'n paar geskuurde kookpote wat uit die kookhuis ingebring is, in die een hoek van die huis gestaan.²⁵⁷

In Mayer se skets van die binnekant van 'n bootvormige hartbeeshuis noord van Brits (1927) (Fig. 76), word die huis deur middel van 'n horisontale paal met 'n gordyn in 'n slaap- en woonkamer verdeel. In die woonkamer teen die gordyn staan 'n riempiesbank met 'n stoel regs daarvan. Dit wil voorkom asof die stoel by 'n klaptafel staan wat deur die rand van die tekening afgesny word. Die dakmuur wat tot op 'n hoogte van ongeveer 0.9 of 1.2 meter (3 of 4 voet) gepleister is, het as pakplek vir 'n aantal kleiner voorwerpe gedien.²⁵⁸

D. Die kookhuis

Volgens Aucamp en Spoelstra is daar nooit binne 'n bootvormige hartbeeshuis vuurgemaak nie, aangesien die gras- of rietbedekking en die raamwerk maklik aan die brand kon raak. By die bootvormige hartbeeshuis was daar 'n losstaande rondawel met 'n deursnit van 3,1 tot 3,7 meter (10 tot 12 voet) waarin daar 'n vuur op die grond vir kookdoeleindes gemaak is²⁵⁹ (Fig. 82).

Pale met 'n diameter van 12,7 tot 15,2 sentimeter (5 tot 6 duim) is in 'n sirkel op afstande van 1,2 tot 1,5 meter (4 tot 5 voet) ingeplant en op 'n hoogte van ongeveer 1,2 meter (4 voet) gelyk afgesaag. Die twee pale wat die reguitste was, is so ver van mekaar af ingeplant as wat die deur wyd moes wees.²⁶⁰ Laasgenoemde is op deurhoogte afgesaag



Figuur 82. 'n Saaldakvormige kapstylhuis, kookhuis en kapstylwaenhuis. (Eksperimentele rekonstruksie in die Voortrekkeraanvangsnederstelling van die Schoemansdal Museum, Louis Trichardt, Noord-Transvaal, 1989.

Foto: J.J. Raath, 1989.



en het gevolglik bo die lae mure uitgestaan. Aangesien die mure slegs 1,2 meter (4 voet) hoog was, was die gebruik van bintbalke onmoontlik en moes die pale stewig en diep genoeg ingeplant word sodat die uitwaartse druk van die dak nie die mure kon omstoot nie.²⁶¹

Die kapsparre, wat almal ewe lank was, is bo-op die muurpale geplaas.²⁶² Om te verhoed dat die kapsparre afgly, is 'n vertikale gat deur elke kapspar in die muurpaal geboor, waarin 'n houtpen geslaan is.²⁶³ Die kapsparre se bopunte is nie bymekaar in 'n punt vasgemaak nie, maar is aan 'n hoepel (gemaak van 'n nie te dik buigbare lat) met 'n diameter van 0,3 meter (1 voet), vasgemaak. Die opening het as 'n skoorsteen gedien. Soos by die bootvormige hartbeeshuis is dwarslatte teen die muurpale en daksparre vasgemaak en op dieselfde wyse gedek.²⁶⁴

Die kookhuis het (soos by die bootvormige hartbeeshuis) 'n bo-en-onderdeur gehad wat met rieme in plaas van skarniere voorgehang is.²⁶⁵

Soos reeds genoem, is daar in die middel van die vloer 'n vuur gemaak. Potte met pote het direk op die grond gestaan, terwyl 'n ketel op 'n selfgemaakte drievoet wat van 'n naafband gemaak is, geplaas is.²⁶⁶

E. Besluit

Walton het tereg daarop gewys dat alle beskrywings van die bootvormige hartbeeshuis, selfs die uit afgeleë gebiede, baie sterk ooreenkom.²⁶⁷ Hy het hiermee waarskynlik die vorm en dakraamkonstruksie bedoel.

Materiaal en afwerking, asook die voorbereiding en aanwending van die materiaal het aanmerklik van streek tot streek verskil. Die verskeidenheid van grondvloere en muurverwe wat hierbo behandel is, is nie naastenby 'n volledige opgaaf van alle moontlike streekverskille nie. Die variasies ten opsigte van sluitgewels, dakbedekking, mure, deure en vensters het die basiese bootvorm en dakraamwerk onveranderd gelaat. Streekverskille moet hoofsaaklik aan die klimaat en die plaaslik beskikbare materiaal toegeskryf word. Die ligging van die deur en vensters, asook die aantal vertrekke en ander kleiner besonderhede is deur die inwoners self uit 'n beperkte aantal moontlikhede bepaal.

Note

- 1 G.S. Preller, *Ou Pretoria*, pp. 11 & 13.
- 2 G.S. Preller, *Ou Pretoria*, p. 13; F.T. Schonken, *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p. 84; L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. le Roux), p. 1
- 3 Die Tregardt-trek het sewentien weke in tente gewoon, aangesien daar eers 'n watervoor uitgehaal en 'n dam gemaak is. L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. le Roux), pp. 1-5.
- 4 Die Tregardt-trek het ongeveer dertien weke in skerms gewoon waar-tydens daar onder meer bees- skaap- en lammerkrale, asook 'n kalwerhok gebou is. L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. le Roux), pp. 5-6, 9, 11 & 18-19. Maria Minnaar vertel: "Oom Lukas het die geleentheid waargeneem om 'n bietjie graansaad in die grond te kry, sodat toe ons hier aankom sy woning nog maar uit 'n skerm bestaan het." G.S. Preller, *Ou Pretoria*, p. 13.
- 5 R. Gouws, Huis, werf en verder aan, in H. Aucamp (red.), *Op die Stormberge. 'n Vertolking van 'n streek*, p. 27; B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe. Kultuur-historiese leesboek*, p. 66.
- 6 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald*, p. 423.
- 7 Persoonlike waarneming tydens die eksperimentele rekonstruksie van 'n bootvormige hartbeeshuis in die Voortrekkeraanvangsneder-setting van die Schoemansdal Museum, 1989.
- 8 Mondelinge mededeling: M.C. Botha, Posbus 65, Pienaarsrivier, 1991-08-16.
- 9 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers . . .*, p. 422; G.S. Preller, *Ou Pretoria*, p. 13; F.T. Schonken, *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p. 84; L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. le Roux), pp. 19-23 & 59.
- 10 G.S. Preller, *Ou Pretoria*, p. 13.
- 11 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers . . .*, p. 173.
- 12 J. Backhouse, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa*, p. 419; B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 69; L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. le Roux), pp. 5, 6, 18-23, 59, 62 & 64.
- 13 G.J. Schutte (red.), *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel jr. oor Kaapse sake, 1778-1792*, p. 169.
- 14 Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (hierna TAB): A 81, p. 103: Verslag van die heenreis na, verblyf by en terugreis van die Boere van die Suid-Afrikaanse Republiek in die binneland van Afrika, deur Pater J. de S.R. Montanha, ridder van die Orde van Christus, vikaris van Vara en kapelaan van die kerk van die dorp Inhambane, asook informasie verstrek aan die Goewerneur van Lourenco Marques deur Joao Albasini en Avelino Xavier de Menezes, 1847.



- 15 C.C.E. Aucamp, Vanslewe: fragmente uit die dagboek van . . . (1868-1953), in H. Aucamp (red.), *Op die Stormberge . . .*, p. 102; F.R. Bradlow (Ed.), *Francis Masson's account of three journeys at the Cape of Good Hope 1772-1775*, p. 112; F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers . . .*, p. 422; TAB: A 81, p. 103; Verslag van Pater J. de S.R. Montanha, 1847; G.S. Preller, *Ou Pretoria*, p. 13; G.S. Preller, *Voortrekkermense I*, pp. 236-237; K. Schoeman, Uit die versameling van die S.A. Biblioteek: die 'henerringen' van G.H. Warden, *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek* 45(2), Desember 1990, p. 68; B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 69.
- 16 F.R. Bradlow (Ed.), *Francis Masson's account of three journeys at the Cape of Good Hope 1772-1775*, p. 112; F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers . . .*, p. 422; K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek, saamgestel uit die eerste Afrikaanse vroueboek Die Boerevrou*, p. 70; G.S. Preller, *Voortrekkermense I*, pp. 236-237; B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 69; G. Warden, Die herinneringe van . . . (red. D.A. van der Bank), *Navorsing van die Nasionale Museum Bloemfontein* 5(6), Oktober 1985, p. 16.
- 17 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers . . .*, p. 422; G.S. Preller, *Voortrekkermense III*, p. 75.
- 18 Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria (hierna NKHM): HG 7014 312, tekening: *Bosveldwoning, Voortrekkerstyl, noordoos van Brits (hardbieshuis)*, E. Mayer, 1927; TAB: A 81, p. 103; Verslag van Pater J. de S.R. Montanha, 1847; J. Murray, *Young Mrs. Murray goes to Bloemfontein 1856-1860* p. 51; G.S. Preller, *Ou Pretoria*, p. 13; H.A. Roche, *On trek in Transvaal*, p. 230; K. Schoeman (Ed.), *The early days of the Orange Free State: Charles Warden, W.D. Savage, Martha Jane Kirk*, p. 26; H. Taylor, *Doctor to Basuto, Boer and Briton 1877-1906*, p. 123; G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, p. 180.
- 19 C.C.E. Aucamp, Vanslewe: fragmente uit die dagboek van . . . (1868-1953), in H. Aucamp (red.), *Op die Stormberge . . .*, p. 102; B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 69.
- 20 B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 69.
- 21 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers . . .*, p. 422; K. Schoeman, Uit die versameling van die S.A. Biblioteek: die 'henerringen' van G.H. Warden, *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek* 45(2), Desember 1990, p. 68.
- 22 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, p. 178.
- 23 Mondelinge mededeling: M.C. Botha, Posbus 65, Pienaarsrivier, 1991-08-16; W. Shaw, *The story of my mission in South-Eastern Africa: comprising some account of the European colonists; with extended notices of the Kaffir and other native tribes*, p. 42.
- 24 B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 68.
- 25 C.C.E. Aucamp, Vanslewe: fragmente uit die dagboek van . . . (1868-1953), in H. Aucamp (red.), *Op die Stormberge . . .*, p. 102.

- 26 B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 67.
- 27 L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. le Roux), pp. 6 & 23.
- 28 Mondelinge mededeling: C.J. Henrico, Herfsland 17, Potgietersrus, 1991-09-17; B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 67.
- 29 Museum Africa, Johannesburg (hierna MA): B128/1139, skildery: *Tafelplaas, Klaas Smitsrivier*, T. Baines, 1848-04-24; TAB: A 1365 17, skildery: sonder titel, T. Baines, s.a.; Kaapse Argief-bewaarpark, Kaapstad (hierna KAB): A 1415 (73), skildery: sonder titel, H. Ford, 1836.
- 30 KAB: A 1415 (73), skets: *Hartebeesthut*, C. Bell, 1836; NKHM: HG 7014 311, tekening: *Transvaalse Bosveldwoning, noord van Brits, volgens Voortrekkertradisie gebou*, E. Mayer, 1927; NKHM: HG 7014 397, tekening: *Bosveldwoning, Voortrekkerstyl, noord van Brits Transvaal*, E. Mayer, 1927.
- 31 B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 67; L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. le Roux), p. 20.
- 32 Persoonlike waarneming tydens die eksperimentele rekonstruksie van 'n bootvormige hartbeeshuis in die Voortrekkeraanvangsnedersetting van die Schoemansdal Museum, 1989.
- 33 B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 67.
- 34 B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 68; Mondelinge mededeling: J.J. Viljoen, Diepkloof Plaasmuseum, Heidelberg, Transvaal, 1990-08-16.
- 35 Mondelinge mededeling: J.J. Viljoen, Diepkloof Plaasmuseum, Heidelberg, Transvaal, 1990-08-16.
- 36 Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad (hierna SAB): Gebinde uitknipsel uit *The Courier*, 1820-11-25; K. Schoeman, *Vrystaatse erfenis: bouwerk en geboue in die 19de eeu*, pp. 20-21; B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 68.
- 37 B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 68; L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. le Roux), pp. 19-20.
- 38 C.C.E. Aucamp, Vanslewe: fragmente uit die dagboek van . . . (1868-1953), in H. Aucamp (red.), *Op die Stormberge . . .*, p. 102.
- 39 Persoonlike waarneming tydens die eksperimentele rekonstruksie van 'n bootvormige hartbeeshuis in die Voortrekkeraanvangsnedersetting van die Schoemansdal Museum, 1989.
- 40 Skriftelike mededeling: M.C. Smit, Bosmanhuis 216, Jasmynlaan, Silverton, Pretoria, 1987-11-23.
- 41 Persoonlike waarneming tydens die eksperimentele rekonstruksie van 'n bootvormige hartbeeshuis in die Voortrekkeraanvangsnedersetting van die Schoemansdal Museum, 1989. Die Nasionale Botaniese Instituut kon nie die wetenskaplike benaming van teebos verskaf nie.



- 42 C.C.E. Aucamp, *Vanslewe: fragmente uit die dagboek van . . . (1868-1953)*, in H. Aucamp (red.), *Op die Stormberge . . .*, p. 102; B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 67; K. Schoeman, *Uit die versameling van die S.A. Biblioteek: die 'henerringen' van G.H. Warden, Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek* 45(2), Desember 1990, p. 68.
- 43 B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 67.
- 44 KAB: A 1415 (73), skets: *Hartebeesthut*, C. Bell, 1836; NKHM: HG 7014 311, tekening: *Transvaalse Bosveldwoning, noord van Brits, volgens Voortrekkertradisie gebou*, E. Mayer, 1927; NKHM: HG 7014 397, tekening: *Bosveldwoning, Voortrekkerstyl, noord van Brits Transvaal*, E. Mayer, 1927.
- 45 Mondelinge mededeling: M.C. Botha, Posbus 65, Pienaarsrivier, 1991-08-16; Mondelinge mededeling: C.J. Henrico, Herfsland 17, Potgietersrus, 1991-09-17; Mondelinge mededeling: P.A.H. Pretorius, Munnikstraat 84, Louis Trichardt, 1990-02-06; Mondelinge mededeling: D.J. Rossouw, Oorlogsfontein, hoewe 45, Potgietersrus, 1991-09-17; B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 67; G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekertydperk II*, p. 180; J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 97.
- 46 B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe . . .*, p. 68.
- 47 P.W. Grobbelaar (red.), *Die Vrystaat en sy mense*, p. 28; Mondelinge mededeling: C.J. Henrico, Herfsland 17, Potgietersrus, 1991-09-17.
- 48 E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900, met spesiale verwysing na woningbou*, D.Phil.-proefskrif, US, 1988, p. 288; Persoonlike waarneming tydens die eksperimentele rekonstruksie van 'n bootvormige hartbeeshuis in die Voortrekkerangvangsnedersetting van die Schoemansdal Museum, 1989.
- 49 Mondelinge mededeling: W. Aukema, Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Posbus 3300, Pretoria, 1989-10-12.
- 50 Mondelinge mededeling: W. Aukema, Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Posbus 3300, Pretoria, 1989-10-12.
- 51 E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 . . .*, p. 288.
- 52 Skriftelike mededeling: M.C. Botha, Posbus 65, Pienaarsrivier, 1991-08-16; Mondelinge mededeling: C.J. Henrico, Herfsland 17, Potgietersrus, 1991-09-17; Skriftelike mededeling: J.A.N. Joubert, Posbus 1003, Lydenburg, 16-04-1992; Mondelinge mededeling: P.A.H. Pretorius, Munnikstraat 84, Louis Trichardt, 1990-02-06; Mondelinge mededeling: D.J. Rossouw, Oorlogsfontein, hoewe 45, Potgietersrus, 1991-09-17; Mondelinge mededeling: J.J. Viljoen, Diepkloof Plaasmuseum, Heidelberg, Transvaal, 1990-08-16. Die Nasionale Botaniese Instituut kon nie die wetenskaplike benaming van die vlam van die Bosveld verskaf nie.
- 53 Skriftelike mededeling: M.C. Botha, Posbus 65, Pienaarsrivier, 1991-08-16.



- 54 Skriftelike mededeling: M.C. Botha, Posbus 65, Pienaarsrivier, 1991-08-16; Mondelinge mededeling: C.J. Henrico, Herfsland 17, Potgietersrus, 1991-09-17; Skriftelike mededeling: J.A.N. Joubert, Posbus 1003, Lydenburg, 16-04-1992; Mondelinge mededeling: D.J. Rossouw, Oorlogsfontein, hoewe 45, Potgietersrus, 1991-09-17; L. Trigardt, *Die dagboek van . . .* (red. T.H. le Roux), p. 35.
- 55 E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 . . .*, p. 288; Mondelinge mededeling: D.J. Rossouw, Oorlogsfontein, hoewe 45, Potgietersrus, 1991-09-17; G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekkertydperk II*, p. 180; Mondelinge mededeling: J.J. Viljoen, Diepkloof Plaasmuseum, Heidelberg, Transvaal, 1990-08-16.
deurskynende vlies van 'n varkblaas, of geoliede perkament, papier of linne of iets soortgelyks bedek is.³⁵ Olie het die bedekking in 'n mate deursigtig, en bestand teen reën gemaak.³⁶ 'n Klein venstertjie met glasruite kon ook vir dié doel uit Nederland saamgebring gewees het. 'n Vensteropening kon slegs deur middel van 'n luik, of bykomend tot bogenoemde metodes afgesluit word, in welke geval nie net die wind, maar ook lig uitgehou is.³⁷ 'n Luik in die gewel was gewoonlik 'n swaailuik, terwyl 'n luik in 'n dakskild na bo opgelig moes word.³⁸

Van Riebeeck en sy gesin het gedurende die Kaapse winter in 'n tent (kapstylhuis) gewoon. Die vensteropening sou as gevolg van die weer dikwels toe wees, wat ook vir 'n bo-deur sou geld. Van Riebeeck skryf op 12 Junie 1652 in sy *Daghregister* oor uitermate swaar hael- en reënbuie wat met stormwind gepaard gegaan het.³⁹ Teen die aand van 21 Junie het 'n stormwind uit die suidooste begin waai en op 25 en 26 Julie was dit "noch al even ongestadigh, stormachtigh, coudt, guijs weder uijtte het westelijckerhandt, dat men qualijck een hont soude uijtjaegen . . ." ⁴⁰ Dit is opmerklik dat Van Riebeeck die gebeure van 25 en 26 Julie eers op die 27ste, toe dit sonskynweer was, in sy *Daghregister* aangeteken het,⁴¹ wat waarskynlik aan 'n gebrek aan voldoende lig toegeskryf moet word.

In teenstelling met Van Riebeeck se kapstylhuis is die latere pionierkapstylhuise met materiaal uit die direkte omgewing opgerig. In die konstruksie van hierdie huise is daar nie van gesaagde balke nie, maar van pale gebruik gemaak. Die plankbeskot is ook grootliks met 'n bie-sie- of grasbedekking vervang:

Die kunstenaar en litograaf J.C. Poortermans (1813-1892), het in 1849 saaldakvormige kapstylhuise op die plase Kapteinskloof en Ezelshoek by Piketberg, Wes-Kaap, afgebeeld, waar dit óf as buitegeboue, óf as bykomende behuising gedien het.⁴²

J.D. Kestell skryf in *Christiaan de Wet: 'n lewensbeskrywing* (1920):


Op Kalkfontein [in die distrik Bloemfontein] het Jacobus de Wet 'n hartbeeshuis gebou [ca. 1860]. . . . wat uit niks anders bestaan het nie as 'n spits dak, wat op die grond gerus het. Daar was geen mure nie. Seer tenger was die huisie saamgestel met latte en gedek met tamboekiegras [spesie van die genera *Hyparrhenia* of *Cymbopogon*].

Kestell noem ook dat daar 'n rietdeurtjie in die gewel was.⁴³

In Groenland, naby Kranskop in Natal, het die Voortrekkers kapstylhuise waarin hulle jare lank gewoon het en waarvan sommige tot ongeveer 1875 nog as wonings gedien het, opgerig (Figg. 86a-b). Dié kapstylhuise is met verloop van tyd met klip- en baksteenhuisse vervang.⁴⁴

Die kapstylhuise was van 3,1 tot 3,7 meter (10 tot 12 voet) breed, 6,16 tot 9,1 meter (20 tot 30 voet) lank, en 2,4 tot 2,7 meter (8 tot 9 voet) hoog. Aan beide kante binne, is oor die hele lengte van die huis 'n ongeveer 0,9 meter (3 voet) hoë sooi-, modder- of steenmuur tot teen die kappe gebou.⁴⁵

By 'n huis van 3,1 meter (10 voet) breed, 6,1 meter (20 voet) lank, en 2,4 meter (8 voet) hoog, was die dakhelling ongeveer 58 grade. Deur



Figuur 86a-b. Die kapstylhuise by Groenland, naby Kranskop in Natal.

Uit: G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II* (Bloemfontein, Kaapstad & Port Elizabeth, 1940), pp. 179-180.



die hoogte van die mure met die hoek van die dak in berekening te bring, en indien die binnemure 0,3 meter (1 voet) breed was, is vasgestel dat die vloer ongeveer 1,5 meter (5 voet) breed was, met 'n vloeroppervlak van 9,3 vierkante meter (100 vierkante voet). By 'n huis wat 3,7 meter (12 voet), breed, 9,1 meter (30 voet) lank, en 2,7 meter (9 voet) hoog was, was die dakhelling ongeveer 56 grade. Op dieselfde wyse as hierbo, is vasgestel dat die vloer ongeveer 2,1 meter (7 voet) breed was, met 'n vloeroppervlak van 19,5 vierkante meter (210 vierkante voet). Die binnekant van die huis het dus soos 'n lang breë gang daar uitgesien,⁴⁶ met 'n relatief klein vloeroppervlak.

Volgens G.H. Van Rooyen se skets in *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II* (1940), het die dak uit ses kappe bestaan.⁴⁷ Die huis is waarskynlik 6,1 meter (20 voet) lank en die kappe 1,2 meter (4 voet) uitmekaar gespasieer. 'n Huis van 9,1 meter (30 voet) lank, sou dus uit agt tot nege kappe bestaan het.⁴⁸

Die kapstyle van die kapstylhuise van Groenland is bo paarsgewys met 'n pen-en-gat verbind. Na voltooiing van die kappe is die dwarslattice met rieme aan die kapstyle vasgemaak, waarna die hanebalke aangebring is.⁴⁹

Aangesien 'n dakbeskot ontbreek het, is daar van 'n bykomende versterking, naamlik windlatte, gebruik gemaak wat die huis teen sterk wind bestand gemaak het – vandaar die naam. 'n Windlat is 'n lat wat aan die binnekant van die kappe diagonaal vanaf die eerste kapstylvoet by die voorgewel oor die kapstyle tot by die laaste kapstylkop by die agtergewel strek. 'n Tweede windlat het aan die ander sy van die huis vanaf die kapstylvoet by die agterste gewel diagonaal tot by die kapstylkop van die voorste gewel, gestrek.⁵⁰ Die windlatte is, soos die dwarslattice, waarskynlik met rieme aan die kapstyle vasgemaak.

In die gewel wat die voorkant van die huis was, is 'n opening vir 'n bo-en-onderdeur gelaat, met 'n klein venstertjie in die agterste gewel.⁵¹

Die kapstylhuise van Groenland is volgens die onopgedrewe metode gedek. Vir dekgoed is gebruik gemaak van dekgras, riete of "ruigte" (*Erianthus capensis*). Ruigte se stingels is sonder litte en hierdie behaarde gras groei in die vleie tot ongeveer 1,1 tot 1,3 meter (3½ tot 4 voet) hoog. Die dekmateriaal is aan die dwarslattice met dun riempies of sterk bastoue van inheemse boomsoorte vasgewerk.⁵² Die onopgedrewe dekproses is reeds by die bootvormige hartbeeshuis volledig beskryf (Kyk Hoofstuk V, pp. 159 & 161).

Wanneer die dekwerk voltooi is, is 'n mengsel van sand en beesmis bo-oor die dakvors gesmeer om reënwater uit te hou. Later, toe koolteer in die handel beskikbaar was, is dit oor die sand- en beesmismengsel op die dakvors gesmeer om dit meer waterdig te maak.⁵³

Vervolgens is aan beide kante binne oor die hele lengte van die huis 'n ongeveer 0,9 meter (3 voet) hoë muur tot teen die kappe gebou. Om die mure netjies af te rond, is dit met 'n mengsel van sand en beesmis gepleister.⁵⁴ Die doel van die mure was om die inwoners van lugtrekke en reënwater te vrywaar, terwyl die muurkop ook as bergplek vir kleiner voorwerpe gedien het.⁵⁵ Walton beweer dat die muurtjies die voorganger van die lae symure van die ontwikkelde kapstylhuis was.⁵⁶ Dit is egter 'n debatteerbare stelling. 'n Soortgelyke verskynsel het in

700 v.C. in Ystertydperk-boerderye in die Hijkerveld in Nederland voorgekom. J.H.F. Bloemers et al. skryf hieroor in *Verleden Land. Archeologiese opgravingen in Nederland* (1981) die volgende: ". . . de wand [worden] niet meer opgetrokken tussen zware wandposten die het dak droegen, maar hij stond los onder een overstekend dak, dat aan de dakvoet werd geschoord. De wand was zo beter beschermd tegen de regen".⁵⁷ Dit is nie bekend waaruit die gewels bestaan het nie. Dit kon uit dieselfde materiaal as die symuurtjies bestaan het, óf soos die dakskilde gedek gewees het.

Die kapstylhuise in Groenland se vloere het uit miershoopklei bestaan. Dit is aanvanklik met beesmis gesmeer, terwyl dit in later jare met lynsaadolie of osbloed gesmeer en met 'n gladde klip gepoleer is.⁵⁸

Die huise is gewoonlik met gordyne in drie vertrekke afgeskort⁵⁹ - 'n voorhuis of woonkamer en twee slaapkamers. Die woonkamer was altyd voor geleë (daarom is dit die voorhuis genoem), met die slaapkamers daaragter.⁶⁰ 'n Buite-kookskerm waar kos voorberei is, is 'n paar tree van die kapstylhuis af, opgerig.⁶¹


Volgens E. Barnard het soortgelyke kapstylhuise in die omgewing van Swellendam, Wes-Kaap voorgekom. Die lae binnemuurtjies was ongeveer 20 sentimeter hoog en het uit rousteen wat met 'n kleimengsel gepleister is, bestaan.⁶²

B.E. Biermann het (voor 1945) 'n kapstylhuis direk op die grond met 'n vuurherd langs die deur by Vermaaklikheid in die distrik Riversdal, Suid-Kaap, gedokumenteer. Die voorgewel en uitgeboude vuurherd was met klip gebou en afgewit⁶³ (Fig. 87). Met 'n dak direk op die grond is 'n platvorm vir die vuurherd onmoontlik en sou daar op die grond vuur-gemaak moes word.

Die voorgewels van kapstylhuise in Heidelberg, Suid-Kaap, het by die funksie van die gebou aangepas. Walton het hierdie strukture onder meer in 'n artikel getiteld "The South African Kapstylhuis and some European counterparts" (1981), beskryf. Wanneer dit as waenhuise gedien het, is twee regop pale, een aan beide kante van die sentrale ingang in die grond ingeplant. Dwarsslate van dik riet is links en regs van hierdie pale wat met gras en riet gedek was, aangebring. Die regop pale het as 'n deurkosyn gedien en die ingang is met 'n rietskerm wat soos 'n deur aan die een regop paal bevestig was, bedek⁶⁴ (Fig. 88).

Kapstylhuise in die vorm van 'n saaldak het van Kaapstad tot in die Transvaal voorgekom. Erich Mayer het in 1921 'n kapstylhuis op 'n werf in die Noordweste afgebeeld.⁶⁵ Daar bestaan 'n drietal foto's van Transvaalse kapstylhuise, waarvan die spesifieke ligging nie vasgestel kon word nie.⁶⁶

Omdat die volksbouer dikwels noodgedwonge van die beskikbare materiaal uit die onmiddellike omgewing gebruik moes maak, het interessante streekverskille voorgekom. Die handelsreisiger J. Sanderson (1820-1881) het op 2 Desember 1851 gedurende sy reis deur die Transorangia van Harrismith na Potchefstroom, in die omgewing van die Wittebergen aan die kant van die Liebenbergsvlei op die pad na Bloemfontein by die plaas van 'n ene Dafel aangedoen, en het soos volg berig: "Dafel's habitation was merely a hartebeest-house, or hurricane-hut, the posts or principal supports of which, from the scarcity of wood, consisted of the stems of grass or small reeds tied together."⁶⁷



Figuur 87. 'n Kapstylhuis direk op die grond met 'n vuurherd langs die deur, by Vermaaklikheid in die distrik Riversdal, Suid-Kaap. Die voorgewel en uitgeboude vuurherd het uit klip wat afgewit is, bestaan. (Foto deur B.E. Biermann).

Uit: D.J. Potgieter (chief Ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa XI*, p. 213.



Figuur 88. 'n Kapstylwaenhuis. Die deur bestaan uit 'n rietskerm wat aan een van die regop pale bevestig is, Heidelberg, Suid-Kaap. (Foto deur James Walton).

Uit: *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 8.



2. *Skilddak*

R.H. Dingley het aan die Kaapse oosgrens 'n skets van 'n veeboer se kapstylhuis en werf gemaak, getiteld 'n *Boer se huis in die binneland van Suid-Afrika met 'n looikuip en seepmakery* (ca. 1815-1817)⁶⁸ (Fig. 80). Waar by die saaldak sluitgewels is, is hier skuinsoplopende entdakvlakke, sodat die nok korter as die lengte van die dak is, en die dak gevolglik uit vier skuins dakskilde bestaan. Die entgewelkappe is met die konstruksie van die dakraamwerk weggelaat. Op die vier hoeke van die huis is hoekstyle wat met die nok van die naaste kap verbind is, geplaas. Die entdakvlakke is verder van radiale- of hoekkortstyle voorsien. Radiale style is soos die kapstyle, op die lang sye op eweredige afstande op die voet van die smalente van die huis geplaas, waar dit soos die hoekstyle bo by die nok bymekaar gekom het. Die konstruksie kon ook uit hoekkortstyle wat van die dakvoet na die hoekstyle in plaas van die nok opgeloopt het, in welke geval slegs die middelste styl tot by die nok gestrek het. Skilddakke het veral in winderige gebiede voorgekom, aangesien die skuins dakvlakke minder windweerstand as vertikale sluitgewels gebied het.⁶⁹ By dié soort dakkonstruksie was 'n windlat oorbodig, aangesien die style aan die dakente die dak teen winddruk gestut het.

'n Deur met 'n tuitjie en twee klein vensteropeninge is simmetries in een van die lang dakvlakke geplaas. In teenstelling met die regop deur, is die vensteropeninge teen dieselfde hoek as die skuins dakvlak. Die konstruksie van die raamwerk van die oop deur is duidelik sigbaar en bestaan uit twee vertikale pale wat horisontaal deur vyf korter paaltjies verbind is. Die raamwerk is waarskynlik met dieselfde materiaal as die dak gedek.

Twee keëlvormige hutte verskyn ook op die tekening. Die een is 'n kookhut met 'n opening bo waardeur die rook kon ontsnap.

'n Groot skilddakvormige tabakdroogstoor het in ca. 1906 op die plaas Vaalbank teen die suidelike hang van die Magaliesberg in Transvaal voorgekom. Die struktuur was trapsegewys gedek.⁷⁰


3. *Skilddak met geronde ente*

Voorbeelde van skilddakke met geronde ente kom in Puntjie (distrik Riversdal) voor, en bestaan tans uit 'n groep kapstylhuise wat deur die boere van die omliggende omgewing opgerig is (Figg. 89a-b & 90). Die boere het aanvanklik daar byeengekom om vis te vang en het later wonings waarin hulle gedurende hulle jaarlikse vakansie vir langer tydperke kon vertoef, opgerig.⁷¹


'n Bouer van dié huise, Chris van Wyk van Vermaaklikheid, het soos volg vertel:

My ma . . . is vandag [1982] 'n vrou van 85, toe sy jonk was, 'n kind, . . . was daar nog nie van die [kapstyl]huisies gewees op Puntjie nie. In die oorkant was daar gewees, maar hulle was nie hierdie tipe nie . . . hulle het meer blokke, houtblokke . . . gebruik vir mure, het hulle hom gestapel en dan het hulle hom 'n dak opgesit.⁷²

Dié eerste huisies was baie klein en is van die hout van skeepswrakke



a.



b.

Figuur 89. a. Raamwerk van 'n kapstylhuis by Puntjie, distrik Riversdal, Suid-Kaap, wat uit agt kappe bestaan het. Die radiale kapstyle van die geronde ente is duidelik sigbaar. (Tekening deur James Walton). b. Een van Puntjie se kapstylhuise. (Foto deur James Walton).

Uit: *Lantern* 11(1), July-September 1961, pp. 8 & 9.



Figuur 90. Kapstylhuise by Puntjie. Die vertikale plankbeskotte by die deure was donkergroen of -bruin geverf. (Foto deur James Walton).

Uit: *Lantern* 11(1), July-September 1961, front cover.

wat op die strand uitgespoel het, gebou. Dit is nie duidelik of die informant na kapstylhuise op lae mure of na volwaardige muurhuise verwys nie. Die huidige tipe kapstylhuise is waarskynlik eers sedert die eerste dekade van die 20ste eeu opgerig. Die boere het veral ook in die duineveld soortgelyke kapstylhuise vir hulle veewagters gebou.⁷³ Hoewel die kapstylhuise by Puntjie nie baie oud is nie, word dit tans nog op tradisionele wyse gebou, waarvan die konstruksiemetode van geslag tot geslag oorgedra is. Volgens Van Wyk het sy oupa dit vir sy pa geleer, wat dit op sy beurt weer vir hom geleer het.⁷⁴

Die kapstylhuise waarin gewoon word, is met die agterkante na die see gebou, wat ook die heersende windrigting is. Die deure is gevolglik in die teenoorgestelde kant weg van die wind geleë. Die kapstylhuise vir kookdoeleindes is, om 'n trek te verhoed, parallel met die strand gebou sodat die vuur nie te hoog brand en die dak dalk aan die brand raak nie.⁷⁵

Die grondplanne van Puntjie se kapstylhuise is reghoekig met geronde voor en agterkante. Dit is dus 'n tipe skilddak. Die huise is ongeveer 4,9 meter (16 voet) breed en 7,6 meter (25 voet) lank.⁷⁶ Dit is breër as die tradisionele breedte van 3,7 meter (12 voet) van die vroegste kapstylhuise by Puntjie en elders. Aan die een ent is 'n inspringende deuropening (Fig. 90). Daar was oorspronklik twee klein vensteropeninge, een oorkant die deur en die ander in een van die sykante. Tans is daar meer.⁷⁷ Binne word die huis deur 'n eenvoudige afskorting van doek of riet in 'n leef- en 'n slaapruiimte verdeel.⁷⁸ Die leefruimte is in die voorste gedeelte, met die slaapruiimte daaragter.⁷⁹

Met die oprigting van dié kapstylhuise word eerstens 'n slootjie gegrawe om die kapstyle en dekwerk in te laat, aangesien die grond die uitwaartse druk van die dakkappe moet teenwerk en die dekmateriaal verhoed dat wind en reënwater die huis binnedring.⁸⁰

Die dakkonstruksie bestaan uit agt of meer pare eweredig gespasiëerde kapstyle, terwyl die kapstylhuise vir kookdoeleindes uit ongeveer vyf kappe bestaan.⁸¹ Aanvanklik is daar van die blomsteele van die garingboom (*Agave americana*) as kapstyle gebruik gemaak.⁸² Tans word bloekompane (spesie van die genus *Eucalyptus*) uit die omgewing vir die doel gebruik.⁸³ Na bewering moet 'n bloekompaal een jaar lank in water lê om dit teen ongewenste kewers te beskerm.⁸⁴ Dit is 'n tradisionele metode, aangesien H. Cloete van die plaas Groot Constantia in 'n brief aan H. Swellengrebel jr. (15 Maart 1787) opgemerk het dat "De [Kaapsel] Yken in soorten zijn iets minder in prijs, omdat men ze een jaar in 't water moet laten leggen, als zijnde de worm onderhevig."⁸⁵ Die kapstyle word teen 'n helling van ongeveer 65 grade in die slootjie geplaas, waarna die kapstylkoppe van die teenoorstaande kapstyle langs mekaar geplaas en met 'n pen-en-gat verbind word.⁸⁶ Stewige houtpenne van olienhout (*Olea africana*) (ou-leen-hout in die volksmond) word sowat 40 sentimeter lank gesny en met 'n rasper rond gemaak.⁸⁷ 'n Gat met 'n diameter van ongeveer 25,4 millimeter (1 duim), en effens kleiner as die pen word met 'n awegaarboor deur elk van die twee pale geboor, waardeur die houtpen dan ingeslaan word.⁸⁸

Volgens 'n skets deur Walton (1961) van die dakraamwerk van 'n kapstylhuis by Puntjie, het die geronde ente elk uit vier radiale style wat bo by die nok bymekaar kom, met die deur tussen twee van die style, bestaan⁸⁹ (Fig. 89a-b). In Walton se *Cape Cottages* (1995) verskyn 'n foto (1985) van die dakraamwerk van 'n kapstylhuis by Puntjie, waarvan die raamwerk van die geronde ente uit 'n sentrale styl

bestaan wat van die grond na die nok van die laaste kap strek, met twee kortstyle aan beide kante hiervan (Fig. 91). Aan die kort ent waar die deur voorkom, strek die sentrale styl gevolglik vanaf die middel van die deur bo, tot by die nok.⁹⁰ Of beide metodes gelykertyd voorgekom het, en of die een die ander opgevolg het, is nie duidelik nie. Die kapstyle is paarsgewys deur hanebalke - wat deur middel van 'n pen-en-gat bevestig is - verbind.⁹¹

'n Deurkosyn, is vir die bo-en-onderdeur in die dakraamwerk ingebou.⁹² Die deur verspring na binne wat 'n tuitjie bo die deur oorbodig maak. Skarniere het uit beesvel, wat vrylik beskikbaar was, bestaan.⁹³ Die vensteropening is slegs met luike wat na bo ophang, afgesluit.⁹⁴

Dwarslatte van spaansriet (*Arundo donax*), 'n sterk soort riet met 'n blinkglad voorkoms wat in welige bosse groei, is horisontaal aan die kapbalke met biesietou (*Cyperus textilis*) vasgebind.⁹⁵ Die spaansriet waaraan die dekgoed geheg is, is van 'n rietbos in Vermaaklikheid wat vandag nog bestaan. Hierdie rietbos het vir die meeste huise in die omgewing van Vermaaklikheid riete voorsien.⁹⁶

Biesietou wat as bindmateriaal gebruik is, is op 'n spesiale manier vir hierdie doel voorberei. Nadat die biesietou gepluk is, is dit met 'n touklopper ('n rondgemaakte, 45 sentimeter lang houtstuk met handvatsel) geslaan, totdat dit vlas geword het. Die vlas is klam gehou deur nat sakke bo-oor te gooi, waarna dit onder 'n bossie gesit is om te keer dat dit uitdroog. Nog 'n metode om uitdroging te voorkom, was om, die biesietou in die waenhuis weg van direkte son op te hang.⁹⁷


Papkuil (*Typha australis* of *T. capensis*) is aanvanklik as dekmateriaal gebruik en moes jaarliks gedurende die vakansieseisoen vanweë verwerking, vervang word. Later is riet wat in die "voorduine" van die omgewing voorkom, gebruik.⁹⁸ Riet is meer duursaam en aangesien dit opgedryf word, is dit ook beter teen sterk wind bestand.⁹⁹

Die riet wat aanvanklik in bondels gebind is om droog te word, word losgesny sodra dit teen die dakskild in posisie geplaas is¹⁰⁰ (Fig. 91). Die dekmateriaal is met biesietou of rou riempies wat uit beesvel gesny is en later met kommersiële bindtou, vasgewerk.¹⁰¹ Die opgedrewe dekmethode verskil van die trapsgewyse dekmethode wat by die bootvormige hartbeeshuis beskryf is (Kyk Hoofstuk V, pp. 159 & 161), deurdat die dekmateriaal eers met 'n dekspaan wat van 'n harde hout, soos byvoorbeeld stinkhout (*Ocotea bullata*) en later karriehout (spesie van die genus *Rhus*) gemaak is, gelyk geslaan word, voordat dit finaal vasgetrek word.¹⁰²

Die nok word waterdig gemaak deur bondels riet in 'n laag met 'n dikte van ongeveer 5 sentimeter en 'n lengte van ongeveer 1 meter met die snykant na bo, bo teen die een dakskild vas te werk. Die proses word aan die ander sy net so herhaal. Die riete word dan bo by die nok styf teen mekaar vasgewerk en gelykgemaak, waarna die bo-punte van die riete wat by die nok na onder wys, gelyk afgesny word.¹⁰³

Die muurgedeeltes in die kort gangetjie voor die deur is met 'n horisontale plankbeskot bedek¹⁰⁴ (Fig. 90). Die deure, vensterluike en beskot is aanvanklik van planke wat op die strand uitgespoel het, gemaak.¹⁰⁵ Die houtwerk was (ca. 1961) donkergroen of -bruin geverf.¹⁰⁶

Waar die kapstylhuise op sand gebou is, het grondvloere nie gedeug



Figuur 91. Die dek van 'n kookhut by Puntjie. Die dekker hou 'n dekspan in sy regterhand. (Foto deur André Pretorius, 1985).

Uit: J. Walton, *Cape cottages* (Cape Town, 1995), p. 63.



nie, en is streepsakke aanmekaar vasgewerk en oor die sand gegooi, waarna dit met houtpenne in die sand vasgeslaan is.¹⁰⁷

Volgens Van Wyk was die eerste kookplekke skerms wat uit takke en gespanne sakke bestaan het. Hierna is keëlvormige kookhutte opgerig (Vgl. Figg. 80 & 92). 'n Sirkel is uitgemeet en 'n slootjie gegrawe. Die sparre wat ook uit blomstele van die garingboom (*Agave americana*) bestaan het, is op eweredige afstande in die slootjie met die punte bymekaar in die middel bo, geplaas.¹⁰⁸ Dwarslatte is aangebring. Vir 'n deuropening is 'n ruimte tussen twee kapsparre ooggelaat. As gevolg van die keëlvorm van die hut het die opening nouer na bo geloop. Die opening is nie met 'n deur afgesluit nie.¹⁰⁹ Die dakraamwerk is tot 'n klein entjie van bo af gedek, sodat daar 'n opening was vir die rook om deur te ontsnap. Die kleiner kapstylhuise wat tans as kookhuise dien, dateer uit 'n later tydperk.¹¹⁰ Volgens R. de Jager het die kapstylhuise van Puntjie vroeër 'n gemeenskaplike buitebakoond gehad.¹¹¹

Kapstylhuise met geronde ente het ook elders in Suid-Afrika voorgekom. Op die plaas De Hoop, aan die voet van die suidelike hang van Platberg, tussen Ladybrand en Maseru, het kapstylhuise met geronde ente as buitegeboue gedien. 'n Spasie tussen twee kapstyle is in een van die geronde ente as ingang ooggelaat (Fig. 93). Die ingang het gevolglik nouer na bo geloop.¹¹²


Identiese, maar groter strukture het as tabakdroogstore in die Gatsrandheuwels in die suide van Transvaal voorgekom. Op die plase Blauwbank of Vaalbank teen die suidelike hang van die Magaliesberg, is soos by die De Hoop voorbeeld, in een van die ente 'n spasie tussen twee kapstyle as ingang ooggelaat¹¹³ (Fig. 94). 'n Tabakdroogstoor op die plaas Blauwbank, 29 kilometer noordwes van Krugersdorp teen die suidelike hang van die Magaliesberg, het 'n ingelate deur in een van die geronde ente, identies soos dié van die kapstylhuise by Puntjie, gehad¹¹⁴ (Fig. 95).

4. *Die ontwikkelde kapstylhuis*

(a) *Saaldak*


By 'n Wigvormige dakhuis met 'n saaldak van 9,1 meter (30 voet) lank en 3,7 meter (12 voet) breed, is die bruikbare vloeroppervlak ongeveer 19,5 vierkante meter (210 vierkante voet), terwyl die beweegruimte veel minder is. In teenstelling hiermee, is die vloeroppervlak van 'n muurhuis met dieselfde afmetings 33,5 vierkante meter (360 vierkante voet). Daar gaan by die wigvormige dakhuis dus 'n aansienlike hoeveelheid ruimte verlore. Om die probleem in 'n mate te bowe te kom, is die vloer laer as die omliggende grondvlak ingegrawe, of is die dakvoet op kort vertikale pale of lae mure geplaas. Omdat die onderste gedeelte van die dakmure van die bootvormige dakhuis byna vertikaal is, het daar in teenstelling met die wigvormige dakhuis min of geen ruimte verlore gegaan nie.

J.F. Häszner, het in sy *Huislijk geneeskundig handboek voor de ingezetenen van Nederlands Africa* (1793) geskryf dat hutte wat in die grond ingegrawe is, "hartebeesthuizen" genoem is. Hy het ook opgemerk dat die vloere klam was, wat vererger is deur die gewoonte om hulle een of twee keer per week met beesmis of skaap- of beesbloed te



Figuur 92. Links op die skildery, agter die opstal, is 'n kapstyl-huis met 'n deur in die sykant. Regs voor is 'n keëlvormige kookhut met twee ingange. Naby die huidige Somerset-Oos. (R. Gordon, *Die plaas van Willem Prinsloo by die Bosberg* (detail), skildery, s.a. (laat 18de eeu).

Uit: P.E. Raper & M. Boucher (Eds.), *Robert Jacob Gordon: Cape travels, 1777 to 1786 I* (Houghton, 1988), p. 109.



Figuur 93. 'n Kapstylhuis met geronde ente wat as 'n buitegebou gedien het, De Hoop, aan die voet van die suidelike hang van Platberg, tussen Ladybrand en Maseru. (Foto deur James Walton).

Uit: *Restorica* no. 10, December 1981, p. 3.



Figuur 94. 'n Kapstylstoor met geronde ente. Dit was waarskynlik 'n tabakdroogstoor op die plase Blauwbank of Vaalbank teen die suidelike hang van die Magaliesberg. (Foto deur Kassel, ca. 1900).

Krugersdorp Biblioteek, 1474.



Figuur 95. 'n Kapstylskuur vir die droog van tabak. Dit was op die plaas Blauwbank, 29 kilometer noordwes van Krugersdorp teen die suidelike hang van die Magaliesberg, Transvaal, ca. 1906. Die ingelate deur is soortgelyk aan dié by Puntjie.

Uit: L.V. Praagh (Ed.), *The Transvaal and its mines* (Johannesburg, 1906), p. 369.

smeer.¹¹⁵

Häszner verwys na 'n wigvormige dakhuis en moontlik 'n kapstylhuis, aangesien laasgenoemde meer algemeen as die ander twee dakraamtipes voorgekom het. Deur die vloer in te grawe, is nie net groter ruimte verkry nie, maar is in teenstelling met 'n lae muurtjie, ook 'n besparing aan boumateriaal bewerkstellig.¹¹⁶ Häszner het ongelukkig geen verdere inligting oor dié huise verstrek nie. Verwysings na huise waarvan die vloere ingegrawe is, kon ook nie in ander tydgenootlike getuienis gevind word nie. Aangesien die gebruik algemeen in Wes-Europa voorgekom het, is daar geen rede om Häszner se waarneming in twyfel te trek nie.


Waar 'n kapstylhuis direk op die grond gebou is, het die grond die uitwaartse druk van die kapstyle wat in die grond ingeplant was, teen-gewerk. In die geval van 'n muurhuis, het 'n bintbalk dié funksie verrig. 'n Ontwikkelde kapstylhuis was te laag om van 'n bintbalk gebruik te maak en om te verhoed dat die uitwaartse druk van die kapstyle die bokant van die symure beskadig en om die druk oor die breedte van die muur te versprei, is 'n kort stukkie hout deur die muur naby die muurkop ingebou¹¹⁷ (Fig. 96). Die kapstylvoete is dan afgeskuins en op die skoene bevestig.¹¹⁸ Omdat die kapstylvoete op 'n lae muur gerus het, het dit ook nie soos wanneer die kapstylvoete in die grond ingeplant is, verrot nie en het dit 'n meer permanente huis tot gevolg gehad.

Sommige bouers van kapstylskure in die Heidelberg (Suid-Kaap) omgewing, het die stylvoete op twee rye kort stewige regop pale van ongeveer 0,6 meter (2 voet) hoog geplaas, wat bykomend deur skuins gevurkte stutte ondersteun is (Fig. 97). Die hele raamwerk is deur middel van die pen-en-gatverbinding bevestig. Latte of dik riete waarop die dakbedekking vasgewerk is, het op die kapstyle gerus. 'n Paal is in die middel van die gewel ingeplant. Hierdie paal en die laaste kapstyl is met dwarslatte verbind, waarop die dekmateriaal vasgewerk is, terwyl die oorblywende helfte as ingang gedien het.¹¹⁹

Josias P. Hoffman (1807-1879) het in 'n skets die nedersetting van die eerste Britse Port Natal setlaars, gelei deur Fynn en Farewell (1825), uitgebeeld. Links voor is 'n ontwikkelde dakhuis met oordekte gewels¹²⁰ (Fig. 98). 'n Soortgelyke saaldakvormige kapstylhuis op lae mure is in ca. 1873 in die "Middle Creek", van die alluviale goud-delwery in Pelgrimsrus gefotografeer¹²¹ (Fig. 99).


Die Volksboukundige Vereniging van Suid-Afrika het in ca. 1969 die ruïnes van twee kapstylhuise op lae mure te Goedverwacht en Wittewater in die Piketberg gedokumenteer (Figg. 100 & 101). Die symure van die voorbeeld by Wittewater het uit ongelaagde ruklip en die voorgewel uit rou stene bestaan. Ses pare kapstyle en drie dwarslatte het tydens dokumentasie nog bestaan. Dit is opmerklik dat hanebalke by al die kapstele ontbreek het.¹²²

Ontwikkelde kapstylhuise met saaldakke en reguit vrystaande entgewels met uitgeboude vuurherde teen die voorgewels, het spesifiek in die omgewing van Vermaaklikheid, Heidelberg en Riversdal, Suid-Kaap, voorgekom. Enkele voorbeelde bestaan tans nog. By al hierdie huise is die deur na links of regs geplaas om die vuurherd en skoorsteen teen die gewel langs die deur te kon akkommodeer. Walton het in 1950 'n voorbeeld naby Heidelberg (Fig. 97), en in 1961 twee, een by Puntjie en een in Vermaaklikheid, gedokumenteer¹²³ (Figg. 102 & 103). Die




Figuur 96. 'n Dakkap op lae mure, McGregor, Wes-Kaap. Die skoene in die muur waarop die kapstylvoet bevestig is, word onder meer aangedui. (Tekening deur James Walton).

Uit: *South African Journal of Cultural History* 31(1), January 1986, p. 20.



Figuur 97. a-c. 'n Kapstylskuur, Heidelberg, Kaap. Die kapstylvoete is op kort stewige regop pale met 'n pen-en-gat verbind. Die kapstyle word verder deur skuins gevurkte stutte ondersteun, waarin dit eweneens met 'n pen-en-gatverbinding bevestig is. d. 'n Ontwikkelde kapstylhuis met 'n vuurherd teen die vrystaande voorgewel, naby Heidelberg, Suid-Kaap. (Tekeninge deur James Walton, 1950).

Uit: *Homesteads and villages of South Africa* (Pretoria, 1965), p. 50.



Figuur 98. Nedersetting van die eerste Port Natal setlaars gelei deur Fynn en Farewell. In die middel agter is 'n wigvormige dakhuis, met 'n ontwikkelde dakhuis links voor. Beide strukture het deure in die gewels wat bo gerond is. (Skets deur Josias Hoffman, 1825).

Uit: C. Venter, *Groot Trek* (Kaapstad, 1985), p. 55.



Figuur 99. Twee kapstylhuise op lae symure in die "Middle Creek", Pelgrimsrus, Oos-Transvaal, ca. 1873.

Pelgrimsrus Argiefbewaarplek, 519-18.




Figuur 100. Die ruïne van 'n saaldakvormige kapstylhuis met lae symure te Goedverwacht, Piketberg, Wes-Kaap, ca. 1969.

Kaapse Argiefbewaarplek, 1/8 6A 148.



Figuur 101. Die ruïne van 'n saaldakvormige kapstylhuis met lae symure. Die symure bestaan uit ongelaagde ruklip en die voorgewel uit rou stene, Wittewater, Piketberg, Wes-Kaap ca. 1969.

Kaapse Argiefbewaarplek, 1/9 6A 160.



Figuur 102. 'n Ontwikkelde kapstylhuis met vrystaande gewels, 'n dakvenster en vuurherd, Puntjie, distrik Riversdal, Suid-Kaap. (Foto deur James Walton).

Uit: *Restorica* no. 10, December 1981, p. 5.



Figuur 103. 'n Ontwikkelde kapstylhuis met ongelaagde ruklipmure, vrystaande gewels en 'n vuurherd, Vermaaklikheid, Distrik Riversdal, Suid-Kaap. (Foto deur James Walton).

Uit: *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 9.

ontwikkelde kapstylhuis by Puntjie het 'n uitgeboude vuurherd regs van die deur gehad. Die vuurherd is deur 'n klein venstertjie verlig, terwyl die res van die voorste gedeelte van die huis deur 'n luik in die dak wat na bo opgelig kon word, verlig is. Daar was waarskynlik ook 'n venstertjie in die agterste gewel. Die mure van die huis was gepleister en afgewit. In die geval van die ontwikkelde kapstylhuis in Vermaaklikheid was die uitgeboude vuurherd links van die deur. Die mure het uit ongepleisterde, ongelaagde ruklip bestaan. Die voorbeeld naby Heidelberg is soortgelyk aan laasgenoemde, maar was afgepleister en afgewit (Fig. 97).

E. Barnard het 'n ontwikkelde kapstylhuis op die plaas Duinerug in die distrik Heidelberg gedokumenteer wat uit ca. 1912 dateer¹²⁴ (Fig. 104). Die huis is met ongelaagde ruklip gebou en het 'n reguit voor-gewel met 'n uitgeboude vuurherd langs die deur. Die agterkant het nie 'n gewel nie, maar 'n skuins skilddakvlak met 'n klein venstertjie bo-op die lae muur wat in die dakskild ingelaat is.

Gemeenskaplike kenmerke ten opsigte van die bou en materiaal van die ontwikkelde saaldakvormige kapstylhuise in die Vermaaklikheid-, Heidelberg- en Riversdal- omgewings word vervolgens beskryf.

'n Fondament is op die gekose terrein afgemerkt, waarna lyne volgens die breedte van die mure wat tussen 40 en 60 sentimeter gewissel het, gestee is. Die fondament is tot by die harde klipoppervlakte gegrawe, wat in die geval van Vermaaklikheid nie baie diep was nie.¹²⁵

Mure was óf opgeklei, óf van klip, soosie, rou- of gebrandesteen gebou.¹²⁶ Indien geskikte klip in die omgewing beskikbaar was, is die mure met klip en dagha wat in die meeste gevalle uit 'n mengsel van grond, klei, strooi of gruis uit die onmiddellike omgewing van die bouwerk bestaan het, gebou. Klip wat vir boudoeleindes gebruik is, was meestal sandsteen, wat met 'n stomp byl in 'n ruwe blokvorm gekap is.¹²⁷

Uit die volksmond, kom twee benamings vir die dekmateriaal voor, naamlik "manneljies-" en "wyfieriet". Manneljiesriet word in die wintermaande (Mei tot Augustus) geoes. Dit is 'n geharde riet wat in Vermaaklikheid en omgewing voorkom en wat die elemente vir solank as veertig jaar kan trotseer. Wanneer die riet gedroog word, word dit skuins teen die afgesnyde rietpol of bossies gelê. Wyfieriet word in die somer (Desember tot Januarie) geoes. Hierdie riet is geskik vir 'n droë klimaat en hou ongeveer tien jaar in Vermaaklikheid en omgewing en kom in die duineveld in die rigting van Riversdal voor. Die riet moet plat gelê word om droog te word. Snytyd tot bindtyd is ongeveer een maand.¹²⁸

Vir die vaswerk van die dekmateriaal van 'n ontwikkelde kapstylhuis, is 'n kort naald naby die mure gebruik, terwyl die voet van die dak met 'n voetspaan ('n plat hout met 'n handvatsel aan die onderkant), gelyk geslaan is.¹²⁹

Die huise is binne deur middel van 'n eenvoudige afskorting van materiaal, riet- of 'n gepleisterde rousteenmuur, wat nie tot teen die dak gestrek het nie, in 'n leef- en slaapruiimte verdeel. In uitsonderlike gevalle is 'n enkel rousteenmuur tot teen die dak opgebou.¹³⁰

'n Klein venstertjie met ruite het in die agterste gewel voorgekom, terwyl daar in sommige gevalle geen vensteropeninge was nie.¹³¹ Die



Figuur 104. 'n Ontwikkelde kapstylhuis met 'n vuurherd teen die vrystaande voorgewel, op die plaas Duinerug in die distrik, Heidelberg, Suid-Kaap, ca. 1912.

Uit: *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 59.

deuropening was dan die enigste bron van lig.

Die kapstylhuise in dié streke het vroeër almal kleivloere gehad. Die vloere is gereeld met vars beesmis wat met water verdun is gesmeer. Soms is die vloere nie hiermee behandel nie.¹³²

Die fotograaf A. Pretorius het op die plaas Botterkloof, naby Stilbaai, Suid-Kaap, 'n ontwikkelde eenvertrek kapstylhuis met vrystaande entgewels en 'n massiewe vuurherd teen die een gewel gedokumenteer (Fig. 105). Die deur is in een van die lang sye geplaas waar dit 'n tuitjie vorm. Die boumateriaal bestaan uit ruwe klip en dagha wat afgewit is.¹³³

Ontwikkelde kapstylhuise met rukklipmure op die plaas Kafferskloof in die Piketberg is van besondere belang aangesien dit nie elders in die omgewing aangetref word nie (Fig. 106). Die voorbeeld hier ter sprake bestaan uit 'n saaldak met oordeckte gewels, met die deur in een van die lang sye onder 'n skaapboudgewel. Van die strukture dien as tabakdroogstore, waenhuse en soms as slaapkamers.¹³⁴

(b) *Skilddak*

Lourens Christian de Klerk, wat die Groot Trek as kind meegemaak het, beweer:

. . . die eerste hartbeeshuises werd al opgerig in de laers na die groot moord [Bloukrans, 17 Februarie 1838].

In die begin was die huises nie meer als 'n langwerpige vierkant van sooi-mure, met 'n riet-of grasdak daarop. . . . [N]adat Pretorius Dingaen onderwerp had, het verskeie mense, vooral op Pietermaritzburg, en in die omgewing, beter huises beginne oprig. Dit was ook nog maar hartbeeshuise, . . . dikwels met 'n 'wolwe-end' dak.¹³⁵

'n Hartbeeshuis met 'n "wolwe-end dak" is:

'n Dak waarvan die lengte van die vors korter is als die lengte van die huis, sodat dit met 'n skuine afdak of géwel gedek word. Die mure is meestal nie hoër als 'n voet of ses nie, sodat die deur bôkant die mure uitstaat, en ook onder 'n soort van afdak gebreng word. Binne dien die mure onder die dak dan als bergplek vir allerlei voorwerpe.¹³⁶

Soortgelyke kapstylhuise met lae ongelaagde rukklipmure met die deur in een van die lang sye onder 'n skaapboudgewel kom op die plaas Kafferskloof in die Piketberg voor waar dit soos reeds genoem, as tabakdroogstore, waenhuse en soms as slaapkamers dien¹³⁷ (Fig. 106).

Op die plaas Rosendal in die distrik Ceres, Wes-Kaap was 'n ontwikkelde kapstylhuis met 'n skilddak¹³⁸ (Fig. 107). Die ingang was in een van die symure onder 'n skaapboudgewel. Die vuurherd was teen een van die entmure wat uit 'n gekombineerde gewelent en 'n skilddakvlak bestaan het.




Figuur 105. 'n Ontwikkelde kapstylhuis met vrystaande gewels en 'n vuurherd, Botterkloof, naby Stilbaai, Suid-Kaap. (Foto deur André Pretorius, 1992).

Uit: J. Walton, *Cape cottages* (Cape Town, 1995), p. 67.



Figuur 106. Ontwikkelde kapstylhuise op die plaas Kafferskloof in die Piketberg, Wes-Kaap. Die betrokke buitegeboue is van besondere belang, aangesien dit nie elders in die omgewing aangetref word nie. Dit dien as tabakdroogstore, waenhuise en soms as slaapkamers. (Foto deur James Walton).

Uit: *Restorica* no. 12, October 1982, p. 9.



Figuur 107. 'n Ontwikkelde kapstylhuis met 'n skilddak en 'n vuurherd. Die vuurherd is teen 'n gekombineerde gewelent en 'n skilddakvlak geplaas, Rosendal, distrik Ceres, Wes-Kaap.

Uit: H. Fransen & M. Cook, *The old houses of the Cape: a survey of the existing buildings in the traditional style of architecture of the Dutch-settled regions of the Cape of Good Hope* (Cape Town & Amsterdam, 1965), p. 190.

'n Foto van 'n skilddakvormige kapstylhuis op lae ongelaagde ruklipmure, vermoedelik iewers in die Noordweste, het 'n tuitjie in een van die lang symure; byna identies soos die kapstylhuis wat Dingley afgebeeld het¹³⁹ (Fig. 108).

Skilddakvormige kapstylskure waarvan die kapstylvoete op stewige kort regop pale bevestig is, kom algemeen in die Waterberg in Noord-Transvaal voor. Die ruimtes tussen die regop pale is gewoonlik oopgelaat¹⁴⁰ (Fig. 109).

B. Die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie

1. Saaldak

In teenstelling met die kapstylhuis het die wigvormige dakhuis met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie volgens die beskikbare bronne slegs in dele van die Wes-, Suid- en Oos-Kaap voorgekom. Teen 1961 het Walton dié tipe dakraamwerk nog net in die Langkloof, Suid-Kaap, aangetref. Hy skryf in "Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa" (1961):

The roof houses in this long valley [Langkloof] are also of a type not found elsewhere in South Africa. They have a framework consisting of a ridge-pole carried on two or more pairs of rafters which cross at the apex to form a V, in which the ridgepole rests.¹⁴¹

Skrywer kon gedurende veldwerk geen voorbeelde van wigvormige dakhuisse met hierdie tipe dakraamkonstruksie vind nie. Omdat die kapbene by die nok gekruis het om 'n V te vorm waarin die nokpaal rus, kan die kenmerkende V's op die nokke by 'n paar Africana-prente van wigvormige dakhuisse waargeneem word.

Van Riebeeck het op 16 Julie 1652 in sy *Daghregister* opgemerk dat die koloniste ". . . onder tente van oudt seijldoeck behelpen,"¹⁴² wat volgens hom koud en ongemaklik was en wat een van die groot oorsake van toenemende siekte was.¹⁴³


In die 17de-eeuse Nederland het daar verskillende tentvorms voorgekom. Een voorbeeld was 'n tent met 'n vierkantige grondplan met 'n tentdak. Dié tent het 'n tentpaal in die middel waar die vier skuins driehoekige dakvlakke bymekaar kom, gehad. 'n Tweede voorbeeld is tente met reghoekige grondplanne wat gewoonlik in Duitse en Hollandse tent- of skilddakke verdeel is. Die Duitse dakke het uit twee skuins vlakke (saaldak) en die Hollandse, uit vier skuins vlakke (skilddak) waarvan die driehoekige- of entvlakke die skilde genoem is, bestaan.¹⁴⁴

Uit 17de-eeuse Nederlandse piktorale bronne is dit duidelik dat die Duitse tent- of *schilddak* (saaldak) die gewildste was. Dit was ook die eenvoudigste vorm wat nie noodwendig 'n voorafvervaardigde tent veronderstel het nie. By dié tent het twee tipes raamwerke voorgekom. Eerstens kon dit uit 'n horisontale *tentbalk* waarvan die entpunte op twee loodregte *tentpalen* gerus het, bestaan.¹⁴⁵ Die tweede tipe raamwerk het uit twee of meer kappe waarvan elk uit twee skuins *tentpalen* saamgestel was, bestaan. Die *tentpalen* het bo gekruis om 'n V, waarin die *tentbalk* gerus het, te vorm (Fig. 42). Hierdie tipe raamwerk was baie gewild. In beide gevalle is 'n reghoekige seil oor



Figuur 108. 'n Ontwikkelde kapstylhuis met ongelaagde ruklipmure en 'n skilddak. Die deur is in een van die lang sye. Waarskynlik Noordwes-Kaap, 1983.

TPA Biblioteek- en Museumdiens, M83-210-103.



Figuur 109. 'n Skilddakvormige kapstylskuur waarvan die kapstylvoete op lae vertikale pale bevestig is, Waterberg, Noord-Transvaal. (Foto deur S. Miller, 1989).

TPA Biblioteek- en Museumdiens, M89-13D-26.

die *tentbalk* getrek om 'n saaldak te vorm. Die sluitgewels is elk met 'n driehoekige seil bedek, waarvan die voorste in twee klappe verdeel was om die ingang te vorm.¹⁴⁶ Om die tent staande te hou is die tentpale met stormlyne aan tentpenne in die grond vasgemaak. 'n *Greppe* (voortjie) is om die tent (behalwe voor die ingang) gegrawe wat die afloopwater tydens reën weg gelei het.¹⁴⁷

Die Duitse *tent-* of *schilddak* was dus nie noodwendig 'n voorafvervaardigde tent wat net opgeslaan moes word nie, maar kon as gevolg van die eenvoud daarvan as 't ware op die terrein uit 'n paar pale en 'n stuk seil saamgestel word. Aangesien die koloniste se tente uit ou seildoek bestaan het, word daar afgelei dat dit waarskynlik laasgenoemde soort tent was waarin hulle gewoon het.

Op 'n kaart van Dassen-eiland, gedateer 1656 verskyn daar afbeeldings van 'n wigvormige dakhuis met 'n deur in die sluitgewel, asook 'n muurhuis met 'n saaldak en 'n deur in die entmuur¹⁴⁸ (Fig. 110). Die geboue is waarskynlik reeds in 1654 gebou toe Jan van Riebeeck in Oktober geskryf het: ". . . omme wat riedt ende hout te halen, tot een goede loods op 't Dasseneijlandt . . . te maecken . . ." ¹⁴⁹ Die volgende maand het Van Riebeeck geskryf ". . . sijlieden nu mede besigh een huijs van steene muijren met kleij te metselen, welcke steen ende kleij daer fraij te vinden sij . . ." ¹⁵⁰

Hoewel Walton die mening huldig het dat die betrokke dakhuis 'n kapstylhuis was,¹⁵¹ kan nie daarmee akkoord gegaan word nie, aangesien die kenmerkende V's van die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie op die nok van die huis sigbaar is. Die V van die vierde kap by die voor-gewel, is nie afgebeeld nie, maar is nie noodwendig afwesig nie.


Die dakraamkonstruksie verskil van dié van 'n seiltent met 'n soortgelyke konstruksie deurdat die nokpaal die kapsparre wat by die tent afwesig is, ondersteun. Die kapbene was gewoonlik, maar nie altyd nie, deur 'n hanebalk verbind. Die drakappe is deur middel van 'n pen-en-gat bevestig, terwyl die kapsparre eweneens met 'n pen-en-gat of met spykers aan die nokbalk vasgeslaan is.¹⁵²

Van Riebeeck het in sy *Daghregister* opgemerk dat riet onder meer na Dassen-eiland verskeep is,¹⁵³ wat ongetwyfeld vir dekwerk bedoel was. Uit die afbeelding van die dakhuis op die kaart is dit duidelik dat die gewel nie soos die dakskilde met riet gedek is nie.¹⁵⁴ Dit kon onder meer uit afgepleisterde vlegwerk óf soos die muurhuis daarnaas, uit klip en dagha bestaan het.¹⁵⁵

Die kunstenaar Johannes Schumacher het in ca. 1776-1777 'n plaas in die Kamdeboo (streek suid van Graaff-Reinet, Agter-Bruintjieshoogte en die Sneeu-berg wat ooswaarts tot by Pearston en Somerset-Oos strek) waarop 'n aantal dakhuisse met twee vurke elk voorkom (Fig. 111), afgebeeld. Van die huise het uit saaldakke met 'n deur in die sluit-gewel soos die voorbeeld op Dassen-eiland hierbo, bestaan.¹⁵⁶

2. *Skilddak met geronde ente*

In dieselfde skildery van Schumacher hierbo, is 'n groot wigvormige dakhuis met geronde ente en 'n deur in die lang sykant afgebeeld. Die raamwerk van die geronde ente het ongetwyfeld uit radiale sparre wat aan beide kante bo by die drakappe bymekaarkom, bestaan.¹⁵⁷



Figuur 110. 'n Wigvormige dakhuis met 'n vorkondersteunde-nokpaal-konstruksie op Dassen-eiland. Die dakhuis is vermoedelik reeds in 1654 gebou. (Anoniem, *Dassen-eiland* (detail), geïllustreerde kaart, 1656).

Kaapse Argiefbewaarplek, ACC 1290 M1/19.



Figuur 111. Agter is 'n groot wigvormige dakhuis met geronde ente en 'n deur in die lang sykant. Links voor is drie wigvormige dakhuise in die vorm van saaldakke, met die deur telkens in die gewel. Links van laasgenoemde is 'n ontwikkelde dakhuis met 'n deur in die lang sykant. By al die huise is van die verkondersteunde-nokpaalkonstruksie gebruik gemaak. Kamdeboo (streek suid van Graaff-Reinet, Agter-Bruintjies-hoogte en die Sneeu-berg wat ooswaarts tot by Pearston en Somerset-Oos strek). (Johannes Schumacher, *'n Plaas in die Kamdeboo*, skildery, 1776-77).

Uit: J.J. Oberholster, *Die historiese monumente van Suid-Afrika* (Kaapstad, 1972), p. 186.

By Avontuur, Langkloof, distrik Uniondale, Suid-Kaap was daar 'n wigvormige dakhuis waar die deur in een van die geronde ente teen dieselfde hoek as die dakvlak aangebring is¹⁵⁸ (Fig. 112).

Walton het in 1961 (of vroeër) 'n plaasstoor met 'n vurkondersteundepaalkonstruksie by Nolls Halt, in die Langkloof gedokumenteer waarvan die voorgewel uit onverwerkte klip en dagha bestaan het (Fig. 113a-b). Die raamwerk van die geronde agterkant was uit vier radiale sparre wat bo by die laaste drakap bymeekaargekom het, saamgestel.¹⁵⁹ Die vorm van die huis was dus 'n samevoeging van die saaldak en die dak met geronde ente.

3. Die ontwikkelde dakhuis

(a) Saaldak

Die militêre kommandeur aan die Kaap, geograaf, ontdekkingsreisiger en kunstenaar R.J. Gordon (1743-1795) het van Junie 1779 tot Januarie 1780 'n reis van Kaapstad na die Oranjerivier onderneem. Gedurende hierdie reis het Gordon self - of 'n anonieme kunstenaar wat die reis meegemaak het - in die Swartland (die huidige distrik Malmesbury), 'n plaaswerf getiteld *Uitsig op 'n Kaapse koring, wyn en veeplaas* (1780), 'n saaldakvormige huis met oordekte gewels op lae symure afgebeeld¹⁶⁰ (Fig. 114). Die V's van die vurke by die voor- en agtergewels is duidelik sigbaar. Daar is 'n vollengte deur in die voorgewel en twee luikbedekte vensteropeninge in die skuins dakvlak. Die lae mure, voorgewel en deur is uit vertikale elemente saamgestel wat moeilik herkenbaar is en wat moontlik 'n plankbeskot kan voorstel.

C.I. Latrobe, het op 30 April 1816 net buite die Langkloof in die omgewing van die Ezeljagtrivier op die plaas Klippedrift, van Dawid Fourie in 'n ontwikkelde dakhuis, waarskynlik met 'n vurkondersteundepaalkonstruksie, oornag. Hy het die gebeure in sy *Journal of a visit to South Africa in 1815 and 1816* (1818) beskryf:

The farmer immediately gave us the only room he could spare, which was at one end of what is called a hartebeest-house, being a roof, put upon a wall about two feet in height. But the building, though very small, was new, and clean, with two bed-steads in it. Of these Brother and Sister Schmitt occupied one, I the other, and Mr. Melville the floor. Brother Stein put up with the only vacant spot remaining, under the bed-steads.¹⁶¹


Die museumkundiges Fransen en Cook het in 1965 of vroeër 'n ontwikkelde dakhuis in die dorpie Krakeelrivier in die Langkloof gedokumenteer (Fig. 115). Die huis is egter veel breër as die norm. Die vrystaande entgewels is gepleister en afgewit, terwyl die lae symure wat deur die dakoorhang beskerm word ongepleister en -geverf gelaat is.¹⁶²

'n Streeksverskil is deur Fransen en Cook in die dorpie Tweerivieren in die Langkloof aangetref (Fig. 116). Waar die gewels by die soort huise gewoonlik uit vrystaande gewels bestaan, is die gewels in die betrokke geval oordek. In teenstelling met die voorbeeld by Krakeelrivier, is die deur in die middel van die gewel met die vuurherd en




Figuur 112. 'n Dakhuis met geronde ente en 'n vorkondersteunde-nokpaalkonstruksie by Avontuur, Langkloof, distrik Uniondale, Suid-Kaap, moontlik ca. 1900. Die deur in die geronde ent is teen dieselfde hoek as die dakvlak geplaas.

Kaapse Argiefbewaarpark: J 208.



a.



b.

Figuur 113a-b. 'n Plaasstoor met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie, Nolls Halt, Langkloof, distrik Uniondale, Suid-Kaap. (Foto en skets deur James Walton).

Uit: *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 14.




Figuur 114. 'n Ontwikkelde dakhuis met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie. Twee vensteropeninge is teen die dakvlak sigbaar. 'n Plaas in die Swartland, in die huidige distrik Malmesbury, Wes-Kaap. (Anoniem, *Uitsig op 'n Kaapse koring, wyn en veeplaas* (detail), geïllustreerde kaart, 1780). *Uitsig op 'n Kaapse koring, wyn en veeplaas* (detail), geïllustreerde kaart, 1780).

Uit: P.E. Raper & M. Boucher (Eds.), *Robert Jacob Gordon: Cape travels, 1777 to 1786 I* (Houghton, 1988), p. 38.



Figuur 115. 'n Ontwikkelde dakhuis met 'n vorkondersteunde-nokpaalkonstruksie, vrystaande gewels en 'n vuurherd. Die gewels en vuurherd is gepleister en afgewit, Krakeelrivier, Langkloof, distrik Uniondale, Suid-Kaap.

Uit: H. Fransen & M. Cook, *The old houses of the Cape: a survey of the existing buildings in the traditional style of architecture of the Dutch-settled regions of the Cape of Good Hope* (Cape Town & Amsterdam, 1965), p. 253.



Figuur 116. 'n Ontwikkelde dakhuis met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie met ongelaagde ruklipmure, oordekte gewels en 'n vuurherd. Die sentraal geplaaste deur is 'n streekverskynsel, Tweerivieren, Langkloof, distrik Uniondale, Suid-Kaap.

Uit: H. Fransen & M. Cook, *The old houses of the Cape: a survey of the existing buildings in the traditional style of architecture of the Dutch-settled regions of the Cape of Good Hope* (Cape Town & Amsterdam, 1965), p. 253.

skoorsteen regs daarvan. Die 0,6 tot 0,9 meter (2 tot 3 voet) hoë symure en ente bestaan uit ongepleisterde groot ongelaagde ruklip, terwyl die oordekke gewels uit kleiner ongelaagde ruklip of sagte stene bestaan.¹⁶³

(b) *Skilddak*

In die skildery van Schumacher van 'n plaas in die Kamdeboo (ca. 1776-1777) hierbo, is 'n ontwikkelde dakhuis in die vorm van 'n skilddak met twee drakappe afgebeeld. Die deur is in die middel van 'n lang sykant onder 'n oordekke reguit geweltjie geplaas¹⁶⁴ (Fig. 111).

Volgens Swellengrebel jr. was daar teen 1783 in die omgewing van Swellendam en selfs sover soos Mosselbaai

noch . . . al redelijke huizen . . . doch de overigen, en verderop komende, zijn niet dan rampsalige schuuren, van circa 40 Voet lang en 14 à 15 breed, bestaande uit een kleye muurtje van 4 Voet hoog, daarop een dak van riet, verre de meeste sonder eenige afsondering van vertrekken, de deure meest van fluitjes riet, en een vierkant gat tot een venster; de haard in een gat op den vloer, die van klay [*klei*] en beestenmest is toegemaakt, sonder schoorsteen, trekkende de rook door een gat in het dak. De bedsteden gesepareerd door een Hottentots matje, de meubelen naar rato [*verhouding*].¹⁶⁵


'n Vuurherd is gewoonlik ter ondersteuning teen 'n gewelmuur opgebou, maar aangesien die haard, in bogenoemde geval, soos sedert prehistoriese tye in Europa, in die vloer voorgekom het, was 'n gewel nie gebiedend noodsaaklik nie. Aangesien Swellengrebel nie van gewels melding maak nie, kon die dak uit 'n skilddak bestaan het. Skilddakke was 'n algemene verskynsel by vroeë Kaapse wonings, waarvan die Schreuderhuis in Stellenbosch 'n goeie voorbeeld is. Dié huis het aanvanklik uit drie vertrekke met 'n skilddak en 'n vuurherd op die vloer bestaan.¹⁶⁶

C. Die gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie

1. *Saaldak*

Waar die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie meer kenmerkend van die ooswaartse trek was, het die veeboere wat noord beweeg het volgens Walton, van die gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie gebruik gemaak.¹⁶⁷ Aangesien die bekende aantal voorbeelde uiters beperk is, en omdat geen bestaande voorbeelde gedurende veldwerk opgespoor kon word nie, kan die werklike omvang van die verspreiding van die tipe dakraamkonstruksie nie met sekerheid bepaal word nie.

C. Bell het in 'n skildery getiteld *Trekboere trek saam vir nagmaal in Colesberg* (1834) 'n wigvormige dakhuis met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie afgebeeld¹⁶⁸ (Fig. 117). Twee stewige regop pale wat bo gevurk of uitgehol is, is in die middel van die sluitgewels waarvan die voorste gaffelsuil soms, soos in die betrokke geval na buite geplaas is, ingeplant.¹⁶⁹ Die nokpaal het in die vurke of



Figuur 117. Voor is 'n wigvormige dakhuis met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie. Die gaffelsuil aan die voorkant is na buite geplaas om toegang te vergemaklik. (C. Bell, *Trekboere trek saam vir nagmaal in Colesberg*, skildery, 1834).

Uit: C. Venter, *Groot Trek* (Kaapstad, 1985), p. 10.

holtes van die gaffelsuile gerus. Die boonste punte van die kapsparre het teen die nokpaal waar dit soos met die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie met die pen-en-gat metode of met spykers vasgeslaan is, gerus. Walton beweer dat die kapsparre paarsgewys met 'n hanebalk verbind kon gewees het, maar dat dit nie algemeen voorgekom het nie.¹⁷⁰ Dwarslatte is, soos by alle ander dakhuisse, op die kapsparre aangebring waarop die dekmateriaal vasgewerk is. Die soort dekmateriaal kan nie met sekerheid afgelei word nie.

Omdat die gaffelsuil in die middel van die gewel geplaas is, moes die deur na links of regs van die gaffelsuil verskuif word, waar gewoonlik nie genoeg ruimte bestaan het nie. Om die probleem te bowe te kom, is die voorste gaffelsuil in dié geval na buite geplaas, wat toegang tot die woning aansienlik vergemaklik het. Daar is dus nie 'n deur nie en die voorgewel is eenvoudig ooggelaat.

Die koloniale Khoikhoi het in die 19de eeu "halwe" wigvormige dakhuisse opgerig¹⁷¹ wat hulle van die blankes oorgeneem het (Fig. 4). Die struktuur het uit 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie waarvan die kapsparre aan die een lang sy weggelaat is, bestaan.

Die kunstenaar H. Egersdörfer (1853–1915) het die samekoms van boere en hulle gesinne vir die nagmaal op 'n plattelandse dorp geskilder (s.a.)¹⁷² en onder meer 'n seiltent met 'n identiese gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie (tentpaalondersteunde-tentbalk), as Bell uitgebeeld (Fig. 118). In dié geval was kapsparre en dwarslatte oorbodig en is 'n reghoekige seil eenvoudig oor die nokpaal getrek. Soos die tent met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie was dit nie 'n voorafvervaardigde tent nie, maar is as gevolg van die eenvoud daarvan direk op die terrein uit 'n paar pale en 'n reghoekige stuk seil saamgestel.

(2) *Die ontwikkelde dakhuis*

Bell het in twee skilderye die buite- en binnekant van 'n Trekboer se voorafvervaardigde tent in Griekwaland (1835) afgebeeld¹⁷³ wat uit 'n saaldak met lae "mure" bestaan het (Figg. 81 & 119). Die gaffelsuile (tentpale) is in die sluitgewels aangebring waar dit die nokpaal (tentbalk) ondersteun het. Soos met die tent wat Egersdörfer afgebeeld het, is kapsparre en dwarslatte oorbodig en ontbreek dit dus. Die seilbedekte voorgewel is in twee klappe verdeel om die ingang te vorm. Om die tent staande te hou, is die tentpale met stormlyne aan tentpenne in die grond bevestig. Die sye en agtergewel is onder aan tentpenne vasgemaak. Tente met gaffelsuile het tot onlangs algemeen in Suid-Afrika voorgekom.


In die Citrusdal omgewing (distrik Clanwilliam, Wes-Kaap) het plaasarbeiders (1961) in die oprigting van hulle huise (wat hulle van die blankes oorgeneem het), van die gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie gebruik gemaak. Die gaffelsuile het uit baie stewige pale bestaan, terwyl die sparvoete op stewige muurpale met 'n deursnit van 22 sentimeter (9 duim) bevestig was. Die mure het uit rietskerms wat binne afgepleister was bestaan, terwyl die dakke op 'n baie ruwe wyse gedek was. Volgens Walton was die tipe gebou tot die Koue Bokkeveld beperk.¹⁷⁴

'n Goeie voorbeeld van die gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie is deur Walton in 1961 (of vroeër) op die plaas Koelfontein, aan die



Figuur 118. Die raamwerk van die tent bestaan uit 'n nokpaal wat deur gaffelsuile ondersteun word, en waarvan die voorste een buite die tent geplaas is om toegang tot die tent te vergemaklik. (H. Egersdörfer, *Samekoms vir die nagmaal op 'n plattelandse dorp*, skildery, s.a.

Uit: Anoniem, *Suid-Afrikaanse erfenis: hoe ons voorvaders geleef, gewerk en gespeel het. Van Van Riebeeck tot die XIXde eeu III: hul gebruike, vermaaklikhede en sport* (Kaapstad, 1962), p. 7.



Figuur 119. 'n Tent met 'n tentbalk wat deur twee tentpale ondersteun word (gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie). (C. Bell, 'n *Trekboer se kamp in Griekwaland*, skildery, 1835).


Uit: J.C. Pretorius (red.), *Op trek: die daaglikse lewe tydens die Groot Trek* (Pretoria, 1988), p. 203.



voet van Gydopas bokant Prince Alfred Hamlet in die Wes-Kaap gedokumenteer¹⁷⁵ (Fig. 120). Die struktuur het aan beide lang sye ongelaagde ruklipmure gehad, en aangesien die kapsparre as 't ware aan die nokpaal gehang het was die dakvoet nie op die mure geplaas nie, maar het dit eerder daarteen gerus. In hierdie besondere geval is die kapsparre wel paarsgewys deur hanebalke verbind.¹⁷⁶

D. Besluit

Omdat die koloniste uit verskillende streke in Noordwes-Europa gekom het, het hulle ook daardie streekverskille na Suid-Afrika oorgedra. Die volksbouer moes noodgedwonge by die plaaslike bodemfaktore en beskikbare materiaal aanpas, wat verdere verskille teweeggebring het. Die bepalende faktore was veral 'n warm droeë klimaat, sterk wind aan die Kaapse kus en 'n skaarste aan geskikte hout. Die vorm, dakraamwerk en selfs afmetings het egter grootliks onveranderd gebly.



Figuur 120. Die raamwerk van 'n buitegebou met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie. Die dakvlakke rus teen lae symure. Die plaas Koelfontein, aan die voet van Gydopas, bokant Prince Alfred's Hamlet, Wes-Kaap. (Tekening deur James Walton).

Uit: *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 19.



Note

- 1 E.C. Godée Molsbergen, *De stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck 1618-1677*, p. 70.
- 2 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 30.
- 3 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 31.
- 4 E.C. Godée Molsbergen, *De stichter van Hollands Zuid-Afrika . . .*, p. 70; J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 49.
- 5 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), pp. 40 & 49.
- 6 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 51.
- 7 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 30.
- 8 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 31.
- 9 C. Knyskamp (red.), *Van Dale se groot woordenboek der Nederlandsche taal I*, p. 573.
- 10 J. Hensius (red.), *Woordenboek der Nederlandsche taal VIII (ii)*, kol. 2898.
- 11 J. Hensius (red.), *Woordenboek der Nederlandsche taal XVI*, kol. 1516.
- 12 J. Hensius (red.), *Woordenboek der Nederlandsche taal XVI*, koll. 1518 & 1523.
- 13 C.V. Trefois, *Ontwikkelingsgeschiedenis van onze landelijke architectuur*, p. 90; C.V. Trefois, *Oudnederlandse architectuur in Zuid-Afrika*, p. 34; J. Walton, Homes of the early South African stock farmers, *Africana Notes and News* (8)2, March 1951, p. 52.
- 14 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II* pp. 178-181; J. Walton, Homes of the early South African stock farmers, *Africana Notes and News* (8)2, March 1951, p. 52.
- 15 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 30.
- 16 G.S. Keyes, *Esaias van den Velde 1587-1630*, s.p. (Figg. 60 & 96); C.J. Welcker & D.J. Hensbroek-van der Poel, *Hendrick Avercamp 1585-1634 bijgenaamd "de stomme van Campen" en Barent Avercamp 1612-1679 "schilders tot Campen"*, s.p. (Afb. 58 & Plaat 34 A).

- 17 J. Hensius (red.), *Woordenboek der Nederlandsche taal XVI*, kol. 1520.
- 18 S.O. Addy, *The evolution of the English house*, pp. 39 & 42; M. de Vries et al. (reds.), *Woordenboek der Nederlandsche taal IV*, kol. 1921.
- 19 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 62; G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, p. 180; J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 9.
- 20 P.E. Raper & M. Boucher (Eds.), *Robert Jacob Gordon: Cape travels, 1777 to 1786 I*, p. 38; Mondelinge mededeling (aan mev. H. Naudé): C. van Wyk, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, 1982-05-25; J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 9.
- 21 B. Kempers, *Vijftig jaar Nederlands openluchtmuseum*, p. 16; G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, p. 178; Mondelinge mededeling (aan mev. H. Naudé): C. van Wyk, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, 1982-05-25.
- 22 A.C. Ras, *Die kasteel en ander vroeë Kaapse vestingwerke 1652-1713*, pp. 12-13.
- 23 B.E. Biermann, *A contribution to the study of the origins of colonial architecture at the Cape*, D.Phil. thesis, UCT, 1952, p. 51; Puntjie, distrik Riversdal: kapstylhuise, besoek 1990-10-12; G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, p. 179; J. Walton, *Cape cottages*, p. 61; J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, pp. 8-9.
- 24 S.O. Addy, *The evolution of the English house*, p. 47; Persoonlike waarneming tydens die eksperimentele oprigting van 'n kapstylhuis in die Voortrekkeraanvangsnedersetting van die Schoemansdal Museum, 1989; C.V. Trefois, *Ontwikkelingsgeschiedenis van onze landelike architectuur*, p. 91; J. Walton, Hanebalk, collar-beam and tie-beam, *South African Journal of Cultural History* 31(1), January 1986, p. 20.
- 25 B.E. Biermann, *A contribution to the study of the origins . . .*, p. 51; C.V. Trefois, *Ontwikkelingsgeschiedenis van onze landelike architectuur*, p. 90.
- 26 Mondelinge mededeling (aan mej. R. Marais): mnr. Sullivan, Stanford, 1982; C.V. Trefois, *Ontwikkelingsgeschiedenis van onze landelike architectuur*, p. 90; G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, p. 179; J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 9.
- 27 A. Beets & J.W. Muller (reds.), *Woordenboek der Nederlandsche taal V*, kol. 2041; J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 9.

- 28 G.S. Keyes, *Esaias van den Velde 1587-1630*, s.p. (Fig. 60); C.J. Welcker & D.J. Hensbroek-van der Poel, *Hendrick Avercamp 1585-1634 . . .*, s.p. (Afb. 58 & Plaat 34 A).
- 29 J.J. Voskuil, *Van vlechtwerk tot baksteen: geschiedenis van de wanden van het boerenhuis in Nederland*, pp. 102-104.
- 30 G.I. Meirion-Jones, The roof-carpentry of Brittany I - construction excluding cruck forms, *Vernacular Architecture* no. 9, 1978, pp. 17-18; J.J. Voskuil, *Van vlechtwerk tot baksteen . . .*, p. 103.
- 31 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), pp. 40-41.
- 32 B.E. Biermann, *A contribution to the study of the origins . . .*, p. 51; J. Weyns, *Volkshuisraad in Vlaanderen: naam, vorm, geschiedenis, gebruik en volkskundig belang der huislijke voorwerpen in het Vlaamse land van de Middeleeuwen tot de eerste wereldoorlog*, pp. 343 & 345.
- 33 E. Barnard, *Die volksboukuns van Swellendam en omgewing*, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 62; B.T. Spoelstra, *Ons volkslewe. Kultuurhistoriese-leesboek*, p. 69.
- 34 E. Barnard, *Die volksboukuns van Swellendam en omgewing*, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 60.
- 35 J.J. Vriend, *De bouwkunst van ons land*, p. 19; J. Weyns, *Bokrijk, tuin van de Vlaamse volkskultuur*, p. 75.
- 36 Persoonlike waarneming tydens die eksperimentele rekonstruksie van 'n kapstylhuis in die Voortrekkeraanvangsnedersetting van die Schoemansdal Museum, 1989.
- 37 A.J. Bernet Kempers, *Randversieringen van de Meester van Katharina van Kleef: volkskunde langs de kantlijn*, *B & M* 30(2), 1967, p. 30; J.J. Vriend, *De bouwkunst van ons land*, p. 19.
- 38 A.J. Bernet Kempers, *Randversieringen van de Meester van Katharina van Kleef: volkskunde langs de kantlijn*, *B & M* 30(2), 1967, p. 30; P.E. Raper & M. Boucher (Eds.), *Robert Jacob Gordon: Cape travels, 1777 to 1786 I* p. 38.
- 39 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 41.
- 40 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), pp. 44 & 50.
- 41 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 50.
- 42 Museum Africa, Johannesburg (hierna MA): 6377, akwatint: *Die koringplaas Ezelshoek van mnr. P. van Zyl, Piketberg. Die pas na Banghoek wat deur 'n lang vallei na Kaapstad lei*, J.C. Poortermans, 1849; MA: 6362, akwatint: *Kapteinskloof in die Piketberg, eiendom van die weduwee F. Lamprechts*, J.C. Poortermans, 1849; J. Walton, *Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of*

South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 19.

- 43 J.D. Kestell, *Christiaan de Wet: 'n lewensbeskrywing*, pp. 3-4.
- 44 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, p. 178.
- 45 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, pp. 178-180.
- 46 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, p. 181.
- 47 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, p. 179.
- 48 J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 9.
- 49 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, pp. 178-179.
- 50 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, p. 179; J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 9.
- 51 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, p. 180.
- 52 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, pp. 179-180.
- 53 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, p. 180.
- 54 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, pp. 180-181.
- 55 Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria (hierna NKHM): HG 7014 312, skets: *Bosveldwoning, Voortrekkerstyl, noordoos van Brits (hardbieshuis)*, E. Mayer, 1927; G.S. Preller, *Voortrekker-mense I*, p. 237.
- 56 J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 9.
- 57 J.H.F. Bloemers et al., *Verleden Land. Archeologiese opgravingen in Nederland*, p. 67.
- 58 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, p. 181; J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 9.
- 59 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, p. 180.
- 60 J. Walton, The South African kapstylhuis and some European coun-

- terparts, *Restorica* no. 10, December 1981, p. 8.
- 61 G.H. van Rooyen, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk II*, p. 181.
- 62 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 60.
- 63 D.J. Potgieter (chief Ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa XI*, p. 213.
- 64 J. Walton, The South African Kapstylhuis and some European counterparts, *Restorica* no. 10 December 1981, p. 4.
- 65 G. van der Waal-Braaksma & O.J.O. Ferreira, *Die Noordweste: die stoflike kultuuruitinge van die streek se bewoners*, p. 3.
- 66 NKHM: HKF 479, foto: sonder titel, anoniem, s.a.; Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HKF 10536, foto: sonder titel, anoniem, s.a.; NKHM: 83-3055, foto: sonder titel, anoniem, s.a.
- 67 J. Sanderson, *A trading trip into the Orange Free State and the Transvaal*, pp. 236-237.
- 68 MA: 75/1126, skets: 'n Boer se huis in die binneland van Suid-Afrika met 'n looikuip en seepmakery, R.H. Dingley, January 1819. Die skets is waarskynlik in Londen voltooi aangesien die datum Jan. 1819 daarop voorkom. J.C. Pretorius, Robert H. Dingley: amateurkunstenaar van die Oosgrens (1813-1818), *Historia* 37(2), November 1992, pp. 33 & 37.
- 69 Frilandmuseet, *English guide*, p. 75; C.V. Trefois, *Ontwikkelingsgesiedenis van onze landelike architectuur*, p. 90.
- 70 L.V. Praagh (Ed.), *The Transvaal and its mines*, p. 179.
- 71 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 58; Mondelinge mededeling (aan mev. H. Naudé): C. van Wyk, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, 1982-05-25; J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 8.
- 72 Mondelinge mededeling (aan mev. H. Naudé): C. van Wyk, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, 1982-05-25.
- 73 Mondelinge mededeling (aan mev. H. Naudé): C. van Wyk, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, 1982-05-25.
- 74 Mondelinge mededeling (aan mev. H. Naudé): C. van Wyk, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, 1982-05-25; J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, pp. 8-9.
- 75 Puntjie, distrik Riversdal: kapstylhuise, besoek 1990-10-12; J. Walton, The South African Kapstylhuis and some European counterparts, *Restorica* nr. 10, December 1981, p. 3.



- 76 J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961. p. 9.
- 77 Mondelinge mededeling (aan mev. H. Naudé): C. van Wyk, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, 1982-05-25; J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961. p. 9.
- 78 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 62; J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961. p. 9.
- 79 J. Walton, The South African kapstylhuis and some European counterparts, *Restorica* no. 10, December 1981, p. 8.
- 80 J. Walton, Hanebalk, collar-beam and tie-beam, *South African Journal of Cultural History* 3(1), January 1986, p. 20; Persoonlike waarneming tydens die eksperimentele oprigting van 'n kapstylhuis in die Voortrekkeraanvangsnedersetting van die Schoemansdal Museum, 1989.
- 81 Puntjie, distrik Riversdal: kapstylhuise, besoek 1990-10-12; J. Walton, *Cape cottages*, p. 61; J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, pp. 8-9.
- 82 Mondelinge mededeling (aan mej. R. Marais): mnr. Sullivan, Stanford, 1982; Mondelinge mededeling (aan mev. H. Naudé): C. van Wyk, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, 1982-05-25.
- 83 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992. p. 61; Puntjie, distrik Riversdal: kapstylhuise, besoek 1990-10-12; Mondelinge mededeling (aan mev. H. Naudé): C. van Wyk, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, 1982-05-25.
- 84 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 61.
- 85 G.J. Schutte (red.), *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel jr. oor Kaapse sake 1778-1792*, p. 236.
- 86 Boland-plaasmuseum, Worcester (hierna BPM): kapstylhuis, besoek 1990-10-04; BPM: ongenommer, werkstekeninge: rekonstruksie van 'n kapstylhuis, G. Fagan, 1981-07-01; Puntjie, distrik Riversdal: kapstylhuise, besoek 1990-10-12; J. Walton, *Cape cottages*, pp. 61 & 63.
- 87 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 60; Mondelinge mededeling (aan mej. R. Marais): mnr. Sullivan, Stanford, 1982.
- 88 Mondelinge mededeling (aan mej. R. Marais): mnr. Sullivan, Stanford, 1982.
- 89 J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 8.

- 90 J. Walton, *Cape cottages*, pp. 61 & 63.
- 91 Puntjie, distrik Riversdal: kapstylhuise, besoek 1990-10-12; Mondelinge mededeling (aan mej. R. Marais): mnr. Sullivan, Stanford, 1982; J. Walton, *Cape cottages*, pp. 61 & 63; J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 9.
- 92 Puntjie, distrik Riversdal: kapstylhuise, besoek 1990-10-12; J. Walton, *Cape cottages*, p. 61.
- 93 Mondelinge mededeling (aan mej. R. Marais): mnr. Sullivan, Stanford, 1982.
- 94 BPM: kapstylhuis, besoek 1990-10-04; BPM: ongenommer, werksteekeninge: rekonstruksie van 'n kapstylhuis, G. Fagan, 1981-07-01; Puntjie, distrik Riversdal: kapstylhuise, besoek 1990-10-12; Mondelinge mededeling (aan mev. H. Naudé): C. van Wyk, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, 1982-05-25.
- 95 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 60; Mondelinge mededeling (aan mej. R. Marais): mnr. Sullivan, Stanford, 1982; Mondelinge mededeling (aan mev. H. Naudé): C. van Wyk, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, 1982-05-25.
- 96 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 61.
- 97 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, pp. 60-61.
- 98 Mondelinge mededeling (aan mev. H. Naudé): C. van Wyk, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, 1982-05-25.
- 99 J. Weyns, *Bokrijk, tuin van de Vlaamse volkskultuur*, pp. 66-67.
- 100 E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900, met spesiale verwysing na woningbou*, D.Phil.-proefskrif, US, 1988, p. 287; J. Walton, *Cape cottages*, p. 63.
- 101 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 60; Mondelinge mededeling (aan mej. R. Marais): mnr. Sullivan, Stanford, 1982; J. Walton, *Cape cottages*, p. 62.
- 102 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 61; J. Weyns, *Bokrijk, tuin van de Vlaamse volkskultuur*, p. 65.
- 103 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, pp. 61-62.
- 104 J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, front cover.
- 105 Mondelinge mededeling (aan mev. H. Naudé): C. van Wyk, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, 1982-05-25.

- 106 J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, front cover.
- 107 A. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuur-historikus* 7(2), Oktober 1992, p. 59.
- 108 Mondelinge mededeling (aan mev. H. Naudé): C. van Wyk, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, 1982-05-25.
- 109 P.E. Raper & M. Boucher (Eds.), *Robert Jacob Gordon: Cape travels, 1777 to 1786 I*, p. 109; Mondelinge mededeling (aan mev. H. Naudé): C. van Wyk, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, 1982-05-25.
- 110 Mondelinge mededeling (aan mev. H. Naudé): C. van Wyk, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, 1982-05-25.
- 111 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuur-historikus* 7(2), Oktober 1992, p. 65.
- 112 J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 96; J. Walton, Vroeë plase en nedersettings in die Oranje-Vrystaat, *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 11(4), Mei 1955, p. 29.
- 113 Krugersdorp Biblioteek, Krugersdorp: 1474, foto: sonder titel, Kassel, s.a.; L.V. Praagh (Ed.), *The Transvaal and its mines*, p. 369.
- 114 L.V. Praagh (Ed.), *The Transvaal and its mines*, p. 369.
- 115 Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad: MSB240, p. 142: *Mediese handboek vir die Afrikaanse huisgesin deur J.F. Häsner* (vert. L.C. van Oordt).
- 116 C. van der Veen, *Museumboek voor Drenthe*, p. 56.
- 117 J. Walton, Hanebalk, collar-beam and tie-beam, *South African Journal of Cultural History* 3(1), January, 1986, p. 20.
- 118 J. Walton, Hanebalk, collar-beam and tie-beam, *South African Journal of Cultural History* 3(1), January, 1986, p. 20.
- 119 J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, pp. 49-50.
- 120 C. Venter, *Groot Trek*, p. 55.
- 121 Pelgrimsrus Argiefbewaarplek, Pelgrimsrus: 519-18, foto: "Middle Creek", *Pelgrims Rust*, anoniem, s.a.
- 122 Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (hierna KAB): 1/8 6A 148, skyfie: *Kapstylhuise, Goedverwacht, Piketberg*, anoniem, ca. 1969; KAB: 1/9 6A 160, skyfie: *Wittewater, kapstylraamwerk, Piketberg*, anoniem, ca. 1969.
- 123 J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 9; J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 50; J. Walton, The South African Kapstylhuis and some European counterparts, *Restorica* no. 10, December 1981, p. 5.



- 124 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 59.
- 125 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 63.
- 126 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 60; J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 50.
- 127 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, pp. 60 & 64.
- 128 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 61. Die Nasionale Botaniese Instituut kon nie die wetenskaplike benaming van "mannetjies-" en "wyfieriet" verskaf nie.
- 129 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 61.
- 130 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 62; J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 50.
- 131 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, p. 59.
- 132 E. Barnard, Die volksboukuns van Swellendam en omgewing, *Kultuurhistorikus* 7(2), Oktober 1992, pp. 59-60.
- 133 J. Walton, *Cape cottages*, p. 67.
- 134 J. Walton, Some early Piquetberg farms illustrated by Johannes Cornelius Poortermans, *Restorica* no. 12, October 1982, p. 10.
- 135 G.S. Preller, *Voortrekkermense I*, p. 236 & 237.
- 136 G.S. Preller, *Voortrekkermense I*, p. 237.
- 137 J. Walton, Some early Piquetberg farms illustrated by Johannes Cornelius Poortermans, *Restorica* no. 12, October 1982, p. 10.
- 138 H. Fransen & M.A. Cook, *The old houses of the Cape: a survey of the existing buildings in the traditional style of architecture of the Dutch-settled regions of the Cape of Good Hope*, p. 189.
- 139 TPA Biblioteek- en Museumdiens, Pretoria (hierna TPA): M83/210-103, foto: sonder titel, anoniem, 1983.
- 140 TPA: M89-13D-26 & M89-13D-27, foto's: sonder titel, S. Miller, 1989.
- 141 J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 13.
- 142 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 47.



- 143 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 41.
- 144 J. Hensius (red.), *Woordenboek der Nederlandsche taal XVI*, koll. 1522-1523.
- 145 J. Hensius (red.), *Woordenboek der Nederlandsche taal XVI*, kol. 1522.
- 146 G.S. Keyes, *Esaias van den Velde 1587-1630, s.p.* (Ills. 225, 249 & 332); A. Nollert, *Barend Cornelis Koekkoek (1803-1862), prinz der landschaftsmaler*, p. 10.
- 147 J. Hensius (red.), *Woordenboek der Nederlandsche taal XVI*, kol. 1518.
- 148 KAB: ACC 1290 M1/19, geïllustreerde kaart: *Dassen-eiland, anoniem, 1656.*
- 149 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 259.
- 150 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 264.
- 151 J. Walton, The South African Kapstylhuis and some European counterparts, *Restorica* no. 10, December, 1981, p. 2.
- 152 Skriftelike mededeling: J. Walton, 4 Mountain Road, Claremont, Cape Town, 1995-06-02; J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 14.
- 153 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 259.
- 154 KAB: ACC 1290 M1/19, geïllustreerde kaart: *Dassen-eiland, anoniem, 1656.*
- 155 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman . . . I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman & H.B. Thom), p. 264.
- 156 J.J. Oberholster, *Die historiese monumente van Suid-Afrika*, p. 186.
- 157 J.J. Oberholster, *Die historiese monumente van Suid-Afrika*, p. 186.
- 158 KAB: J 208, foto: *Avontuur nedersetting, anoniem, s.a.*
- 159 J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 14.
- 160 P.E. Raper & M. Boucher (Eds.), *Robert Jacob Gordon: Cape travels, 1777 to 1786 I*, p. 38; P.E. Raper & M. Boucher (Eds.), *Robert Jacob Gordon: Cape travels, 1777 to 1786 II*, p. 240.
- 161 C.I. Latrobe, *Journal of a visit to South Africa in 1815 and 1816 with some account of the missionary settlements of the united*

brethren, near the Cape of Good Hope, p. 256.

- 162 H. Fransen & M. Cook, *The old houses of the Cape . . .*, p. 253.
- 163 H. Fransen & M. Cook, *The old houses of the Cape . . .*, pp. 252-253.
- 164 J.J. Oberholster, *Die historiese monumente van Suid-Afrika*, p. 186.
- 165 G.J. Schutte (red.), *Briefwisseling van Hendrik Swelengrebel jr. oor Kaapse sake, 1778-1792*, pp. 168-169.
- 166 H.N. Vos, *An historical and archaeological perspective of colonial Stellenbosch 1680-1860*, M.A. dissertation, US, 1993, p. 190-191.
- 167 J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, pp. 18-19.
- 168 C. Venter, *Groot Trek*, p. 10.
- 169 J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 19.
- 170 Skriftelike mededeling: J. Walton, 4 Mountain Road, Claremont, Cape Town, 1995-06-02.
- 171 W.B. Lord & T. Baines, *Shifts and expedients of camp life, travel and exploration*, p. 248.
- 172 Anoniem, *Suid-Afrikaanse erfenis: hoe ons voorvaders geleef, gewerk en gespeel het. Van Van Riebeeck tot die XIXde eeu III: hul gebruike, vermaaklikhede en sport*, p. 7.
- 173 J.C. Pretorius (red.), *Op trek . . .*, pp. 202-203.
- 174 J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 19.
- 175 J. Walton, Homes of the Trekboers: the vernacular architecture of South Africa, *Lantern* 11(1), July-September 1961, p. 19.
- 176 Skriftelike mededeling: J. Walton, 4 Mountain Road, Claremont, Cape Town, 1995-06-02.



SLOTBESKOUIING

Die Wes-Europese dakhuis met 'n reghoekige grondplan vorm die skakel tussen die ronde of ovaalvormige primitiewe hut en die volwaardige muurhuis met 'n staandak. Dakhuise is eers op lae grondwalle en later op vertikale pale of lae mure geplaas. Mure is ook gevorm deur vertikale style buite die dakhuis in te plant en dit deur middel van sparre met die dakraamwerk te verbind. Dakhuise en ontwikkelde dakhuis is dus verteenwoordigend van die ontwikkeling van 'n dak direk op die grond tot 'n volwaardige muurhuis met 'n staandak. Uit dié eensellige langhuis het alle latere geboue met mure en staandakke ontwikkel. Die dak was die oorspronklike woonruimte, waarna die muurgedeelte geleidelik die funksie oorgeneem het en die staandak voortaan ook 'n platdak kon wees.

Gedurende die dakhuisfase is 'n geskikte dakraamwerk vir 'n gras-, biesie- of rietbedekking ontwikkel, waarvan variasies tans nog gebruik word. Ook die dekmodes wat gedurende die dakhuisfase ontwikkel is, word vandag nog by die dek van gras- en rietdakke gebruik.

Die dakhuis wat deur 'n proefondervindelike proses, evolusionêr oor honderde millennia in Europa en moontlik ook Asië ontwikkel het, het merkwaardig tot in die 20ste eeu, lank nadat muurhuise die norm geword het, bly voortbestaan. Baie min van hierdie strukture het in Europa en elders oorgebly.

By 'n studie en bewaring van die Europese woningbou word hierdie eenvoudige wonings dikwels as gering geskat. Dit geld ook vir Nederland en België waar die bestaan daarvan soms selfs deur kultuurhistorici ontken, of as 'n blote randverskynsel afgemaak word.

H. Fransen en M.A. Cook het by 'n opname van bestaande tradisionele Kaapse geboue in 1965, na gelang van die waarde daarvan, tot vier sterre aan individuele strukture toegeken. Aan ontwikkelde dakhuis in die omgewing van Vermaaklikheid, distrik Riversdal, Suid-Kaap, is geen sterre toegeken nie, terwyl 'n voorbeeld op Tweerivieren in die Langkloof, distrik Uniondale, Suid-Kaap, een ster ontvang het. 'n Voorbeeld by Krakeelrivier, ook in die Langkloof, het eweneens geen toekenning ontvang nie.¹ Op grond van hierdie waardebeoordeling besit die betrokke strukture blykbaar min of geen kultuur- of argitektuurhistoriese waarde nie.

As gevolg van die belangrike plek van die dakhuis en ontwikkelde dakhuis in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Westerse argitektuur, en meer spesifiek die woningbou en woonkultuur, behoort alle bestaande voorbeelde in Europa en Suid-Afrika bewaar te word. In Suid-Afrika word dakhuis direk op die grond tans nog net by Puntjie naby Vermaaklikheid in die distrik Riversdal, Suid-Kaap, aangetref waar daar by die oprigting van die huise reeds van die tradisionele vorm, konstruksiemodes en -tegnieke afgewyk word. Enkele ontwikkelde dakhuis bestaan nog en behoort deur die Suid-Afrikaanse Erfenisulphulpbronskap (Wet op Nasionale Erfenisulphulpbronne, Wet nr. 25, 1999) tot plaaslike erfenisterreine verklaar te word. Indien die strukture nie bevredigend *in situ* bewaar kan word nie, behoort dit in 'n opelugmuseum heropgerig te word waar ook voorbeelde van die tipes wat nie meer bestaan nie teen geringe koste gerekonstrueer kan word.

Die idee van 'n opelugmuseum in Suid-Afrika is vir die eerstekeer deur die skrywer, J.F.W. Grosskopf (1885-1949), tydens 'n toespraak op 25



Februarie 1938 by die jaarlikse opening van die Universiteit van Pretoria, geopper.² Die eerste georganiseerde poging, is dié van die Genootskap Oud-Pretoria in die vroeë vyftigerjare. G.W. Eybers het in sy artikel "'n Suid-Afrikaanse opelugmuseum" (1955), geskryf dat die Genootskap Oud-Pretoria ". . . die laaste paar jaar met hierdie en aanverwante gedagtes besig [is]".³

In 'n brief aan W.H.J. Punt, destydse voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria, skryf die argitek Norman Eaton (1957) oor die kompleksiteit van so 'n onderneming:

Preservation and rebuilding however are two different matters, the latter, even more than the former, requiring the most fastidious and painstaking handling if the result is not to be merely a piece of superficial sentimentality of no lasting value. To achieve their most valuable purpose, buildings such as those it is proposed to rebuild must be true right through to their core without the use of shortcut methods, out-of-date materials or fake of any sort. They must be historically correct down to the smallest detail and in the most hidden places and thus be references for more serious visitors who wish to study the building methods and design characteristics of the time. The approach is as much an archaeological as an architectural one and unless the fullest degree of accuracy is aimed at and achieved, any money spent on the work would, in my opinion, be *ill-spent*.

I know from experience of the impatience with which results are awaited once work of this sort is commenced and how the general public even otherwise responsible members of an actual controlling committee wil often be prepared to accept something only partially accurate rather than wait for careful research to produce the proper thing.

In addition to this, other qualifications - patience, meticulousness and a sort of disinterested devotion to historical accuracy - is required of any man responsible for the erection of such work if the results are in any way to be worthy of the effort.⁴

James Walton het in "Homes of the Trekboers. The vernacular architecture of South Africa" (1961), hom oor die noodsaaklikheid van 'n opelugmuseum uitgespreek:

In Europe representative examples of the various dwelling types would be re-erected in a folk-park and this should be the aim in South Africa. Great changes in rural building have taken place during the past ten years and still greater changes may be expected during the next ten years. The *hartbeeshuise* and the mud-walled houses of the earliest settlers in the Orange Free State have disappeared but sufficient have survived for a representative collection to be assembled in some accessible centre.⁵

J.A.J. (Kotie) Roodt-Coetzee het doelgerig daarna gestreef om die saak



deurgebring waartydens sy veral opelugmuseums in Duitsland, Denemarke, Noorweë, Nederland, Engeland, Switserland, Frankryk en Italië besoek het. 'n Reeks uitgebreide toere is ook in Suid-Afrika onderneem waartydens sy onder meer die volksargitektuur bestudeer het. Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum het op 21 Augustus 1964 as gevolg van haar beywering as 'n afsonderlike museum tot stand gekom, waar sy vanaf 1 April 1965 die pos van Direkteur van die museum beklee het.⁷

Ten spyte van al dié goed bedoelde belangstelling en daadwerklike pogings het 'n nasionale opelugmuseum - om verskeie redes - tot op hede nog nie gerealiseer nie. André Pretorius het in *Our threatened heritage: a plea for the conservation of South Africa's meagre vernacular heritage - both Euro- and Afrocentric* (1997) weer op die drastiese afname in die getalle van volksgeboue gewys, en opgemerk dat die volksargitektuur van die blanke en inheemse volke van Suid-Afrika vir die nageslag bewaar behoort te word.⁸

